# Kerkvisitasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: ‘n Teologies-etiese studie

**JJJ Erasmus**

**10275363**

Proefskrif van die nakoming vir die graad Philosophiae Doctor in Etiek aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

| | |
|---|---|
| Promotor: | Prof dr HG Stoker |
| Mede-promotor: | Prof dr PJ de Bruyn |
| Hulppromotor: | Prof dr ALR du Plooy |

Oktober 2014

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

**Opgedra aan professor Paul de Bruyn, ons leermeester**

**Dankbetuiging**

Aan God al die eer met hierdie studie.  Ek dank Hom vir al die genade en gawes wat Hy gegee het.  Die Here het my paaie vir my gelyk gemaak (Ps. 37:5).  Hiermee gee ek my opregte dank aan diegene wat my gehelp het met hierdie studie:

- My studieleiers, professore Henk Stoker, Paul de Bruyn en Dries du Plooy.  Dit was veral prof. Henk Stoker wat die studie finaal afgerond het.  Hy is ‘n goeie leermeester en ek is hom baie dank verskuldig.

- Aan my vrou, Rina en gesin, Gert, Marla, Anneke, Katinka, Janu en Jacque vir hulle ondersteuning, veral my vrou wat met groot geduld gehelp met met die tikwerk, afronding en taalkundige versorging.  Jy is ‘n vrou duisend! (Spr. 31).

- Die NWU wat dit akademies en finansieel vir my moontlik gemaak het.

- Die personeel van die Teologiese Skool Biblioteek van die NWU, Me. Hester Lombard en Me. Berna Bradley.

- Die argivaris van die argief van die GKSA, Me. Carmie Huisman.

- Joggie Grobler wat my proefskrif geproeflees het.

- Priscilla Oosthuizen wat die opsomming in Engels vertaal het.

- Die statistici, nl. Chris van Rooyen en prof. Faans Steyn vir hulle hulp en dr. Wymie du Plessis vir die uitstuur van die vraelyste.

- Die Gereformeerde gemeentes Volksrust en Ermelo (wat ek tans bedien) wat my die geleentheid gegee het om te studeer.  Hartlike dank vir die toestemming en tegemoetkomendheid.

- Die Turkse toergids, Halit Ucan, wat my voorgestel het aan die kerke in die ressort van die “*klassis*” Klein-Asië.  Hy was die instrument wat deur die Here gebruik is om die vuur aan die brand te steek vir hierdie studie (Seagull Toere).

- Al my vriende, George Spies, Abraham Kruger, Roelfie van der Merwe, Peet Coetzee en Arie van der Wouden vir hulle ondersteuning en hulp.

- Nico Grobler vir die duplisering van die proefskrif.

- Marietjie Steyn vir haar tegnologiese hulp.

# Opsomming

Hierdie studie bestudeer kerkvisitasie teologies-eties. Dit is afgestem op die GKSA en wil 'n bydrae lewer tot 'n eties behoorlike uitvoer van kerkvisitasie in die GKSA en elders. Kerkvisitasie binne die GKSA kan beskryf word as 'n gereelde, voorkomende herderlike besoek aan alle kerke in die ressort van die klassis deur twee ervare, bekwame visitatore om te let op diens, leer, orde en onderrig; asook om die omgee van die Here vir sy kerk en elke lidmaat te toon deur te vermaan, te vertroos en te versterk. Die bedoeling is om vrede te bevorder (nie wanorde nie), om opbou te stimuleer (nie afbreek nie) en die bedoeling van God met die gemeente uit te bou (nie te demp nie).

Deur die geskiedenis van kerkvisitasie is daar voortdurend geworstel oor hoe kerkvisitasie gedoen moet word, sodat hierdie besoeke aan kerke in die Naam van Christus tot eer van God en tot welsyn van sy gemeentes en elke lidmaat kan wees. Vanuit die Skrif en die belydenisskrifte is daar tydens die Sinode van Dordrecht (Nederland) 1618/1619 'n orde geformuleer. Deel van hierdie orde is Kerkorde artikel 44 wat die geleentheid vir kerkvisitasie kerkregtelik daar stel, asook aanwysigings gee oor hoe (sluit die etiese in) dit gedoen moet word. In die GKSA is hierdie Dordtse Kerkorde in 1862 aanvaar.

Hoewel kerkvisitasie Kerkordelik gereël word, is dit 'n handeling wat eties-begrond spruit uit die liefde en omgee van gelowiges vir mekaar en vir die Here en sy kerk. Hierdie omgee blyk telkens uit die Skrif, soos byvoorbeeld uit Handelinge 15:36 (die *locus classicus* van kerkvisitasie): *"'n Tydjie later het Paulus vir Barnabas gesê: 'Kom ons gaan kyk hoe gaan dit met die gelowiges in al die stede waar ons die Woord van die Here verkondig het.'"* Kerkvisitasie kan 'n omgeestrategie genoem word waarin visitatore met bewoënheid kyk na hoe dit in kerke gaan. Dit is 'n herderlike besoek waar daar in liefde vermaan word, in die geloof vertroos word en in hoop versterk word.

In Openbaring 2 en 3 word gelees hoe Jesus Christus as die eintlike Visitator tussen sy kerke beweeg. Hy vertroos, vermaan en versterk sewe van sy gemeentes. Die gemeentes is uiteindelik verteenwoordigend van alle kerke oor alle eeue heen. Eties word daar gelet op motief, doel, middel en gevolg.

Op grond van waarop die Here in die Ou en Nuwe Testament fokus wanneer Hy sy kerk / volk besoek, soos dit dan ook deur die kerk oor eeue verstaan is, is etiese riglyne en 'n model vir kerkvisitasie in die GKSA en wyer daargestel.

Sleutelterme: visitatore, kerkvisitasie, visitasie, etiek.

## Abstract

This study encapsulates a theological-ethical study of church visitation. It was focussed on the GKSA and wants to make a contribution towards an ethical implementation of church visitation in the GKSA and elsewhere. Church visitation within the GKSA can be described as a regular, precautionary shepherding visit to all churches in the jurisdiction of the classis, by two experienced visitators to take cognisance of the service, order and teaching; as well as to show the concern of God for His church and every member of the congregation in order to admonish, comfort and strengthen them. The aim is to promote harmony (not chaos), to uplift so as to stimulate (not demolish) and to expand the Kingdom of God (not to subdue it).

Throughout history the church visitation was contantly engaged in a struggle as to how church visitation should take place so that the Word and Confessions and during the Sinod of Dortrecht (Netherlands) in 1618/1619 an order was formulated. A part of this Order is Church Order Article 44 which provides for the opportunity of church visitation ecclesiastically, as well as the instructions as to how (includes ethically) it should be done. In the GKSA this Dordt Church Order was accepted in 1862.

Although church visitation is organised according to Church Order, it is an action that is ethically grounded arising from the love and care of believers for each other and for God and His Church. This care and concern appears intermittently in the Word, as for example: Acts 15:36 (the *locus classicus* of church visitation): *"a while later Paul said to Barnabas: "Let us go and see how it is going with the believers in all the cities where we have proclaimed the Word of God*." Church visitation can be termed a caring strategy wherein visitations look with compassion as to how it is going in the churches. It is a pastoral visit where love is exhorted, comforted in faith and strengthened in hope.

In Revelation 2 and 3 it is found that Jesus Christ as the real Visitator moves between His churches. He comforts, admonishes and strengthens seven of His congregations. The congregations are eventually representative of all churches over all the centuries. Ethically, attention is paid to motive, aim (objective), mean (Word) and consequence.

On the basis on which the Lord of the Old and the New Testament focuses upon when He visits His Church, as was understood by the Church throughout the centuries, it is ethical guidelines and a model for church visitation in the GKSA and its broader disposal.


Key words: visitator, church visitation, visitation, ethics.

## INHOUDSOPGAWE


**Hoofstuk 1: Inleiding ... 1**

**1.1 Inleidend ... 1**

**1.2 Agtergrond en probleemstelling ... 1**

1.2.1 Kerkvisitasie in die GKSA ... 1

1.2.2 Begripsbepaling ... 1

1.2.3 Die praktyk ... 3

1.2.4 Probleemstelling ... 6

1.2.5 Sentrale navorsingsvraag ... 7

**1.3 Doelstelling en doelwitte ... 7**

1.3.1 Doelstelling ... 7

1.3.2 Doelwitte ... 7

**1.4 Sentrale teoretiese argument ... 8**

**1.5 Navorsingsmetodologie ... 8**

**1.6 Indeling van hoofstukke ... 8**

**Hoofstuk 2: Die begrip kerk: die wese, kenmerke en eienskappe met die oog op behoorlike kerkvisitasie. ... 10**

**2.1 Inleiding ... 10**

**2.2 Kerk ... 11**

2.2.1 Inleidend ... 11

2.2.2 Betekenis van die woord kerk ... 11

2.2.3 Die begrip kerk en die implikasie vir kerkvisitasie ... 16

**2.3 Kenmerke van die kerk ... 17**

2.3.1 Inleidend ........ 17

2.3.2 Die suiwer bediening van die Woord ........ 17

2.3.3 Die suiwer bediening van die sakramente ........ 19

2.3.4 Die suiwer bediening van die tug ........ 20

2.3.5 Die kenmerke van die kerk en die implikasie vir kerkvisitasie ........ 21

2.3.6 Samevattend ........ 21

**2.4 Eienskappe ........ 22**

2.4.1 Inleidend ........ 22

2.4.2 Eenheid ........ 22

2.4.3 Heiligheid ........ 24

2.4.4 Algemeenheid ........ 25

2.4.5 Apostolisiteit ........ 26

**2.5 Samevatting ........ 28**

**2.6 Die Bybelse begrippe dienste en ampte ........ 28**

2.6.1 Inleidend ........ 28

2.6.2 Regering van die kerk deur middel van gawes en dienste ........ 29

**2.7 Slot ........ 57**

**Hoofstuk 3: ‘n Historiese oorsig oor kerkvisitasie veral soos dit teologies-eties in die GKSA geïmplementeer is ........ 58**

**3.1 Inleiding ........ 58**

**3.2 Geskiedenis van kerkvisitasie ........ 58**

3.2.1 Inleidend ........ 58

3.2.2 Reformatoriese kerkvisitasie ........ 59

**3.3 Slot** ..................................................................................................... 85

**Hoofstuk 4: Die teologies-etiese begronding van kerkvisitasie**........................................ 89

**4.1 Inleiding** ..................................................................................................... 89

**4.2 Skriftuurlike begronding van kerkvisitasie**................................................................ 90

4.2.1 Inleidend............................................................................................................ 90

4.2.2 Skriftuurlike begronding ................................................................................... 90

4.2.3 Ou Testament...................................................................................................... 90

4.2.4 Nuwe Testament .................................................................................................. 93

**4.3 Gevolgtrekking** ............................................................................................... 99

**4.4 Openbaring 2 en 3** ........................................................................................... 100

4.4.1 Inleiding............................................................................................................ 101

4.4.2 Agtergrond, struktuur en inhoud van die briewe in Openbaring 2 en 3. ...................... 101

**4.5 Bekendstelling van die Visitator**.......................................................................... 104

4.5.1 Inleidend........................................................................................................... 104

4.5.2 Selfbekendstelling en selfidentifikasie in die sewe gemeentes................................... 105

4.5.3 Die bevinding van die Visitator oor die sewe gemeentes ............................................ 117

**4.6 Slot** ................................................................................................................ 155

**Hoofstuk 5: Kerkvisitasie in die GKSA teologies-eties beoordeel**.................................. 158

**5.1 Inleiding** ......................................................................................................... 158

**5.2 Frekwensietabel: Kerkvisitasie vraelyste** ............................................................... 160

**5.3 Samevatting**..................................................................................................... 179

**Hoofstuk 6: Samevatting, gevolgtrekking en 'n teologies-etiese model vir kerkvisitasie**........................................................................................................ 181

**6.1 Inleiding** .......... **181**

**6.2 Kerkvisitasie: wese, kenmerke en eienskappe en die betekenis vir die praktyk van kerkvisitasie.** .......... **181**

**6.3 Die geskiedenis van kerkvisitasie in die GKSA** .......... **182**

**6.4 Die teologies-etiese begronding van kerkvisitasie** .......... **185**

**6.5 Kerkvisitasie in die GKSA teologies-eties beoordeel** .......... **187**

**6.6 Teologies-etiese model vir kerkvisitasie** .......... **188**

6.6.1 Inleiding .......... 188

6.6.2 Etiese model van kerkvisitasie .......... 189

6.6.3 Samevattend .......... 191

6.6.4 Skematiese voorstelling: Teologies-etiese model vir kerkvisitasie .......... 192

**6.7 Samevatting** .......... **193**

**7 Bibliografie** .......... **194**

## Lys van tabelle


Tabel 1 Hoe lank is u predikant in die GKSA? ..... 160

Tabel 2 Het u al opgetree as visitator? ..... 160

Tabel 3 Dui asb. aan hoeveel keer ..... 161

Tabel 4 Berei u 'n Skrifdeel voor vir kerkvisitasie? ..... 161

Tabel 5 Berei u voor vir kerkvisitasie m.b.v. Kerkorde? ..... 161

Tabel 6 Berei u voor vir kerkvisitasie m.b.v. omkeerstrategie? ..... 162

Tabel 7 Neem u vorige kerkvisitasieverslae in ag? ..... 162

Tabel 8 Moet kerkvisitasie probleemareas blootlê? ..... 162

Tabel 9 Word die vrae waar en eerlik beantwoord? ..... 163

Tabel 10 Word die vrae volledig beantwoord? ..... 163

Tabel 11 Word die vrae met liefde beantwoord? ..... 164

Tabel 12 Speel Belydenisskrifte 'n rol by kerkvisitasie? ..... 164

Tabel 13 Help kerkvisitasie eenheid in 'n gemeente aan? ..... 165

Tabel 14 Help kerkvisitasie eenheid in kerkverband aan? ..... 165

Tabel 15 Wie is die eintlike Kerkvisitator in die praktyk? ..... 166

Tabel 16 Wie het in die Ou Testament kerkvisitasie gedoen? ..... 166

Tabel 17 Kan Hand. 15:36 kerkvisitasie begrond? ..... 166

Tabel 18 Het Paulus 'n herderlike kerkvisitasie gedoen deur te vermaan? ..... 167

Tabel 19 Het Paulus gemeentes herderlik vertroos en versterk? ..... 167

Tabel 20 Voldoen kerkvisitasie vandag aan die doel naamlik vermaning, vertroosting en versterking? ..... 167

Tabel 21 Kan die 7 briewe in Openb. 2 en 3 beskou word as kerkvisitasieverslae? ..... 168

| | | |
|---|---|---|
| Tabel 22 | Aan wie het Christus Openbaring 2 en 3 geadresseer? | 168 |
| Tabel 23 | Hoeveel erns, begrip en direkte vermaning, vertroosting en versterking blyk uit Christus se verslae aan die 7 gemeentes? | 168 |
| Tabel 24 | Hoe behoort vertroosting plaas te vind by kerkvisitasie? | 169 |
| Tabel 25 | Hoe behoort vermaning plaas te vind by kerkvisitasie? | 169 |
| Tabel 26 | Hoe behoort versterking plaas te vind by kerkvisitasie? | 169 |
| Tabel 27 | Kom vermaning tot sy reg in kerkvisitasie? | 170 |
| Tabel 28 | Kom vertroosting tot sy reg in kerkvisitasie? | 170 |
| Tabel 29 | Kom versterking tot sy reg in kerkvisitasie? | 171 |
| Tabel 30 | Hoeveel predikante het die gawe om kerkvisitasie te doen? | 171 |
| Tabel 31 | Moet die kultuur en omgewing verreken word met kerkvisitasie? | 172 |
| Tabel 32 | Waarmee motiveer 'n visitator 'n gemeente? Dreig | 172 |
| Tabel 33 | Waarmee motiveer 'n visitator 'n gemeente? Waarsku | 172 |
| Tabel 34 | Waarmee motiveer 'n visitator 'n gemeente? Vertroos | 172 |
| Tabel 35 | Wat is die inhoud van 'n visitator se motivering? | 173 |
| Tabel 36 | Wat motiveer baie gemeentes? Geld | 173 |
| Tabel 37 | Wat motiveer baie gemeentes? Groei | 173 |
| Tabel 38 | Wat motiveer baie gemeentes? Vrede | 174 |
| Tabel 39 | Wat motiveer baie gemeentes? Gebruike | 174 |
| Tabel 40 | Wat motiveer baie gemeentes? Vernuwing | 175 |
| Tabel 41 | Wat motiveer baie gemeentes? Gods eer | 175 |
| Tabel 42 | Moet 'n visitator 'n gemeente vermaan as hulle die waarheid nie in liefde betrag nie? | 176 |

Tabel 43 Moet ‘n visitator ‘n kerk met die regte motief (waarheid in liefde) bemoedig? ........ 176

Tabel 44 Waarop val die klem meestal in kerkvisitasie? ........ 176

Tabel 45 Hoe word gewoonlik geoordeel tydens kerkvisitasie? ........ 177

Tabel 46 Weet lidmate wat die doel van kerkvisitasie is? ........ 177

Tabel 47 Wat behoort die etiese gevolg van kerkvisitasie te wees? ........ 177

Tabel 48 Indien daar verharding is, word dit deur kerkvisitasie aangespreek? ........ 178

Tabel 49 Is bekering die omkeerstrategie waarby ons wil uitkom? ........ 178

Tabel 50 Kan ‘n omgeestrategie inhoud gee aan ‘n omkeerstrategie? ........ 178

# Hoofstuk 1: Inleiding

## 1.1 Inleidend

Kerkvisitasie word volgens die GKSA (Gereformeerde kerke in Suid-Afrika) gebruik as instrument om te bepaal in watter mate 'n plaaslike kerk nog as kerk in Bybelse sin funksioneer. Dit wil gemeentes van die Here geleentheid gee om introspeksie te hou en verantwoording te doen oor die wyse waarop hulle hulle roeping teenoor God, mekaar en die wêreld uitleef en het daarom 'n sterk etiese karakter. Visitatore fokus in gesprekke met gemeentes op die wese en welwese van plaaslike gemeentes en behoort hierdie taak om die kerk – bruid van Christus – te besoek, eties en verantwoordelik uit te voer.

## 1.2 Agtergrond en probleemstelling

### 1.2.1 Kerkvisitasie in die GKSA

Daar word tans kerkvisitasie gedoen in die Gereformeerde kerke van Suid-Afrika volgens artikel 44 Kerkorde wat lui: *"Die klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikste bedienaars van die Woord as visitatore benoem om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou, vas te stel of die ampsdraers hulle ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die Kerkorde in alles onderhou, die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder, sodat hulle diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik kan vermaan en met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk."* (Acta, 1964:60-1).

### 1.2.2 Begripsbepaling

Die vraagstuk waarop by kerkvisitasie klem gelê word, is die wese (kenmerke en eienskappe) van die kerk. Daarom word daar teruggegaan na 'n tetiese standpunt van wat die wese van die kerk is volgens Skrif, belydenis en Kerkorde en hoe dit eties toegepas moet word. Kerke staan immers in kerkverband in diens, leer en tug en dit moet prakties uitgeleef word. Die wese van die kerk behels die kenmerke en die eienskappe van die kerk. Die kenmerke van die ware kerk is die suiwere bediening van die Woord, sakramente en tug (Heyns, 1977:109-114). Die eienskappe van die kerk is eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit (Heyns, 1977:114-150).

Die begrip kerkvisitasie bestaan uit twee dele, nl. kerk en kerkvisitasie. Die woord kerk hou verband met twee Griekse woorde, nl. *kuriakos* en *ekklesia* (D' Assonville, 1990:7). Die begrip *kuriakos* beteken eiendom van die Here (Van der Linde, 1980:13). Die Here is die oorsprong van die kerk deur Jesus Christus (1 Pet. 2: 9-10) en daarom behoort die gelowiges aan die

Here (Ps. 100: 3). Die begrip *ekklesia* dui op uitgeroeptes, vergadering of gemeente (D' Assonville, 1990:7; Du Plooy, 1979:13; Du Plooy, 1982:66). Jesus Christus praat self van sy kerk (Matt. 16: 18). Hierdie roeping in die woord *ekklesia* is gewortel in die werk van Christus en dit geskied kragtens die verbond en uitverkiesing voor die grondlegging van die wêreld (Ef. 1: 3-4). So het daar kerke ontstaan deur sy Gees en Woord (Rom. 1:16, 10:14-7; HK So.21, vr. en antw. 54) waar gelowiges bymekaar kom, nl. die kerk te Korinte, die kerk te Efese, en andere. Kerke het so ontstaan en bymekaar gekom (vgl. die gemeentes in die ressort van die "*klassis*" Klein-Asië – Op. 2 en 3 – Snyman, 1972:6-15).

Die volgende begrip is kerkvisitasie. Kerkvisitasie kom van die Latynse word *"visito"* wat beteken besoek *("visit")*(Visser, 1999:192), om dikwels te sien, om te besoek. Dit kan ook wys op ondersoek (Spoelstra, 1989:258). Die *locus classicus* vir kerkvisitasie is Handelinge 15:36. Hier het Paulus en Barnabas die gemeentes gaan besoek om navraag te doen oor hulle geestelike welstand. Daar is egter twee Griekse begrippe wat aansluit by hierdie Latynse begrip. Die Griekse begrippe handel meer oor die herderlike inhoud, nl. *steritsio* en *parakaleo*. Steritsio beteken om te versterk (TDNT, 1971, 7:656; Louw et al, 1988:228) en *parakaleo* beteken om te bemoedig en te vermaan en te vertroos (Hand. 14:27, 16:5; De Villiers, 1980:3-4; TDNT, 1971, 5:797). Paulus het die kerke van die Nuwe Testament besoek (Hand. 15:41; 18:23), om daardeur vas te stel of die kerke nog funksioneer soos kerke van die Here behoort te funksioneer (1 Kor. 4:19; 2 Kor. 1:16). Die opvolgers van die apostels het dit ook gedoen (2 Kor. 7:6, 8:6,23, 12:18; Kol. 4:8-9; Spoelstra, 1989:258).

Die werksdefinisie vanuit Gereformeerde beskouing is die volgende: Kerkvisitasie is 'n gereelde en voorkomende herderlike besoek aan alle kerke in die ressort van die klassis deur minstens twee ervare, bekwame visitatore om te let op diens, leer, orde en onderwys, dit te bevorder deur betyds te vermaan, vertroos en versterk met die doel om vrede te bevorder (nie wanorde nie), om opbou te stimuleer (nie afbreek nie) en belange uit te bou (nie te demp nie)(vgl. Flemming, 1961:9). Dit moet met eerlikheid voor God gedoen word. Hierdie definisie is op voetspoor van die Dordtse Kerkorde artikel 44. Dit berus op die Skrifbeginsels en presbiteriale kerkregeringstelsel. Weens die gevaar van independentistiese benadering (De Villiers, 1980:5) is dit van uiterste belang dat kerkvisitasie gedoen word. Die ander gevaar is genootskaplike kerkbegrip (hiërargie). Dit is wanneer kerkvisitasie 'n vorm van inspeksie is (Van der Linde, 1983:163). Die antwoord lê nie in die twee pole nie, maar in 'n kerklike lewe met 'n goeie gewete voor God.

As daar gekyk word na die kernbegrippe van kerkvisitasie, is dit vermaning, vertroosting en versterking (De Villiers, 1980:3-4). Die Heilige Gees en die Woord lei 'n visitator in die vorming van 'n bepaalde oordeel (Joh. 16:8) en op sterkte daarvan kan daar in liefde vermaan word. Dit

gaan nie oor eie goeddunke nie, maar oor ‘n beoordeling volgens die Woord van God. Dit behoort egter oorwoë en biddend gedoen te word. So word ‘n kerk beoordeel en nie veroordeel nie. Die begrip vertroosting dui op sekerheid en sekuriteit. Die wet is deur Christus vervul en daarom is die wet ‘n tugmeester na Christus. Dit is ons troos dat ons in Christus gebind is (HK So.1, vr. en antw. 1) in die geloof. Die begrip versterk veronderstel onder andere sondebesef en bekering. In die uitleef van die dankbaarheid moet ‘n gemeente versterk word. Dit moet biddend gedoen word sodat ‘n gemeente kan volhard in hoopvolle dankbaarheid. Kerkvisitasie moet dus in verantwoordelikheid voor God op ‘n eties korrekte wyse uitgevoer word dat die vermaning in liefde, vertroosting in die geloof en versterking in die hoop van die betrokke kerk konkrete gestalte sal kry.

Met hierdie studie is die fokus op kerkvisitasie om vas te stel of die uitvoering daarvan en die verslae daaroor teologies-eties verantwoord is in die lig van Skrif, belydenis en Kerkorde. Die vraag is dus nie soseer kerkregtelik (reg of verkeerd) nie, maar eerder eties (goed of sleg – vgl. 5.3). Dit gebeur soms dat mense in die praktyk die onderskeid tussen reg en verkeerd ook in ’n etiese betekenis gebruik. Daarmee word rekening gehou. Omdat hierdie egter ‘n teologies-etiese studie is, word voorkeur gegee aan die onderskeid tussen goed en sleg. Wat met *“teologies-etiese studie”* bedoel word, word duidelik uit De Bruyn (2013:8) se definisie van teologiese etiek: *“Teologiese etiek is die deel van die teologiese wetenskap wat die geopenbaarde wil van God en die kerklike belydenis wat op die mens se gedagtes, woorde en werke betrekking het, bestudeer om die beginsels daarin te bepaal en die norme wat daaruit afgelei word, te formuleer, sodat die mens se optrede aan die hand daarvan beoordeel kan word om vas te stel of dit goed of sleg is.”*

Die skopus van hierdie studie is afgestem op kerkvisitasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die omvang van navorsing oor die bepaalde onderwerp in ander Gereformeerde kerke (soos die Nederduits Gereformeerde Kerk, Hervormde Kerk van Afrika en die Afrikaanse Protestantse Kerk) maak die studie te wydlopend. Alhoewel ook na moontlike stof gekyk word by ander kerke, is die fokus op die Gereformeerde kerke (volgens amptelike Sinodebesluite).

### 1.2.3 Die praktyk

Die praktyk van kerkvisitasie is ‘n saak waarmee die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir baie jare geworstel het oor hoe om dit reg te doen (Acta, 1955:181-6). Die GKSA het reeds in 1862 besluit om die Dordtse Kerkorde te aanvaar. Dit het in die plek gekom van die voorlopige Kerkorde wat Ds. D. Postma opgestel het (Coetzee, 2010:91). Kerkvisitasie word in artikel 44 van die Dordtse Kerkorde gereël. In die Kerkordeverklarings (Spoelstra, 1989:257-263, Van der Linde, 1983:162-6, Visser, 1999:192-9, Kruger *et al*, 1966:269-277) van artikel 44 word verwys

na die belangrikheid van kerkvisitasie. Die maatstaf vir kerkvisitasie is die Skrif en die belydenis.

In 1955 (Acta, 1955:181-6) is ‘n rapport behandel wat kerkvisitasie tot sy volle reg wou laat kom. In die rapport word gesê dat kerkvisitasie nie staties (Acta, 1955:182) moet wees nie, maar vernuwend (Acta, 1955:186). Die inhoud van kerkvisitasie word geaksentueer. Tydens kerkvisitasie moet die stoflike- en administratiewe sake nie oor- of onderbeklemtoon word nie. Dit moet egter aandag kry (Acta, 2006:340).

Met die sinode van 1955 (Acta, 1955:184) word gewys op twaalf vrae wat as riglyn gebruik kan word. Die twaalf vrae was reeds in 1939 geformuleer (Acta, 1939:42) en moes behandel word volgens Kerkorde artikel 41 tydens ‘n klassikale vergadering. Hierdie vrae is sedert 1955 as ‘n moontlike riglyn vir kerkvisitasie voorgestel.

Die aandrang om artikel 44 te skei van artikel 41, was by verskillende sinodes ter sprake (1927, 1930, 1939, 1945 en 1955). Vroeër is voorkeur gegee aan gemeenteverslae. So is artikels 41 en 44 vermeng. Artikel 41 handel oor wat op die klassikale vergadering moet gebeur. In artikel 41 word gesê: *“Die praeses moet onder andere vra of die kerke kerkraadsvergaderings hou, of die kerklike tug uitgeoefen word, of die armes in die skole versorg word en of daar iets is waarin ‘n kerk die oordeel en die hulp van die klassis vir sy regte bestuur nodig het…”* Artikel 41 handel dus oor onderlinge toesig in die algemeen en artikel 44 oor kerkvisitasie deur visitatore (Kruger *et al*, 1966:270).

Die praktyk van kerkvisitasie is sodanig dat die visitatore indringende vrae stel oor die wyse waarop die kerk sy roeping vervul. Daarop moet die kerkraad eerlik en in alle opregtheid antwoord sodat die waarheid aan die lig kan kom. Die visitatore doen daarna verslag aan die klassisvergadering oor die stand van sake in die betrokke kerk wat besoek is.

Die vreemde aspek van die nadenke oor kerkvisitasie is dat, sover die skrywer kon vasstel, daar nog nooit op die vlak van gevorderde grade navorsing gedoen is oor die etiese aspekte van kerkvisitasie nie. Daar was egter ook verskeie Kerkordeverklarings (Spoelstra, 1989:257-263, Van der Linde, 1983:162-6, Visser, 1999:192-9, Kruger et al, 1966:269-277) wat egter aandag gegee het aan die Kerkorde en nie een het die fokus laat val op die teologies-etiese nie. Dat dit ŉ gebrek is wat aangespreek moet word, kan gesien word daarin dat die bekende dr. Abraham Kuyper al in 1868 in Nederland gepleit het vir ŉ etiese aanpak van kerkvisitasie (Kuyper, 1868:2,3,28).

Kuyper (1868:35) noem die ondersoek na die kenmerke van die ware kerk, naamlik die suiwerheid van die prediking en die regte bediening van die sakramente die swaartepunt van

kerkvisitasie omdat dit 'n mens by die lewensbeginsel van die kerk bring. So 'n ondersoek was destyds skynbaar moeilik uitvoerbaar, want 'n mens *"moet óf willens blind zijn, óf zijns ondanks instemmen met de klacht, dat onze kerk ziek aan leugen, lijderesse aan kanker der onwaarheid is ... Dit staat toch immers noch bij elke richting vast, dat in de vunzigen bodem der onwaarheid de planten der godsdienst niet tieren kan en zlechts een spichtig gewas van gehuichel en geveinstheid opwaarts schiet, waar het onmisbaar voedsel voor alle hooger geestesleven, waar de eerlijkheid ontbreekt"* (Kuyper, 1868:25). So wys Kuyper (1868:130) op die *"doodelijk gevaar dat voor de kerk in haar verleugening bestond, en dus op de plicht voor wie haar leven lief had, om dien leugenkanker uit te snijden"*. Daarom is dit nodig om *"door opensnijden der wonde de aanwezigheid van dat leugengif vooral in kerkvisitatie te constateren"* (ibid). En dit moet so gou as moontlik gebeur anders kan redding uit hierdie sondige toestand onmoontlik word (Kuyper, 1868:134-5).

Al sou die situasie in die GKSA - wat kerkvisitasie betref - waarskynlik verskil van die situasie in Nederland van destyds soos deur Kuyper beskryf, toon Kuyper se opmerkings duidelik op die belang van etiese nadenke oor die praktyk van kerkvisitasie. 'n Teologies-etiese ondersoek na kerkvisitasie in die GKSA is nodig om vas te stel of daar nie ook onder andere tydens kerkvisitasie en in kerkvisitasieverslae halwe waarhede en onwaarhede voorkom nie.

In 'n artikel in Die Kerkblad spreek De Bruyn (1997:8), tans emeritus professor van die GKSA en etikus, sy kommer daaroor uit dat die effektiwiteit van kerkvisitasie nie altyd is wat dit moet wees nie. Die gevolg is dat dit geen uitwerking het op die leer en lewe van die gemeente by wie kerkvisitasie gedoen is nie. Hy stel die vraag of die vrae wat die visitatore vra, altyd skerp en indringend genoeg is. Hy spreek sy kommer uit of die antwoorde wat op die vrae gegee word altyd volledig en diepgaande genoeg is sonder aansien van die persoon. Van die ampsdraers wat vervul is met die Heilige Gees (Hand. 6:3) kan 'n mens dit tog verwag. Hy sê verder: *"Dit is moontlik dat by kerkvisitasie volstaan kan word by vae algemeenhede sonder om tot die werklike kern van die saak deur te dring."* Dit spreek vanself dat so 'n kerkvisitasie weinig waarde sal hê vir 'n gemeente wat elke dag moet voortgaan op die pad van daaglikse bekering, dit wil sê reformasie.

Met die oog op hierdie studie is daar by 13 predikante in verskillende klassisse van die GKSA, en wat baie van mekaar verskil in jare van bediening, navraag gedoen oor verskillende aspekte van kerkvisitasie (Anon 1 tot 13)[1]. Almal van hulle het self al as visitatore opgetree. Die een

[1] Hierdie is slegs 'n voorlopige ondersoek met die oog op die opstel van die navorsingsvoorstel om nie net met 'n literatuurstudie te volstaan in die vasstel of hierdie studie meriete het nie. Daar is 'n hoofstuk gewei aan predikante se siening van die huidige praktyk van kerkvisitasie (vgl. hieroor doelwit 4 van die navorsingsmetodologie, punt 8). Saam met prof. Faans Steyn van Statistiek by die NWU is 'n vraelys uitgestuur en ontvang.

saak wat in al 13 reaksies na vore gekom het, is dat almal bekommerd is, of selfs oortuig is daarvan, dat die waarheid in kerkvisitasie dikwels nie tot sy reg kom nie. Uitsprake soos die volgende word daarin aangetref:

*"Kerkrade antwoord en stel vrae soos wat hulle dink die kerk goed gaan laat lyk – soms ten koste van die waarheid."* (Anon 11).

*"Word die waarheid van die saak regtig (deur kerkvisitasie - JJJE) gedien? Die antwoord is NEE!"* (Anon 9).

*"Dit bly 'n ope vraag of die visitatore die regte vrae vra en of hulle nie dalk wegskram van vrae wat hulle weet konsensieuse antwoord kan ontlok nie."* (Anon 3).

*"Daar word nie altyd eerlike antwoorde op vrae van visitatore gegee nie."* (Anon 6).

*"Kerkvisitasie is window dressing. Geen foute word reggestel nie, probleme wat lidmate het word nie aangespreek nie ... tot 'n volgende keer. En dan is daardie lidmate uit die gemeente weg."* (Anon 8).

Hieruit is dit duidelik dat verskeie predikante dit ervaar dat die waarheid dikwels nie by kerkvisitasie tot sy reg kom nie, wat die hele praktyk van kerkvisitasie in gedrang kan bring. Daarom is dit noodsaaklik om die etiese aspekte rondom kerkvisitasie indringend te ondersoek en te beoordeel.

### 1.2.4 Probleemstelling

Die probleem wat in hierdie studie nagevors word, kan soos volg geformuleer word: Terwyl kerkvisitasie 'n baie belangrike instrument in die kerk van die Here is om te vermaan, te vertroos en te versterk en so geestelike groei te bevorder, kan dit in die praktyk tog so uitgevoer word dat dit nie teologies-eties voor God verantwoordbaar is nie en daarom ook nie tot seën van die betrokke kerk(e) is nie.

Die Algemene Sinode van die GKSA (Jan. 2012) het eenparig besluit dat 'n omkeerstrategie in die kerke in die algemeen en in elke gemeente in die besonder uitgevoer moet word. Hierin kan en behoort kerkvisitasie wat reg aangepak word, 'n belangrike rol te speel. Hierdie studie fokus op die behorensaspekte van kerkvisitasie in die GKSA en kom by breër riglyne uit oor hoe kerkvisitasie uitgevoer behoort te word deur die kerk om aan die etiese aspekte en noodsaaklikheid daarvan te beantwoord.

### 1.2.5 Sentrale navorsingsvraag

Hoe word kerkvisitasie in die praktyk in die lig van Skrif, belydenis en Kerkorde in die GKSA uitgevoer sodat dit teologies-eties voor God verantwoord kan word en kan lei tot groei en opbou van die betrokke kerke?

Die sentrale navorsingsvraag word ontplooi aan die hand van die volgende vrae:

- Wat is die wese, die kenmerke en eienskappe van die kerk en wat is die betekenis daarvan vir die praktyk van kerkvisitasie as dit teologies-eties beoordeel word?
- Wat is die geskiedenis van kerkvisitasie veral in die GKSA en is daar ook aandag gegee aan die teologies-etiese aspekte daarvan?
- Hoe word kerkvisitasie vanuit die Skrif begrond (toegespits op Op. 2 en 3) met die oog op 'n teologies-etiese beoordeling?
- Hoe vind kerkvisitasie in die GKSA plaas in die lig van die teologiese etiek?
- Watter etiese riglyne vir kerkvisitasie kan daar in die lig van die Skrif geformuleer word?

## 1.3 Doelstelling en doelwitte

### 1.3.1 Doelstelling

In hierdie studie word gefokus op die etiese beoordeling van die praktyk van kerkvisitasie binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) om te bepaal of dit teologies-eties tot sy reg kom en op grond van die studie 'n model vir behoorlike kerkvisitasie daar te stel.

### 1.3.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte word gestel:

(1) Om vas te stel wat die wese, kenmerke en eienskappe van die kerk is en die betekenis daarvan vir kerkvisitasie as dit teologies-eties beoordeel word.

(2) Om 'n oorsig te gee oor die geskiedenis van kerkvisitasie in die GKSA met besondere aandag aan die teologies-etiese aspekte daarvan.

(3) Om kerkvisitasie teologies-eties te begrond met besondere aandag aan Openbaring 2 en 3.

(4) Om vas te stel hoe kerkvisitasie tans in die GKSA plaasvind en dit teologies-eties te beoordeel.

(5) Om 'n samevatting en gevolgtrekking te gee en 'n goed gefundeerde model vir kerkvisitasie daar te stel.

### 1.4 Sentrale teoretiese argument

Kerkvisitasie is 'n kerkregtelike instrument wat die opbou van die kerke in die GKSA ten doel het, maar wat nie altyd teologies-eties reg hanteer word nie (vgl. 5.3). Die oplossing lê waarskynlik in die regte verstaan van die doel van kerkvisitasie asook die teologies-etiese uitvoering daarvan. Daarom gee die studie 'n model om kerkvisitasie teologies-eties te doen.

### 1.5 Navorsingsmetodologie

Ter bereiking van bogenoemde doelwitte word die volgende metodes beoog:

- Ten opsigte van doelwit 1 word 'n vergelykende studie gedoen van hoofsaaklik etiese, dogmatiese en kerkregtelike bronne om vas te stel wat die betekenis daarvan vir kerkvisitasie in 'n teologies-etiese perspektief is.

- Ten opsigte van doelwit 2 word 'n vergelykende studie gedoen van kerkhistoriese werke, van Acta van die Nasionale– en Algemene Sinodes asook algemene kerkvergaderings sedert 1859 en Actas van notules van die GKSA en die teologies-etiese implikasies beoordeel.

- Ten opsigte van doelwit 3 word 'n literatuurstudie en eksegese gedoen van relevante Skrifgedeeltes, in die besonder Openbaring 2 en 3 met die oog op 'n teologies-etiese beoordeling.

- Ten opsigte van doelwit 4 word vraelyste aan predikante en ouderlinge gestuur om vas te stel hoe kerkvisitasie tans vanuit teologies-etiese perspektief in die GKSA plaasvind.

- Ten opsigte van doelwit 5 word 'n samevatting en gevolgtrekking gegee en daar word gepoog om 'n goed gefundeerde model vir kerkvisitasie daar te stel.

### 1.6 Indeling van hoofstukke

(1) Inleiding

(2) Die begrip kerk: Die wese, kenmerke en eienskappe met die oog op behoorlike kerkvisitasie.

(3) ‘n Historiese oorsig oor kerkvisitasie veral soos dit in die GKSA geïmplementeer is.

(4) Die teologies-etiese begronding van kerkvisitasie.

(5) Kerkvisitasie in die GKSA teologies-eties beoordeel.

(6) Samevatting, gevolgtrekking en ‘n teologies-etiese model vir kerkvisitasie.

**Hoofstuk 2: Die begrip kerk: die wese, kenmerke en eienskappe met die oog op behoorlike kerkvisitasie.**

## 2.1 Inleiding

Die vraagstuk na wat kerk is, word in hierdie hoofstuk behandel. Die bedoeling is dat in hierdie hoofstuk eers aan die kerkregtelike aspekte van kerkwees en kerkvisitasie aandag gegee word sodat dit as basis kan dien vir die volgende hoofstukke wat meer op die etiese aspekte van kerkvisitasie wil fokus. Met kerkvisitasie moet bepaal word of ‘n kerk nog ‘n kerk is en as gelowiges reg voor God leef. Die kerkregtelike aspekte word nagegaan aan die hand van die Skrif, belydenis (Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), art.29-32), asook die Dordtse Kerkorde. ‘n Visitator in opdrag van ‘n klassikale vergadering, kragtens Kerkorde artikel 44 van die GKSA, moet hierdie kerkvisitasie uitvoer. Kerkvisitasie is ‘n herderlike etiese besoek.

Kerke staan in kerkverband tot mekaar. Binne die kerkverband wat een liggaam van Christus vorm soos die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (GKSA), het kerke mekaar nodig en is hulle van mekaar afhanklik (Du Plooy, 2004:11). Kerkvisitasie is juis kerkbesoeke van visitatore by die gemeentes in die ressort van ‘n klassis. Daar was ‘n spreuk van die reformasie wat gelui het: “*Visitatio est gubernatio et reformatio.”* Kerkvisitasie dui op kerkleiding en reformasie daarom moet die ware kerk voortdurend reformeer (Van Wyk, 1996:8). Met kerkvisitasie moet die kerk opgebou en uitgebou word sodat die kerke kan groei en toeneem in waarheid, geloof, hoop en liefde en dat die wêreld kan glo dat die Vader sy Seun gestuur het (Joh. 17:21). So reformeer die kerke. Die kerk word geroep om kerk van Christus te wees en dit is ook ‘n eiesoortige gemeenskap van gelowiges (*sui generus*) wat dan die kerk vorm. Visitatore word geroep om te kyk of die kerke hulle roeping uitleef na binne en na buite.

Visitatore moet rekening hou met die dinamika van Christus se kerkregering. Christus roep die kerk om deur Gees en Woord die gemeente in goeie orde en welstand te hou (Spoelstra, 1974:34).

Die Skriftuurlike siening van die kerkbegrip is van uiterste belang vir kerkvisitasie en dit loop saam met die aard van die Koninkryk van God (Jonker, 1977:4-13). Die verhouding tussen kerk en koninkryk is dat Jesus Christus oor alles en almal heers (Van der Merwe, 2009:22). Die koninkryk kom reeds in die Ou Testament voor en kry verder sy gestalte in die Nuwe Testament. Die sentrale tema van Godsopenbaring in sy Woord, is juis die Koninkryk van God in Jesus Christus se koms (Van der Merwe, 2009:23). Jesus Christus se Koningskap van sy Koninkryk is primêr en Hy regeer oor sy koninkryksburgers. Hierdie burgers is sy kerk waarvan die oorsprong in God se ewige Raad en uitverkiesende genade is (Ef. 1:10-3). Dit het ‘n skeidende en ‘n vergaderende effek (Matt. 10:34-6; Du Plooy, 1979:21).

Christus vergader, beskerm en onderhou vir Hom ‘n kerk van die begin van die skepping af. Dit geskied deur die Woord en Gees ((Heidelbergse Kategismus (HK) So. 21). Die bestaan van ‘n kerk lê dus in sy ewige uitverkiesing in Christus. Christus en die belydenis dat Hy die Seun van die lewende God is, is die basis waarop Hy sy kerk bou (Matt. 16:18). Dit vorm die een volk van God in die wêreld (NGB art. 27). Elkeen wat die belydenis in die ware geloof uitleef, is deel van die liggaam van Christus (Du Plooy, 2004:13; Van der Merwe, 2009:24). Die liggaam van Christus kom van die verlede in die hede en sluit ook die toekoms in (HK, Sondag (So) 21; Van der Merwe, 2009:24). Dit is die vertrekpunt van die Koning van die Koninkryk wat vir Homself ‘n kerk uitverkies het as sy eiendom. Deur die kerk word die Koninkryk geproklameer (Van der Merwe, 2009:25). Die kerk is in diens van die Koninkryk en is die vrug van die Koninkryk (Du Plooy, 1979:35; Ridderbos, 1972:307).

Net soos die kerkbegrip sy oorsprong in die Woord het, is die begrip kerkvisitasie ook uit die Skrif. Dit was ‘n oorspronklike apostoliese besoekdiens wat deur briewe ondersteun is (Van Wyk, 1996:8). Dit is egter God, die Groot Visitator wat reeds van die begin van die mensdom sy volk besoek het. Met kerkvisitasie wil visitatore kyk of ‘n kerk nog kerk van Christus is.

Daar word nou gekyk na die kerk as uitvloeisel van die Koninkryk.

## 2.2 Kerk

### 2.2.1 Inleidend

Die skopus van die studie is nie om ‘n volledige siening van die Bybelse ekklesiologie te gee nie, maar slegs om die aspekte te bespreek wat benodig word vir ‘n etiese kerkvisitasie. Soos Pont (1981:71) wys dat die vertrekpunt van die voorlopige Kerkorde van Wesel 1568 geskoei is op artikel 27-33 van die NGB, rus dit op sy beurt op die Skrif. Daarom kyk ons na die begrip kerk soos wat dit voorkom in die Skrif.

### 2.2.2 Betekenis van die woord kerk

Die naam kerk kom van die woord *kuriakè* wat beteken eiendom van die Here (Jonker, ongedat:22; Van der Linde, 1980:13) en *dié wat aan die Here behoort* (D’Assonville, 1980:7). Die woord kan ook *huis* of *huisgesin van God* beteken (Pretorius, 1996:56). As gelowige is jy eiendom van God (Ps.100:3). God is die Outeur van die kerk en die gelowiges is syne deur Jesus Christus (1 Pet. 2:9,10).

Die begrip *ekklèsia* in die Nuwe Testament hou verband met die Hebreeuse woorde *qehal JHWH* (die geroeptes of volk van God)(Du Plooy, 1979:13; Du Plooy, 1982:66) *en jdad* (vergader vir ‘n afspraak) in die Ou Testament (Eks. 12:6; Num. 14:5; Lev. 16:33; Brown,

1979:295; Raymond, 1998:806-7). Die *Septuaginta* (Griekse vertaling van die Ou Testament) het *qehal JHWH* vertaal met *ekklèsia* (Raymond, 1998:807) wat dui op Israel (Van der Merwe, 2009:27). *Ekklèsia* is ‘n heilshistoriese begrip (Du Plooy, 1979:15).

Later is *sunagōge* ook vir die begrip *ekklèsia* gebruik in die antieke tyd (Brown, 1979:292). Voor die Nuwe Testament was die woord *ekklèsia* se algemene gebruik ‘n vergadering van persone met ‘n welomskrewe lidmaatskap. Teen die Griekse agtergrond het dit die betekenis van ‘n sosio-politieke entiteit gebaseer op burgerskap in ‘n bepaalde stadstaat (Hand. 19:33, 39; Louw *et al*, 1988:133).

Die Nuwe Testamentiese woord *ekklèsia* beteken *uitgeroeptes*, asook *vergadering van ‘n gemeente* (D’Assonville, 1980:7) of spesifiek *gemeente van God* (se mense)(Louw *et al*, 1988:126). Dit dui op volk van God (Gal. 6:16; Van der Linde, 1965:*116*). Pretorius (1996:56) wys daarop dat dié woord dui op ‘n saamgeroepte vergadering, naamlik volksvergadering. Van Genderen en Velema (1992:617) ondersteun die gedagte dat die woord in die evangelies dui op ‘n volksvergadering. Die woord kom weinig in die evangelies voor, alleen in Mattheus 16:18 en 18:17.

In Mattheus 16:18 word die begrip *ekklèsia* gebruik (Brown, 1979:298, 302) wat daarop dui dat Jesus Christus sy kerk op die rots sal bou. Dit is die belydenis: *“U is die Christus, die Seun van die lewende God.”* (Matt. 16:16). Die kerk sal op hierdie rots gebou word en die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie. Die belydenis is dat Jesus Christus die Messias en God is. Dit sluit aan by die Ou Testamentiese belofte wat in die Nuwe Testament bewaarheid is (Raymond, 1998:819) en wat nou ‘n werklikheid is (Du Plooy, 1982:69). Jesus Christus is die fondasie van die kerk (1 Kor. 3:11, 10:4) en op hom moet die kerk opgebou en uitgebou word. Dit rus in God se ewige verkiesing en raad. *Ekklèsia* is die gemeente van gelowige Christene (Louw en Nida, 1988:127). Dit sluit Israel (Ou Testament) en alle gelowiges onder alle volke in (Du Plooy, 1979:16; Du Plooy, 1982:69). Dit is ‘n universele begrip wat die nuwe volk van God verbind en wat teruggaan na Adam en Abraham (Du Plooy, 1982:90-1).

In Mattheus 18:17 word ook verwys na *ekklèsia* (Brown, 1979:289) waar dit met die tug in verband gebring word. Na vermaning en verharding moet die gemeente daaroor ingelig word, want die sondaar luister nie en moet hanteer word soos ‘n heiden en tollenaar. Die kerk moet suiwer gehou word as uitgeroeptes. Daar is ‘n duidelike skeidslyn tussen kerk en wêreld. As iemand deel van die *ekklèsia* word, word die bande gebreek met die wêreld (Ef. 2:12-3; Raymond, 1998:824). So word iemand deel van die geestelike Israel wat buig voor Jesus Christus, die Messias Koning (Matt. 28:20). Hierdie geestelike Israel is dan burgers van die koninkryk van God.

Du Plooy (1982:95) wys in Mattheus 16:18 na die universele kerk en in Mattheus 18:17 na die plaaslike kerk.

In Handelinge word ook van *ekklèsia* gepraat. Dit wys na gelowiges in 'n bepaalde area (Hand. 8:1, 11:26, 13:1; Brown, 1979:303; Celliers, 1995:10) en na kerke in 'n bepaalde omstandigheid (Hand. 9:31, 15:41, 16:5). So is daar gelowiges in Antiochië, Sesarea (Hand. 18:22) en Efese (Hand. 20:17, 28; Raymond, 1998:825).

In Paulus se briewe gebruik hy ook die woord *ekklèsia* vir 'n bepaalde plek (Van der Linde, 1965:117), bv. Korinte (1 Kor. 1:2; 2 Kor. 1:1; Brown, 1979:299; Louw *et al*, 1988:126), Kenchreë (Rom. 16:1), Laodicea (Kol. 4:16), Tessalonika (1 Tes. 1:1, 2; Brown, 1979:299) en Fillipi (Fil. 1:1; Brown, 1979:300). Dan dui Paulus op kerke in 'n streek of provinsie, bv. Judea (Gal. 1:22; 1 Tes. 2:14), Galatia (Gal. 1:21; 1 Kor. 16:1), Asië (1 Kor. 16:19) en Macedonië (1 Kor. 8:1). So word gepraat van kerke in die meervoud (Rom. 16:16; Louw *et al*, 1988:126). Paulus praat weer aan die ander kant van een kerk oor die wêreld (1 Kor. 10:22, 11:22, 12:28) wat die onsigbare kerk is. Die beeld van 'n liggaam (Ef. 1:22, 4:4; Kol. 1:18; Rom. 12:4,5; 1 Kor. 12:12-27) asook dié van 'n bruid (Ef. 5:25-7) en huis van God (1 Tim. 3:15) word gebruik (Raymond, 1998:830-1). Die *ekklèsia*, volgens Paulus, moet bestuur en regeer word op 'n ordelike wyse (1 Tim. 3:15; Raymond, 1998:831).

In Hebreërs word die begrip *ekklèsia* ook gebruik. Dit dui op die huis van God (Heb. 3:6), broers (Heb. 2:17) en uitgeroeptes van eersgeborenes (Heb. 12:1; Raymond, 1998:831). In Hebreërs 12:23 word *ekklèsia* eskatologies gebruik (Du Plooy, 1982:91). Petrus gebruik nie die term *ekklèsia* nie, maar verwys na uitverkorenes as gekose vreemdelinge en bywoners (1 Pet. 1:1, 2, 17; 2:11). Hy verwys ook na die beeld van 'n ware tempel gebou van lewende stene (1 Pet. 1:5). Hy praat ook van Gods mense (1 Pet. 2:10), dienaars van God (1 Pet. 2:16), broers (1 Pet. 2:17) en Gods kudde (1 Pet. 5:2; Raymond, 1998:833). Hierdie kerk van Christus word regeer deur die Herder (1 Pet. 2:25) deur middel van die Woord (1 Pet. 1:10-2, 16; 1 Pet. 2:6, 7). Hy doen dit ook deur die apostels (1 Pet. 1:1; 5:1, 2, 2 Pet. 3:2b) en ouderlinge (1 Pet. 5:1, 2; Raymond, 1998:834).

Die begrip *ekklèsia* kom nie in Judas voor nie (Raymond, 1998:834). In Johannes verwys die begrip na 'n plaaslike gemeente (3 Joh. 6,9). Johannes verwys dan verder na 'n gemeente met die beeld van 'n uitverkore vrou en haar kinders (2 Joh. 1; Raymond, 1998:834-5) en in Openbaring na spesifieke gemeentes (Op. 1, 2, 3). Die spesifieke gemeentes is almal in die ressort van die "*klassis*" Klein-Asië, nl. Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea (Op. 1:11). Hierdie kerke (gemeentes) hou Jesus Christus in sy hand vas (Op. 1:16) en Hy beweeg tussen hulle. Die kerke of gemeentes is strydende hier op aarde. Johannes praat ook van die triomferende kerk in die nuwe Jerusalem (Op. 21:9 – 22:5).

Die begrip *ekklèsia* is 'n omvattende begrip in die Nuwe Testament en het sy wortels in die Ou Testament in die volk van God. Die Messias of Christus staan sentraal en dit wys daarop dat Hy vir homself 'n kerk uitgekies het, nl. die *ekklèsia*. Hierdie uitgeroeptes is God se eiendom. Die Koning of Hoof vergader vir Hom 'n kerk waarvan die oorsprong in die ewige Raad van God is (Ef. 1:3-5). Hierdie *ekklèsia* wat deur Christus uitverkies is, rus op die rots, nl. die belydenis dat Christus die Seun van die lewende God is. Dit moet uitgebou en opgebou word. Dit is lokaal en plaaslik, volledig Liggaam van Christus en ook wêreldwyd. Kerke staan in 'n kerkverband en ook ekumenies met mekaar. Die kerk wat nog leef in hierdie wêreld, is strydend en dié wat reeds gesterf het, is oorwinnend.

Uit die vorige blyk dat Van Genderen en Velema (1992:616) met reg sê dat die Ou Testament se *"cultusgemeente"* byeengekom het in die tempel (Deut. 5:22; 1 Kon. 8:22). God het hulle bymekaar geroep. Volgens die Septuaginta is die woord *ekklèsia* gebruik vir die volk, terwyl dit in die Nuwe Testament op die Christelike kerke of gemeentes dui. Die kerke of gemeentes is die resultaat van die uitstorting van die Heilige Gees (Spykman, 1992:435).

Die kerk of gemeente bestaan uit Christus as die Hoof van die liggaam. Die liggaam staan nie los van die Hoof nie, maar is 'n hegte eenheid (Ef. 1:22; 4:15; 5:23, Kol. 1:18; 2:10,17) en 'n innige eenheid (Du Plooy, 1982:74; Van der Walt, 1976:38). Die begrip *Hoof* is 'n Bybelse metafoor wat dui op Jesus Christus wat Opperheer sowel as Lewensbron van die kerk is (Van der Walt, 1976:28). Die begrip *Hoof* veronderstel altyd 'n liggaam en die liggaam 'n Hoof. In Kolossense 1:18 word Christus die Hoof van die liggaam genoem en dan word van die liggaam gesê dat dit sy kerk (ekklesia) is. Dus is Christus die Hoof van die kerk (Van der Walt, 1976:38). Die Hoof en die liggaam word nie gemeng nie, maar ook nie geskei nie (Van der Walt, 1976:2). Die liggaam is 'n lewenseenheid van gelowiges met Christus en met mekaar. Die eenheid is nie meganies nie, maar organies. Hierdie liggaam groei op na die Hoof en word regeer deur die Hoof, Christus (Du Plooy, 1979:20).

Hierdie kerk of gemeente (liggaam, volk) van God, word volgens Van Genderen en Velema (1992:619) deur Gees en Woord vergader (HK, So. 21). Die uitstorting van die Heilige Gees is 'n voortsetting van die kerk en sy samekoms. Met die uitstorting van die Heilige Gees word die kerk toegerus om haar roeping te vervul. Dit is 'n eiesoortige gemeenskap van gelowiges (*sui generus).* Die kerk word 'n gemeente van getuienis. Die kenmerke van die Christelike gemeente of kerk is om te bly volhard in die leer van die apostels, die gemeenskap van die gelowiges, die breek van die brood en die gebede (Hand. 2:42). Danksy die Heilige Gees groei die gemeente (Van Genderen *et al*, 1992:619). Hierdie liggaam of kerk moet trinitaries bekyk word (Van der Merwe, 2009:30).

Die *ekklèsia,* die heilshistoriese volk van God, word eksplisiet deur Paulus die liggaam van Christus (*To σωmα αutou*) genoem (Ef. 1:22, 23; Du Plooy, 1979:17). Die liggaam sien hier nie vlees van Christus nie, maar die behoue mensheid in Christus (Van der Walt, 1976:54). Die Vader het gekies (uitverkies), Christus het verlos en die Heilige Gees is die een wat wederbaar en bekeer. Paulus gebruik nie net die metafoor liggaam van Christus nie, maar ook volk van God (Rom. 9:24-26) en huisgesin van God (I Tim. 3:15).

In die Nuwe Testament het die begrip *ekklèsia* net twee betekenismoontlikhede, nl. universeel en plaaslik (Du Plooy, 1979:21-3; Du Plooy, 1982:103). Dit impliseer dat die universele plaaslik vergestalt word, met ander woorde die plaaslike kerk is die universele kerk op daardie spesifieke plek (Van der Merwe, 2009:28,88). Die kerke staan in kerkverband met mekaar. Hierdie plaaslike kerk wat geïnstitueer is, is daar kragtens God se Woord en God se leiding deur die dienste (ampte). Die plaaslike gemeente is volledig liggaam van Christus (afhanklik en in gemeenskap met Christus). Dit geskied deur die *koinonia* (gemeenskap van die geloof). Hierdie plaaslike gemeente as liggaam van Christus moet die kenmerke en eienskappe van 'n kerk hê.

Van Genderen en Velema (1992:622) haal Noordegraaf aan en konkludeer as volg:

*(1) "De kerk (de gemeente) heeft haar ontstaan en bestaan te danke aan het werk van God, die haar doet samenkomen om Hom te dienen.*

*(2) Zij wordt eerst uit Israël en daarna uit Israël en de volken vergaderd.*

*(3) De kerk staat in het N.T. in het licht van het koninkrijk van God, dat gekomen is en komen zal. Zij leeft van de gaven van Gods koninkrijk en verwacht de komst van het rijk in heerlijkheid.*

*(4) Namen als 'volk van God', 'lichaam van Christus' en 'tempel van de Heilige Geest' zeggen, dat de kerk het werk van de drieënige God is. Daarom is het zeker, dat zij toekomst heeft. De aanduiding 'lichaam van Christus' spreekt van een permanent verbonden zijn met Christus, die haar Hoofd is. Hij regeert haar door zijn Geest en Woord.*

*(5) De gemeenschap met Christus is een gemeenschap door de Heilige Geest en daaruit vloeit de onderlinge gemeenschap van de leden van de gemeente voort.*

*(6) Alle ambten en diensten zijn gericht op de opbouw van de gemeente ende toerusting tot haar taak.*

(7) *Met de gaven die de kerk van God ontvangt, gaat haar roeping gepaard om in deze wereld als het heilige volk van God te leven, van haar Here te getuigen en anderen voor zijn dienst te winnen"*.

### 2.2.3 Die begrip kerk en die implikasie vir kerkvisitasie

‘n Visitator moet besef

- God is die oorsprong van die plaaslike kerk wat ook sy eiendom is (HK, So. 21; NGB, art. 27; Brown, 1995:336). Die kerk is ‘n eiesoortige gemeenskap van gelowiges (*sui generus)* wat ‘n permanente verbintenis het met Christus, die Hoof. Dit is die uitverkiesing.

- Hy roep die gemeente bymekaar deur die suiwere bediening van die Woord en Gees (HK, So. 21).

- Hy vergader sy gemeente uit almal wat waarlik in Christus glo (eenheid in waarheid en die waarheid in liefde, NGB, art. 27), deur Hom gewas is en verseël is deur die Heilige Gees.

- Hy bewaar sy kerk en hou dit nog in stand (NGB, art. 27).

- die kerk leef as ‘n gemeenskap in Christus en met mekaar (HK, So. 55).

- kerklosheid bring kerkloosheid en daaraan moet aandag gegee word deur middel van die tug (NGB art. 29, Kerkorde, art. 71-80). So moet die kerk opgeskerp word om God se eiendom te bewaar en te vermeerder (evangeliseer).

- Dat daar gekyk moet word of die kerk nog kerk is. Daar moet voldoen word aan die merktekens en eienskappe van die kerk (NGB, art. 29).

- die kerk as ware kerk moet hom afskei van die valse kerk en dat dwalinge aangespreek moet word (NGB, art. 28; Kerkorde, art. 44).

- ‘n ware gelowige mag homself nie van ‘n ware kerk afskei nie (NGB, art. 29).

- dat elke kerk selfstandig is en volledig liggaam van Christus.

- dat kerke in kerkverband met mekaar staan en vir mekaar sorg dra (asook met die kerk universeel), want kerke het mekaar nodig.

- dat kerke God se eiendom is en suiwer moet wees in leer en lewe.

Na hierdie implikasies vir kerkvisitasie, word gekyk na die kenmerke en eienskappe van die kerk (NGB, art. 29).

### 2.3 Kenmerke van die kerk

#### 2.3.1 Inleidend

Christus is die Hoof van sy kerk. Sy kerk moet wesentlik die ware kenmerke en eienskappe vertoon. Die ware kerk het sekere merktekens wat die grense vorm. Daarvolgens moet ‘n kerk gemeet word of dit ‘n ware of valse kerk is.

Die kerk as liggaam van Christus vertoon die volgende kenmerke volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29: die suiwer bediening van die Woord, sakramente en tug (Celliers, 1995:19). Enige groep wat daarop aanspraak maak dat hulle ‘n kerk is, moet hierdie kenmerke vertoon. Die Woord, sakramente en tug het te make met die erns waar daar gemeenskap met Christus moet wees (Celliers, 1995:19). Volgens Van Genderen en Velema (1992:659) is dit belangrik dat ‘n lidmaat nie slegs ‘n lid moet wees nie, maar ook ‘n lewende lid van die ware kerk waaraan hy behoort.

‘n Ware kerk staan in kerkverband met mekaar. Dit is soos ‘n familie wat innig saam met mekaar leef soos huisgenote wat mekaar nodig het. Die Vader sorg deur Christus se hoofskap kragtens die Heilige Gees. So moet kerke mekaar help om die merktekens van die ware kerk te toon (Du Plooy, 1982:413). Een van die instrumente waarmee kerke mekaar help en ondersteun om ware kerk te wees, is kerkvisitasie.

Visitatore moet bedag wees wat die Bybelse begronding van die ware kerk is en hoe dit in die konfessie (belydenis) uitgespel word. Van daar word die kenmerke van die ware kerk behandel, nl. die suiwere bediening van die Woord, die sakramente en die tug. Met erns moet die visitatore navraag doen en kyk op welke wyse die bediening plaasvind (Celliers, 1995:19,20).

#### 2.3.2 Die suiwer bediening van die Woord

Die Woord is die siel van die kerk en alle diens in die kerk is diens van die Woord (Heyns, 1978:376; 1977:110). Eintlik is daar maar een kenmerk van die kerk, nl. die suiwere Woordbediening (Van’t Spyker, 1990:285) wat die wese van die kerk vorm (Raymond,1998:855).

Om die Woord van God suiwer te kan verkondig, is dit voor alles nodig dat die Bybel aanvaar word as die geïnspireerde, genoegsame en volkome Woord van God waarin die volle raad van

God verkondig word en waarvan daar niks weggeneem en waarby daar niks gevoeg mag word nie (Op. 22:19; NGB art. 3,7).

Die Skrif is deur God geïnspireer. Daar is veral twee tekste wat hierdie saak ondersteun, nl. 2 Petrus 1:21 en 2 Timoteus 3:16. Die Griekse woord *theopneustos* wat algemeen bekend staan as *ingegee,* beteken letterlik *deur God geadem* (passief) of *die ademende God* (aktief). Volgens Heyns (1978:19) word daar voorkeur gegee aan die eerste moontlikheid. Die Vulgata, die Latynse vertaling van die Nuwe Testament, vertaal die woord *theopneustos* met *inspirata*. Daar is verskillende teorieë rondom die inspirasie van die Skrif. Die gereformeerde siening word genoem die organiese inspirasieteorie. Die begrip *organies* sê in dié verband dat die mens in sy volheid gebruik word as skrywer met die totale gebruik deur die Gees van God van al sy gawes en talente. Die Bybelskrywers is van ewigheid af bestem om God se Woord te skryf. Die Heilige Gees het hulle wederbaar, met geloof toegerus en hulle bewussyn binnegedring om die Woord van God daar te stel (Heyns, 1978:21).

God wat die oorsprong van die kerk is, roep vir Hom ‘n gemeente byeen deur sy Woord en Gees (Jes. 59:21; Rom. 10:14-17). Die geïnspireerde Woord word verklaar deur die verligting van die Heilige Gees. Die Woord moet in sy geheel verkondig word sodat die gemeente die volle Raad van God kan leer ken. Die Skrif in sy geheel is geïnspireer deur God se Gees en word gebruik om die waarheid uit te spel en die leuen aan die kaak te stel (oop te vlek), om die verkeerde reg te stel en ‘n regte lewenswyse te kweek (2 Tim. 3:16; Pretorius, 1996:62). Die noodsaaklikheid om die Woord van God suiwer te verkondig, blyk onder andere duidelik uit 2 Timoteus 4:2-4.

Die kerk is aan die Woord gebonde en die belydenis vorm die rots waarop God Sy kerk bou (Matt. 16). Die belydenis word tans in die gereformeerde kerke weergegee in die Drie Formuliere van Eenheid. Die belydenis word aanvaar omdat dit ooreenstem met die Woord.

Die hermeneutiese uitgangspunte in die suiwere bediening van die Woord, is dat die Skrif sy eie verklaarder is. Daarom moet Skrif met Skrif vergelyk word. Die temas of begrippe moet in die verskillende kontekste verklaar word en met mekaar vergelyk word. Die benadering van 'n duidelike na 'n minder duidelike teks moet gevolg word. Dit word diakroniese eksegese genoem. Die sinkroniese eksegese is om die betekenismoontlikhede in daardie betrokke konteks te beoordeel. Niks mag egter by die Woord bygevoeg of weggelaat word nie (Op. 22:19). Die verband waarin ‘n Skrifgedeelte staan, moet deeglik in ag geneem word om biblisisme te voorkom.

God gee sy Woord aan die kerk om dit sy eie te maak, dit te bely, te bewaar, jou daarin te onderrig en dit te verkondig voor God, voor mekaar en voor die wêreld (Heyns, 1977:110;

1978:376). Die suiwere bediening van die Woord is die beslissende kenmerk van die vergadering van gelowiges. Indien die Woord verdraai word, verloën die kerk sy roeping en bestaansreg (Heyns, 1977:111; 1978:376). Daar moet voor die Woord gebuig word en die Woord moet gehoorsaam word (Joh. 8:31; 14:23) en geen ander evangelie moet aanvaar of geduld word nie (Gal. 1:8,9; 1 Joh. 4:1-3; Raymond, 1998:852).

### 2.3.3 Die suiwer bediening van die sakramente

Uit die suiwere Woordbediening volg Christus se opdrag om die sakramente suiwer te bedien. Die sakramente is die simbole waaraan die kerk geken word (Van't Spyker, 1990:286) en dit het te doen met die welwese van die kerk (Raymond, 1998:855).

Die sakramente is heilige en sigbare tekens en seëls (HK So 25, vr. en antw. 66). Christus het twee sakramente ingestel, nl. die nagmaal en die doop (Matt. 26:26-28; Matt. 28:19). Die doel hiervan is om die geloof wat deur die Heilige Gees in die harte van die gelowiges gewerk is deur die verkondiging van die evangelie (1 Pet. 1:22,23) te versterk met die gebruik van die sakramente.

Die sakramente en die Woord vorm so 'n hegte verbintenis dat ons kan sê die sakramente is sigbare prediking (Heyns, 1977:111) wat ons swakheid te hulp kom (Pretorius, 1996:62).

Dit is so dat die Woord en sakramente daarin verskil dat die Woord sonder die sakramente kan bestaan terwyl die sakramente nie sonder die Woord kan bestaan nie. Sakramente bekeer nie 'n gelowige nie, 'n gelowige bekeerde ontvang sigbaar die teken en seël.

Die kerk moet homself besig hou met die suiwere bediening van die sakramente (NGB, art. 29). Indien die sakramente nie suiwer bedien word nie, is daar nie sprake van 'n ware kerk nie (Van't Spyker, 1990:287).

Hierdie korrekte hantering van die sakramente is 'n vereiste. Die heilige nagmaal is 'n instelling van Christus (Matt. 26:26-30; Mark. 14:22-6; Luk. 22:15-20; 1 Kor. 11:23-25; NGB, art. 35; HK, So. 28-30). Die Skrif leer dat daar een brood en een beker met wyn is. Die eenheid in Christus en die eenheid met mekaar word hier in gemeenskap beleef (1 Kor. 10:14-7,21; 1 Kor. 11:23-30; Raymond, 1998:852-3). Die formulier van die heilige nagmaal en die regte formules moet gebruik word. Die wortels van die heilige nagmaal is in die Pasga.

Die heilige doop is ook 'n instelling van Christus (Matt. 28:19; Mark. 16:16) wat dui op die afwassing van sonde. Dit is 'n verbondsteken wat in die plek van die Ou Testamentiese besnydenis gekom het (Kol. 2:11,12). Die formulier moet gebruik word vir kinders (HK So 27, vr. en antw. 74) en as dit volwassenes is wat gedoop word, word die formulier vir volwasse

doop gebruik. Die regte formule moet gebruik word, nl. *"Ek doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees."* (Matt. 28:19b) Die sakramente is daar om die heilige evangelie, kragtens die Heilige Gees, in ons harte te versterk (HK So. 25, vr. en antw. 65). Deur die sakramente dan te ontvang, word die belofte van die evangelie beter verstaan en beseël (HK So. 25, vr. en antw. 66). Die volle saligheid rus op Jesus Christus se enige offerande (HK So. 25, vr. en antw. 67). 'n Gelowige word net een maal gedoop en nie weer nie (NGB, art. 34).

Die sakramente, nl. die doop en die nagmaal is die enigste sakramente wat die kerk moet honoreer (HK So. 25, vr. en antw. 68; NGB, art 33-5).

### 2.3.4 Die suiwer bediening van die tug

Net soos die suiwere bediening van die sakramente, het die tug te doen met die welwese van die kerk (Raymond, 1998:855).

Die woord *tug* beteken regtrek, van kwaad weghou, beskerm teen vergroeiing; kortom:om op te voed (Van der Linde, 1983:229). Dit hou verband met die sleutelmag wat Christus aan sy apostels gegee het (Matt. 16:17; 18:17). Die tug het 'n geestelike karakter en vind in liefde plaas.

Heyns (1978:376) maak onderskeid tussen leertug en lewenstug. Die leertug handel oor die dwaalleer van die persoon en die lewenstug oor die verkeerde lewenswyse. Indien jy dwaal ten opsigte van die leer, dwaal jy ook in jou lewe.

Die ouderlingamp moet gesien word as 'n verlenging van die apostelamp. Die ouderlinge, saam met die predikant, moet waak oor die leer en lewe van die kerk as liggaam van Christus (Hand. 20:28-31a). Die doel van die tug word volgens die Dordtse Kerkorde (art. 71) aangedui as die eer van God, die behoud van die gemeente asook dié van die sondaar (Erasmus, 1984:5; Jansen, 1913:184,185; 1 Kor. 11:32; Gal. 5; Ef. 5:3). Diegene wat volhard in die sonde, moet bestraf word kragtens die Woord van God (Matt. 18:15-17; 1 Kor. 5:13). Deur die tug moet die kwaad uit die gemeente gesuiwer word (Rom. 16:17-8a; Ef. 5:6,11; 2 Tes. 3:14-5; 1 Tim. 1:20; Tit. 1:10-1, 3:10; Op. 2:14-6a,20; Raymond, 1998:854). Indien 'n gemeente nie meer tug toepas nie, word die gemeente 'n valse kerk (Pretorius, 1996:63).

As die Woordbediening die siel van die kerk is, is die tug die senuwee van die kerk (Van't Spyker, 1990:287).

Die tug moet ordelik toegepas word (Kerkorde art. 71-80). Dit rus in die Skrif, nl. Mattheus 18:15-18 en Titus 3:11.

### 2.3.5 Die kenmerke van die kerk en die implikasie vir kerkvisitasie

‘n Visitator moet

- klem lê op al drie die wesenskenmerke van die ware strydende kerk op aarde, nl. die suiwere bediening van die Woord, sakramente en tug.

- die klem tussen die drie wesenskenmerke lê op die suiwere bediening van die Woord. ‘n Kerk moet God se Woord aanvaar as die organiese, geïnspireerde Woord en moet met respek en erns bejeen word (2 Pet. 1:20-1) en alle dwalinge moet afgewys word.

- daarop let dat die ware leer op die preekstoel, met huisbesoek, in katkisasie en tydens Bybelstudie suiwer verkondig word (Kerkorde, art. 55). Die Woord moet suiwer wees binne sowel as buite die kerk. Die kerkraad moet toesig hou oor die Woord en ook toesien dat dit gehoorsaam word (indien nie, is die tug van belang)(Kerkorde, art. 71-80).

- ook kyk na die sakramente as sigbare bediening van die Woord. Daar moet gebly word by die Skrif, belydenis en Kerkorde. Die wyse waarop dit plaasvind, moet ook gehonoreer word (Kerkorde, art. 61-4 ten opsigte van die nagmaal en Kerkorde, art. 56-60 ten opsigte van die doop).

- ook kyk of die tug suiwer bedien word. Indien afgewyk word van leer en lewe, moet die kerkraad en kerk opgeskerp word om by die Woord, belydenis en Kerkorde te bly. Die Kerkorde gee juis aandag aan die tug in artikel 71-80 en dit rus in die Skrif (Matt. 18; Tit. 3).

- die kerk vermaan indien die drie kenmerke nie met erns bejeen word nie. Indien dit reg bejeen word, moet die kerke vertroos en versterk word.

### 2.3.6 Samevattend

As kerk moet die gemeente die Woord, sakramente en tug suiwer bedien. Die suiwere bediening van die Woord hoort by die wese van die kerk (*being*) terwyl die sakramente en die tug met die welwese *(well being)* van die kerk te doen het (Raymond, 1998:854). Dit is noodsaaklik vir die behoud van die kerk van die Here (universeel en plaaslik). Aan die hand van hierdie drie kenmerke moet ‘n kerk getoets word om vas te stel of dit ‘n ware of valse kerk is. Visitatore moet dan die drie kenmerke verreken in hulle ondersoek en besoek, want kerkvisitasie is kerkleiding en reformasie (Van Wyk, 1996:8).

In die teologies-etiese benadering is dit belangrik dat die kenmerke gehandhaaf word. Dit wat verkeerd is moet afgebreek (vermaan) word, dit wil sê suiwere bediening van die tug. Die kerk

moet opgebou word in die geloof en so vertroos word en verder moet die kerk uitgebou word en so versterk word in die hoop.

### 2.4 Eienskappe

#### 2.4.1 Inleidend

God in Christus versier sy kerk met eienskappe. Hierdie eienskappe is verweef met mekaar en vorm so 'n eenheid (vgl. Die belydenis van Nicea en die Apostoliese Geloofsbelydenis).

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 27) gee die volgende eienskappe van 'n kerk:

- Eenheid
- Heiligheid
- Algemeenheid
- Apostolisiteit (Dijk, 1976:259; Heyns, 1992:327-332).

Die ware kerk moet die eienskappe in sy geheel betoon saam met die kenmerke van die kerk en dit moet gebruik word deur visitatore as maatstawwe om te meet of 'n kerk 'n ware kerk is. Die gawe, nl. God wat dit gee, hou ook in dat daar 'n opgawe is. Visitatore moet help om hierdie eienskappe uit te bou.

#### 2.4.2 Eenheid

Die begrip eenheid is onlosmaaklik verbonde aan die begrip kerk (Pretorius, 1996:64). Kerkwees dui op eenheid in Christus (Raymond, 1998:839). Dit is 'n eenheid deur die Woord en Gees van dié wat in Jesus Christus glo (Joh. 17:21; Ef. 4:4-6). Die oorsprong is dus God die Vader wat die kerke roep en verkies deur die Seun en die Heilige Gees. Dis 'n roeping tot een belydenis in die Drie-eenheid (Celliers, 1995:20).

Volgens Heyns (1978:377) kan die eenheid van die kerk in verskillende aspekte aangedui word waarin hy die eenheid rondom oorsprong, roeping (1 Kor. 1:24), belydenis (1 Kor. 1:2), getuienis, gemeenskap, diens (Matt. 20:28) en organisasie (1 Kor. 12:12) onderskei. Heyns (1977:119-121) voeg nog 'n verdere aspek by, naamlik die eenheid van wese.

Van Genderen en Velema (1992:643) onderskei die eenheid van die kerk as gawe (Joh. 17; Hand. 2:41-47; 1 Kor. 12:4-27; Ef. 4:1-6). Die kerk is een liggaam. Hulle gaan verder en wys op die eenheid as roeping (Ef. 4:1-6; NGB, art. 27). Volgens die skrywers is verdeeldheid 'n situasie waarmee niemand vrede kan hê nie (Van Genderen *et al*, 1992:646). Daar moet egter

gelet word dat daar ook ‘n verskeidenheid is in kerkwees en dit moet egter verreken word. Die eenheid is volgens Du Plooy (1982:401) tereg ‘n eenheid en verskeidenheid.

Die eenheid van die kerk is ‘n eenheid in die ware geloof (Van’t Spyker, 1990:261). Die geloof is ‘n gewisse kennis en ‘n vaste vertroue (HK So 7, vr. en antw. 21) wat ‘n gelowige laat vasgryp aan die één God omdat hy reeds deur Hom gegryp is (Fil. 2:12). Hierdie eenheid is die eenheid in ware geloof, eenheid in die waarheid (Van der Merwe, 2009:16; Van’t Spyker, 1990:262). Christus is die waarheid en sy Gees en Woord getuig van die waarheid en so lei die Gees die kerk in die waarheid (Joh. 14:16; Van der Merwe, 2009:16; Van’t Spyker, 1990:261).

Die eenheid van die kerk word ook geopenbaar in sy belydenis en in die besonder die belydenis dat Jesus die Christus is (Matt. 16:15-19). Christus sê self dat Hy op hierdie belydenis sy kerk sal bou: *“Hierdie belydenis aangaande Jesus het die middelpunt van die Apostoliese geloofsbelydenis geword – ‘n belydenis wat baie kerke met mekaar gemeen het, ten spyte van talle ander verskille”* (Heyns, 1992:327). Sonde bring verdeeldheid, maar die Skriftuurlike belydenis bring eenheid. Die belydenis en geloof in God en in Christus, is die diepste motief vir die eenheidsband wat kerke aan mekaar bind (Du Plooy, 1982:61).

Die eenheid in geloof en eenheid in belydenis en getuienis (Celliers, 1995:20) moet noodwendig die gelowiges (versoendes) tot ‘n eenheid saambind. Hulle is trouens almal mense wat gewas is met die bloed van Christus. Dit beteken dat die gelowiges nie net met God versoen is nie, maar ook met mekaar (Pretorius, 1996:64). Daar is ‘n gemeenskap wat op ‘n etiese wyse uitgeleef moet word (Celliers, 1995:20) met die regte motief, doel, middel en gevolg.

Hierdie eenheid in versoening bring nog ‘n verdere eenheid na vore, naamlik die van die gemeenskap van die heiliges. Dit is wat Paulus ook beklemtoon as hy sê: *“As een lid ly, ly al die lede saam en as een lid vreugde ervaar, is almal saam bly.”*(1 Kor. 12:26.) Die gemeenskaplike band met God deur Christus bind die gelowiges tot ‘n geloofseenheid saam as broers en susters in die een huisgesin van God (1 Tim. 3:15). Eenheid moet egter nie met eendersheid verwar word nie. Van Genderen en Velema (1992:646) wys daarop: “*Uniformiteit is geen vereiste voor eenheid. We behoefen het niet in alles met anderen eens te zijn om toch met hen één te kunnen zijn”.* Uniformiteit of eendersheid tref ‘n mens by die sekte- en kultewese aan. Verskeidenheid is deel van kerkwees solank dit in die eenheid geskied van die Bibliologiese, Dogmatologiese en Diakonale eenheid (Du Plooy, 1982:199 en verder).

#### 2.4.2.1 Die eienskap eenheid en implikasie vir kerkvisitasie

‘n Visitator moet

- daarop let dat eenheid ‘n gawe en opgawe is. Die Here gee die gawe, nl. die eenheid in Christus. Die opgawe , nl. om een te wees in Christus, moet uitgebou word. ‘n Gelowige moet hom voeg by die ware kerk (NGB, art. 28) en mag hom nie afskei van die ware kerk nie (NGB, art. 29). Hierdie eenheid is ‘n eenheid in die waarheid en in liefde. Daarom moet visitatore in die eenheid aandag gee aan die suiwere leer (Kerkorde, art. 44, 54, 55). Dit bind die kerk as ‘n eenheid saam. Eenheid beteken nie eendersheid nie. Kerke is nie fotostate van mekaar nie.

- daarop let dat daar ‘n verskeidenheid in die eenheid is.

- hulle broederlik vermaan indien daar skeuring en verdeeldheid is, want dit is oneties.

- lewende kerke vertroos en versterk om die eenheid uit te bou. Dit is teologies-eties reg (motief, doel, middel en gevolg).

- met herderlike besorgdheid sorg dra dat die suiwerheid van die geloof toegepas word en dat dit eties uitgeleef word.

- toesien dat die belydenis van eenheid ook ‘n belewenis is, want verdeeldheid bedreig eenheid en is sonde en moet vermaan word.

### 2.4.3 Heiligheid

Die kerk is ‘n heilige eenheid, ‘n vergadering van geheiligdes in Christus (Raymond, 1998:842). Die gelowiges word ook in die Skrif heilig genoem (Rom. 1:7; 15:25; Ef. 2:21; 1 Pet. 2:9). Van Genderen en Velema (1992:647-8) wys op heiligheid as iets sonder sonde, rein, volmaak, verhewe en onkreukbaar. *Heilig* beteken enersyds afsondering van wat sondig is en andersyds toewyding aan die Here en sy diens (Brown, 1971:224; Van’t Spyker, 1990:268). Van Genderen en Velema (1992:648) wys ook op ‘n verdere aspek om aan God toe te behoort.

Die gelowige is heilig omdat hy deur die bloed van Christus bevry is van sonde (Rom. 6) en daarom opgeroep word om heilig te leef (Heb. 12:14; 1 Tes. 4:3). Heilig lewe beteken om volgens die Woord te lewe. Tereg sê Heyns (1992:328): *“Die heiligheid van die kerk is sy innige verbondenheid met God in sy Woord. Die kerk is kerk-van-die-Woord en leef voortdurend en nougeset onder die heerskappy van die Woord”.* Die Woord is die tweesnydende swaard wat die sonde (onheiligheid) raaksteek, oopvlek en uitsny (Heb. 4:12,13), maar die wond ook weer genees en reinig met die bloed en Gees van Christus (Heb. 9:14; 1 Joh. 1:7). Dit gebeur deur die tweesnydende swaard. Dit steek raak, vlek oop en sny uit. Die Woord vestig die heiligheid in ‘n gelowige en in die kerk. Die tug is daar om te waak oor die heiligheid (Du Plooy,

1982:414). Die tug moet egter pastoraal van aard wees (Van't Spyker, 1990:270-1) en dit moet ook teologies-eties wees, dit wil sê die regte motief, doel, middel en gevolg.

Samevattend kan die heiligheid in twee aspekte verdeel word, naamlik gawe en opgawe. Op die manier word die kerk wat dit is (Van Genderen *et al*, 1992:649,650). Sy verheerlikte gestalte sal eers vergestalt met die wederkoms van ons Here Jesus Christus. In die nuwe Jerusalem sal daar niks onreins inkom nie (Op. 21:2,10,27).

#### 2.4.3.1 Die eienskap heiligheid en implikasie vir kerkvisitasie

'n Visitator moet

- besef dat heiligheid as eienskap 'n gawe (Rom. 1:7) asook 'n opgawe is.
- die gemeente opskerp om heilig te leef. Dit beteken dat hulle in Christus geheilig is, toegewy is aan Hom en afgesonder is vir Hom. Dit moet uitgeleef word sodat hulle eties verantwoord op die roeping. Dit moet hulle erns wees.
- die kerkraad en gemeente opskerp en indien hulle nie heilig leef nie, moet die tug toegepas word (Kerkorde, art. 44). Dit geskied in liefde (waarheid in liefde) en geestelik. Visitatore moet saam met die gemeente stry in waarheid in liefde (nie veroordelend nie, maar beoordelend). Die middel wat gebruik word, is die Woord en wet.
- die heiligheid teologies-eties beoordeel met motief, doel, middel en gevolg.

### 2.4.4 Algemeenheid

Die begrip *algemeen* of *katoliek* dui op algemeen, universeel of op die geheel. Daarteenoor staan gedeeltelik of afsonderlik (Van Genderen *et al*, 1992:650; Heyns, 1977:137). Die woord *algemeen* of *katoliek* wys daarop dat die kerk nie op een plek en tyd vasgevang kan word nie (Dijk, 1976:259; Pretorius, 1996:65). Dit is geheel omvattend (Van't Spyker, 1990:275) en is nie eksklusief nie (Raymond, 1998:843).

Die woord *ekumenies* wat as wêreldwyd of universeel verstaan moet word, sê dan ook duideliker wat hiermee bedoel word (Dijk, 1976:259). Die algemeenheid as eienskap van die kerk dui aan dat al die gelowiges van alle eeue en plekke hulle volle saligheid van Christus verwag en verkry. In artikel 27 van die NGB kom die algemeenheid van die kerk sterk na vore as die kerk aangedui word as *"'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag…".* Die katelositeit is juis gesetel in Jesus Christus wat die hoof is van sy kerk (Kol. 3:11; Van't Spyker, 1990:273).

Van Genderen en Velema (1992:652) wys op die kwantitatiewe aspek, naamlik dat uitverkorenes van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader word. Hulle wys ook op die kwalitatiewe aspek (HK, So. 21), naamlik dat die kerk vergader word in die eenheid van ware geloof. Dit hou in dat die katelositeit (algemeenheid) ook die veelheid van tale en kulture insluit (Matt. 28:19; Gal. 3:28; Op. 5:9,10; 7:9). Die kerk is in veelheid en veelkleurigheid (Van't Spyker, 1990:274).

#### 2.4.4.1 Die eienskap algemeenheid en implikasie vir kerkvisitasie

'n Visitator moet

- wys dat die kerk katoliek (universeel) en 'n gawe van God is. Daar is egter ook 'n verskeidenheid en word deur afstand geskei. Hierdie skeiding is nie 'n beginsel nie, maar prakties. So is dit dat kerke in kerkverband met mekaar staan.

- wys dat die gawe uitgeleef moet word. Dit hou ook 'n opgawe in en dit moet gesoek en opgesoek word. Indien 'n kerk homself afskei van die kerkverband, moet daar duidelik navraag gedoen word na die saak. 'n Kerk moet homself voeg by die ware kerkverband. Dit is ook 'n etiese vraagstuk.

- vermaan indien die katolieke belewing 'n skeiding word (Kerkorde, art. 44) in plaas van 'n onderskeiding.

- let daarop dat skeiding kragtens die uitlewing kan plaasvind. Hierdie skeiding moet dan verantwoord word. Indien daar eenheid in diens, leer en tug is en daar nogsteeds 'n skeiding is, moet dit met die etiese sleutels ontsluit word.

### 2.4.5 Apostolisiteit

Volgens Heyns (1977:147; 1992:332) word die kerk slegs in die geloofsbelydenis van Nicea *apostolies* genoem. Dit verwys waarskynlik na die historiese band tussen die kerk en die apostels, dit wil sê dat dit ooreenstem met die leer van die apostels (Raymond, 1998:844; Van't Spyker, 1990:279).

Die begrip het egter ook 'n verdere betekenis, naamlik die opdrag wat die Here aan die apostels gegee het voor sy hemelvaart: *"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels…"* (Matt. 28:19). Verder het die Here Jesus aan die apostels gesê: *"Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees…"*(Hand. 1:8). As dit so verstaan word, dui die apostolisiteit van die kerk op sy gerigtheid en verantwoordelikheid om die evangelie in die wêreld uit te dra. Dit was die taak van die apostels

om die grense tussen waarheid en dwaalleer aan te toon (Gal. 1:6-9; 1 Joh 4:1-3). Die apostels moes die basis daar stel, maar ook die opbou van die kerk van die Here (Ef. 4:11,12). Die gemeente-opbou is deur andere na hulle dood voortgesit (Van Genderen *et al*, 1992:655).

God roep diensknegte om die gemeente/kerk op te bou. Hulle het ‘n besondere taak wat deur Venter (1976:37-8) beskou word as bediening van die versoening (2 Kor. 5:18). Hierdie bediening van die versoening kan deur elke Christen in die amp van die gelowige gedoen word (2 Kor. 5:11a), maar dit moet veral gedoen word deur die besondere ampte (2 Kor. 5:20a).

Die boek Handelinge toon aan hoe die taak uitgevoer is deur die gelowiges en die ampsdraers van die eerste Christelike kerk. Die kerk sal hierdie taak egter nooit in eie krag kan uitvoer nie, maar slegs as hy daartoe in staat gestel is deur die Heilige Gees (Hand. 1:8).

Die bediening van die versoening kan slegs plaasvind deur die bediening van Woord en sakramente. Dit moet suiwer wees. Die Woord moet sy loop neem onder leiding van die Gees. God is aan die stuur met die uitbreiding van sy kerk, maar die gelowiges moet in die verband gewillige instrumente in sy hand wees.

Visitatore moet egter daarmee rekening hou dat die kerk sy roeping in ‘n sondige wêreld moet vervul en telkens sal stuit op die teëwerking van Satan deur valse lerings en selfs openlike vyandskap (Matt. 24:11; Mark. 13:22; Op. 2:2; 1 Pet. 5:8; 2 Tim. 4:3,4). Dit mag die kerk egter nie verhinder om sy roeping te vervul nie, maar hom eerder aanspoor om dit met nog groter erns te doen. Dit sluit ook in die beoordeling van mense se optrede en standpunte (1 Joh. 4:1). Die kerk het immers van die Here die opdrag ontvang om sy roeping te vervul (Matt. 28:19; Hand. 1:8; 2 Tim. 4:2-4), maar ook die belofte dat Christus deur sy Gees die krag sal gee om die roeping te kan vervul (Matt. 28:20; Hand. 1:8).

Daar is ‘n verband tussen *apostolisiteit* en *apostolaat.* Die gevaar bestaan egter dat ‘n mens in die teologie van apostolaat kan verval. Tog moet die kerk uitreik na die wêreld, maar die klem moet op die apostolisiteit val (Van Genderen *et al*, 1992:657).

#### 2.4.5.1 Die eienskap apostolisiteit en implikasie vir kerkvisitasie

‘n Visitator moet

- aandag gee daaraan dat ‘n kerk die gemeente moet bewaar in diens, leer en tug, maar ook dat die kerk vermeerder moet word. Die apostolisiteit is die roeping van die kerk. Hierdie opgawe is van groot belang omdat Jesus Christus, die Hoof van die kerk, die opdrag gegee het in Matteus 28:18-20. Die kerk moet Bybels wees (Celliers, 1995:22).

- vermaan indien ‘n kerk die getuienis nalaat (Kerkorde, art. 44). Hierdie vermaning moet in liefde en geestelik wees.

- kyk of ‘n kerk reformerend is. Kerkvisitasie is juis daar vir kerkleiding en reformasie (Van Wyk, 1996:8).

- apostolisiteit teologies-eties bejeen (motief, doel, middel en gevolg).

### 2.5 Samevatting

Uit die voorafgaande het dit duidelik geword dat die kerk nie deur mense gestig is nie, maar van God afkomstig is. Die verskillende terme waarmee dit aangedui word, toon ook aan dat God dit nie net in aansyn geroep het nie, maar dit steeds onderhou en regeer deur sy Woord en Gees. Visitatore moet deeglik rekening hou met hierdie implikasie (2.2.3).

Die kenmerke van die kerk is die suiwer bediening van die Woord en sakramente en die suiwer toepassing van die tug. Met suiwer word by al drie die kenmerke bedoel dat dit ooreenkomstig die Woord van God moet wees. Visitatore moet rekening hou met die implikasie (2.3.5).

Die eienskappe van die kerk is eenheid, heiligheid, algemeenheid en apostolisiteit. Hierdie eienskappe moet in leer en lewe deur die lidmate van die kerk vertoon word. Visitatore moet rekening hou met die implikasies (2.4.2.1, 2.4.3.1, 2.4.4.1, 2.4.5.1).

Genoemde oorsprong, kenmerke en eienskappe van die kerk behoort by enige ware kerk aanwesig te wees. Met kerkvisitasie moet daar, deur besoek af te lê, gekyk word of ‘n kerk nog waarlik kerk is en of die kenmerke en eienskappe aanwesig is. Visitatore moet die kerke vermaan, vertroos en versterk om waarlik kerk van Christus te kan wees.

Buite die kerk is daar nie heil nie (Van’t Spyker, 1990:282) en visitatore behoort dit vir die kerke ook te sê. Daarom moet ‘n gelowige aansluit by die ware kerk (NGB, art. 28). Wie die kerk nie as moeder het nie, kan God ook nie as Vader hê nie (Van’t Spyker, 1990:282). Dit moet teologies-eties bejeen word deur te vermaan, vertroos en versterk en die etiese sleutels, nl. motief, doel, middel en gevolg moet gebruik word om dit te ontsluit.

### 2.6 Die Bybelse begrippe dienste en ampte

#### 2.6.1 Inleidend

Christus is die Koning en Hoof van sy kerk. Hy is die Regeerder wat alle mag in die hemel en op die aarde het (Matt. 28:18; Raymond, 1997:861) en Hy regeer deur sy Woord en Gees as Koning (Matt. 2:2; 27:11; Luk. 19:38; Mark. 15:2; Joh. 18:37) oor sy Koninkryk (Du Plooy,

1979:31). Jesus Christus as Koning regeer ook oor sy koninkryksburgers en op alle terreine (gebiede). Dit is die koninkryk waarvan Johannes die Doper gepreek het (Matt. 3:2) en Jesus Christus self gepreek het (Matt. 12:28; Mark. 9:13; Du Plooy, 1979:32). Hy is belowe in die Ou Testament en het gestalte gekry in die Nuwe Testament. As Koning het Hy gekom en sal weer kom (die-reeds-en-nog-nie). So regeer Jesus Christus oor sy burgers, nl. die kerk. Die kerk is die vrug van die koninkryk (Ridderbos, 1972:307). Die burgers van die koninkryk moet bely en buig voor die Koning van die kerk en dit is die gerealiseerde koninkryk wat regeer word deur Gees en Woord. Soos reeds gemeld in die vorige afdeling rondom die kenmerke en die eienskappe, is die kerk 'n eiesoortige gemeenskap (*sui generus)*.

Jesus Christus het na sy salwing as ewige Koning, enigste Hoëpriester en ewige Profeet begin om amptelik op te tree (Matt. 3:16; HK, So. 12). Dit is waar sy ampswerk begin het. In Hom trek die Ou Testamentiese ampte of dienste saam as Priester, Profeet en Koning (HK So. 12, vr. en antw. 31). Uit Hom kom die Nuwe Testamentiese ampte van Priester, Profeet en Koning (HK So. 12, vr. en antw. 32). In Christus is die belangrikste amp of diens die amp van geloof. 'n Gelowige word eers in die amp van geloof as gelowige geroep en daarna word 'n gelowige geroep in die diens van profeet (lerende ouderling), priester (diaken) en koning (regerende ouderling)(Raymond, 1997:888). Omdat die kerk 'n eiesoortige gemeenskap is, het dit ook 'n eiesoortige bestuurswyse deur middel van gawes en dienste (NGB, art. 30-2). Die gawes moet antwoord gee in 'n wêreld van nood. Die gevalle sondaar het met drie dimensies te doen, nl. skuld, sonde en lyding (Kleynhans, 1991:86). Aan die dienste moet aandag gegee word, nl. vermaning (koninklik), vertroosting en versterking (priesterlik en profeties).

### 2.6.2 Regering van die kerk deur middel van gawes en dienste

#### 2.6.2.1 Inleidend

Die twee woorde wat dui op gawes en diens in die kerk is die Griekse woorde *charismata* en *diakonia.* Jesus Christus, as opdraggewer (Matt. 28:18-20), gee die gawes en dienste om sy kerk op te bou en toe te rus (Ef. 4:12) om so op te groei in die Hoof, Christus (Ef. 4:15).

Visitatore moet bedag wees op Christus wat sy gawes en dienste gee vir sy kerk en die veelkleurigheid in gedagte hou. Daar is 'n ryke verskeidenheid van genadegawes (Rom. 12:4,5; Jonker, 1983:167) en dit moet funksioneel wees (Brown, 1995:336).

#### 2.6.2.2 Charismata/gawes

Die woord *charisma* is 'n tipiese Pauliniese woord (1 Kor. 12:14; Du Plooy, 1979:41). Dit word ook een maal deur Petrus gebruik (1 Pet. 4:10). Die woord se grondbetekenis is guns en genade. Dit word verniet gegee uit genade deur middel van die Heilige Gees (Brown, 1979:52;

Louw *et al,*1988:569). Dit het 'n goddelike oorsprong, 'n geskenk van God (verniet) aan 'n gelowige.

Volgens Venter (ongedat.:2) het *charisma* 'n pneumatiese basis vir die amp. Dit word deur die Heilige Gees gegee (1 Tim. 3:2; Tit. 1:7 *episkopoi*; 1 Tim. 3:17,19; Tit. 1:5 *presbuteroi*; 1 Tim. 3:8,12 *diakunoi*). Naas die Pneumatologiese het dit 'n Christologiese basis (Venter, ongedat.:9). Christus is Koning, Hoof en Herder wat sy lewe afgelê het vir sy eiendom en kragtens sy opstanding die dienste skenk aan sy kerk. Dit het ook 'n teologiese basis (Venter, ongedat.:5). So gee God 'n verskeidenheid van gawes kragtens sy soewereine gesag (Rom. 12:1-8). God se gawes aan sy gelowiges het dus die Drie-eenheid as basis.

*Charisma* en C*harismata* wat trinitaries gefundeerd is, word deur Du Plooy (1979:42) in drie kategorieë onderskei:

- Die *charismata* van verkondiging (apostels, profete, leraars en evangeliste).
- *Charismata* van hulpverlening (diakens en sekere vroue en weduwees).
- *Charismata* van leiding (ouderlinge, herders en voorgangers).

Jonker (1983:168) wys veral in Romeine 12:1-8 daarop dat al die genadegawes ingedeel kan word onder die besondere dienste van leraar (profeet), ouderling (koning) en diaken (priester).

Hierdie gawes word gegee aan die kerk soos dit God behaag (1 Kor. 12:7; 1 Pet. 4:10). Dit is 'n geskenk (Smit, 1983:114). *Charismata* is 'n ruim, inklusiewe begrip. In sy wydste sin is dit 'n roeping van God wat gegee word aan 'n gelowige tot diens in sy kerk. As lewende offer ontvang die gelowige die gawes (Rom. 12:1-8; Jonker, 1983:164). So word die roeping vervul waarin God die Gewer is en die krag deur sy Gees gee om dit te doen. As God roep, gee Hy die gawes en ook die geleenthede om dit reg uit te voer.

God handhaaf sy orde in sy kerk met *charisma* en C*harismata.* Paulus sluit juis die onderwerp af met 1 Korintiërs 14:40: *"God is 'n God van orde."* So wou Christus in sy kerk orde en eenheid skep (Coetzee, 1975:33-4; Du Plooy, 1979:43).

In die lig van C*harisma* en C*harismata* word verder gekyk na die diens of amp, nl. *diakonia.*

2.6.2.2.1 Die gawes *Charismata* se implikasie vir kerkvisitasie

'n Visitator moet

- rekening hou met die verskillende gawes wat die Here aan die kerk gegee het sodat dit met goeie orde gepaard kan gaan (1 Kor. 14:40). Hierdie gawes moet erken word.

- bedag wees dat, indien ‘n gelowige geroep word tot ‘n bepaalde diens, hy eerstens in die amp van die geloof staan. Indien hy in ‘n besondere amp staan, is die ampte gelyk (Kerkorde, art. 17).

- daarop let om by Skrif, belydenis en Kerkorde te onderhou ten opsigte van die gawes.

#### 2.6.2.3 Diakonia/diens

Die woord *diakonia* word veral met amp of diens vertaal. So word mense geroep om diens te verrig as apostels, evangeliste, profete, herders, leraars, diakens en ouderlinge (Ef. 4). Die diensaspek van ‘n amp word so beklemtoon. ‘n Ampsdraer is ‘n dienende dienskneg (Brown, 1988:667). Paulus was ‘n dienaar van die genade van God volgens die genadegawes wat hy ontvang het (Ef. 3:7). Timoteus was ook ‘n dienaar (Fil. 1:1; 1 Tes. 3:1; Spoelstra, 1989:28).

Die vervulling van ‘n diens in ‘n kerk is dat iemand in die diens of amp nie ‘n heerser is nie, maar ‘n liefdevolle dienskneg. Diakonia is nes charisma ook ‘n roeping en begeerte tot ‘n besondere diens (1 Tim. 3:1) en die wat in die amp is kry dan toerusting tot daardie diens (Du Plooy, 1979:45). Nooit mag die begrippe teen mekaar gestel word nie. Genadegawes en dienste is in lyn met mekaar. Jonker (1983:168) wys daarop dat die diensfunksies van die kerk ingedeel kan word in dié van leraar (lerende ouderling), ouderling (regerende ouderling) en diakens.

God gee hierdie dienste sodat die kerk opgebou kan word (1 Kor. 14:3-5,17,26). Dit mag nie aanleiding gee tot onordelikheid nie, want God is ‘n God van vrede en nie van wanorde nie. Die kerk moet opgebou (Du Plooy, 1979:48) en uitgebou word. So word die dienste gebind aan Christus deur sy Gees en deur die Kerkorde word ‘n kerk bewaar van wanorde. ‘n Gelowige moet hom reg gedra in die kerk. Ook diegene wat in die besondere ampte is, nl. ouderling en diaken, moet weet om hulleself te gedra. In die Kerkorde (art. 1-28) word die ampte en dienste juis behandel. Die kerk is immers die huisgesin van God (1 Tim. 3:15) en moet dit ook so uitleef. Vandaar is ‘n Kerkorde opgestel sodat alles reg en ordelik behoort te gebeur (Raymond, 1997:889).

2.6.2.3.1 Diens diakonia en die implikasie vir kerkvisitasie

‘n Visitator moet

- rekening hou met die amp/diens en die gawes en dat die een die ander een moet opvolg. Dienste moet uitgevoer word soos God in sy kerk mense roep om hul werk te doen.

- raaksien dat God se dienste/ampte in sy kerk daargestel is as instelling om die kerk te bestuur.
- besef dat hierdie bestuurswyse eiesoortig is en deur die Here gegee is om sy kerk op te bou en uit te bou sodat die kerk se bestuur reg en ordelik plaasvind. Dit word gedoen aan die hand van die drie dienste, nl. predikant, ouderling en diaken. Hierdie drie ampte is gelyk.
- daarop wys dat die ampte onmisbaar is vir die plaaslike kerk (Kleynhans, 1991:88).
- kyk dat die ampte funksioneel behoort te wees (Brown, 1995:136).
- toesien dat die ampte daar is om een te wees met Christus deur sy Gees. Hul behoort suiwer in leer en lewe te wees.

#### 2.6.2.4 Jesus Christus reël die drie dienste in die kerk

2.6.2.4.1 Inleidend

Daar is reeds gewys op Jesus Christus se salwing met die Heilige Gees as hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning (HK, So. 12; Smit, 1983:127). In Christus is die drievoudige amp verenig (Kleynhans, 1991:85). Die gelowige word gesalf met hierdie salwing, nl. om in die amp van die geloof te staan. ‘n Gelowige word geroep om in die amp van priester, profeet en koning te staan. Dit gryp terug na die dienste in die Ou Testament. Jesus Christus belowe dat Hy altyd met sy kerk sal wees en deur sy Gees die kerk sal lei in die volle waarheid en dat Hy altyd by sy kerk sal bly (Joh. 14:16-7; Joh. 16:13; Matt. 28:20). So word daar in die Nuwe Testamentiese kerk profete tot diens geroep as herders en leraars, tot die priesterdiens as diakens en die koningsdiens as regerende ouderlinge. Aanvanklik was al drie dienste in die apostels gesentreer. Met die verloop van die geskiedenis het die amp van diaken ontstaan (Hand. 6). Dit het geskied onder leiding van die Heilige Gees. So is daar ook ouderlinge en predikante aangestel (Tit. 1:5). Die drie ampte of dienste wortel in die drie ampte van Christus (Kleynhans, 1991:85) wat dan ook in die kerkregering betrokke is. Diakens hoort dus ook by die kerkraad (Van der Linde, 1965:101).

Die ampsdraers of dienste staan direk onder Christus, die Ampsdraer. Die opdrag is duidelik (Ef. 4:11-3). Daar moet opgegroei word in Christus (Ef. 4:15-6) om toegerus te wees deur middel van die Woord en dit geskied deur gebed (Heb. 13:21; 2 Kor. 13:19; Du Plooy, 1979:62). Die gemeente moet hulle ook laat toerus (2 Kor. 13:19) en so word die eenheid van die gemeente uitgebou.

In die belydenis word die ampte/dienste verder uitgebou (NGB, art. 30-32). Dit kry verder sy neerslag in die Dordtse Kerkorde om suiwer in leer en lewe te wees.

2.6.2.4.2 Predikantsamp as diens

Gawe: God, in Christus deur sy Gees, gee gawes vir sy kerk tot toerusting en opbou. So gee Hy die gawe as diens van herder en leraar wat geroep word as dienskneg van God (Ef. 4:11). Die predikant moet leer uit die Woord en ook herderlike versorging doen soos die Woord voorskryf (1 Tim. 5:17). Dit gryp terug na die profetiese amp in die Ou Testament. Die apostel Paulus vermaan vir Timotius dat hy nie die genadegawe in hom moet verwaarloos nie (1 Tim. 4:14), maar eerder moet aanvuur (2 Tim. 1:6). Die begrip amp hou verband met dié van ambag, met ander woorde om ‘n sekere werk te doen. Vandaar dat die woord amp in die Kerkorde dieselfde beteken as diens. Amp is dus gelyk aan diens (Van der Linde, 1983:97).

Opdrag en opgawe: Die predikant word geroep en sy roeping staan voorop (1 Tim. 1:18; 2:5-7; 2 Tim. 1:9-11; 2:1,2; Tit. 1:4,5; vgl. ook die Dordtse Kerkorde). Hierdie roeping is lewenslank (Kerkorde, art. 12) en is gesetel in die versoening van Jesus Christus. So is ‘n bedienaar van die Woord eers ‘n gelowige en dan ‘n dienaar (2 Tim. 1:5). Hierdie roeping is deur die versoening in God se ewige raad besluit. So word ‘n gelowige geroep as Woordbedienaar met alles wat die roeping behels (1 Tim. 6:11-21). Die predikant word geroep om die Woord te bedien, huisbesoek (en siekebesoek) te doen en katkisasie te gee. Hy moet vaardig wees in die hantering van die Woord sodat Hy dit suiwer kan bedien, hanteer, onderrig gee, vermaan en weerlê en hy moet sy eie huis goed kan regeer. Hy moet sakramente ook suiwer bedien. Hy moet sy eie huis goed kan regeer (1 Tim. 3:4; Tit. 1:6) om so ook sorg te dra vir Gods huis (1 Tim. 3:15).

So moet daar saam met die kerkraad ag gegee word op almal en die orde moet gehandhaaf word (Kerkorde, art. 16). Die predikant, getrou aan sy roeping, is geroep na binne, dit wil sê die gemeente, maar ook na buite (evangelisering)(Matt. 28:18-20).

Die predikant moet ag gee op homself en op Christus se kudde. ‘n Predikant moet met oorgawe die opgawe uitvoer. In die uitvoer waarin hy sy roeping vervul, moet die predikant altyd besef dat die gemeente die Here se eiendom is. Die predikant moet ook altyd besef dat hy hom sal moet verantwoord in die uitvoer van sy roeping aan Christus. Saam met die kerkraad moet die dienstaak uitgevoer word. Hierdie taak geskied kragtens die Kerkorde (Smit, 1983:114) en moet ook teologies-eties wees, nl. suiwer in leer en lewe.

Vereistes: Die predikant moet voldoen aan die vereistes van ‘n ouderling, soos dit uitgespel is in die pastorale briewe (1 Tim. 3:2-7; Tit. 1:6-9; Spoelstra, 1989:31). ‘n Predikant moet

onberispelik (nie losbandig nie) leef sodat niemand ‘n hand op hom kan lê nie, ‘n man van een vrou, fatsoenlik, nie aan drank verslaaf nie, nugter, regverdig en heilig, nie geldgierig, ‘n onwettige winsmaker (1 Tim. 3:3; Tit. 1:7) of verwaand nie (1 Tim. 3:6). Hy moet gasvry wees (1 Tim. 3:2; Tit. 1:8). Hy moet ook goeie getuienis van buite die kerk hê. Die orde in die kerk kan alleen reg uitgevoer word as die Skrif se vereistes nagekom word (Smit, 1983:114).

Die ampsdraer behoort uit dankbaarheid te lewe en hom, kragtens die verlossing, hou by die liefdeswet en die tien gebooie.

Samevattend kry ‘n predikant die gawes as geroepe dienskneg. Hy kry sy opdrag en daar is ‘n opgawe. Die predikant moet egter let daarop dat die Woord sekere vereistes stel. Die basis van ‘n predikant se roeping is trinitaries (*charisma en diakonia).* ‘n Predikant is ‘n lerende ouderling wat saam met die regerende ouderlinge moet sorg dat alles in die kerk ordelik verloop. Die gesag van die Woordbedienaar lê nie in sy persoon nie, maar in die Woord. Saam met die ander dienste het die predikant ‘n evangeliserende taak (Matt. 28:18-20). Voor die Woord moet gebuig word (Smit, 1983:117), by die belydenis moet gebly word en die Kerkorde moet uitgevoer word. ‘n Woordbedienaar moet suiwer wees in leer en lewe.

2.6.2.4.2.1 Die Predikantsamp/-diens en die implikasie vir kerkvisitasie

‘n Visitator moet

- ag gee op die dienste/ampte in die kerk (Kerkorde, art. 44). ‘n Ampsdraer moet let op sy geloofslewe, want hy is eers in die amp van die geloof. ‘n Predikant (profetiese amp) se geloofsverhouding met God moet vasstaan en sy gewete moet skoon wees. Daarna moet gelet word op die ampsgetrouheid sodat hy op die regte wyse as predikant beroep en bevestig word (Kerkorde, art. 2-10,12-7). ‘n Predikant is lewenslank geroep vir die amp waarvoor hy oook die nodige gawes moet hê en ook aan al die vereistes moet voldoen (1 Tim. 3:2-7; Tit. 1:6-9). ‘n Predikant is geroep tot herder en leraar (Ef. 4:11) en hy moet as lerende ouderling sy profetiese en herderlike taak met ywer en getrouheid beoefen. Dit beteken dat hy met ywer die Woord (deur die Gees) in gebed moet bestudeer en ook eervol en in liefde moet optree.

- kyk dat predikante en ouderlinge toesien dat kerkraadsvergaderings gereeld gehou word om so die regte bestuur uit te voer (Kerkorde, art. 29-32,34,37,38). So word toegesien dat die orde en kerklike dissipline gehandhaaf word (Kerkorde, art. 16,44). Tydens ‘n kerkraadsvergadering is die predikant om ampsonthalwe voorsitter van die kerkraad. Die predikant moet verslag doen aan die kerkraad oor die uitvoering van sy diens/amp.

- let op die uitvoering van die amp/diens van die predikant ten opsigte van prediking. Die lewensteks en Bybelteks moet mekaar ontmoet in 'n preek. Die preek moet dus aktueel en eenvoudig wees en die hele gemeente moet daardeur gestig word. Dit moet herderlike en lerende prediking wees (Kerkorde, art. 68) en dwaling moet uit die kerk geweer word (Kerkorde, art. 55).

- wys daarop dat die predikant die hoofkategeet is. Hy moet toesien dat die dooplidmate behoorlik kerklik gekatkiseer word. Dit bou op die huiskatkisasie (Deut. 6:6-9). Die verbond en verbondsbeloftes van die doop is ter sprake.

- kyk na die huisbesoek van die predikant (sodat herderlike prediking kan plaasvind), siekebesoek of watter probleem of vreugde ook al mag plaasvind.

- let op die verhouding predikant, kerkraad en gemeente en kyk of hul die nodige liefde en respek vir mekaar het (1 Tim. 5:17).

- vermaan en waarsku indien hy bevind dat daar ampsontrouheid en nalatigheid is (Eseg. 33 en 34).

- kyk na die welstand van die predikant en sy gesin. Indien 'n kerk emiritus of emiritiweduwee of -wese het, moet hy ook na hulle welstand navraag doen. Daar moet gelet word op die algemene geestestoestand asook die fisiese versorging (Deut. 25:4; Luk. 10:7; 1 Tim. 5:17-8; Kerkorde, art. 11,13,20).

- dus kyk of 'n predikant suiwer is in leer en lewe.

2.6.2.4.3 Ouderlingsamp as diens

Gawe: Die regerende ouderling se oorsprong is net soos dié van die lerende ouderling in die Drie-enige God (in sy roeping en versoening). Dit is 'n Godsinstelling (Du Plooy, 1979:53). Verskillende name word gegee (Du Plooy, 1979:53-8) vir 'n ouderling, nl. *presbuteros* (Hand. 20:17; Tit. 1:5), *episkopos* (Hand. 20:28; Tit. 1:7), *kubernéseis* (1 Kor. 12:28), *prohistamenos* (Rom. 12:8; 1 Tes. 5:12), *hégoumenoi* (Heb. 13:7), *epimelésetai* (1 Tim. 3:5), *proestótes* (1 Tim. 5:17) en *poimen* (Hand. 20:28). God, in Christus deur sy Gees, gee die gawe van ouderling vir sy kerk. 'n Ouderling word geroep om in die amp van ouderling te staan en te regeer. Dit gryp terug na die koningsamp in die Ou Testament. Hierdie amp is vervul in Christus en word voortgesit in die regerende ouderling se diens of amp. Dié gawes word in diens gestel in 'n plaaslike kerk, want Paulus het vir Titus beveel om van stad tot stad ouderlinge aan te stel (Tit. 1:5). Die ouderlinge moet die belangrikste gawe koester, nl. liefde naas geloof en hoop (1 Kor. 13).

Opdrag en opgawe :Die ouderling se roeping staan voorop. Die opdrag van Efesiërs 4:11-3 geld ook vir ouderlinge, nl. om heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus sodat almal een kan wees in die geloof. Anders as die predikantsamp, is die amp van ouderling nie lewenslank nie (Kerkorde, art. 27). Hierdie roeping is nes die lerende ouderling gesetel in die versoening van Christus. So is 'n ouderling eers 'n gelowige en dan 'n dienaar (2 Tim. 1:5). Dit is ook 'n roeping wat bepaal word vanuit God se ewige raad. 'n Ouderling word geroep kragtens die Woord om die koningsamp uit te voer. As regerende ouderling moet hy saam met die predikant as voorsitter van 'n kerkraad sy opdrag getrou en toegewyd uitvoer. Hy moet toesig hou oor die bedienaar van die Woord, sy mede-ouderlinge en diakens (Kerkorde, art. 23). Daar moet gekyk word dat die ampsdraers/dienste getrou hulle ampte uitvoer. Verder moet daar huisbesoek gedoen word tot stigting van die gemeente soos die omstandighede van tyd en plek dit toelaat (Hand. 20:28-32; Kruger *et al,*1966:147-9; Spoelstra, 1989:148-9; Van der Linde, 1983:99-100; Visser, 1999:103-5). So moet die lidmate vertroos, onderrig en opgewek word om die Christelike godsdiens uit te leef. 'n Ouderling moet sy eie huis egter goed kan regeer (1 Tim. 3:4; Tit. 1:6) om so ook sorg te dra vir Gods huis (1 Tim. 3:15). Die ouderlinge het ook 'n evangeliserende taak (Matt. 28:19; Van der Linde, 1983:100; Visser, 1999:106).

'n Regerende ouderling moet ag gee op homself en op Christus se kudde, want daarin beoefen hy sy opdrag en gee uitoefening daaraan. In die uitoefening van sy opdrag is die gesag nie gesetel in homself nie (1 Pet. 3:1-4). As dienaar van Christus het hulle alleen aanspraak op die erkenning, liefde en hoogste agting van die gemeente as hulle in die Here arbei (1 Tes. 5:12-3). Ouderlinge is herders van die kudde wat deur Christus se kosbare bloed verkry is (1 Pet. 1:19). Die opdrag word uitgevoer omdat die Heilige Gees hulle oor die kudde aangestel het. Ouderlinge moet as 'n span saamwerk om die eenheid van die geloof tot sy reg te laat kom. Hulle vorm immers 'n kerkraad saam met die bedienaar van die Woord. Hierdie kerkraad werk as 'n span (*kolledge*) wat gehoorsaam is aan Christus. Daar is nie plek vir 'n *Diotrefes* wat eerste wil wees nie (3 Joh. 9).

Met hierdie eenheid moet sorg en hulp verleen word aan die kerk (1 Pet. 5:4), want hulle is rentmeesters van God (Tit. 1:7). Aan Christus moet verantwoording gedoen word oor die uitvoer van hulle opdrag. Die Heilige Gees het hulle oor die kudde aangestel en bekwaam gemaak vir die werk (Hand. 20:28; Van der Linde, 1983:97; Dordtse Kerkorde, art. 23). So is die ouderling herderlik as opsiener werksaam (Van der Walt, 1976:74).

As ouderling het hy die opdrag om, deur te regeer en te versorg, ook die tug tot sy reg te laat kom (Hand. 20:28; Heb. 13:7; 1 Kor. 12:28; Rom. 12:8; 1 Tes. 5:12; 1 Tim. 3:5; 1 Tim. 5:17).

Die kerk moet die kerkraad se gesag en leiding aanvaar (Heb. 13:17) en dit erken (1 Tes. 5:12; Du Plooy, 1979:56). ‘n Ouderling moet dus suiwer wees in leer en lewe.

Vereistes: ‘n Ouderling moet voldoen aan die vereistes van ‘n ouderling. Dit is dieselfde vereistes wat gestel word aan ‘n predikant en word uitgespel in die pastorale briewe (1 Tim. 3:7; Tit. 1:6-9). ‘n Ouderling moet onberispelik leef sodat daar nie iets teen hom gesê kan word nie, getrou wees aan sy vrou, nie ‘n drankverslaafde wees nie, nugter, regverdig en heilig leef, nie geldgierig wees en woekerwins maak (1 Tim. 3:3; Tit. 1:7) of verwaand wees nie. Hy moet net soos die predikant gasvry wees (1 Tim. 3:2; Tit. 1:8). Buite die kerk moet hy ook bekend staan as die man van goeie getuienis.

Samevattend kry ‘n ouderling sy gawes as geroepe dienskneg van God. Hy kry ‘n opdrag wat hy dan ook moet uitvoer (opgawe). ‘n Ouderling moet let daarop dat die Woord sekere vereistes stel. Die basis van ‘n roeping van ‘n regerende ouderling is trinitaries (*charisma en diakonia*). Regerende ouderlinge vorm die kerkraad saam met ‘n predikant/predikante (meerdere bediening) en diakens. Die gesag lê nie in die persoon nie, maar in die Woord en in Christus. Daar is ook ‘n evangeliserende taak wat uitgevoer moet word saam met die ander dienste van die gemeente (Matt. 28:18-20). ‘n Ouderling moet suiwer wees in leer en lewe.

2.6.2.4.3.1 Die Ouderlingsamp/-diens en die implikasie vir kerkvisitasie

‘n Visitator moet

- ag gee op die regerende ouderlinge (koningsamp). Dit word onderskei van die lerende ouderling, nl. die predikant (1 Tim. 5:17).

- let op die geloofslewe van die regerende ouderlinge. Hulle moet met ‘n skoon gewete hul roeping vervul. Hulle is eers in die amp van die geloof en dan in die besondere amp van ouderling. Die verhouding met Christus moet uitgebou word en die Skrif moet ywerig ondersoek word. Daar moet gewys word dat ‘n regerende ouderling die nodige gawes moet hê en aan die nodige vereistes moet voldoen (1 Tim. 3:7; Tit. 1:6-9). ‘n Ouderling moet wettig geroep en verkies word (Kerkorde, art. 22). ‘n Regerende ouderling, anders as lerende ouderling, is nie lewenslank aan sy amp verbonde nie (Kerkorde, art. 27). Daar is ook nie ‘n hiërargiese struktuur waarin die een hoër is as die ander nie.

- toesien dat die predikant en die ouderlinge gereeld kerkraadsvergaderings hou en dat alles ordelik in die gemeente plaasvind (1 Kor. 14:40; Kerkorde, art. 16,23). Christus bly egter die Hoof van die kerk (Kerkorde, art. 29-32,34,37,38).

- vasstel of die regerende ouderling saam met die bedienaar van die Woord toesig hou (op die preekstoel, in die katkisasieklas of met huisbesoek). Ouderlinge moet toesien dat daar nie gedwaal word nie en dit moet polemies en apologeties besweer word (Kerkorde, art. 55). Die kerk moet opgebou en uitgebou word in die waarheid en in liefde.

- let op die uitvoering van die koninklike amp (opdrag en opgawe). Daar moet gereeld huisbesoek gedoen word om so te waak oor God se kerk. Daar moet ook toesig gehou word oor die sakramente, nl. nagmaal en doop (HK, So. 25-30; NGB, art. 33-5, Kerkorde, art. 56-64). Die sakramente mag nie verwaarloos word nie. Voor en na nagmaal moet huisbesoek gedoen word (Kerkorde, art. 23).

- toesien dat ouderlinge, ten opsigte van hulle diens- en ampswerk, verslag doen.

- let op die verhouding predikant en ouderlinge en navraag doen oor hulle verhouding met mekaar (1 Tim. 5:17).

- nie skroom om ampsontrouheid broederlik in liefde te vermaan nie (Eseg. 33, 34).

- toesien dat die regerende ouderlinge na die predikant se welsyn omsien of dit geestelik of fisies is (Deut. 25:4; Luk. 10:7; 1 Tim. 5:17-8; Kerkorde, art. 11,13,20).

- toesien dat ouderlinge suiwer is in leer en lewe.

2.6.2.4.4 Diakenamp as diens

Gawe: Die diakenamp, nes die ouderlingamp, se oorsprong is in die Drie-enige God. Die Heilige Gees gee gawes vir die diakenamp. Die Heilige Gees het die apostels gelei om die diakenamp in te stel (Hand. 6). As Handelinge 6:4 vergelyk word met Handelinge 2:42, blyk dit dat die diakens die gawes moet hê om die onderlinge verbondenheid en gemeenskaplike maaltye te voorsien. In die lig van die Ou Testament en Jesus Christus, is die diakenamp die priesterlike amp. In die lig daarvan moet 'n diaken priesterlike gawes hê.

In Handelinge 6:3 word juis die opdrag gegee om manne te soek met gawes. Daar staan geskrywe om manne te soek wat vol van die Heilige Gees is en wysheid het om hierdie taak uit te voer. Die sewe geroepenes (Hand. 6:5) het die gawes gehad, is geroep en het in die priesterlike amp gedien.

Opdrag en opgawe: Uit Handelinge 2:42 en Handelinge 6:4 is dit duidelik dat die opdrag onderlinge verbondenheid en gemeenskaplike maaltye sou wees. Die Dordtse Kerkorde, artikel 25 sê: "*Die eintlike amp van die diens is om liefdesgawes in geld en goedere wat aan armes gegee word, nougeset te versamel en dit met gesamentlike oorleg getrou en vlytig uit te deel*

*volgens die eis van die behoefte aan sowel die behoeftiges in die gemeente as aan ander; en verder om die wat in nood is te besoek en te vertroos en om goed toe te sien dat die gawes nie misbruik word nie."*

Die taak of opdrag van die diaken mag nie net verskraal word tot armversorging nie (Visser, 1999:108), alhoewel dit 'n groot deel uitmaak van hulle opdrag (Van der Linde, 1983:108). Die eintlike amp van die diaken is egter die gemeenskap van die geloof en daarom moet die gemeente se eenheid as uiters belangrik beskou word (Spoelstra, 1989:158). Die gemeenskap van die geloof mag nie disintegreer as gevolg van rykdom, armoede, siekte, ouderdom en eensaamheid nie. Die opdrag is ook nie net vir die gelowiges nie, maar ook diegene buite die geloof (Gal. 6:10). Daar moet huisbesoek gedoen word om toe te sien dat die gemeenskap van die geloof tot sy reg kom (Visser, 1999:113). Deel van die opdrag is om verslag te doen aan die kerkraad en ook as dit verwag word aan die gemeente (Spoelstra, 1989:156; Visser, 1999:113).

Die diakens moet as 'n span en afsonderlik hulle taak in vertroulikheid uitvoer. Hulle is daar om voor te gaan in die gemeenskap van die geloof en die eenheid van die gemeente. Die diakens moet almal besoek in die gemeente. Tydens hierdie huisbesoek moet daar gekyk word na armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte, of watter rede ookal die gelowiges uit die gemeente gesluit word (Psalmboek, 1992:644). Diakens moet alle middele wat onder hulle sorg geplaas word met verantwoordelikheid beheer en met wysheid uitdeel. Die priesterlike opdrag het dus 'n groot opgawe. Hierdie opgawe strek ook buite die gemeente. Daar moet ook daadwerklik na die nood buite die gemeente gekyk word (Spoelstra, 1989:159). 'n Diaken moet egter suiwer wees in leer en lewe.

Vereistes:1 Tim. 3:8-12: *"Net so moet die diakens ook manne van goeie karakter wees. Hulle moenie uit twee monde praat nie en nie aan drank verslaaf of op oneerlike winsbejag uit wees nie. Hulle moet in alle opregtheid aan die geopenbaarde waarheid van die geloof vashou. Vooraf moet ondersoek ingestel word na hulle geskiktheid, en as niemand beswaar teen hulle ingebring het nie, kan hulle as diakens dien. Net so moet vroue ook van goeie karakter wees, nie skinder nie, nugter en in alles betroubaar. 'n Diaken moet aan sy vrou getrou wees en sy kinders en sy eie huisgesin goed beheer. Die wat as diaken goed gedien het, verwerf vir hulleself 'n eervolle plek in die gemeente en groot vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus."*

Uit die voorafgaande aanhaling moet die vereistes van predikant en ouderling ook met diakens verreken word. Dit word afgelei uit 1 Timoteus 3:8 wat direk gekoppel word aan die vorige gedeelte wat handel oor die vereistes vir ouderlinge.

Samevattend kry ‘n diaken sy gawes as geroepe dienskneg van God. Hy kry ‘n opdrag wat hy moet uitvoer (opgawe). ‘n Diaken het net soos ‘n ouderling sekere vereistes. Die liefdesdiens is die basis van ‘n diaken se werk en sy roeping is trinitaries (charisma en diakonia). Diakens saam met die ouderlingekorps (predikant ingesluit) vorm die breë kerkraad. Die liefdesamp (diaken) se onderbou is in die Woord en Jesus Christus die Hoëpriester. Die liefdesamp is nie net vir die gemeente nie, maar ook vir diegene buite die gemeente. Doen goed aan alle mense, maar meer aan die huisgenote van die geloof (Gal. 6:10). ‘n Diaken moet suiwer wees in leer en lewe.

2.6.2.4.4.1 Die Diakenamp/-diens en die implikasie vir kerkvisitasie

‘n Visitator moet

- ag gee op die diakenamp/-diens. Dit is die priesterlike amp en word onderskei van die profetiese (predikant) en koninklike (regerende ouderling) ampte.
- wys op die korrekte verkiesing vir diakenskap (NGB art. 31; Kerkorde, art. 24). Met die verkiesing van ‘n diaken moet daar gelet word op die gawes en vereistes van ‘n diaken (1 Tim. 3:8-12).
- wys dat ‘n diaken eers in die amp van die geloof is en dan in die priesterlike amp. Die Woord moet ywerig ondersoek word en daar moet gelet word op die liefdesdiens (1 Kor. 13). In die uitvoering van ‘n diaken se amp, moet hy dit ywerig en volgens Gods Woord doen.
- let op die gemeenskap van die geloof in die kerk sodat dit bewaar en uitgebou kan word. Niemand mag veragter in die gemeenskap van die geloof nie. Daar moet goed gedoen word aan alle mense, maar veral aan die huisgenote van die geloof (Gal. 6:10).
- navraag doen of daar gereeld vergaderings gehou word (Kerkorde, art. 40). Oor hierdie vergaderings moet die predikant toesig hou en indien hy benodig word, moet hy teenwoordig wees.
- kyk dat die diakonieë aan diakonale sake binne en buite kerkverband aandag gee (Gal. 6:10; Kerkorde, art. 26).
- ook kyk dat daar gereeld verslag gedoen word aan die kerkraad en as dit moet, ook aan die gemeente (Kerkorde, art. 25).
- broederlik vermaan as diakens nalatig is in hulle liefdesdiens (Kerkorde, art. 44).

- wys dat al die ampte gelyk is (Kleynhans, 1991:86).
- kyk dat die diakens suiwer is in leer en lewe.

2.6.2.4.5 Die doel van die drie ampte/dienste

2.6.2.4.5.1 Inleidend

God in Christus deur sy Gees en Woord, hanteer die toerusting, opbou en eenheid van sy kerk. Gelowiges word deur Christus geroep as kerk en Hy gebruik die ampte/dienste om die kerk op te bou en uit te bou. In die roeping gee God die gawes en die opdragte. Die verhoogde Christus wat self die Koning en Hoof is, gee die riglyn, nl. Ef. 4:11-16. Hierdie riglyn is die doel vir die dienste (Du Plooy, 1979:58).

Volgens De Villiers (1980:4) word die doel van kerkvisitasie juis gegee in Efesiërs 4:11-13. Dit maak die doel van ampte/dienste van groot belang vir hierdie saak.

In Efesiërs 4:11-13 word gewys op die roeping van die ampsdraers met die doel om heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus tot ons almal kom tot die eenheid van die geloof. Die volgende drie sake, nl. toerusting, opbou en eenheid, gaan nou bespreek word (Du Plooy, 1979:60):

Toerusting (*katartismos)*: Die woord toerusting is afgelei van *katartitsein* (Barclay, 1981:149). Grosheide (1960:67) noem dit uitrusting. Die woord in dié vorm kom slegs hier in Efesiërs 4:12 voor (Brown, 1988:349; Foulkes, 1980:120; Roberts, 1983:117). Hierdie woord dui op orde, herstel, reël, toerus of uitrus (Brown, 1988:349). Dit kan verder daarop dui om geskik te wees, reg te wees, korrek te wees en om aan vereistes te voldoen (Du Plooy, 1979:60; Louw *et al,* 1988:680). Dit kan ook beteken om reg te maak (Matt. 4:21) en om iemand wat in sonde geval het, op te help (Gal. 6:1; Foulkes, 1980:120). So sê Roberts (1963:159) dat iemand of iets in staat gestel word om aan verwagtings te voldoen deur oefening of toerusting. Dit beteken ook om bekwaam te maak tot diens (Roberts, 1983:118). Die toerusting bring jou ook verder in verband met die roeping (Grosheide, 1960:67).

Christus roep en gee gawes vir sy ampte/dienste (*charismata/diakonia)* om die kerk toe te rus (Du Plooy, 1979:60). Dit vorm die objek en die subjek waarby almal in die gemeente betrokke is. Daar moet beantwoord word aan die kerk se behoefte aan toerusting om opgebou te word.

Diegene wat dit dan prakties in die kerk doen, is niemand anders as die geroepe diensknegte wat in die ampte en dienste staan nie. Die ampte/dienste is dus die kanale waardeur die

toerusting geskied (1 Kor. 12:27; Rom. 12:4-8; Van der Walt, 1976:62-3; Venter, 1988:16-7). Die amp van die geloof moet egter nie uitgesluit word nie.

Die middel waardeur die toerusting bepaal word, is die Woord (2 Tim. 3:16-7). Dit vorm die grens en die inhoud van die toerusting. Die verdere toerusting geskied deur gebed (Heb. 13:21; 12 Kor. 13:19; Du Plooy, 1979:62).

Hierdie toerusting, deur middel van Woord en gebed (2 Kor. 13:9; Louw *et al,*1988:680), is primêr 'n kerklike taak (Roberts, 1963:151). Die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid is die kerk en die kerkraad.

Kerkvisitasie is een instrument waarmee gekyk word of die dienste/ampte die nodige toerusting het en hoe dit uitgevoer word. Hierdie uitvoering waarmee die kerk toegerus word, mag nie hiërargies of independentisties wees nie, maar moet geskied volgens leer en lewe. Die toerusting moet in die Skrif gefundeer wees. Die dienste en ampte moet toegerus word en die visitatore moet met raad en daad help.

Opbou (*oikodomé)*: Die volgende doel is opbou (Spoelstra, 1973:20). Dit kom van die werkwoord *oikodomeo* wat dui op 'n proses van bou met 'n gebou as resultaat (Brown, 1979:251). Hierdie gebou, in dié geval, is 'n konstruksie van Christus se kerk (Louw *et al,*1988:514). Die begrip bou of opbou staan teenoor afbreek en vernietig (Brown, 1979:252).

Efesiërs 4:12 wys op die gawes wat gegee word tot opbou van die liggaam van Christus (Celliers, 1995:9). Die taak van opbou is vir al die dienste/ampte in die kerk, beginnende by die amp van die geloof en dan die besondere dienste. God gebruik geroepe mense om dit te doen (Calvyn, 1979:282). Dit is ook nie net 'n taak vir party, bv. die kerkraad nie, maar vir die hele gemeente (Du Plooy, 1979:63; Grosheide, 1960:67). Die gemeente het die mag en die roeping om homself op te bou (Smit, 1983:113). Almal werk saam in belang van die geheel (1 Kor. 12:7) omdat almal gebind is aan Christus. So is die kerk subjek en objek vir die opbou van die kerk (Roberts, 1963:162). Die gawes wat geskenk word, word aangewend in die opbouproses, daarom moet elke gelowige sy gawes met oorgawe en gewilliglik skenk in die opbouproses (HK So. 21, vr. en antw. 55). Hierdie proses is om van kind tot volwassene te groei sodat hul kan groei tot die volle grootte van Christus.

Die beeld van die gebou is ter agtergrond van die begrip opbou. Daar is 'n hoeksteen en 'n fondament waarop die gebou gebou word (Ef. 2:19; Hand. 4:7; Luk. 20:17; Matt. 21:42; 1 Pet. 2:6; Brown, 1979:253). Die gebou word voltooi as die sluitsteen ingevoeg word in die koepel. So is Jesus Christus die Fondament, Rots waarop die kerk staan (Hand. 9:31; Matt. 16:18) asook die Hoeksteen en die Sluitsteen. Jesus Christus is ook die Bouer van die kerk (Matt.

16:18). Elke lidmaat is dan ‘n lewende steen in die gebou (1 Pet. 2:5). Hierdie opbou is alreeds vanaf die begin van God se kerk. Dit is openbarings-histories gegrond vanaf die begin tot die einde. Jesus Christus het deur al die eeue sy medewerkers gebruik om sy kerk op te bou en uit te bou, soos byvoorbeeld Korinte (1 Kor. 3:9; 2 Kor. 5:1; Brown, 1979:252; Du Plooy, 1979:64-5). Die gemeenskap moet opgebou en uitgebou word (Ef. 4:29; 1 Kor. 14:12,17,26; Rom. 14:19, 15:2; 1 Tes. 5:11; Brown, 1979:253). Hierdie opbou van ‘n plaaslike kerk is nie al nie, maar gaan ook oor die universele kerk. Die hele gebou (Ef. 2:21) moet kom tot die volle grootte van Christus. ‘n Kerk is in sy opbouproses afhanklik van Christus en Hy is betrokke by die bouproses. Venter (1988:20-4) wys op die verskillende aspekte van die opbouproses. Hy gebruik Romeine 8 en wys op die liefdesdade (vers 9), gesinsliefde (vers 10), geestesywer (vers 11), hoop, verdrukking, gebed (vers 12), kos en klere (vers 13), verdraagsaamheid (vers 14), blydskap en trane (vers 15), nederigheid en eensgesindheid (vers 16), vrede (vers 17-9) en oorwinning oor die kwaad (vers 21 a en b). Die opbouproses gaan voort totdat die getal gelowiges vol word en almal wat tot geloof moet kom dan by Gods volk ingeskakel is. Dit het ‘n konsolidasie konnotasie asook ‘n missionêre konnotasie (Roberts, 1983:119).

Kerkvisitasie is een van die instrumente waarmee ‘n kerk gehelp word in die opbouproses (Kerkorde, art. 44). Die visitatore kom juis met die Woord as skietlood om te kyk of die mure regop staan, wat die gehalte daarvan is en of die gebou gegrondves is in Christus (Kol. 2:7). Hul kyk ook of die gemeente almal saamwerk in die opbou van die kerk deur middel die ampte en dienste (Ef. 2:20). Die visitatore moet dan op die manier toesien dat die gelowiges opgebou word in die allerheiligste geloof (Jud. :20; Louw *et al,*1988:678). God se kerk moet bewaar en vermeerder word. Visitatore moet daaroor navraag doen sodat ‘n kerk waarlik kerk na binne en buite kan wees. Visitatore behoort daarop te let dat kerkwees eties moet wees.

Eenheid (*henotéta)*: Die geloofseenheid is reeds ‘n feit (Ef. 4:5), maar dit moet ook uitgebou word. Dit sluit aan by die opbouproses in die voorafgaande (Greijdanus, 1962:93). Geloof is ‘n gawe en ‘n opgawe. Dit is ‘n opdrag dat hierdie geloof in die eenheid van die waarheid en die waarheid in liefde uitgebou moet word.

Die woord eenheid in Ef. 4:3,13 kom net hier voor. Dit is ‘n eenheid in Christus in wie ons verlos is van sonde (Hand. 4:12). Dit dui op eenheid of unie. Hierdie eenheid is ‘n eenheid in die waarheid in liefde. Die Heilige Gees bewerk dit en voer die opdrag van Christus uit om dit na te leef en na te streef. Hierdie doel moet bereik word. Hierdie eenheid is ‘n resultaat in die uitverkiesing en die verbond. Dit het ‘n reeds-nognie-karakter. Die dienste word ook hier gebruik om die doel uit te voer. Dit is ‘n eenheid op drie vlakke, nl. eenheid in die geloof (vertroue), kennis van Jesus Christus en volwassenheid in die volheid van Christus (Calvyn, 1979:283; Celliers, 1995:9; Foulkes, 1980:121-2). Grosheide (1960:67) sê dat geloof en kennis

saamhoort en dit moet tot wasdom kom. Dit moet beleef word (Greijdanus, 1967:93). Die geloof is dus 'n belewenis waarin die eenheid uitgebou word. So het die kerk 'n sigbare eenheid, asook 'n onsigbare eenheid (Van der Linde, 1965:117). Die eenheid is 'n eenheid in liefde, geloof en hoop.

Kerkvisitasie kan ook help om die eenheid uit te bou, 'n eenheid van vrede. Daarmee kan 'n bydrae gemaak word in die waarheid in liefde sodat dit deur die eenheid tot stigting vir die gemeente kan wees. Visitatore moet navraag doen oor die eenheid in geloof en kennis asook geestesvolwassenheid. Verder moet daar gekyk word na die eenheid van kerkverband (eenheid van diens, leer en tug/Skrif, belydenis en Kerkorde). Hierdie eenheid van kerkverband moet gehandhaaf word (Celliers, 1995:9). Indien die eenheid nie uitgebou word nie, moet dit vermaan word in liefde. Indien dit opgebou word, moet dit vertroos word in geloof en indien dit uitgebou word, moet dit met hoop versterk word.

Samevattend is dit dan van uiterste belang dat die doel van die ampte en dienste in lyn is met die doel van kerkvisitasie en moet dit aandag kry tydens kerkvisitasie, nl. Efesiërs 4:11-13 (De Villiers, 1980:4).

#### 2.6.2.5 Kerkvisitasie: Die Kerkraad

Jesus Christus is die Hoof van sy kerk (Van der Walt, 1976:38). Hy regeer deur Woord en Gees. Hierdie regeertaak kan net uitgeoefen word as daar rekening gehou word met die eenheid van die liggaam van Christus en sy koningskap (Van der Linde, 1965:132). Vir die uitvoering van die regering van sy kerk gebruik Hy ampte of dienste.

Die regeermag wat gegee word, is nie aan die persoon van die ampsdraer nie, maar wel aan die Woord wat hulle bedien (Van der Linde, 1965:94).

So word in die Skrif gewys op die groep ouderlinge wat in `n gemeente is en funksioneer (Hand. 14:23; Fil. 1:1). Maré (1991:156), op die voetspoor van Calvyn (1559:2:IV,II,I), kom tot die slotsom dat elke kerk `n eie kerkraad gehad het. Hierdie raad het bestaan uit die lerende ouderling en die regerende ouderlinge (Hand. 15:2, 20:17, 21:18). Die ouderlinge het saam 'n kolledge (kerkraad) gevorm (Van der Linde, 1965:95). Dit het onder andere ook aan die tug aandag gegee.(Hand. 20:28; 1 Pet. 5:1-3; 1 Tes. 5:12-3; 1Tim. 5:17; Tit. 1:9-11). Die Kerkorde (art. 75-77,79) wys op die kerkraad se betrokkenheid by tug.

So word die kerkraad gevorm kragtens die Skrif, belydenis (NGB, art. 30) en die Kerkorde (art. 37). Die kerkraad kom bymekaar in vergaderings om die wel en weë van die kerk te bespreek. Die predikant is die voorsitter kragtens sy amp (Van der Linde, 1965:97). In hierdie

vergaderings word kerklike sake op kerklike wyse behandel (Kerkorde, art. 30) waar vaste en bindende besluite geneem word (Kerkorde, art. 31).

In die algemene kerklike praktyk is daar ‘n ouderlingevergadering asook ‘n breë kerkraadsvergadering (ouderlinge en diakens)(Van der Linde, 1965:101).

2.6.2.5.1 Die kerkraad en die implikasie vir kerkvisitasie

‘n Visitator moet

- daarop let of daar orde gehandhaaf word tydens kerkraadsvergadering en of daar gereeld kerkraadsvergaderings gehou word volgens ‘n bepaalde agenda. Daar moet gelet word op die doel van die ampte, nl. toerusting, opbou en eenheid (Ef. 4:11- 3).

- seker maak dat die predikant die voorsitter van die vergadering is om ampsonthalwe (die diakenvergadering word gelei deur die diakonie se voorsitter).

- kyk of die skriba die notule noukeurig hou.

- daarop let of ouderlingvergaderings gereeld gehou word en of daar verslag gedoen word van elke lidmaat. In gevalle van tug moet noukeurig notule gehou word, veral as daar oorgegaan word tot die tweede stap van sensuur (Kerkorde, art. 77).

- die kerkraad te alle tye maan om teologies-eties op te tree met die regte motief, doel, middel en gevolg.

**2.6.2.6 Kerkvisitasie: klassikale vergadering**

2.6.2.6.1 Inleidend

Kerke vaardig ouderlinge af na die klassikale vergadering. Hulle meld aan by die klassisvergadering met ‘n kredensiebrief (geloofsbrief). So word ‘n klassisvergadering byeengeroep as ‘n eerste meerdere vergadering.

Kerkvisitasie se opdrag word gereël deur die Kerkorde en die visitatore word aangewys by die klassikale vergadering.

2.6.2.6.2 Klassikale vergadering

Kerke staan in kerkverband met mekaar, is interafhanklik van mekaar (Du Plooy, 1979:74) en het mekaar nodig. Daar is ‘n eenheid, maar ook ‘n verskeidenheid. In die eenheid is Christus

die samebindende faktor en dit bring ‘n organisatoriese eenheid. Hy beweeg tussen sy kerke (Op. 1-3).

Die begrip *ekklesia* dui soms op ‘n bepaalde kerk of op die universele kerk. So is die plaaslike kerk die universele kerk op daardie plek (Du Plooy, 1979:75). Plaaslike kerk is ‘n liggaam van Christus, maar nie dié liggaam nie. Die dienste, soos reeds beskryf (predikant, ouderling en diaken), is geroep in ‘n plaaslike kerk en is aan ‘n plaaslike kerk gebind. Hulle gawes mag en moet ook aangewend word vir kerke in die kerkverband (eenheid en interafhanklikheid)(HK So. 21, vr. en antw. 25; Du Plooy, 1979:76). Hierdie eenheid is skriftuurlik begrond.

Kerke moet in kerkverband by mekaar kom. Die eenheid van kerkverband is in Christus (die waarheid) soos die Woord, belydenis en Kerkorde dit bevat. Kerke is een in diens, leer en tug, is geroep om sorg te dra (1 Kor. 12:25), om laste te dra (Gal. 6:2) en om op mekaar ag te gee. So moet God se verbondsliefde en Christus bedien word in die lig van die liefdeswet en die tien gebooie (Brown, 1995:337). Die kerke is diensbaar tydens ‘n opgeroepte meerdere vergadering (Hand. 15 is ‘n voorbeeld)(Du Plooy, 1979:83 en verder). Die Skrif wys op hierdie organisasie van die kerkverband (Hand. 15; Van der Linde, 1965:133). Dis ‘n praktiese en sigbare eenheid.

In Handelinge 15:1-35 is ‘n meerdere vergadering saamgeroep met ‘n gemeenskaplike agenda. Hierdie kerkleiers het hierdie saak, nl. of al die heidene besny moet word of nie, ter tafel geneem (Hand. 15:1 en 2; Gal. 2:2-5). Daar is toe ‘n konventbesluit geneem en ‘n brief gestuur na al die kerke (Celliers, 1995:11). Dit was ‘n vergadering ter wille van die eenheid (Spoelstra, 1989:171) en so is die eenheid beleef in kerkverband.

Die woorde meerdere vergadering is ‘n begrip wat in die Kerkorde van die GKSA voorkom en wat rus op die Dordtse Kerkorde 1618/1619. Dit is nie ‘n hoër vergadering nie, maar ‘n meerdere vergadering (Du Plooy, 1979:103; Smit, 1983:128). Kerke het mekaar nodig om voort te bestaan. So help hulle mekaar in die bestuur van Christus se kerk. Die meerdere vergaderings word gereël in artikel 29-52 van die Dordtse Kerkorde (Smit, 1983:127).

Du Plooy (1979:106) wys op die grondbeginsels van ‘n meerdere vergadering:

- Taak en roeping van ‘n meerdere vergadering is om diens te lewer aan Jesus Christus.
- Afgevaardigdes bly verbonde aan hulle plaaslike kerke.
- Jesus Christus bly die Alleenheerser.
- Elke gemeente bly selfstandig. Dit is nie ’n struktuur oor die kerke nie.

Die klassikale vergaderings is die eerste meerdere vergadering van kerke wat by die grondbeginsels van ‘n meerdere vergadering moet bly. Kerke in dieselfde ressort van die klassis word saamgeroep en opgeroep na ‘n klassikale vergadering. ‘n Klassikale vergadering is saamgestel uit kerkrade in die ressort van die klassis (Van der Linde, 1965:141 en verder). Tydens die vergadering word kerklike sake op kerklike wyse behandel (KO, art. 30). As die klassikale vergadering verdaag, hou die klassisvergadering op. Artikel 44 Kerkorde reël tydens die klassikale vergadering kerkvisitasie: “*Om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou...”.* Met hierdie reëling word visitatore deur die klassisvergadering aangewys en hulle opdrag kom uit artikel 44 Kerkorde.

Die dryfveer van kerkvistasie is dat die eerste Christene besorg oor mekaar was. So het Paulus hom bekommer oor die geestelike toestand wat deur hom gestig is (Celliers, 1995:12; De Villiers, 1983:34). Paulus se bekommernis is opgevolg met gesagvolle briewe om kerke te help deur te vermaan, te vertroos en te versterk. Kerkvisitasie is ‘n uitvloeisel daarvan.

Artikel 44 Kerkorde sny independentistiese benadering (dit wil sê kerke wat onafhanklik optree sonder om by die akkoord te hou vir die Kerkorde) en genootskaplike kerkbegrip uit (Du Plooy, 1979:132). Met kerkvisitasie word kerke voor God gebring met hulle gewetens (kerke in hierdie lewe bly strydend en kan nooit triomferend wees nie). Met die opdrag van visitatore is die kernvraag of die plaaslike kerk nog sy roeping uitleef, die kenmerke van die ware kerk dra (Du Plooy, 1979:133) en of die eienskappe nagestreef word. In kort, of die kerk een is in diens, leer en tug en of die kerk hom nie stel buite kerkverband nie. Du Plooy, (1979:133) stel dit reg as hy vra of ‘n kerk nog in die volle sin kerk van Christus is en of die dienste/ampte in die kerk reg funksioneer in die amp van die geloof. Die Kerkorde artikel 44 stel dit duidelik dat visitatore moet vasstel of ampsdraers hulle ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die Kerkorde in alles onderhou, die stigting van die gemeente en die onderwys van die jeug behoorlik bevorder word. Indien daar nalatigheid is, moet hulle betyds vermaan word in liefde. Verder moet visitatore die kerk ondersteun met raad en daad sodat vrede bevorder word, die gemeente opgebou word in die allerheiligste geloof en die belange van die kerk uitgebou word met hoop. Aan die klassisvergadering moet daar dan gerapporteer word wat die bevindings van die visitatore was.

Dit is van belang om te kyk na die Kerkordeverklarings van Kerkorde artikel 44 en hoe dit toegepas word in die praktyk van die GKSA se kerklike lewe.

2.6.2.6.2.1 Die klassisvergadering en die implikasie vir kerkvisitasie

‘n Visitator moet

- besef dat God ons as gelowiges verantwoordelik maak ten opsigte van mekaar. Dit geld ook vir die kerke in kerkverband. In die kerkverband vorm gemeentes ’n eenheid in Christus kragtens Woord, belydenis en Kerkorde, wat moet oorgaan in ‘n Christelike lewensstyl.
- weet dat die opdrag om visitator te wees in die eerste plek van God af kom, deur Kerkorde artikel 44 gereël word en dat die klassisvergadering visitatore aanwys.
- verslag doen aan die klassisvergadering oor die kerkvisitasie gehou by ‘n plaaslike kerk ter wille van die welwese van die kerk van die Here.

**2.6.2.7 Kerkordeverklarings van artikel 44**

2.6.2.7.1 Inleidend

Hierdie studie hou hom besig met kerkvisitasie in die GKSA. Vandaar dat daar net gekyk word na verklarings van artikel 44 Kerkorde wat gepubliseer is (Kruger *et al,* 1966:269-277; Spoelstra, 1989:257-263; Van der Linde, 1983:162-4; Visser, 1999:192-9).

As Artikel 44 van die Dordtse Kerkorde reg hanteer word, kan die heilsame uitwerking van onskatbare waarde vir die kerke wees. Maar as dit verkeerd toegepas word, en besluite daardeur afgedwing word, kan dit verwoestend in die kerk werk (Van der Linde, 1983:164). Visitatore moet altyd rekening hou met die feit dat kerke selfstandig is.

Die Kerkorde van die GKSA op voetspoort van die Dordtse Kerkorde 1618/1619 is ‘n eenheid wat ook teen die agtergrond van daardie eenheid verklaar moet word. Daarom is daar verwante artikels, nl. artikel 41 en 49. Dit veronderstel ‘n kerkbegrip soos uiteengesit in die voorafgaande.

2.6.2.7.2 Kerkorde artikel 44 geskei van artikels 41 en 49

2.6.2.7.2.1 Artikel 44 word geskei van artikel 41

Die aandrang om artikel 44 in werking te stel, is telkens in die sinodes van die GKSA gevra (1927, 1930, 1939, 1945, 1955). Daar is egter na aanleiding van 1873 se sinode voorkeur gegee vir gemeenteverslae. Artikels 41 en 44 is vermeng. Artikel 41 handel oor die byeenroeping van ‘n klassikale vergadering. Tydens die klassikale vergadering word gesê in

artikel 41: "*Die praeses moet onder andere vra of die kerke kerkraadsvergaderings hou, of die kerklike tug uitgeoefen word, of die armes in die skole versorg word en of daar iets is waarin 'n kerk die oordeel en die hulp van die klassis vir sy regte bestuur nodig het…"* Artikel 41 handel dus oor onderlinge toesig in die algemeen en artikel 44 oor kerkvisitasie deur visitatore (Kruger *et al,* 1966:270).

Daar is 'n verskil tussen artikels 41 en 44. Dit is duidelik dat artikel 41 onderlinge bystand reël. Met artikel 41 word advies tussen kerke op klassikale verband gegee oor enige saak waaroor 'n plaaslike kerk advies soek wat nie in terme van artikel 30 plaaslik afgehandel kan word nie. Artikel 44 reël kerkvisitasie oor kerklike sake in die plaaslike kerk.

Volgens Kruger *et al* (1966:271) is die prosedure verskillend tussen artikels 41 en 44. Hulle reken dat artikel 41 in besonder handel oor die instituut (regering en organisasie) terwyl die klem in artikel 44 val op kerklike kerkvisitasie om spesifiek te kyk na sekere sake in die plaaslike kerk. Hierdie onderskeid tussen instituut (artikel 41) en die lewe en die werk van die kerk onder leiding van die ampte (artikel 44) is egter kunsmatig en sonder begronding. Artikel 41 en 44 staan nie teenoor mekaar nie, maar is aanvullend tot mekaar.

Die Kerkorde met artikel 41 funksioneer net in 'n klassikale vergadering terwyl 'n klassikale vergadering visitatore stuur om kerkvisitasie by die plaaslike gemeente te doen. Artikels 41 en 44 staan nie teenoor mekaar nie, maar is aanvullend tot mekaar.

Weens afstande en omstandighede is verkies om artikel 41 aanvanklik eerder te hanteer in plaas van artikel 44. Tydens Sinode 1955 (Acta, 1955:182-6; Kruger *et al*, 1966:271) is artikels 41 en 44 geskei.

2.6.2.7.2.2 Artikel 44 word geskei van artikel 49

Artikel 44 moet geskei word van artikel 49. In artikel 49 word deputate met 'n welomskrewe opdrag van die meerdere vergadering benoem.

Visitatore is nie deputate van die klassisvergadering soos bepaal deur artikel 49 nie en ontvang nie 'n welomskrewe opdrag van die klassisvergadering nie. Hulle gee dus nie verslag van hulle werksaamhede nie, maar rapporteer slegs aan 'n klassisvergadering dat hulle die opdrag kragtens artikel 44 uitgevoer het en nie hoe hulle die opdrag uitgevoer het nie. Die een wat oordeel of die taak reg uitgevoer is, is Jesus Christus die Visitator.

Spoelstra (1989:257) reken tereg dat visitatore nie namens of as deputate namens die klassisvergadering optree nie. Indien visitatore deputate is, kan dit lei tot 'n hiërargiese optrede

en verkeerde toepassing van artikel 44. Die kerkraad is nie ondergeskik aan die klassisvergadering nie (Spoelstra, 1989:258). Kerke staan selfstandig naas mekaar.

Visser (1999:193) verskil van Spoelstra. Volgens Visser is visitatore niks anders as deputate met 'n breë opdrag nie. Artikel 44 gee die breë hooflynopdrag om te kyk na diens, leer en tug. Daar is egter 'n verskil, want in artikel 49 word die opdrag gegee deur die meerdere (klassikale) vergadering terwyl artikel 44 die opdrag uit die Kerkorde gee. Visitatore het 'n vasgestelde opdrag volgens die onderlinge ooreenkoms van die kerke soos dit in die Kerkorde neerslag gevind het. Dit staan egter die klassisvergadering vry om nog verdere opdragte te gee met kerkvisitasie.

Artikel 44 en 49 staan nie teenoor mekaar nie, maar aanvullend tot mekaar (Visser, 1999:193). Met artikel 49 staan 'n gedeputeerde bekend as 'n deputaat, wat 'n welomskrewe opdrag deur 'n meerdere vergadering ontvang, terwyl artikel 44 met kerkvisitasie te doen het. Hy wat visitasie doen, staan bekend as 'n visitator.

'n Visitator is nie 'n deputaat in terme van artikel 49 nie. Die klassisvergadering doen nie kerkvisitasie nie. Die Kerkorde gee die opdrag dat daar kerkvisitasie gedoen moet word. Die klassisvergadering reël en koōrdineer kerkvisitasie omdat kerke mekaar bystaan en onderling help. Die plaaslike kerk bly egter selfstandig.

2.6.2.7.2.3 Artikel 44 in onderskeid van artikels 41 en 81

Artikel 41 en artikel 81 van die Dordtse Kerkorde het egter ook 'n verband met mekaar. Artikel 41 pas onderlinge toesig klassikaal toe terwyl artikel 81 die onderlinge toesig in die kerkraad toepas (Kruger *et al,* 1966:271; Spoelstra, 1989:253-62). Die ooreenkoms tussen artikels 41, 44 en 81 is dat al drie hierdie artikels voorkomend wil werk.

2.6.2.7.3 Wie doen kerkvisitasie?

Kerkorde artikel 44 vereis: "*Die klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikte bedienaars van die Woord as visitatore benoem om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou, …*"

Die benoeming van 'n visitator kom die klassisvergadering toe (Jansen, 1952:198; Spoelstra, 1989:260; Van Dellen *et al*, 1954:195; Van der Linde, 1983:164). Visitatore moet sorgvuldig gekies word (Spoelstra, 1989:260) omdat visitatore in diens staan van Jesus Christus, die Visitator (Op. 1-3).

Visitatore moet manne van goeie getuienis wees. Hulle moet minstens twee wees (Jansen, 1952:199) sodat hulle mekaar kan bystaan en hulle getuienis vasstaan (Deut. 19:15; Matt.

18:16; 1 Tim. 5:9). Dit kan ook meer visitatore wees tydens ‘n kerkvisitasie (Van Dellen *et al*, 1954:195). Dit is raadsaam om met ‘n buitengewone kerkvisitasie meer as twee visitatore te stuur na die kerk toe waar daar buitengewone kerkvisitasie aangevra is (Visser, 1999:194).

Die visitatore moet ervare, wys en geskik wees (Van Dellen *et al,* 1954:196; Van der Linde, 1983:163). Die klem val op gawes van insig, temperament, takt, diensjare en ervaring. So ‘n visitator moet ‘n uitnemende dienaar van Jesus Christus wees in diens van Hom, dié Visitator (1 Tes. 5:12-3; 1 Tim. 5:17; Heb. 13:7; 1 Pet. 5:3,5; Spoelstra, 1989:260). Indien ‘n jong predikant aangewys word as visitator, moet daar tog gekyk word na rypheid, oordeel en takt (Kruger *et al,* 1966:272; Van Dellen *et al,* 1954:196). Sy jeug mag nie geminag word nie. Aan die ander kant moet ‘n jong visitator beskeie optree (Spoelstra, 1989:260). Hy moet minder word en Christus meer. Dit geld in elk geval vir alle visitatore.

Die antwoord op die vraag hoekom dit predikante moet wees, is dat visitatore nie regerende bevoegdheid het nie. ‘n Regerende ouderling staan in die koningsamp terwyl ‘n predikant in die profetiese amp staan. Daarom wys Kerkorde artikel 44 op predikante en nie op ouderlinge nie. Indien daar ‘n regerende ouderling by sou gewees het, sou dit gedui het op ‘n saamgetrokke klassisvergadering (*classis contracta*) wat kerkvisitasie nie is nie. Die regerende mag word nie aan kerkvisitasie verleen nie (Kruger *et al,* 1966:272). Die leeramp voldoen aan die vereistes om as visitator aangewys te word (Jansen, 1952:198; Spoelstra, 1989:260; Van der Linde, 1983:163). Visser (1999:194) meen dat dit nie prinsipieel verkeerd is om ‘n regerende ouderling saam te stuur as visitator nie (Van Dellen *et al,* 1954:195). Visser kyk egter die punt mis dat dit juis gaan oor die leeramp en nie oor die regeeramp nie. Spoelstra (1989:260) gee toe, met hoë uitsondering, dat net enkele ouderlinge sal kwalifiseer as visitatore. Hy gee toe dat dit om gewigtige redes gedoen kan word deur ouderlinge slegs in uitsonderlike situasies. Dit is egter die uitsondering op die reël wat die reël bevestig, nl. dat predikante benoem word as visitatore (Jansen, 1952:198; Kruger *et al,* 1966:272; Van der Linde, 1983:163; Visser, 1999:193).

Met kerkvisitasie moet gelet word op die feit dat kontinuïteit belangrik is vir die plaaslike gemeente waar kerkvisitasie gedoen word. As daar weer kerkvisitasie gedoen word, kan die vorige visitatore weer benoem word (Van Dellen *et al,* 1954:196).

2.6.2.7.4 Die frekwensie van kerkvisitasie

Die frekwensie of tyd van kerkvisitasie is dat dit gereeld moet gebeur (Kerkorde, art. 44; Kruger *et al,* 1966:273; Visser, 1999:194). Kerkvisitasie kan in een jaar-, twee jaar- of drie jaarsiklusse geroteer word na gelang omstandighede. Elke klassikale vergadering reël sy eie frekwensie van kerkvisitasie.

Buitengewone kerkvisitasie is nie onderhewig aan 'n frekwensie nie, en word *ad hoc* bepaal. Dit geskied wanneer dit nodig is (Jansen, 1952:200; Kruger *et al,* 1966:273). Dit is in situasies waar daar wanbestuur, verdeeldheid of 'n dreigende skeuring in 'n kerk ondervind word. Hierdie buitengewone aanvraag vir kerkvisitasie kan deur visitatore, klassisvergadering, kerkraad, ampsdraers, naburige kerkrade of groeplidmate aangevra word (Visser, 1999:194). Die probleem is dat, indien die kerkraad en gemeente omseil word, dit die selfstandigheid van kerk en kerkraad misken. Dit is dus belangrik dat 'n kerkraad meegeneem word in 'n besluit van buitengewone kerkvisitasie. Indien 'n kerkraad weier dat buitengewone kerkvisitasie gedoen word, is die weg oop om met 'n beswaarskrif die saak te laat dien op die tafel van die klassisvergadering.

2.6.2.7.5 By wie moet besoek gedoen word?

Alle kerke in die ressort van die klassikale vergadering moet kerklike kerkvisitasie ontvang. Die uitsluiting van 'n gemeente kom neer op liefdeloosheid en nie die beoefening van die gemeenskap van die geloof nie. Alle kerke in kerkverband is aan mekaar verbind met die band van Christus. Christus is die enigste Hoof van die kerk. Hy is die Groot Visitator (Op. 1-3).

2.6.2.7.6 Wie is die voorsitter van kerkvisitasie?

Die voorsitter van die plaaslike kerk, nl. die predikant, is die voorsitter van die kerkvisitasie (Van Dellen *et al,* 1954:197). Indien dit meerdere bediening is in 'n plaaslike gemeente, bepaal die kerkraad wie die voorsitter is. Dit is hoe die presbiteriale kerkregeringstelsel dit doen. Indien die episkopaalse kerkregeringstelsel gevolg word, sou die sameroeper van die kerkvisitasie die voorsitter gewees het van die kerkvisitasie (Van Dellen *et al,* 1954:197). Dit mag nie. Die kerk bly selfstandig en die voorsitter van die kerkraad bly die voorsitter.

2.6.2.7.7 Die inhoud van kerkvisitasie

Visitatore moet vasstel of 'n kerk nog waarlik kerk is van Jesus Christus. Die visitatore doen navraag na die belydenis van die kerk (NGB, art. 27-32; HK So. 21, vr. en antw. 54,55). Daar moet voorkomend gehandel word om te kyk of kerke nie dwaal nie sonder om hiërargies (Van Dellen *et al,* 1954:193) aan die een kant, of independentisties aan die ander kant te wees. Hulle moet kyk na die leer en lewe van die gemeente en/of die kenmerke en die wesenseienskappe aanwesig is. Visser (1999:196), in lyn met Kerkorde artikel 44, wys op drie sake, nl. ampsgetrouheid, voorkomend (betyds broederlik te vermaan) en om met raad en daad te help (tot vrede op te bou en belange uit te bou)(Van Dellen *et al,* 1954:193). In die kerkvisitasie moet die regte diagnose gemaak word en raad gegee word (Kruger *et al,* 1966:273).

Daar moet gekyk word of ampsdraers hulle werk getrou doen en of hulle hulle opdragte uitvoer (Jansen, 1952:201; Kruger *et al,* 1966:274). Kerke kan nie opgebou word as die ampte nie opreg en toegewyd is nie (Van Dellen *et al,* 1954:194). Die besondere ampte van predikant (profetiese amp), ouderling (koningsamp) en diaken (priesteramp) moet dus nagegaan word. In die algemeen moet daar gekyk word na leersuiwerheid (Kruger *et al,* 1966:274) en hoe dit neerslag vind in prediking, katkisasie en huisbesoek. Dit kan gevaarlik wees as ‘n valse leer verkondig word, want so word kerke vernietig, mense mislei en God oneer aangedoen (Van Dellen *et al,* 1954:194). Daarom moet die waarheid in liefde betrag word (Ef. 4:15). So gee die Here getroue, geroepe ampsdraers om die gemeente op te bou in die allerheiligste geloof (Van Dellen *et al,* 1954:195).

Die volgende wat moet aandag kry, is die Kerkorde. Daar moet gekyk word of die Kerkorde in alles nagekom word (Jansen, 1952:201; Kruger *et al,* 1966:274; Van Dellen *et al,* 1954:194; Van der Linde, 1983:164). Die onderwys van die jeug moet Christelik wees en moet na vermoë bevorder word (Kruger *et al,* 1966:274). Artikel 21 van die Dordtse Kerkorde is hier ter sprake. Dit gaan nie net oor skoolopleiding nie, maar ook oor kategese en huiskatkisasie. Die gemeente moet ingestel wees op die koninkryk en die bewaring en vermeerdering van God se kerk waarin die gemeente kwalitatief en kwantitatief moet groei (Kruger *et al,* 1966:274). Ampsgewys staan kerke ook in kerkverband met mekaar waarin kerke in diens, leer en tug na mekaar moet omsien.

Met kerkvisitasie moet daar voorkomend en betyds broederlik vermaan word indien ‘n kerk sou dwaal in leer en lewe (Jansen, 1952:201; Visser, 1999:196). In die opsig is artikels 44 en 81 in lyn met mekaar (Kruger *et al,* 1966:271; Spoelstra, 1989:253,262). Omdat dit voorkomend van aard is, is dit nie tug nie. As daar traagheid en nalatigheid in een of ander vorm is, moet dit aangespreek word (Jansen, 1952:201-2). So gee visitatore wyse raad en hulp om eventueel moeilikhede in die kerklike lewe te voorkom en betyds op te vang (Jansen, 1952:202).

Visitatore moet met raad en daad ‘n gemeente bystaan met die doel om in vrede die gemeente op te bou en hul belange uit te bou. Die gemeente moet gehelp word om kwalitatief en kwantitatief te groei sonder die inmenging van die visitator. Die visitator is daar ter ondersteuning van die gemeente. So word met raad en daad gehelp. Hierdie raad kan heilsaam wees indien dit reg en in ootmoed gedoen word. Aan die ander kant kan dit kerkverwoestend wees om besluite af te dwing (Van der Linde, 1983:164). Indien ‘n kerkraad nie saamstem met advies van die visitatore nie, moet die advies getoets word deur die klassisvergadering (Jansen, 1952:202; Van der Linde, 1983:164).

Daar is egter ook sake wat tydens kerkvisitasie aandag moet kry, soos bv. administrasie (Van Dellen *et al,* 1954:199) en finansies, bv. of ‘n predikant behoorlik versorg word onder artikel 11 van die Dordtse Kerkorde (Visser, 1999:196-7).

Omdat ‘n plaaslike kerk in ‘n bepaalde gemeenskap leef, is dit belangrik dat visitatore kennis neem van die lewensomstandighede van ‘n gemeente, nl. stedelik, industrieel, myngemeenskap of plaasgemeenskap, ens. Die tydsgees moet ook verreken word. Met ontleding van die gemeentes in die ressort van die “*klassis*” Klein-Asië, is dit ook duidelik dat elke gemeente sy eie, unieke stryd het. Naas die Kerkordeverklaarders se verklaring insake die inhoud van ‘n kerkvisitasiebesoek, moet daar kennis geneem word van ‘n sinode se kerkvisitasievrae. Die sinodes van die GKSA het vrae van belang geformuleer. Reeds tydens Sinode 1873 (Acta 1873:43-4; 3.2.2.3.3) is daar elf vrae voorgehou as riglyn vir kerkvisitasie. Hierdie vrae is hersien en uitgebrei in 1939 (Acta, 1939:42-3; 3.2.2.3.5). Tydens Sinode 1955 is geoordeel dat hierdie twaalf vrae onder artikel 44 hoort (Coetzee, 2014b:32). Sinode 1994 (Acta, 1994:246; 3.2.2.3.8) het ‘n dertiende vraag bygevoeg. Hierdie dertien vrae is nogsteeds van krag by kerkvisitasie. Dit is ‘n riglyn en nie ‘n regliment nie. Met hierdie riglyn van dertien vrae word bykans alle fasette van kerkvisitasie gedek en kan goed gebruik word in die praktyk van kerkvisitasie. Die vrae is oop vrae en kan lei tot meer vrae nadat daar geantwoord is. Die belangrike is dat kerkvisitasie ‘n herderlike huisbesoek (vermaning, vertroosting en versterking) is met ‘n etiese inslag. ‘n Visitator moet dan met die etiese sleutels (motief, doel, middel en gevolg) kerkvisitasie ontsluit om by die kern (hart) van kerkvisitasie uit te kom.

Die inhoud van kerkvisitasie is ‘n oop agenda en moet ook vertroulik (Van Dellen *et al,* 1954:197) hanteer word.

2.6.2.7.8 Metode van kerkvisitasie

Die kerkvisitasiebesoek moet deeglik beplan word deur die visitatore. Kerkvisitasie kan maklik verval in ‘n stereotipe en saaklike kerkvisitasie (Spoelstra, 1989:261). Dit moet voorkom word.

By die kerk moet kerkvisitasie by herhaling (drie agtereenvolgende Sondae) bekend gestel word. Die name van die visitatore moet ook genoem word. Die bekendmaking van die visitatore is juis sodat hulle direk geskakel kan word om intimidasie te vermy. Die kerkraad moet egter later kennis neem van die skakeling. Skakeling kan ook direk deur die kerkraad geskied. Spoelstra (1989:261) wys juis daarop dat, indien daar beroering in die gemeente is en verskillende persone die visitatore wil ontmoet, ‘n onpartydige persoon die reëlings kan tref.

Dit kan wees dat sake nie opgelos word tydens ‘n gewone kerkvisitasie nie. Sake kan dan na die klassikale vergadering verwys word sodat dit dan ordelik op die tafel van die klassisvergadering kom. Die weg van ‘n spesiale kerkvisitasie is ook oop.

2.6.2.7.9 Verslag aan die klassikale vergadering maar ook aan die kerk.

Volgens artikel 44 Kerkorde word die visitatore aangewys deur die klassisvergadering en kry hulle opdrag uit die Kerkorde.

Daar is egter groot meningsverskil of ‘n visitator of visitatore verslag moet lewer by die volgende klassikale vergadering en hoe dit moet gekied. Spoelstra (1989:262) sê dat, indien baie sake onder die visitatore se aandag gebring word, daar nie oor sekere sake gerapporteer mag word nie omdat dit tuis hoort by die plaaslike kerk (Kerkorde, art. 30,72-74). Van Dellen en Monsma (1954:197) wys daarop dat daar ‘n bepaalde vertroulikheid verbonde is aan kerkvisitasie. Visser (1999:197) is weer van mening dat die klassisvergadering deeglik ingelig moet word oor die besoek, nie net oor die besoek as sulks nie, maar oor hoe dit gedoen word. Die visitatore moet met wysheid en onderskeidingsvermoë handel oor hul rapportering as visitatore. Sake wat nie tuishoort by die klassikale vergadering nie en wat besleg kon word tydens kerkvisitasie, kom nie in die rapport nie. Artikel 30 is geldend. Daar moet egter aan die ander kant gerapporteer word na gelang die opdrag wat in die Kerkorde vasgestel is, nl. of die ampsdraers getrou is, suiwer is in leer en lewe, die Kerkorde onderhou word, of daar stigting is by die gemeente en of die Christelike onderwys van die jeug behoorlik bevorder word. Die doel is om met kerkvisitasieverslae vrede, die opbou en die belange van die plaaslike gemeente te bevorder.

Die inhoud van die verslag wat gegee word by die klassikale vergadering moet met die beginsel van artikel 30 saam met artikel 44 hanteer word, dit wil sê sake wat by die kerkraad afgehandel is, kom nie op die tafel van die klassisvergadering nie. Die advies van visitatore bly dan by die kerkraad. Die plaaslike kerk se selfstandigheid mag nooit in gedrang kom nie.

Daar kan op twee maniere verslag gedoen word, nl. skriftelik of mondeling. Dit is egter goeie praktyk dat die verslag skriftelik is en dat dit deur beide visitatore onderteken is.

Dit is ook ‘n gebruik dat een van die visitatore die verslag kom lewer tydens ‘n preekbeurt (Spoelstra, 1989:263). So kan die gemeente direk by die kerkvisitasie betrek word. (Visser, 1999:199).

Uit Openbaring 2 en 3 gee die Groot Visitator kerkvisitasieverslag oor al sewe sy gemeentes in die ressort van die “*klassis*” Klein-Asië. In die verslag kom Jesus Christus en wys op beide positiewe en negatiewe punte. Jesus Christus het met elke gemeente hul selfstandigheid erken

en ook so sy kerkvisitasie gedoen as die Groot Visitator. Daaruit kan ons aflei dat elke kerkvisitasieverslag uniek en op die punt af moet wees, eerlik, reguit en getrou. Die hoop-gedagte (visie) moet aangespreek word. Soos die kerk van alle eeue moet gewys word op Jesus Christus se wederkoms.

Uit hierdie Kerkordeverklarings blyk dit dat kerkvisitasie ‘n teologies-kerkregtelike onderwerp is wat gereël word in die GKSA deur artikel 44 Kerkorde.

2.6.2.7.10 Die Kerkordeverklarings en die implikasie vir kerkvisitasie

‘n Visitator moet

- kennis neem van die verskil tussen artikels 41 en 44 Kerkorde en die sinodebesluit van 1955 (Acta, 1955:182-6).
- ook die onderskeiding ken van artikels 44 en 49 Kerkorde en dat die opdrag om kerkvisitasie te doen van artikel 44 Kerkorde kom en ‘n visitator dus nie ‘n gedeputeerde van die klassisvergadering is nie.
- weet dat alleen die klassikale vergadering ervare, wyse en geskikte predikante vir kerkvisitasie benoem (Van der Linde, 1983:163).
- besef dat kerkvisitasie gereeld moet geskied (Kerkorde, art. 44; Kruger *et al*, 1966:273; Visser, 1999:194). Die frekwensie van kerkvisitasie word bepaal deur die klassikale vergadering en geskied volgens tyd en omstandighede.
- besef dat kerkvisitasie in al die kerke in die ressort van die klassis gedoen word.
- weet dat die predikant van die plaaslike gemeente tydens ‘n kerkvisitasievergadering die voorsitter van die vergadering bly.
- kennis neem van al die aspekte van ‘n plaaslike kerk. Die uitgangspunt van ‘n kerkvisitasievergadering is die dertien vrae soos bepaal deur Sinode 1939 (Acta, 1939:42-3) en 1994 (Acta, 1994:246). Dit word gebruik as ‘n riglyn en nie ‘n regliment nie.
- beplan en deeglik voorbereid wees sodat dit teologies-kerkregtelik en eties reg is. ‘n Kerk moet immers kerk van onse Here Jesus Christus wees en dit moet bepaal word.
- met wysheid verslag doen aan die klassikale vergadering. Dit moet eerder skriftelik gedoen word sodat daar rekord en kontinuïteit kan wees ten opsigte van die gemeente.

## 2.7 Slot

In hierdie hoofstuk is na kerkregtelike aspekte van kerkwees en kerkvisitasie gekyk. Dit moet as basis dien vir die volgende hoofstukke wat meer op die etiese aspekte van kerkvisitasie wil fokus. Die definisie van kerkvisitasie is ‘n gereelde, voorkomende herderlike besoek (vermaan, vertroos, versterk) aan alle kerke in die ressort van die klassis deur twee ervare, bekwame visitatore om te let op of `n kerk nog `n ware kerk is (diens, leer, orde en onderwys), dit te bevorder of betyds te vermaan met die doel om vrede (nie wanorde nie), opbou (nie afbreek nie), belange uit te bou (nie te demp nie).

Kragtens die definisie van kerkvisitasie is dit belangrik dat kerkvisitasie instand gehou word. Die selfstandigheid van ‘n kerk mag nie met kerkvisitasie in gedrang gebring word nie. Dit veronderstel ‘n gereformeerde kerkbegrip soos blyk uit die eerste deel van hierdie hoofstuk.

Vanuit die kerkbegrip en verklarings van artikel 44 Kerkorde moet daar gekyk word wat die geskiedenis is van kerkvisitasie, asook die doel en inpak daarvan op die lewe van gelowiges. Dit word gedoen in hoofstuk drie. In hoofstuk vier word die begronding van kerkvisitasie in die Bybel gevind en die etiese sy daarvan verder bekyk. Hoofstuk vyf handel oor ‘n empiriese ontleding van die kerklike praktyk in die GKSA en die etiese implikasies daarvan. Met dit as agtergrond wil hoofstuk ses by ‘n sintese uitkom.

**Hoofstuk 3: ‘n Historiese oorsig oor kerkvisitasie veral soos dit teologies-eties in die GKSA geïmplementeer is.**

## 3.1 Inleiding

Op grond van onder andere Matteus 28:18 glo Christene dat God oor al die eeue ten nouste betrokke is by sy kerk. Deur al die eeue staan God in sy alwysheid die kerke by (vgl. die sewe gemeentes in Klein-Asië beskryf in Openbaring 2 en 3). Christus is wandelende tussen sy kerke en hou hulle vas in sy hand. Kerke het altyd in kerkverband met mekaar gestaan, gebind deur die Hoof, Jesus Christus wat ook die Groot Visitator vir sy kerke is(hoofstuk 4).

Die geskiedenis van kerkvisitasie in die GKSA is ŉ geskiedenis wat deur die Reformasie kom. Die wortels van kerkvisitasie kan by die Konvent van Wesel in 1568 gevind word (Jansen, 1952:197; Pont, 1981:71). Dit het uiteindelik sy neerslag gekry met die Kerkorde van die Sinode van Dordt 1618/1619 (artikel 44). In Suid-Afrika het die GKSA in 1862 die Dordtse Kerkorde aanvaar (Coetzee, 2010:92) en daarmee saam artikel 44 wat handel oor kerkvisitasie. Hierdie artikel is egter vir baie jare in die GKSA nie toegepas soos in die Kerkorde staan nie, maar daar is volstaan by vrae wat die Algemene Kerkvergaderings aan gemeentes sou stel.

Die praktyk van kerkvisitasie, kragtens die Dordtse Kerkorde artikel 44, het by die Sinode GKSA 1955 finaal tot sy reg gekom (Acta, 1955:184-5). Dit is toe dat artikel 41 en 44 geskei is van mekaar.

## 3.2 Geskiedenis van kerkvisitasie

### 3.2.1 Inleidend

Kerkvisitasie bestaan in wese reeds in die Bybelse tyd. Die *locus classicus* van kerkvisitasie (De Villiers, 1980:2) kry ons in Handelinge 15:36 (Hoofstuk 4). Vroeg in die kerkgeskiedenis is daar ook kerkvisitasie gedoen soos byvoorbeeld na die Sinode van Laodisea 360 n C (Kuyper, 1868:37; Van der Linde, 1983:163).

In die Roomse Katolieke kerk het die inspekteurs (biskoppe) gemeentes gevisenteer. Hulle het van tyd tot tyd deur die bisdom gegaan om so die onderhoriges te kontroleer, by te staan en te dissiplineer. Dit was hiërargies en kollegialisties. Aan die ander kant was daar in die tyd van die Reformasie die Libertyne wat weer independentisties opgetree het (Kruger *et al,* 1966:270).

### 3.2.2 Reformatoriese kerkvisitasie

#### 3.2.2.1 Lutherse kerkvisitasie

In die Reformatoriese tradisie het Luther in Duitsland die kerkvisitasie gesteun. Dit het reeds in 1526 begin en hierdie situasie met die kerke (landskerke) was stormagtig. Daar was min opgeleide Reformatoriese predikante waarvan die meeste uit die Rooms Katolieke agtergrond gekom het. Hierdie omstandighede het kerkvisitasie genoodsaak (Aland, 1986:119). Hoewel hierdie kerkvisitasies nie baie bevredigend was nie, is tog tydens hierdie kerkvisitasies gekyk na die leer van die kerk volgens die Lutherse klein- en groot Kategismus (Aland, 1986:120). In die jaar 1526/1527 (Kuyper, 1868:40) is daar verder gegaan en die diens van superintendente ingestel om kerkvisitasie te doen. Dit het as substituut gedien vir die diens van biskoppe wat as inspekteurs opgetree het. Dit is vervat in Melanchthon se *The Instructions for the Visitors of Parish Pastors in Electorial Saxon.*wat gedien het as ŉ riglyn vir kerkvisitasie. Melanchthon het egter die saak verder gevoer deur aan die prinse of vorste die verantwoordelikheid te gee om God se Woord en kerk in stand te hou. Kerk en staat was nie destyds so geskei soos vandag nie (*Corpus Christianum)*.

Dit is egter nie die taak van die staat om God se Woord en kerk in stand te hou nie, maar dis die taak van die kerk. Tog is daar in die Lutherse tradisie kerkvisitasie gehou met teoloë en regsgeleerdes as visitatore. Aanvanklik het Luther daarmee verlief geneem, maar hy het later begin kapsie maak omdat die regsgeleerdes al meer die oorhand begin kry het (Aland, 1086:122). Dit was ook die rede hoekom die Dordtse Kerkorde kerklike sake op kerklike wyse wil doen (Dordtse Kerkorde, art. 30) en dat die Dordtse Kerkorde wys dat daar twee bedienaars van die Woord aangewys moet word as visitatore. Kerk en staat is geskei.

In lyn met Roomse en Lutherse kerkvisitasies het die eerste Skotse Kerkorde 1560 ŉ instituut van superintendente in die lewe geroep om verslag te doen. Hierdie vorm van hiërargie het gereformeerdes afgeskrik (Spoelstra, 1989:259).

#### 3.2.2.2 Calvinistiese kerkvisitasie

Die bekende hervormer, Calvyn, het veral in sy Kerkorde (1561) aan kerkvisitasie aandag gegee. Na Luther het Calvyn ŉ verdere koersaanpassing gemaak. Sy Kerkorde is *Ordonnances Ecclésiastiques* genoem wat in 1541 verskyn het (Pont, 1981:21-2). Met hierdie Kerkorde het hy die leiding geneem in die Presbiteriale kerkregeringstelsel (Pont, 1981:21). Dit het egter net gefokus op Genève en daar was nie meerdere vergaderings ter sprake nie. Kerkvisitasie was ook nie deel hiervan nie. Met die Geneefse Kerkorde van 1561 wat rus op die *Ordonnances Ecclésiastiques* van 1541(Kuyper, 1868:51), het Calvyn die nut en waarde van

kerkvisitasie besef en verwoord. Dit word gevind in die Geneefse Kerkorde artikel 31-38. Hierdie Kerkorde-artikels word verder ingedeel in die doel (art. 31-34) en die metode (art. 35-38).

3.2.2.2.1 Geneefse Kerkorde: kerkvisitasie (1561)

Die doel van kerkvisitasie (=*visitation*) soos vervat in die Geneefse Kerkorde van 1561 is soos volg:

*31 "Om ook in die hele liggaam van die Geneefse kerk (l'Eglise de Genève), dit wil sê in die stad en in die kerklike gemeentes wat van die Raad afhanklik is, die goeie orde en die eenheid van die leer (union de doctrine) te bewaar, sal die Raad twee van die raadslede en net so die dienaars twee lede uit die predikantevergadering kies met die opdrag om een maal per jaar elke kerklike gemeente te besoek om vas te stel, eerstens, of die dienaar van die gemeente nie een of ander leer, wat in stryd met die suiwer evangelie is, voorgedra het nie.*

*32 Tweedens sal hulle vasstel of die dienaar tot opbouing (=edification) van die gemeente preek (preche) of dat hy een of ander ergerniswekkende of ongeskikte manier het om die mense (le peuple) te onderrig, byvoorbeeld dat hy onduidelik is, onnodige vrae behandel, te streng is of dergelike tekortkominge openbaar.*

*33 Derdens sal hulle die mense vermaan om ywerig die prediking by te woon, daarna te verlang en daaruit die noodsaaklike te haal om die Christelike lewe te kan lei. Hulle sal ook aan die mense duidelik maak hoedanig die dienswerk van die dienaar is, sodat die mense op die regte manier daarvan gebruik sal maak.*

*34 Vierdens sal hulle hulleself op die hoogte stel of 'n dienaar die nodige sorg bestee, nie alleen aan sy verkondiging nie, maar ook aan siekebesoek, en die vermaning van die enkelinge wat dit op 'n besondere manier nodig het; en bowendien of die dienaar sorg dra dat daar nie êrens iets tot oneer van God gebeur nie. Verder of die dienaar 'n eerbare lewe lei en daardeur 'n goeie voorbeeld gee of dat hy op een of ander manier losbandig en ligsinnig is en daardeur homself en sy familie veragtelik maak en of hy 'n goeie verhouding met sy ( gemeente) mense handhaaf."*

*Die metode van die kerkvisitasie:*

*35 "Nadat die dienaar, wat met hierdie opdrag belas is gepreek het en daarby, soos hierbo gestel, die mense vermaan het, sal hulle by die wagter (=gardes = die ouderlinge van die "plattelandse gemeentes" wat ook die opdrag gehad het om die dissipline te handhaaf. Hulle het egter effens minder bevoegdhede as die ouderlinge van die stadsgemeente gehad, vandaar*

*die titel garde of wagter) en die diakens (= procureurs vergelyk artikel 61) van die gemeente (paroisse) hulle op die hoogte stel oor die leer en lewe van die dienaar en net so ook oor die toewyding en die manier van sy onderrig en hulle daarby, in die Naam van God, vra om tog niks te duld of weg te steek wat die eer van Gods Naam, die voortgang van die Woord of die welsyn van almal in die pad staan nie.*

*36 Die dienaar sal sy bevinding van die predikantevergadering (congregation) meedeel. Indien daar tekortkoming (faute) vasgestel word by die broeder by wie kerkvisitasie gedoen is, wat net 'n teregwysing deur die Woord verdien, sal hy op die gewone manier vermaan word. As daar egter 'n swaarder misstap (offence) wat onaanvaarbaar is, vasgestel word, moet daar volgens die vasgestelde artikels opgetree word: dit wil sê, die vier afgevaardigdes moet die aangeleentheid aan ons meedeel sodat ons volgens die reëls van reg en billikheid kan optree.*

*37 Hierdie kerkvisitasie sal op geen enkele manier die karakter van 'n geregtelike ondersoek of van enige geregtelike handeling dra nie. Maar dit sal niks anders as 'n geneesmiddel teen alle ergerniswekkende sake wees nie en veral daartoe die dienaars van ontaarding en korrupsie te bewaar.*

*38 Hierdie kerkvisitasie sal ook nie op enige manier 'n geregtelike handeling verhinder of die dienaar vrystel van die aan almal voorgeskrewe onderwerping van die reg nie. Dit sal dan ook nie verhinder dat die dienaar, soos elke ander mens, in siviele sake aanspreeklik gestel word nie, ook nie dat, vanweë 'n misdaad, 'n ondersoek teen hulle ingestel en dat hulle, indien hulle skuldig is, gestraf word nie. Kortom, hulle regsposisie bly in die toekoms dieselfde as wat dit nou is."*

Die Geneefse Kerkorde het kerkvisitasie op 'n ordelike manier gereël. Dit is 'n teologies-etiese soeke na die etiese wyse van gereformeerde kerkvisitasie. Die Geneefse Kerkorde het die doel (artikel 31-34) hanteer. Artikels 35-38 het gehandel oor die metode van kerkvisitasie. Artikel 31 handel veral oor die hoeveelheid visitatore. In daardie omstandighede was dit so dat die staat en kerk baie nader aan mekaar was as deesdae. Die hoeveelheid visitatore wat aangewys is, was twee van die kerk en twee van die staat. Kerkvisitasie het eenmaal per jaar plaasgevind. Die kerke is dan besoek om te kyk of die goeie orde gehandhaaf word. Die visitatore moes dan vasstel of die prediking verstaanbaar was. Indien daar gevind is dat daar 'n valse leer was, moes die predikant vermaan word. Die motief was om die waarheid in liefde te betrag. Dit was geloofsvertroostend toe daar volhard is in die suiwere leer en lewe. Hoewel elke gemeente onder leiding van sy ouderlinge en leraar moet sorg dat alles in die gemeente na behore sal plaasvind, het die gelowiges besef dat hulle verantwoordelikheid teenoor mekaar nie daar stop nie. Onderlinge liefde en sorg strek oor gemeentegrense – juis ook omdat hulle een is in Christus en broers en susters van mekaar is. Deur die aanstel van visitatore wat die gemeentes

besoek moes volgens artikel 31 seker maak dat die gelowiges oral oor die regte geestelike kos ontvang.

Artikel 32 sluit aan by die suiwerheid van die leer en lewe en wil weet of die preke tot opbou was. Kerke moet opgebou word in die allerheiligste geloof. Daar is vasgestel of die motief liefde is en of hul ongeskik is, of dit duidelik of onduidelik is, of daar veel vrae gevra word of te streng is, en of daar tekortkominge is. ’n Bedienaar behoort in sy prediking teologies-eties te preek met die regte motief, doel, middel en gevolg. ‘n Preek moet dus eties wees sodat die liefdesmotief en die eer van God deur middel van die Skrif tot die hoorders kom. Die gevolg is dan tweërlei, naamlik verharding of bekering. Die prediking behoort dus ook aandag te gee aan die lewe en nie net aan die leer nie. Die visitatore moes nie net seker maak dat gelowiges in die verskillende gemeentes die regte geestelike voedsel ontvang nie, maar ook dat dit op ’n goeie, behoorlike en verteerbare manier aangebied word. Die dienaar mag nie sy posisie van gesag misbruik om gelowiges te teister of kasty nie. Die visitatore handel dus duidelik ter wille van die welsyn van die gelowiges in die gemeentes.

Artikel 33 handel oor die hoorders of lidmate. Hulle het ’n verpligting om die evangelie te hoor en dit uit te leef. Leer en lewe hoort saam. Die etiese sy van die hoorder is van belang. Die hoorder behoort in liefde met ’n liefdesmotief saam te kom. Die doel, nl. Gods eer behoort nagestreef te word. Die Woord staan sentraal, daarom is die dienswerk van die bedienaar van belang. Die visitatore behoort dit aan die kerk duidelik te maak sodat die kerklidmate op die regte manier daarvan gebruik maak. Die gevolg behoort bekering te wees, maar daar kan ook verharding wees. Die visitatore het nie net ’n taak om seker te maak dat al die gemeentelede versorg en versterk word deur die werk van die leraar nie, maar ook dat die gemeentelede die prediking bywoon en dit met ’n regte gesindheid lewensveranderend op hulle lewens toepas. Die nuwe lewe in Christus moet dus ’n werklikheid word in die daaglikse lewe van Christene. Die voorreg om te kan leer om ook eties nuut en anders te lewe is iets wat nie misbruik mag word nie. Ook teenoor die leraar (dienaar) moet die mense behoorlik eties optree en van sy dienste *“op die regte manier”* gebruik maak.

Artikel 34 handel spesifiek oor die Woordverkondiging en dié se inhoud naas die prediking. Woordverkondiging hou verder siekebesoek en vermaning aan individue op ’n besonder liefdevolle manier in. ’n Bedienaar van die Woord behoort sorg te dra dat die etiese doel nie in die kerk geskaad word sodat gebeure nie tot oneer van God geskied nie. ’n Visitator behoort te let daarop dat gemeentelede individueel versorg is (huisbesoek, siekebesoek en ander besoeke). Tydens dié besoeke behoort die middel, nl. die Woord van God, gebruik te word om, ten opsigte van die lewensteks, ’n etiese gestalte te gee sodat die gevolg lewensveranderend kan wees. Die etiese doel bly die eer van God. ’n Bedienaar van die Woord behoort die regte

voorbeeld te stel met sy teologies-etiese optrede en hy behoort ŉ goeie voorbeeld te wees (motief, doel, middel en gevolg) sodat die gemeente hom kan volg. Die predikant behoort met erns die waarheid in liefde te betrag. Hy behoort nie losbandig en ligsinnig te wees en homself en sy familie veragtelik te maak nie. Die eer van God as doel moet nagestreef word. As bekeerde behoort hy ook ŉ goeie verhouding met die gemeente te hê, want hy is geroep tot herder en leraar van die gemeente.

Naas die doel stel die Geneefse Kerkorde die metode van kerkvisitasie voor. Dit geskied vanaf artikel 35-38. Die visitatore, in artikel 35, wend hulle na die kerkraad (ouderlinge) om te verneem wat die leer en lewe van die predikant is en of hy toegewy is in sy onderrig. Daar behoort gevra te word om niks weg te steek of te verdra wat die eer van God se naam skaad nie. Niks behoort in die voortgang van die Woord of in die welsyn van die kerk se pad te staan nie. Die soeke na ŉ teologies-etiese lewenswyse is hier van toepassing. Daar word aanspraak gemaak op die eerlikheid van die kerkraad. Die ouderlinge moet eerlik wees met die dominee oor sy leer en lewe en sy prediking. Eerlikheid is 'n belangrike aspek van Christelike etiek. Vandaar behoort daar met die predikant in waarheid en liefde gepraat te word. Die ouderlinge se toesig oor die predikant behoort die regte doel te hê, nl. die eer van God. Die middel, nl. die Woord, is ononderhandelbaar. Dit behoort suiwer bedien te word. Indien die motief en doel geskaad word, behoort daar in liefde vermaan te word.

In artikel 36 deel die visitator sy bevinding aan die predikantevergadering mee. Indien ŉ visitator tekortkominge bespeur, word die predikant vermaan deur die visitator. Dit geskied deur die Woord. Met ŉ minder ernstige saak behoort daar volstaan te word met vermaning. Hierdie vermaning behoort in liefde en geestelik te wees. Indien visitatore bemerk dat dit ŉ ernstige saak is (swaarder misstap), moet daar gehandel word volgens die tugartikels. Daar behoort reg en billik opgetree te word (teologies-eties).

Artikel 37 wys dat kerklike sake op kerklike wyse gedoen behoort te word. Dit geld vir die ondersoek en geregtelike handelinge. Die Woord word in die artikel ŉ geneesmiddel genoem. Teen alle ergerniswekkende sake behoort die Woord gebruik te word as middel sodat bedienaars nie ontaard en hulle blootstel aan korrupsie nie. Die gevolg van die Woordverkondiging is bekering of verharding. Die etiese bedoeling van kerkvisitasie kom duidelik in artikel 37 na vore, wanneer gestel word dat dit nie by kerkvisitasie gaan oor ŉ juridiese of *"geregtelike ondersoek"* nie, maar dat die doel van die ondersoek is om genesend op te tree, dit wat frustreer en *"ergerniswekkend"* is oplossend aan te spreek, en om magsmisbruik en ander uitwasse hok te slaan met die doel om *"dienaars van ontaarding en korrupsie te bewaar".* Kerkvisitasie is ŉ etiese handeling ter wille van die eties-behoorlike voortgang van leraar en lidmaat in die gemeentes.

Artikel 38 handel oor die verhouding kerk en staat. Die kerk behoort nie in te meng in geregtelike handelinge, dit wil sê ŉ verhindering of dwarsboming nie. Die gereg (van die staat) behoort sy loop te neem. ŉ Oortreder van die wet is aanspreeklik. So is ŉ bedienaar van die Woord aanspreeklik as daar ŉ misdaad is wat strafbaar is deur die staat. Die staat behoort die saak te ondersoek en indien die bedienaar skuldig is, behoort hy gestraf te word. ŉ Bedienaar behoort eties (motief, middel, doel en gevolg) en eerbaar te leef en op te tree in die algemene lewe. As staatsburger moet sy motiewe suiwer wees volgens die Woord. As bekeerde moet hy die eer van God te alle tye soek in die staatsbestel.

Hoewel kerkvisitasie ŉ etiese en nie ŉ juridiese doel het nie, wys artikel 38 daarop dat dit nie beteken dat ernstige sake nie ook deur die reg aangespreek kan en moet word nie. Dit sou oneties wees om, indien daar misdaad plaasvind, kerkvisitasie te gebruik om die regtelike aanspreeklikheid en die nodige straf te vermy.

Die Geneefse Kerkorde waarvan Calvyn ŉ groot invloed gehad het, slaag daarin om kerkvisitasie teologies-eties te doen.

3.2.2.2.2 Kerkvisitasie: Konvent van Wesel (1568)

Daar was in die Reformasie nog ander voorlopers ten opsigte van die Kerkorde soos a'Lasco en Micron (Smit, 1984:120). Die Waalse Kerkorde het ook voor die Konvent van Wesel die lig gesien. Dit het alles invloed uitgeoefen op die Konvent van Wesel (Smit, 1983:118,122; Smit, 1984:118).

Tydens die Konvent van Wesel 1568 is ŉ konsepkerkorde opgestel. Die basis van hierdie konsepkerkorde was NGB artikels 27-35 (Hovuis, 1962:14; Pont, 1981:71,74-90; Smit, 1984:117). Artikels 27-32 handel oor die Christelike kerk:

- Artikel 27 - die algemene Christelike kerk
- Artikel 28 - elkeen is verplig om hom by die ware kerk aan te sluit
- Artikel 29 - die kenmerke van die ware en die valse kerk
- Artikel 30 - die regering van die kerk
- Artikel 31 - die ampsdraers van die kerk
- Artikel 32 - die orde en tug van die kerk
- Artikels 33-35 - die sakramente, doop en nagmaal

Met die konsep-orde is daar nie direk oor kerkvisitasie gespreek nie, maar wel indirek. Daar word gepraat van naburige kerke wat mekaar dan bystaan in diens, leer en tug (Kuyper,

1868:54; Pont, 1981:75). So is die belydenis (NGB) die basis van die konsep vir 'n moontlike Kerkorde (Du Plooy, 1982:356). Pont (1981:70) stel dit soos volg: "*Wesel skep dus die konsep, Emden stel die Kerkorde vas.*"

3.2.2.2.3 Kerkvisitasie: Sinode van Emden (1571)

Die Sinode van Emden 1571 is die eerste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Nederland (Pont, 1981:93). Die byeenroeping van die sinode was kragtens die eenheid in die belydenis. Die kerke van Nederland en Frankryk was in een kerkverband (Du Plooy, 1982:357). Tydens die Sinode is 'n Kerkorde aanvaar waarin die heel eerste artikel wys dat geen kerk heerskappy het oor 'n ander kerk of sy dienste nie (Kuyper, 1868:50; Pont, 1981:97; Smit, 1983:120). In die Kerkorde word onder andere gevra dat daar verslag gegee word van kerke op klassikale vergaderings. Die voorsitter van die klassikale vergadering vra dan vir die afgevaardigdes die volgende vrae:

- *"of zy Consistoriale samekomsten in hare Kerken houden?*
- *Of de Kerkelijke straffen in haaren zwang gaat?*
- *Of zij eenige stryd hebben met eenige Ketters?*
- *Of zij eenige twijfel hebben in eenig hoofdstuk der Leere?*
- *Of men zorgd draagd voor de Armen, en over de Schoolen?*
- *Of zij tot regering der Kerken de anderen Dienaren raad en hulpbehoeven, en diergelijke dingen meer."* (Pont, 1981: 99)

Die Sinode van Emden (1571) het besluit om aan kerkvisitasie deur middel van vrae op die klassikale vergadering deur die voorsitter antwoorde te gee in sake kerkvisitasie:

Die eerste vraag gee saaklik aandag of konsistoriebyeenkomste plaasvind. Die ouderlinge het saam die verantwoordelikheid om op 'n behoorlike manier toesig te hou oor alles wat in die gemeente gebeur, wat insluit die wyse waarop die leer inslag vind in die hele gemeente.

Die tweede vraag is 'n etiese vraag of daar kerklike vermanings plaasvind. Hierdie vermanings kan nie anders as om eties te wees nie (motief, doel, middel en gevolg) en het juis ook ten doel om die lidmate as nuwe mense daagliks reg en behoorlik te laat lewe. Die motief vir vermaning is die waarheid in liefde. Daardie vermaning moet kragtens die Woord geskied met die gevolg dat daar bekering is.

Die derde vraag handel oor ketters en of die kerk hulle bestry. Kettery veroorsaak dikwels 'n nuwe slawerny van die nakoming van allerhande mens-uitgedinkte reëls en werksheiligheid. Vryheid in Christus mag nie tot losbandigheid lei nie, maar ook nie tot verslawing nie. In die

stryd moet dit eties plaasvind. Die Woord as swaard moet raaksteek en oopvlek. Die motief veronderstel dat die waarheid in liefde betrag word. God se eer as doel is op die spel. Die gevolg is óf verharding, óf bekering.

Die vierde vraag handel oor die suiwerheid in leer. Die vraag is of daar enige twyfel in die leer bestaan en of dit reg deurgegee en reg verstaan word. Eties is dit van die grootste belang, want as iemand dwaal in die leer, dan het dit 'n verkeerde lewe tot gevolg.

Die vyfde vraag handel oor die verantwoordelikheid met betekking tot die armes. Die nuwe lewe wat gelowiges in Christus ontvang het, behoort so deur te werk in hulle lewe dat hulle uitreik en omgee vir hulle wat nie vir hulleself kan sorg nie. Die Here Jesus beskryf hierdie totale omkeer van selfgerigtheid na die daadwerklike omgee vir ander in Matteus 25:31-46 as Hy sê: *"...vir sover julle dit gedoen het aan die geringste ... het julle dit aan My gedoen".* In hierdie selfde vraag word daar gevra of daar sorg gedra word oor die skole. Die skole as opvoedingsinstansie moet Christelik wees. Die leer en lewe van hetsy onderwyser of leerling, behoort suiwer te wees. Hulle behoort van jongs af 'n teologies-etiese lewenswyse te handhaaf en die etiese sleutels te gebruik (motief, doel, middel en gevolg). 'n Kind moet die motief, nl. liefde leer. Dit geskied deur onderrig deur die Woord. Die bediening van die Woord se gevolg behoort bekering te wees.

Die laaste vraag is 'n vraag waarin advies (raad) en hulp gevra kan word. Deel van die sorg wat plaasvind, is dat daar 'n openheid is om dit waarmee in die gemeente geworstel word aan te hoor en biddend saam daaroor te besin. Juis so kan die liefde in waarheid na vore kom tussen broers en susters in die geloof.

Hierdie vrae wat gevra word tydens 'n klassikale vergadering is die voorloper van artikel 41 en 44 van die Dordtse Kerkorde. In wese is dit die voorloper van kerkvisitasie.

3.2.2.2.4 Kerkvisitasie: Sinode Middelburg (1581) en Sinode s'Gravenhage (1586)

Hoewel met die algemene Sinode van Middelburg 1581 daar ook gevra is vir kerkvisitasie (Jansen, 1952:197-8), word in Gereformeerde kringe die Sinode van s'Gravenhage 1586 gesien as die oorsprong van kerkvisitasie (Kruger *et al*, 1966:270; Kuyper, 1868:54; Van Dellen *et al,* 1954:193; Van der Linde, 1983:163). Die Nederlandse Gereformeerde Kerk het tydens die Nasionale Sinode van s'Gravenhage 1586 'n Kerkorde aanvaar waarin artikel 40 van die Kerkorde kerkvisitasie uitspel (Hooijer, 1865:275), nl. *"Zal ook de Classis daar zulks noos zyn zal, de Vryheid hebben eenige haarder Dienaren van de eene Classicale Vergaderinge tot de andere te authoriseren, om opzigt te neemen op de Leere ende het leven der Predikanten,*

*ende den stand der Kerken onder die zelve Classe sorteerende, ende daar van op de naaste Vergaderinge rapport doen."*

By hierdie Sinode is daar 'n aanhangsel wat as 'n uitbreiding op artikel 40 van die Kerkorde dien. In hierdie aanhangsel word van kerkvisitasie gepraat as inspeksie waarin die klassis dienaars stuur om die suiwerheid en onderhouding van die leer te ondersoek:

Daar moet gekyk word of die predikante in hulle preke die ware leer verkondig en nie menslike fabels en verdigsels predik nie. Indien dit gevind word dat hulle nie suiwer in leer en lewe is nie, behoort daar vermaan te word in liefde. Indien daar gevind word dat hulle suiwer is in leer en lewe, moet daar in die geloof vertroos word en in die hoop versterk word. So word seker gemaak dat die gemeente tot 'n ware nuwe lewe in Christus gebring word en daarin groei.

Daar moet ook gekyk word na 'n vorm van bediening rondom die doop en of die Kerkorde nagekom word. Indien die doop nie suiwer bedien word nie, gee dit byvoorbeeld aanleiding tot die idee van verbonds-outomatisme en dat die doop 'n mens salig maak. Die gevolg hiervan is onder andere dat mense sê hulle glo, maar hulle dade bevestig dit nie (Jak. 2:14). Waar die doop misverstaan word, moet in liefde vermaan word.

Dat daar gekyk moet word na die nakoming van die Kerkorde is juis ook eties van belang omdat, deur die orde wat daar gestel word, die kerk poog om op grond van die Woord alles reg en billik te laat verloop in die kerk van die Here.

Die volgende wat aandag moet kry is of die predikant die sake van die ouderlinge, diakens en ander lidmate van die kerk op die hart dra. Die predikant behoort die kerklike sake met die regte motief op die hart te dra. Dit beteken dat daar 'n bepaalde liefdesband is en dat die waarheid in liefde betrag word. Die doel bly die eer van God en nie dié van mense nie. Die Woord en Gees is die middel waarmee vermaan, vertroos en versterk word. As predikant behoort hy te let op die opbou (troos). Hy moet let op die uitbou van die kerk (hoop), die tug (liefde) en kerklike vergaderings.

Die aanhangsel gee verder aandag daaraan of die bedienaar opreg wandel en dat daar nie twis en onenigheid in die gemeente is of enigiets anders wat tot nadeel van die kerk is nie. Die inspekteurs moet kyk na die dienaar of ander lede van die kerkraad indien daar foute gevind word. Daar moet dan gehelp word deur vermaning tot verbetering. Indien daar geen verbetering is nie, word dit aan die klassisvergadering deurgegee (Hooijer, 1865:280). Die eenheid van die gemeente behoort gehandhaaf te word en alle onenigheid of verkeerde benaderings behoort uit die Woord vermaan te word. Dit geskied in liefde as motief. Die doel bly God se eer.

3.2.2.2.5 Kerkvisitasie: Provinsiale Sinode Zeeland (1591)

Die Provinsiale Sinode van Zeeland 1591 (Hooijer, 1865:313) het 'n Kerkorde aanvaar waar kerkvisitasie deur artikel 39 vermeld word. So lui die artikel: "*Sal oock de Classis, daer sulcks noodich is, de vryheyt hebben eenige haerder Dienaren van de eeue Classicale Vergaderingen tot de andere te authoriseren, om opsicht te nemen op de Leere end eleven der Predicanten, ende den stand der Kereken, onder dezelve Classe sorterende, ende daer van op de naeste Vergaderinge rapport te doen.*"

Tydens hierdie sinode is daar verder geworstel oor kerkvisitasie in sake bedienaars van die Woord ten opsigte van die leer en lewe van predikante en die stand van kerke wat in die ressort van die klassis is. Dit gaan dus steeds oor die welwese van die kerk van die Here en elkeen wat daarvan deel is. Tydens hierdie vergadering moet daar dan gerapporteer word oor kerkvisitasie wat gedoen is. Dit is duidelik dat daar 'n soeke is na die teologies-etiese kerkvisitasie. Vermaning (liefde), vertroosting (geloof) en versterking (hoop) behoort belangrike aspekte in die gesprekke te wees.

Aanvanklik is die naam inspekteurs of superintendente aan visitatore gegee. Dit is egter verander in 1612 toe Graaf Willem Lodewyk die benaming visitatore voorgestel het (Hooijer, 1865:441). Die Dordtse Kerkorde artikel 44 praat van visitatore. Die Kerkorde van die Landskap Drenthe (1638) gebruik ook die term visitatore (vergelyk artikel 62-65 van die Kerkorde; Hooijer, 1865:477).

3.2.2.2.6 Kerkvisitasie: Dordtse Sinode 1618/1619

Tydens die Dordtse Sinode 1618/1619 is die Dordtse Kerkorde opgestel en die praktyk van kerkvisitasie gevestig (Jansen, 1952:197-8; Van Dellen *et al,* 1954:193). Dordtse Kerkorde artikel 44 lui soos volg: "*Zal ook de Classis eenige haarer Dienaaren, ten minsten twee van de oudste, ervarenste en geschiktsteauthoriseeren, om in alle Kerken, van de Steden zo wel als van het platte Land, alle jaar visitatie te doen, en toe te zien, of de Leeraars, Kerkenraden en Schoolmeesters haar ampt getrouwelijk waar nemen, bij de zuiverheid der Leere verblijven, de aangenoomen ordre in alles onderhouden, en de stichtinge der Gemeente, mitsgaders der jonge Jeugd naar behooren, zo veel haar mogelijk is, met woorden en werken bevorderen, ten eind ezij die gene, die nalatig in de een of de ander bevonden worden, in tijds mogen broederlijk vermaanen, en met raaden daad alles tot vrede, opbouwinge, en't meeste profijt der Kerken en Schoolen helpen dirigeeren. En zal ieder Classis deze Visitatores mogen doen Continueeren in haar bedieninge, zo lange het haar zal goed dunken, ten waare dat de Visitatores zelve om redenen, van dewelke de Classis oordeelen zal, verzochten ontslagen te warden.*" (Hooijer, 1865:454).

Die Dordtse Kerkorde artikel 44 bring die worsteling oor die regte hantering van kerkvisitasie by ŉ bepaalde punt. Kerkvisitasie word gesien as ŉ herderlike besoek van ten minste twee, oudste, ervare en geskikste visitatore. As herders en leraars is die inhoud van hulle besoek vermaning, vertroosting en versterking. Hul vermaning moet in liefde plaasvind, vertroosting in die geloof en die versterking in die hoop. Die verkeerde in die kerk moet afgebreek word (vermaning in liefde) en die kerk moet opgebou word in die allerheiligste geloof en uitgebou word in die hoop (bewaring en vermeerdering van die kerk). Die kerkvisitasiebesoeke moet gereeld plaasvind om te kyk of die ampte hulle werk doen. Dit moet eties geskied met die regte motief, doel, middel en gevolg. Die leer moet suiwer wees, want as jy dwaal in jou leer, dwaal jy ook in jou lewe. Die kerklike lewe moet stigtelik-ordelik wees, want so word die gemeente bewaar en vermeerder. Indien dit nie ordelik is nie of daar nalatigheid is, moet dit vermaan word. Kerkorde artikel 44 wys daarop dat visitatore se werk gekontinueer moet word totdat die klassisvergadering anders besluit. Die Dordtse Kerkorde artikel 44 gee die opdrag vir die visitatore. Hulle moet ook verslag doen aan die klassisvergadering. Dit is egter so dat visitatore in diens staan van die Groot Visitator Jesus Christus (Op. 1-3). Die klassisvergadering reël net die visitatore. Met kerkvisitasie moet daar naas die leer en orde ook aandag gegee word aan die jeug in kerk en skool. Dit is so dat skole Christelik moet wees.

Kerkvisitasie het verpligtend geword (Van der Linde, 1983:163) tydens die Sinode van Dordt 1618/1619 weens die beroering van die Remonstrantisme (Kruger *et al*, 1966:270).

3.2.2.2.7 Kerkvisitasie: Sinode van Delft (1721)

Die historiese lyn van die Dordtse Kerkorde 1618/1619 is gewortel in die Konvent van Wesel 1568 waarna dit beslag gekry het in Sinodes Emden 1571, Dordrecht 1574, Dordrecht 1578, Middelburg 1581 en s'Gravenhage 1586 (Smit, 1983:118). Op hierdie Nederlandse geskiedenis het die Gereformeerde Kerke voortgebou. Daar moet gewys word dat ŉ kerkvisitasiereglement, tydens die Sinode te Delft 1721 aanvaar is. Dit is gewysig deur sinodes tot 1730 (Coetzee, 2014b:32). Dit was die praktyk van die destydse kerkvisitasie. Hierdie kerkvisitasiereglement bestaan uit drie artikels en is opgeneem in die *"Kerkelyk handboekje".* Hierdie handboekie was bekend aan ds. Dirk Postma, die eerste predikant van die GKSA (Coetzee, 2014b:30; Van der Vyver, 1958:228). Met die kerkvisitasie is daar vrae gevra vir die volle kerkraad. Die vrae oor die predikant is in sy afwesigheid gevra deur die visitatore. Dit was ook die praktyk gewees dat daar tydens kerkvisitasie vrae gevra is oor ouderlinge en diakens. Dit is ook in hulle afwesigheid gedoen. So is by die ander ampte verneem wat by die uitvoering van die besondere amp plaasvind (Coetzee, 2014b:32). Die kerkvisitasiereglement volg net hierna.

3.2.2.2.7.1 Visitatie-reglement

ART.I.

Zeer nuttig en nootſakelyk word geoordeelt, dat het Viſiteren der Kerken jaarlyks in yder Kerke van yder plaatſe, geen uytgeſondert *eorum pleno Synedrio* worde gedaan, en zulks wel voor het Claffis Ante Synodaal, op dat in het ſelve van den Staat en toeſtandt der Kerken rapport ſou mogen gedaan worden, en daar van bericht aan de C. Synodus gegeven.

ART. II.

Het Reglement is, en kan dit zyn

*Vragen te doen aan den volle Kerkenraad.*

Of op des Heeren dag *voor- en namiddag,* wordt gepredikt, voor al des naarmiddags over den Catechismus, en die ordentelyk achter den andere vervolgt, en daarna ‘s avonts ook over den zelven gecatechizeert?

Of de Predikatien geſchieden na’t voorſchrift van Godts H. Woordt, begrepen in het O. en N.T. zonder de Aprocryphe Boeken?

Of het H. Avontmaal viermaal des Jaars op behoorlyke tyd gehouden wordt, na voorgaande *huysbezoekinge* en *proefpredikatie?*

Of de jonge Jeugt in de Scholen wel wordt onderwezen, en in geode tucht gehouden?

Of de Ouderlingen en Diaconen op hunnen gezetten tyd alle Jaren verandert worden?

Of de Kerkenraad ter geſetter tydt en by voorvallende gelegentheyt ten minſten telkens voor de bedieninge des Avondmaals, ‘t zy op den dag des Heeren of in de weeke gehouden wordt met aanroepinge van des Heeren H. Name?

Of alle het noodige verhandelde in den Kerkenraad ordentelyk geboekt, en het geſchreven daar van zorgvuldig bewaart wordt?

Of in Kerkenraads boeken zyn geinfereert of door deſelve en Jaarlyks voor de Viſitatie der Kerken voorgelezen worden? Namentlyk de middelen tot geode ordre der Kerken zoo ſhet Synodus Nationaal, als particulier van Zuydholland vaſtgeſtelt.

Die ſtrekken tot weering der dwalingen en Godloosheden.

De middelen tegens het Pausdom en deszelfs aanwas gearreſteert Anno 1651 en 1652.

De middelen tegen groote en reopened zonden, als.

† Tegen de ontheyliging van des Heeren naam en des Heeren dag, gearreſteert Anno 1657. §. 2. Anno 1660 §. 48. Anno 1663. §. 38. Anno 1664. §. 24. En door een Reſolutie van staat van den 31 January 1699. Tegen de reopened fonden geordonneert.

†† En tegens *Commedien* en Danſſeryen gearreſteert 1675. §. 7. 1675. §. 18. 1676. §.7.

Tot ruſt en vrede der Kerken:

De Poſt-Acta Synodi Nationalis vernieuwt en geconfirmeert Anno 1658. En Anno 1659.

De Vreden-Articulen, by reſolutie van Staat geordonneert den 18 December 1694.

Of wel alle Kerkelyken zaken Kerkelykworden behandelt volgens ordre van de Synodus Anno 1713-1721?

Of voor alle Nachtmaal tydt *Senſura Morum* omtrent de Leden des Kerkenraads wordt gehouden?

Of de Kerkelyke Tucht en Diſcipline na ‘t voorſchrift van Godts H. Woord, door den Kerkenraad in geode ordre wordt betragt tot weering van alle ergernis?

Of de Viſie van de aanteekeninge der Gedoopte, Ledematen en Getrouwde; (daar het laatſte mogelyk is) aan de Viſitatores kan gegeven worden?

Of de Formulieren van eenigheyt wel en betamelyk worden onderhouden en onderteekent?

Of ‘er ook eenige Paapſche Schouten en Regenten zyn, als mede Paapſche- Jeſuiten- of Klopſcholen, of ook geordende Papen, Monikken en Jeſuiten? De Viſitatores moeten deſelver getal en namen opteykenen, daar dezelve gevonden worden.

Of ‘er geen Kinderen buyten ‘s Lants in *Paapſche Scholen* beſtelt worden? Volgens reſolutie van de C. Synodus 1707 en 1708.

Of de Diaconie armen haar Contingent uyt de boeten der fraudatien wel krygen, volgens reſolutie van de C. Synodus 1660.

Of de rekening der Diaconie ook alle jaaren geſchiet?

Of ‘er geen *ongeoorloofde* conventiculen gehouden worden. Volgens reſolutie van de C. Synodus, 1677. §. 44.

Of niet ergens eenige onmin of onluſt ontſtaan zy; en daar omtrent voorzigtelyk en met beſcheit te handelen.

*Te vragen aan den Kerkenraad, de Predikant of Predikanten buyten ſtaande.*

Of de Predikant of Predikanten alle de deelen van haren dienſt *getrouwelyk* en neerſtiglyk bekleeden, en onder het volk met *Leere* en *Leven* goede ſtichtinge doen?

Of de manier van leere die hy waarneemt, ſtigtelyk, eerlyk en profytelyk is, afgezondert van alle nieuwe, onſchriftmatige en vreemde termen, insgelyks ook van alle menſchelyke fabelen, Citatien van nieuwe Scribenten, en veelvoudige invoeren van Heydenſche Schriften. 3. Ao. 1621. §. 2.

Of hy zynen dienſt by de zyne vlytig waarneemt, de geſonde Leere beyde in het openbaar en in ‘t particulier beweert en voortplant, en den wederſprekeren den mont ſtopt; neerſtig zynde in ‘t geduurig leezen en onderzoeken der H. Schriftuure en gezonde Autheuren om’t zelve in de vreeze des Heeren voorſpoedelyk uyt te voeren. Ao.1621. §.3.

Of hy den Catechismum leer ten de H. Sacramenten na de inſtellinge des Heeren en gebruyk der Gereformeerde Kerken, zonder eenige nieuwe Ceremonien daar onder te vermengen, bedient, en zulks alles ter behoorlyker ty ten plaatſe?

Dewyl de C. Synodus verſtaat, dat in het voorlezen der Formulieren, voor al van den Doop en Nachtmaal geen veranderinge van woorden of ſpreekwyzen mag nog moet geſchieden, volgens voorgaande Synodale ReſolutienAo. 1581. §. 30. 1591. §. 5. 1599. §. 30. 1689, §. 25. 1692. §. 26. Ordennerende de vaſtgeſtelde Formulieren, vooral deſe, niet te veranderen: *of ook de Predikant of Predikantenzig daar aan ſchuldig maken.*

Of den *Doop* word bedient in de Kerken, zoo dikwels voorwerpen, ‘t zy bejaarde of jonge Kinderen zig daar toe aanbieden; end at na de gewoonte en Formulieren, in onze Kerken gepractizeert en geſtatueert: voor al ook de Kinderen ten overſtaan van Vader en Getuygen?

Of ook in het voorlezen van het Formulier des Doops, voor al in het Gebedt, en de 3 Vragen aan de Ouders eenige veranderinge, ‘t zy door uitlatinge of inlaſſinge van woorden en ſpreekwyzen wordt gemaakt? ‘t geen de C. Synodus verſtaat niet te mogen geſchieden, maar ſtiptelyk na den Nationale C. Synodus van Ao. 1618 en 1619. *na de letter* moet opgevolgt worden.

Ao. 1621. §. 5. Of hy de aankomelingen tot het Avondmaal in den grond des geloofs onderſoekt? de Ledematen voor de bedieninge des Avondmaals beſoekt? de naamen der Communicanten, Gedooopte en Getrouwde luyden aantekent? de kranken beſoekt? op den

armen agt neemt? de Scholen behertigt? de Kerkelyke byeenkomſten waarneemt? de C. Diſcipline met zynen Kerkenraad in geode ordre betragt?

Ao. 1621. §. 6. Of hy zyne gaven niet alleen met vlytigheyt in't ſtuderen, maar ook met Godſaligheyt oeffent? op zyne huyshoudinge goede agt neemt, zyne kinderen en huysgezin in de Godſaligheyt optrekt, zig van't frequenteren der herbergen en't onnoodig abſenteren van zyne Kerke mydt? hem niet bemoeyt met Politique zaken, voornamelyk niet met verſoeninge over de doodſlagen. Item of Hy eenige vreemden handel of traffyke, ſchadelyk zynen dienſt, onder zyn Ampt vermengt? Hem in handel en wandel anders draagt dan een vroom en getrouw Dienaar des Heeren ſchuldig is te dragen?

§ *5. Te vragen aan den Predikant of Predikanten en DDiaconen, de Ouderlingen buyten ſtaande.*

Ao. 1621. §. 7. Dewyl de Ouderlingen en Diaconen den Dienaren des Woords geſtelt zyn tot hulpe, zoo zal men ook onderzoeken,

Hoe dat hare Verkieſinge geſchiet zy,

Hoe ſy hun in hare bedieninge en profeſſie dragen? De Ouderlingen of ſy ook nevens de Dienaren zorge dragen over de kudde des Heeren? goede ordre waarnemen? Arbeyden om alle ergerniſſe van de Kerk des Heeren, zoo veel het doenlyk is, weg te nemen? de ſwakke ſterken, de gevallene tot bekeeringe vermanen, de ongeregelde beſtraffen en daar toe trachten om alle twiſt en oneenigheyt onder de Ledematen te neder te leggen? de Kerkelyke byeenkomſten waarnemen? en in haaren Kerkenraad notitie van hare Kerkelyke zaken houden?

*Vermeerdering.*

Of de Ouderlingen in publyke Catechizatien en Predikatien tegenwoordig zyn, en mede aſſiſteren? voor al op den dag des Heeren?

*Te vragen aan den Predikant of Predikanten en de Ouderlingen, de Diaconen buyten ſtaande.*

Of zy den Armen van hare Gemeente met een bewogen gemoet beſorgen? en behoorlyk rekeninge doen van de adminiſtratie der penningen, by hun ontfangen en uytgegeven?

Of de Diaconen de Diaconie middelen wel en behoorlyk adminiſtreren met kenniſſe en toeſtemming van Predikant of Kerkenraad onder wien zy ſtaan e naan welke zy moeten rekeninge doen? Syn. Rott. 1641. §. 47.

Of hunne jaarlykſche rekening doen na de oude gewoonte der plaatſen? voor al in tegenwoordigheyt der Predikanten en Kerkenraad, en het ſlot der rekeninge jaarlyks geſuyvert ofte voldaan wordt, als geſchieden moet?

Of de penningen, in de Kerk gecollecteert in tegenwoordigheyt van Predikant en Kerkenraatworden getelt, en aanteekeninge daar van gehouden?

*Te vragen aangaande de Voorſangers en Schoolmeeſters.*

Of zy ordentelyke en ſtichtelyke Ledematen syn?

Of zy wettelyk en na de oude ordre zyn aangeſtelt?

Of dezelve de Formulieren van eenigheyt onderteekent hebben? en daar Latynſche Scholen zyn, of zulks ook is geſchiedt Rectoren en Preceptoren, na de ordre van de *Poſt-Acta Synodi Nationalis ſeſſ.* 164.

Of in't Schoolhouden zig neerſtelyk bevlytigen? en de gronden van de waare Chrisſelyke Gereformeerde Religie uyt den Heydelbergſche Catechismus onderwyſen en inſcherpen, volgens het beſluyt van de Nat. Syn. ſeſſ. 17. Novemb. 130.

Of de Schoolkinderen alleen rechtſinnige en ſtichtelyke boeken laten leezen en hun daar uyt leeren? en ook dezelve in geode manieren en Godſaligheyt onderwyſen? en zy zig aan dezelve daar in yverige voorgangers en voorbeelden betoonen?

Of het geheele jaar tot onderwys der jeugt Schoolhouden, daar het mogelyk is?

Of in de orders des Kerkenraads nah un plicht, dezelve ten dienſte zyn?

ART. III.

*Zyn de Gecommitteerde ad Causam eenparig van gevoelen, dat de C. Synodus moeſte ordonneeren en gelaſten.*

Alle Kerkenraden in alle Steden, Dorpen en Plaatſen, en wel in't byſonder Predikanten, Ouderlingen en Diaconen en Schoolmeeſters, dat zy alle zaken, waar na in voorgemelde vragen onderzoek gedaan wordt, ſtiptelykte practizeren, en onderhouden, als zynde ten hoogſten noodig, tot ſtichten en opbouw van Gods Kerke en beveſtiging der Gereformeerde leere.

Alle Claſſen en Viſitatores der Kerken uyt sezelve daar toe afgevaardigt, dat zy met alle nauwkeurigheyt in Viſitatie der Kerken zullen by de Kerkenraden onderzoeken, of

bovengemelde zaken exactelyk worden waargenomen, end at de Viſitatoren in't Claſſis Ante Synodaal daar van jaarlyks getrouw rapport moeten doen; en die wederom aan het C. Synodus.

3.2.2.2.7.2 Reaksie op die reglement

Hierdie reglement is baie uitgebreid oor al die fasette van kerkvisitasie. Dit is belangrik omdat dominee Dirk Postma hierdie kerkvisitasiereglement van Nederland na Suid-Afrika gebring het (Coetzee, 2014b:30). Die teologies-etiese benadering wil nie reglementeer nie, maar stel 'n riglyn voor. Die ontwikkeling in die GKSA het wegbeweeg van reglementering (Sinode Acta, 1879:41; 1882:69). Kerkorde artikel 44 wys op 'n riglyn en nie 'n reglement nie. Dit is teologies-eties.

Met die geskiedenis van kerkvisitasie is daar volstaan met die Dordtse Kerkorde artikel 44 sonder reglementering. Dit is dus goed om kennis te neem van hierdie reglement wat deur ons voorvaders in Nederland gebruik is. Op hierdie wyse is kerkvisitasie georden. Dit spreek vanself dat daar herderlik besoek afgelê moet word tydens kerkvisitasie, nl. vermaning, vertroosting en versterking. Die etiese sleutel (motief, doel, middel en gevolg) is egter ingebed in die vrae. Visitatore behoort daarop te let dat hulle eties moet optree, nl. om kerkvisitasie uit liefde te doen deur middel van die Woord sodat daar nie verharding is nie, maar bekering.

**3.2.2.3 Kerkvisitasie GKSA**

3.2.2.3.1 Die ontstaan van die Gereformeerde Kerke en kerkvisitasie

Die ontstaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan teruggevoer word na Februarie 1859 te Rustenburg. Dit was tydens die eerste Algemene Kerkvergadering in sitting van 11 tot 14 Februarie 1859 dat die eerste Kerkorde van die GKSA goedgekeur is. Ds. Dirk Postma was die outeur van die Kerkorde. Die Kerkorde se opskrif lui soos volg: "*Kerkorde voor de Gereformeerde Kerk in de Zuid Afrikaansche Republiek, zooveel mogelijk gevolgd naar de Kerkorde der Synode, gehouden te Dordrecht, in Nederland in de jaren 1618 en 1619.*" (Coetzee, 2010:17). Hierdie Kerkorde het uit 65 artikels bestaan. Dit is duidelik dat dit die tradisie van die Dordtse Kerkorde wou handhaaf (Coetzee, 2010:18). Die eenheid van diens, leer en tug is gehonoreer. Hierdie Kerkorde was vir drie jaar in gebruik tot en met 1862 (Coetzee, 2010:91). Kerkvisitasie was nie deel van hierdie Kerkorde van Ds. Postma nie.

3.2.2.3.2 Kerkvisitasie: GKSA Sinode 1862

Die vaders van die GKSA wou terugkeer na Dordt. Die besluit van die Sinode van 1862 was om die Dordtse Kerkorde te aanvaar (Coetzee, 2010:92; Smit, 1983:122; Smit, 1984:120). Die volgende word besluit en is opgeteken in artikels 14 en 19 van die Acta 1862: "*Dat de Dordsche*

*Kerk-orde, van 1618 en 1619, door deze Sijnode, wordt aangenomen, als algemeene Kerke-orde, voor die Gereformeerde Gemeenten, in de drie landern, Zuid-Afrikaansch Republiek, Oranje Vrijstaat en Kaapkolonie, om naar dezelve te handelen in de Kerkregering, voor zoover dezelve in deze onderscheidene landen, naar de gelegenheid der Gemeenten, kan worden toegepast*." Artikel 19 lees: "*De vergadering acht dit beter, dan in de tegenwoordige omstandigheden, eene gewijzigde te ontwerpen, naardien de Kerk, nu voor het eerst Sijnodaalvertegenwoordigd is, en-de gelegenheden der Gemeenten, nog zeer verschillend zijn, en-de Gemeenten ook bestaan in drie landen, onder verschillende regeringsvormen; overigens wijst de Sijnode, de onderscheidene Gemeenten, op het geheele Kerkelijke Handboekje, om hetzelve in voorkomende gevallen te raadplegen."* (Acta ,1862:10).

Die Dordtse Kerkorde artikel 44 het soos volg gelei: "*Zal ook de Classis eenige haarer Dienaaren, ten minsten twee van de oudste, ervarenste en geschiktste authoriseeren, om in alle Kerken, van de Steden zo wel als van het platte Land, alle jaar visitatie te doen, en toe te zien, of de Leeraars, Kerkenraden, en Schoolmeesters haar ampt getrouwelijk waar nemen, bij de zuiverheid der Leere verblijven, de aangenoomen ordre in alles onderhouden, en de stichtinge der Gemeente, mitsgaders der jonge Jeugd naar behooren, zo veel haar mogelijk is, met woorden en werken bevorderen, ten einde zij die gene, die nalatig in de een of de ander bevonden worden, in tijds mogen broederlijk vermaanen, en met raad en daad alles tot vrede, opbouwinge, en't meeste profijt der Kerken en Schoolen helpen dirigeeren. En zal ieder Classis deze Visitatores mogen doen Continueeren in haar bedieninge, zo lange het haar zal goed dunken, ten waare dat de Visitatores zelve om redenen, van dewelke de Classis oordeelen zal, verzochten ontslagen te worden."* (Hooijer, 1965:454).

Soos by punt 3.2.2.2.6 kom die volgende aspekte na vore, nl. kerkvisitasie is 'n herderlike besoek waarvan die inhoud vermaning, vertroosting en versterking is. Die verkeerde moet afgebreek word (vermaning in liefde) en die kerk behoort opgebou te word in die allerheiligste geloof. Verder behoort dit uitgebou te word in die hoop (bewaring en vermeerdering van die kerk). Daar word gekyk na die ampte tydens kerkvisitasie en of dit eties gedoen word.

3.2.2.3.3 Kerkvisitasie: GKSA Sinode 1873

Met die aanvaarding van artikel 44 Kerkorde deur die GKSA is kerkvisitasie in beginsel deel van die Kerkorde en praktyk van die kerklike lewe. Die artikel is egter nie presies so toegepas nie. Die Sinode van 1873 besluit om, op versoek van kerke, 'n stel vrae op te stel vir gebruik deur die drie onderskeie Algemene Kerkvergaderings (Transvaal, Oranje Vrystaat en Kaapkolonie) waarop kerke jaarliks tydens die onderskeie vergaderings moes antwoord. Die term *"Algemene Kerkvergadering"* het sy oorsprong in die Kerkorde van 1859 wat deur ds. Dirk Postma opgestel

is en wat die eerste drie jaar as Kerkorde vir die GKSA gegeld het. Die term het bly voortbestaan ondanks die aanvaarding van die Dordtse Kerkorde in 1862.

Die vrae wat Sinode 1873 opgestel het is egter nie beskou as vrae onder artikel 44 Kerkorde nie, maar as vrae onder artikel 41 (Acta 1873, art. 160). In wese kom die besluit van Sinode 1873 daarop neer dat die Sinode Artikels 41 en 44 van die Kerkorde saamvoeg (Acta, 1955:181). Die Sinode keur aanvanklik 10 vrae goed, maar voeg later nog een vraag by wat handel oor die uitbreiding van God se Koninkryk (Coetzee, 2014b:32). Dit lui soos volg:

- *"Of er in den regel tweemaal op den dag des Heeren wordt gepredikt?*
- *Of er ook geregeld volgens den Catechismus gepredikt wordt?*
- *Of er Zondags en in de week ook met de jeugd gecatechiseerd wordt?*
- *Of de predikatiën gedaan worden eenvoudig naar Gods woord?*
- *Of het H. Avondmaal geregeld, op de bepaalde tijden in het jaar, gehouden wordt, met behoorlijke voorbereiding en tuchtoefening, des vereischt?*
- *Of de doop der jonge kinderen zoo spoedig mogelijk bediend wordt?*
- *Of de kerkeraad geregeld samenkomt, vooral vóór het H. Avondmaal om censura morum te kunnen houden?*
- *Of de armen behoorlijk verzorgd worden?*
- *Hoe het gaat met het onderwijs en de opvoeding der jeugd?*
- *Of er ook iets is waarin eenige gemeente den raad of de hulp der Algemeene Vergadering behoeft?*
- *Wat wordt er in uwe gemeente gedoen voor de uitbreiding van Gods Koninkrijk?"(*art 161, 164)(Acta, 1873:43-4)

Die vrae het 'n weg probeer waar kerke onderling na mekaar omsien en toesien. Met die sinode van 1873 wou hulle 'n omgeestrategie daarstel.

Vraag een vra of daar twee maal gepreek word. Daarmee wil die sinodale vergadering seker maak of die Woord verkondig word. Herderlike prediking het ter inhoud vermaning, vertroosting en versterking. Die lewensteks en die Bybelteks moet mekaar ontmoet in die prediking sodat dit eenvoudig en prakties kan wees (vergelyk vraag 4).

In vraag twee kan die besorgdheid van die sinode gesien word oor die kategismusprediking. Daarmee kom die ander belydenisskrifte, nl. die NGB en Dordtse Leerreëls aan die woord. Die kategismus is die padkaart deur die Skrif. Dis veral die tweede deel van die kategismus waarin die wet as reël van dankbaarheid en 'n etiese lewe (tien gebooie) beskryf word. Die vernaamste van die dankbaarheid is die gebed (HK, So. 45). So 'n etiese lewe veronderstel die kennis van sonde en ellende (HK, So. 2). Dit is deur die wet wat die gelowige die kennis kry. Die wet is ook 'n tugmeester na Jesus Christus se verlossingswerk.

Vraag drie handel oor katkisasie in die week en op Sondae. Die jeug moet onderrig word in die gereformeerde leer en etiese lewenswyse. Vandaar dat hulle onder andere moet leer van motief, doel, middel en gevolg.

Vraag vier handel oor prediking en dat dit verstaanbaar moet wees. Die Woord is die middel waarmee 'n lidmaat in leer en lewe onderrig word. Hierdie lewe van 'n lidmaat moet eties van aard wees (die regte motief, nl. die waarheid in liefde, die doel, die eer van God, die middel, volgens die Woord van God en die gevolg, nl. bekering). Die Woordbediening moet prakties en toepasbaar wees.

In vraag vyf word die nagmaal in verband gebring met tug. Eers word verneem na die hoeveelheid nagmaalbedienings (gereeld). Nagmaal saam met die doop (vraag ses) is tekens en seëls van die verbond en sigbare prediking. Naas die suiwere Woord- en sakramentsbediening moet die tug ook suiwer bedien word (NGB, art. 29). Die leer en lewe moet suiwer wees om die sakramente te kan ontvang. Daarom veronderstel dit vermaning, vertroosting en versterking en moet daar aandag gegee word aan die teologies-etiese sleutels (motief, doel, middel en gevolg). Vermaning moet altyd in liefde geskied tot eer van God (doel) volgens die Woord van God. Die behoud van die sondaar en die gemeente moet ook in gedagte gehou word. Bekering hef egter tug op.

Die kinderdoop moet so spoedig moontlik bedien word (vraag ses). Dit bevestig juis ook dat ons uit genade gered word en nie goed of eties optree om so guns by God te ontvang en verlossing te kry nie. Indien jy jou verlossing kan verdien, is jou goeie lewe ten diepste gerig op selfgewin (soos by heidense godsdienste). Die dankbaarheidsmotief as bron van 'n etiese goeie lewe word vervang met 'n motief van selfgerigtheid.

In vraag sewe word daar gevra of die kerkraad gereeld bymekaar kom. Die vraag wil veral ook vra of *censura morum* gehou word. Die ouderlinge in die koningsamp moet toesig hou oor die leer en lewe van die lidmate. Die kerkraad moet suiwer in leer en lewe wees as voorbeeld. Vandaar dat hulle moet kyk na die teologies-etiese lewenswyse van die lidmate en ag gee op hulleself.

In vraag agt word daar gevra na die behoorlike versorging van armes. Dit het ’n sterk etiese inslag, want hulp moet gepaardgaan met Woordverkondiging. Geloof en dade gaan saam (Jak. 2). Hierdie versorging moet eties behoorlik plaasvind wat sowel die motief en doel daarvan insluit, as die middel en gevolg. So sal die een hand nie weet wat die ander hand doen nie, omdat dit ’n voorreg word om ander by te staan en nie ’n plig wat afgemerk kan word nie.

Vraag nege gee aandag aan die onderwys en opvoeding van die jeug. Die rede waarom vraag nege gevra word, is omdat die jeug Christelik opgevoed moet word na verstand en hart. Hulle moet geleer word van die belydenis en die belewenis van die Christelike geloof. In Christus moet hulle teologies-eties opgevoed word deur vermaning, vertroosting en versterking en ook die etiese sleutels, nl. motief, doel, middel en gevolg. ‘n Skool as verlengstuk van die ouerhuis behoort leerlinge se liefdesmotiewe uit te bou. ‘n Leerling moet ook besef dat die eer van God belangrik is en dat die Woord van God relevant is vir skoolwerk.

Vraag tien is die voorlaaste vraag. Dit is ’n ope vraag waarin advies en hulp gevra word met sake waarmee die kerke worstel. Hierdie openheid wys juis daarop dat gelowiges saam kan en behoort te worstel oor wat God van hulle vra in hulle kerklike lewe en lewe van elke dag.

Die laaste vraag handel oor die uitbreiding van Gods koninkryk. Dit is die apostolaat, nl. om dissipels te maak van alle nasies (Matt. 28). Dit moet eties gedoen word met die regte motief, doel, middel en gevolg. Dit is ’n omgeestrategie waarvan ’n omkeerstrategie (bekering) die gevolg is. Die Woordverkondiging het slegs twee reaksies, nl. bekering of verharding. Omdat gelowiges alles uit genade ontvang het, bring dit ’n reaksie om dit wat sonder enige verdienste gekry is met ander te deel. Die grootste skat wat gedeel kan word is die hemelse (Matt. 7:21).

#### 3.2.2.3.4 Kerkvisitasie: GKSA Sinode 1879-1910

Weens die uitgestrektheid van die land en die gemeentes in Suider-Afrika was kerkvisitasie soos wat artikel 44 Kerkorde bepaal nie moontlik gewees nie. Die Dordtse Kerkorde artikel 44 kon nie tot uitvoer gebring word nie. Tydens die algemene Sinode van 1879 is daar gepraat van ’n eie kerkvisitasiereglement (Acta, 1879:41) wat opgestel moet word. Tydens die volgende Sinode 1882 word daar weer van ’n eie kerkvisitasiereglement gepraat (Acta, 1882:69) wat opgestel moet word. Beide 1879 en 1882 se versoek om ’n eie kerkvisitasiereglement te hê, se wortels lê heelwaarskynlik in die *Kerkelyk handboekje* se kerkvisitasiereglement (Sinode Delft, 1721 soos gewysig tot en met Sinode van Breda 1730). Die feit bly staan dat hulle ’n eie kerkvisitasiereglement wou hê.

Tydens die Sinode 1897 is dit die eerste keer dat daar gevra is dat artikel 44 Kerkorde in werking tree. Die Sinode het egter geoordeel dat daar nog nie ’n behoefte aan kerkvisitasie is

nie (Acta, 1897:30). Met die Sinode van 1910 is daar weer gevra dat artikel 44 aandag moet kry. Die besluit is weer dat kerkvisitasie nog nie uitvoerbaar is nie en dat die sinode bly by gemeenteverslae wat jaarliks deur die gemeentes aan die drie Algemene Kerkvergaderings (Transvaal, Oranje Vrystaat en Kaapkolonie) gelewer word. Hierdie gemeenteverslae is skriftelike verslae waarop die gemeentes op bogenoemde elf vrae moes antwoord.

ŉ Baie belangrike saak was die volgende: Op daardie stadium was die gemeentes slegs ingedeel in twee meerdere vergaderings, nl. die Algemene Kerkvergaderings en die Sinode. Klassisse het nog nie bestaan nie, aangesien die indeling in klassisvergaderings en Partikuliere Sinodes in Transvaal en die Kaapkolonie eers in 1926 sou plaasvind en die in die Vrystaat eers in 1946.

3.2.2.3.5 Kerkvisitasie: GKSA Sinode 1936 en 1939

Tydens die Sinode van 1936 is daar gevra dat die vrae uitgebrei moet word. Hierdie vrae is tydens die Sinode van 1939 as inhoud van artikel 41 Kerkorde in praktyk voorgehou vir klassisvergaderings. Met die twaalf vrae word die gemeentes se stand van sake getoets (Acta, 1939:42-3; Coetzee, 2014b:32). Die vrae is soos volg:

- Of daar in die reël op die dag van die Here tweemaal gepreek word en of by afwesigheid van die predikant die leesdienste getrou waargeneem word en of die bywoning van die dienste deur die gemeente goed is.
- Of daar elke Sondag een maal volgens die kategismus gepreek word en of die bywoning van die gemeente goed is.
- Of Sondae en in die week ook met die jeug gekatkiseer word, en of die kerkraad toesig hou oor die katkisasie en hom vergewis of die ouers gereeld huiskatkisasie hou.
- Of die predikasies eenvoudig volgens Gods Woord gedoen word.
- Of die kerkraad toesien dat die doop so spoedig moontlik aan die kinders bedien word.
- Of daar gereeld huis- en krankebesoek gedoen word deur die lede van die kerkraad na eis van elkeen se roeping.
- Of die kerkraad gereeld saamkom, veral voor die Nagmaal, om censura morum te hou.
- Of die Heilige Nagmaal gereeld, op die bepaalde tye in die jaar gehou word met behoorlike voorbereiding en tugoefening.

- Word die armesorg behoorlik behartig en hoe geskied dit?
- Hoe gaan dit met die onderwys en die opvoeding van die jeug en wat word gedoen tot bevordering van die Christelike Nasionale Onderwys?
- Wat word in die gemeente finansieel en andersins gedoen vir die uitbreiding van Gods Koninkryk op die gebied van sending en evangelisasie?
- Of daar iets is waarin die gemeente die hulp van die klassisvergadering nodig het.

Tydens Sinode 1939 word besluit dat daar nie meer elf vrae is nie, maar twaalf. Dit verskil egter van 1873 se vrae. Met 1873 is slegs gevra of daar twee maal gepreek moet word op ŉ Sondag. Sinode 1939 vra ook die vraag, maar brei uit: Indien die bedienaar van die Woord afwesig is van die diens, moet daar ŉ leesdiens gehou word? Die vraag lui verder of die bywoning goed is. Beide sinodes is besorg daaroor dat die Woordbediening sy loop moet neem. Sinode 1939 is verder besorg oor leesdienste. Dit is belangrik dat ŉ gemeente nie ŉ *"domineeskerk"* word nie. Die Woordverkondiging moet onverpoosd voortgaan ten spyte van die afwesigheid van ŉ predikant. Dit word veronderstel dat daar tydens leesdienste gebruik gemaak word van preke van geordende gereformeerde predikante. Die Bybelteks en die lewensteks moet mekaar ontmoet. Dit moet herderlike prediking wees van vermaning, vertroosting en versterking. Dit moet ook ŉ teologies-etiese inslag hê (motief, doel, middel en gevolg). Prediking behoort die gelowiges na die hart (bekering) en na die daad (vrugte wat by die bekering pas) aan te spreek. Daar moet aandag gegee word aan die feit dat die liefde in waarheid betrag moet word. God se eer is ten doel.

Beide Sinodes 1873 en 1939 maak erns met die kategismusprediking (vraag twee). Dit is van belang dat die leer van die kerk as padkaart gestalte moet kry in die geloofslewe van die lidmate. Daardeur kom die teologies-etiese lewe prakties deur middel van die tien gebooie aan die woord. Die teologies-etiese sleutels (motief, doel, middel en gevolg) kry gestalte. 1939 se sinodebesluit brei die vraag verder oor kategismusprediking uit deur te vra of die kategismusdienste goed bygewoon word. Dit is van belang dat alle dienste goed bygewoon moet word (Heb. 10:25).

Vraag drie van beide sinodes 1873 en 1939 vra die vraag oor katkisasie ten opsigte van die jeug. Sinode 1939 brei die vraag verder uit of die kerkraad toesig hou en of die ouers gereeld huiskatkisasie hou. Die primêre kategete is die ouers (Deut. 6:7). Die hoofkategeet is die predikant wat dan ook gebruik maak van ander kategete. Katkisasie is van groot belang om die kinders van die gemeente op te voed in die allerheiligste geloof. Daar moet egter orde wees, vandaar dat die kerkraad moet toesig hou oor kerkkatkisasie en huiskatkisasie. Daar moet

toegesien word dat die leer en lewe aandag kry. Dit moet teologies-eties wees (motief, doel, middel en gevolg).

Vraag vier van beide sinodes gee aandag aan die prediking van die Woord (Sinode 1873 en Sinode 1939). Die Woord van God moet suiwer en in eenvoud bedien word, want dit is een van die merktekens van die ware kerk (NGB, art. 29). Dit is deel van die suiwerheid van die Woord dat dit helder en deursigtig moet wees. Die Bybelteks moet spreek in vandag se taal. Dit moet teologies-eties wees waarin vermaning, vertroosting en versterking (herderlike prediking) aandag kry. Die sleutels van die gereformeerde etiek is van belang (motief, doel, middel en gevolg). 'n Preek moet dus pastoraal en eties wees. Liefde as gawe en opgawe moet gestel word teen die agtergrond van die eer van God. Die gevolg behoort bekering te wees.

Vraag vyf van Sinode 1939 vervang vraag vyf van Sinode 1873. Dit gaan oor die sakrament van die doop en nie die heilige nagmaal nie (Sinode 1873). Die heilige doop moet so spoedig as moontlik aan kindertjies van gelowiges bedien word. Die motivering om kindertjies van gelowiges te doop, lê in die kategismus (HK So. 27, vr. en antw. 74).

Vraag ses van Sinode 1939 vra die vraag of daar gereeld huis- en siekebesoek gedoen word deur lede van die kerkraad na die eis van elkeen se roeping. Die predikant (profetiese amp), die ouderling (koninklike amp) en die diaken (priesterlike amp) het elkeen sy besondere roeping ten opsigte van huis- en siekebesoek. Die Woord is die middel waardeur al drie ampte hulle opdrag uitvoer. Dit is die middel waardeur gehandel word tydens die besoek. Die lewensteks en die Bybelteks moet spreek tot die gelowige in die situasie. Dit het 'n teologies-etiese inslag (motief, doel, middel en gevolg). Tydens huisbesoek word die Woord gebruik. Dit moet in liefde bedien word tot eer van God.

Vraag sewe van Sinode 1873 en 1939 is dieselfde. In vraag sewe word daar gevra of die kerkraad gereeld bymekaar kom. Die vraag wil veral ook vra of *censura morum* gehou word. Die ouderlinge in die koningsamp moet toesig hou oor die leer en lewe van die lidmate. Daar moet verslag gedoen word oor die leer en lewe van elke lidmaat in die gemeente. Die kerkraad moet suiwer in leer en lewe wees as voorbeeld. Vandaar dat hulle moet kyk na die teologies-etiese lewenswyse van die lidmate en ag gee op hulleself.

Vraag agt in 1939 se sinode handel oor die nagmaal. In sake die heilige nagmaal moet dit op bepaalde tye in die jaar geskied waarin daar behoorlike voorbereiding gedoen word. As daar egter na die formulier van die heilige nagmaal gekyk word, is dit van belang dat daar vermaning plaasvind (mishae hê in jouself), vertroosting (want die lewe is buite jouself in Christus) en versterking (dankbaarheid). Die teologies-etiese lewenswyse moet geweeg word in die voorbereiding, nl. motief, doel, middel en gevolg. Vandaar word 'n voorbereidingsdiens gedoen

waarin die hart (motief) by elke lidmaat getoets word. Die Woord en Gees is die middel waarmee getoets word. Slegs ‘n bekeerde het toegang tot die nagmaal.

Vraag nege van 1939 se sinode stem ooreen met vraag agt van 1873. In 1873 is daar net gevra of die armes behoorlik versorg word. In 1939 kom daar 'n byvoeging van hoe dit moet geskied. Dit is belangrik dat die Woordbediening voorop gaan. Saam met die Woord moet aan armes middele uitgedeel word. Dit is geloof in praktyk. Daardeur word vertroos en versterk. Dit moet geskied deur die sleutels van die gereformeerde etiek in gedagte te hou, nl. motief, doel, middel en gevolg. Indien barmhartigheid betoon word, behoort die middele wat uitgedeel word gepaard te gaan met Woordbediening. Die eer van God behoort die doel te wees.

Vraag tien van 1939 se sinode stem ooreen met vraag nege van 1873. In 1873 is daar navraag gedoen oor die onderwys en opvoeding van die jeug. 1939 se sinode brei daarop uit en voeg by tot die Christelik-Nasionale Onderwys. Die belangrikheid van kinderopvoeding in die huis en in die skool moet beklemtoon word. Die skool is 'n verlengstuk van die huis ten opsigte van opvoeding. Om kinders Christelik op te voed, gaan oor verstand en hart. Die gelowiges se kinders moet in liefde opgevoed word met vermaning (tug), vertroosting en versterking. Die teologies-etiese sleutels is belangrik vir die skool en opvoeding (motief, doel, middel en gevolg). ‘n Skool behoort Christelik te wees en kinders op te voed deur middel van die Woord sodat hul ‘n liefdesmotief het.

Vraag elf stem ooreen met vraag elf van 1873. Dit handel oor die uitbreiding van die koninkryk van God. Sinode 1939 praat van finansieel en ook ten opsigte van die uitbreiding van die koninkryk van sending en evangelisasie. Dit gaan oor die beginsel van die apostolaat (Matt. 28) en die daadwerklike finansiële ondersteuning van die vermeerdering van Gods kerk. Die etiese sleutels is belangrik om die evangelie gereformeerd te verkondig (motief, doel, middel en gevolg). Die evangelie behoort met hart en daad gedoen te word. Die gevolg van die evangelie is egter tweërlei van aard, nl. verharding of bekering.

Vraag twaalf van Sinode 1939 stem ooreen met vraag tien van 1873. Dit handel oor die vraag of die kerk hulp van die klassisvergadering nodig het, dit wil sê advies.

#### 3.2.2.3.6 Kerkvisitasie: GKSA Sinode 1955

Tydens Sinode 1949 is die vrae van Sinode 1939 net so gehandhaaf. Tydens Sinode 1955 word egter 'n rapport ter tafel geneem wat die onderskeid tussen artikels 41 en 44 Kerkorde duidelik aantoon (Acta, 1955:182-6; Kruger *et al,* 1966:271). Uit die rapport word aangetoon dat die twaalf vrae onder artikel 44 en nie onder artikel 41 hoort nie (Coetzee, 2014b:32).

3.2.2.3.7 Kerkvisitasie: Sinode 1964

Op die voetspoor van die Gereformeerden Kerken in Nederland is daar gepoog om die Kerkorde te verander en dit van toepassing te maak in Suid-Afrika. In 1964 se sinode is 'n vertaalde Kerkorde van 1618/1619 (Acta, 1964:57-73) aanvaar. Artikel 44 Kerkorde het soos volg gelui: *"Die klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikste bedienaars van die Woord as visitatore benoem om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou, vas te stel of die ampsdraers hulle ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die Kerkorde in alles onderhou, die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder, sodat hulle diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik kan vermaan en met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk."* (Acta, 1964:60-1). Dit dien tot vandag toe as die Kerkorde artikel wat handel oor kerkvisitasie in die GKSA.

Net soos in Nederland het die GKSA artikel 44 aanvaar - met enkele wysigings deur GKSA Sinode 1964 (Acta, 1964:60-1). Die Dordtse Kerkorde artikel 44 bring die worsteling oor die regte hantering van kerkvisitasie by 'n bepaalde punt in Suid-Afrika (GKSA). Kerkvisitasie word gesien as 'n herderlike besoek van ten minste twee, oudste, ervare en geskikste visitatore. As herders en leraars is die inhoud van hulle besoek vermaning, vertroosting en versterking. Hul vermaning moet in liefde plaasvind, vertroosting in die geloof en die versterking in die hoop. Die verkeerde in die kerk moet afgebreek word (vermaning in liefde) en die kerk moet opgebou word in die allerheiligste geloof en uitgebou word in die hoop (bewaring en vermeerdering van die kerk). Die kerkvisitasiebesoeke moet gereeld plaasvind om te kyk of die ampte hulle werk doen. Dit moet eties geskied met die regte motief, doel, middel en gevolg. Die leer moet suiwer wees, want as jy dwaal in jou leer, dwaal jy ook in jou lewe. Die kerklike lewe moet stigtelik-ordelik wees, want so word die gemeente bewaar en vermeerder. Indien dit nie ordelik is nie of daar nalatigheid is, moet dit vermaan word. Kerkorde artikel 44 wys daarop dat visitatore se werk gekontinueer moet word totdat die klassisvergadering anders besluit. Die Dordtse Kerkorde artikel 44 gee die opdrag vir die visitatore. Hulle moet ook verslag doen aan die klassisvergadering. Dit is egter so dat visitatore in diens staan van die Groot Visitator Jesus Christus (Op. 1-3). Die klassisvergadering reël net die visitatore. Met kerkvisitasie moet daar naas die leer en orde ook aandag gegee word aan die jeug in kerk en skool. Dit is so dat skole Christelik moet wees.

3.2.2.3.8 Kerkvisitasie: GKSA Sinode 1994

Sinode 1994 (Acta 1994:246) het 'n dertiende vraag bygevoeg by die twaalf bestaande vrae van Sinode 1939 wat tydens kerkvisitasie behandel moet word wat handel oor die versorging van die predikant en die berekening van die Pensioengewende Traktement. Die traktering van 'n

predikant is belangrik omdat hy van die evangelie moet leef (1 Kor. 9:13). Daar moet ook teologies-eties na die predikant se versorging gekyk word. Indien 'n kerkraad nie sy verantwoordelikheid nakom nie, moet dit in liefde vermaan word. Indien 'n predikant goed versorg word en hy onvergenoegd is, moet hy in liefde vermaan word. Dit is troosvol en geloofsversterkend indien 'n predikant goed versorg word en hy vergenoegd is. 'n Predikant behoort hom nie te bekommer oor finansies as diensdoenende en emeritus nie. Die hoop moet gestel word op God wat versorg. Kortom moet die etiese sleutels gebruik word, nl. motief, doel, middel en gevolg. 'n Predikant behoort na behoefte en na behore versorg te word. Uit liefde behoort daarna omgesien te word.

### 3.3 Slot

Die vertrekpunt van kerkvisitasie is in die Skrif. Uit die Skrif en belydenis vloei die Kerkorde voort. In die geskiedenis van die kerk is daar baie geworstel met kerkvisitasie. So was dit in die Rooms Katolieke kerk en daarna met die Reformasie.

Met die Reformasie is daar bydraes gelewer deur die Lutherane (3.2.2.1) en die Calvinisme (3.2.2.2). Calvyn het 'n groot bydrae gelewer (3.2.2.2.1) tot die vestiging van kerkvisitasie met sy Geneefse Kerkorde. Sy groot bydrae ten opsigte van kerkvisitasie is veral oor die amp van predikant. Dit het 'n teologies-etiese sy.

In Nederland is daar 'n konsepkerkorde tydens die Konvent van Wesel (1568) voorgehou (3.2.2.2.2). Tydens die Sinode van Emden (1571)(3.2.2.2.3) is daar besluit op ses vrae ten opsigte van kerkvisitasie. Hierdie vrae het ook 'n teologies-etiese inslag. Daarna het die Sinode Middelburg 1581 gevolg asook die Sinode s'Gravenhage 1586 (3.2.2.2.4). Tydens die Sinode van s'Gravenhage is daar ook 'n bydrae gelewer met 'n teologies-etiese inslag. Tydens die Provinsiale Sinode Zeeland 1591 (3.2.2.2.5) word daar in artikel 39 Kerkorde gepraat oor kerkvisitasie. Met hierdie Kerkorde artikel 39 is daar ook 'n teologies-etiese kant. Die draaipunt in Nederland het gebeur tydens die Sinode van Dordt 1618/1619 (3.2.2.2.6). Tydens hierdie sinode is kerkvisitasie vasgelê in Kerkorde artikel 44. Dit wys hoe daar gereformeerd-kerkregtelik-eties kerkvisitasie gedoen moet word. Tydens die Sinode van Delft 1721 (3.2.2.2.7) was die *Kerkelyk Handboekje* met 'n kerkvisitasiereglement (3.2.2.2.7.1) op die tafel gesit. Teologies-etiese kerkvisitasie hou hom besig met 'n riglyn en nie met 'n reglement nie.

Na die ontstaan van die GKSA (3.2.2.3) is daar aandag gegee aan kerkvisitasie. Tydens die Sinode van die GKSA 1862 word die Dordtse Kerkorde aanvaar en daarmee saam ook artikel 44. Dit was egter 'n worsteling om kerkvisitasie prakties uit te voer as gevolg van die afstande en min gemeentes. Dit is hanteer op kerkvergaderings met bepaalde vrae. GKSA Sinode 1873 (3.2.2.3.3) het elf vrae op die tafel gesit. Tydens vergaderings van GKSA Sinodes 1879 tot

1910 (3.2.2.3.4) is verskeie kere gevra vir kerkvisitasie. Met GKSA Sinode 1936 (3.2.2.3.5) is gevra dat die vrae wat goedgekeur is op GKSA Sinode 1873 uitgebrei moet word. Daar is toe weer na die vrae gekyk en gewysigd aanvaar.

Tydens GKSA Sinode 1955 is 'n rapport ter tafel geneem wat onderskei tussen artikel 41 en 44 Kerkorde. Dit is toe dat die praktyk van kerkvisitasie gevestig is in die ressort van klassisse. Hierdie praktyk is nog steeds van krag.

Die twaalf vrae van 1939 is gereformeerd-kerkregtelik (Acta, 1939:42-3). Dit is nog steeds geldend in die praktyk van kerkvisitasie in die GKSA. Daar het egter 'n derde vraag bygekom tydens Sinode 1994 (Acta, 1994:246). Hierdie dertien vrae gee gestalte aan Kerkorde artikel 44. Na 1955 (Acta, 1955:182-6; Kruger *et al,* 1966:271) is kerkvisitasie gedoen soos ons dit vandag het. Hierdie praktyk van kerkvisitasie moet nie net kerkregtelik (Kerkorde, artikel 44) bekyk word nie, maar daar moet ook na die kern (hart) gekyk word. Daaruit is dit belangrik dat die herderlik-etiese aard van belang is. Indien dit verkeerd gaan in 'n gemeente (sonde), moet visitatore hul in liefde vermaan. Indien dit reg en goed gaan, moet hulle vertroos word in die geloof en versterk word met hoop.

Die dertien vrae (Acta, 1939:42-3; Acta, 1994:246) is nog steeds van krag tydens kerkvisitasie. Dit vorm 'n riglyn en is nie 'n reglement nie.

Vraag een wys op die feit dat daar twee maal op 'n Sondag Woordverkondiging moet plaasvind. Die Woord en wet is juis die middel wat gebruik word om 'n saak eties te beoordeel. Dit geskied teen die agtergrond van vermaning, vertroosting en versterking. Vanuit die middel (Woord en wet) moet daar gekyk word na die motief, nl. die waarheid in liefde, die doel die eer van God en die gevolg, nl. verharding of bekering.

Vraag twee sluit aan by vraag een en wys op die kategismusprediking. Die kategismus (leerboek) fokus op die leer en lewe. In die Kategismus word gewys op die wet waaruit jy jou sondekennis verkry. Dit is 'n tugmeester na Christus en 'n reël van dankbaarheid. Dis belangrik dat alle dienste goed bygewoon word.

Vraag drie wys op katkisasie (huis en kerklik). 'n Kind van God leer in die huis deur voorbeeld en in huiskatkisasie van die leer en die etiese sy (lewe). Dit veronderstel vermaning indien die leer en lewe verkeerd is, maar ook vertroosting en versterking indien dit reg is. Dit geld ook vir kerklike katkisasie.

Vraag vier wys op die prediking wat eenvoudig moet wees. Die hoorders moet hoor en verstaan, sodat hulle dit ook kan toepas op hulle lewe. Die inhoud van die prediking moet lewensprakties wees sodat 'n etiese lewe gevoer kan word.

Vraag vyf wys op die doop. Dit is sigbare prediking waarin die sakrament kragtens die Woord bedien moet word. Dit is eties korrek om by die verbondspraktyk te bly soos dit in die Woord en belydenisskrifte uiteengesit word.

Vraag ses sluit aan by die Woordverkondiging in vraag een. Huis- en siekebesoek word ook deur middel van die Woord gedoen. Hierdie bediening is gerig op die eer van God en die gevolg daarvan is bekering of verharding. Die besoeke van predikant, ouderling en diaken behoort dienooreenkomstig gedoen te word.

Vraag sewe dui op die ouderlinge se verslagvergadering (*censura morem*) wat toesig hou oor die gemeente. Die agenda is die leer en lewe van elke lidmaat. Hierdie lewe van lidmate moet eties korrek wees, nl. die regte motief, doel en middel sodat die gevolg bekering is en nie verharding nie. Daar behoort na die hart en die daad gekyk te word.

Vraag agt handel oor die nagmaal. Daar moet die regte selfondersoek wees oor leer en lewe voor nagmaal. 'n Gelowige wat nagmaal vier se lewe moet eties reg wees volgens dit wat God vereis. So moet 'n gelowige as bekeerde nagmaal vier.

Vraag nege dui op die armes wat versorg moet word. Dit is veral die diakenamp wat hieraan aandag moet gee. Gelowiges gee bystand aan behoeftige lidmate met die regte motief en doel.

Vraag tien is die onderwysvraag. Die kerk moet toesien dat kinders in die allerheiligste geloof ook in die onderwys opgevoed moet word. Hul moet in hul totaliteit toegerus word vir hulle roepingsvervulling. Dit hou in dat hul leer en lewe suiwer moet wees. Die suiwere lewe word gebou op die regte motief, doel, middel en gevolg.

Vraag elf wys op die uitbreiding van die koninkryk van God. Dit is van die uiterste belang, juis ook omdat dit 'n direkte opdrag van God is (Matt. 28:18-20). Die apostolaat is 'n Bybelse opdrag wat aandag gee aan die leer en lewe ten opsigte van sending en evangelisasie. Die evangelie moet korrek aangebied word.

Vraag twaalf handel oor advies en hulp wat van die visitatore gevra word. Hierdie is 'n belangrike geleentheid waaroor daar onder andere vrae gevra kan word oor hoe om etiese sake te hanteer.

Vraag dertien is die vraagstuk oor die traktement en pensioen van 'n predikant. 'n Predikant moet leef van die evangelie en dit is 'n etiese saak. God bly die een wat versorg. Die kerkraad is die kanaal of instrument in diens van God. Hul moet die predikant na behore en na behoefte versorg. Hul word met hul gewetens voor God gestel of hierdie versorging eties korrek is.

Die vraag na die begronding van ’n teologies-etiese manier van kerkvisitasie word vervolgens in hoofstuk 4 hanteer.

## Hoofstuk 4: Die teologies-etiese begronding van kerkvisitasie

### 4.1 Inleiding

Die woord kerkvisitasie kom van die Latynse woord *visitation* (Engels:*visit*). Die Latynse werkwoord *visitare* beteken besoek of herhaalde besoek (Flemming, 1961:9). Bouwman (1970:157) sluit by die gedagte aan en sê dit is om dikwels te sien, te besoek of te ondersoek. Volgens De Villiers (1980:1) gaan kerkvisitasie daaroor om ondersoek in te stel. Flemming (1961:9) definieer kerkvisitasie soos volg: *"Kerkvisitasie kan dus omskrywe word as die persoonlike ondersoek na die orde en welsyn van ŉ kerk (gemeente) by geleentheid van ŉ besoek aan die plaaslike gemeente deur die kerklike visitatore wat deur die ringsvergadering gedeputeer is"*.[2]

Kerkvisitasie binne die GKSA kan beskryf word as ŉ gereelde, voorkomende herderlike besoek aan alle kerke in die ressort van die klassis deur twee ervare, bekwame visitatore om te let op diens, leer, orde en onderrig, asook om dit te bevorder deur te vermaan, te vertroos en te versterk. Die bedoeling is om vrede te bevorder (nie wanorde nie), om opbou te stimuleer (nie af te breek nie) en die bedoeling van God met die gemeente uit te bou (nie te demp nie)(1.2.2).

Die Kerkorde van die GKSA rus op Skrifbeginsels en die presbiteriale kerkregeringstelsel. Dit veronderstel die regte kerkbeskouing (hoofstuk 2). Die GKSA het, ook op voetspoor van die Dordtse Kerkorde van 1618/1619, kerkvisitasie deel van sy kerkregeringstelsel gemaak en dan ook in sy Kerkorde opgeneem. Weens die gevaar van independentistiese benadering (De Villiers, 1980:5) is dit belangrik dat kerkvisitasie gedoen word. Daar moet egter ook nie na die ander kant, naamlik genootskaplike kerkbegrip (hiërargie) oorgehel word nie. Dit gebeur as kerkvisitasie die vorm van ŉ inspeksie aanneem (Van der Linde, 1983:163).

In die studie lê die klem nie op die feit dat kerkvisitasie gedoen word nie, maar hoe kerkvisitasie gedoen behoort te word. Die hart en gesindheid is van belang. Daarom is dit belangrik dat daar ŉ Skriftuurlike begronding is. Dit bou op die begrip kerk (hoofstuk 2) en hoe dit gereël word in die Kerkorde.

Kerkvisitasie word in hierdie etiese studie saamgevat in drie herderlike begrippe, nl. vermaning, vertroosting en versterking. Dit word aan die hand van die etiese sleutel van motief, middel, doel en gevolg gebruik. Met hierdie etiese sleutel word ondersoek gedoen na hoe daar kerkvisitasie gedoen behoort te word. Christus, die Groot Visitator, kyk nie vas teen die uiterlike nie, maar kyk na die innerlike (1 Sam. 16:7). Daar moet tydens kerkvisitasie gekyk word na die hart van die kerk. Die kerk moet antwoord gee aan die Groot Visitator deur middel van

---

[2] Flemming praat as leraar van die NG Kerk van "die ring" en "gedeputeerdes".

visitatore. Hierdie studie wil dan ook daartoe bydra dat visitatore toegerus sal wees om in beginsel te kyk wat kerkvisitasie is en dit eties uit te voer.

## 4.2 Skriftuurlike begronding van kerkvisitasie

### 4.2.1 Inleidend

Op voetspoor van die Dordtse Kerkorde (1618/1619) berus die Kerkorde van die GKSA op beginsels uit die Skrif geneem. Artikel 44 van hierdie Kerkorde beskryf die orde rondom kerkvisitasie. Die Woord van God is die basis waarop artikel 44 Kerkorde berus.

### 4.2.2 Skriftuurlike begronding

Die laaste boek van die Bybel beskryf Christus wat sy gemeentes besoek, die Visitator wat self tussen die goue kandelare (sy kerke) beweeg. Dit vertel van die Goeie Herder wat as Here van sy kerk sy kerk van alle eeue besoek en lei (Op. 1:13-6; Flemming, 1961:11). Die kern van die Skriftuurlike begronding van kerkvisitasie lê dan ook in die Nuwe Testament en veral in Openbaring 2 en 3.

God openbaar Homself in die Bybelse geskiedenis as die Een wat besoek, die Visitator. Namate die openbaring histories ontplooi het, kom God as Visitator om sy volk te vermaan, te vertroos en te versterk. Alhoewel kerkvisitasie duideliker in die Nuwe Testament voorkom, lê die oorsprong daarvan in die Ou Testament, nl. God se handel en wandel met die gelowige volk Israel, asook met gelowige individue.

### 4.2.3 Ou Testament

#### 4.2.3.1 Uiteensetting

Van die skepping van die mens lees ons dat God uit liefde vir die mensdom moeite doen om mense te besoek. In die Ou Testament lees ons telkens hoe die alwetende God self, of deur mense wat Hy stuur (soos die profete), by mense besoek aflê.

Nadat Adam en Eva in sonde geval het, het God hulle nie maar net aan hulle lot oorgelaat nie, maar hulle besoek (Gen. 3:8). As die eerste en dan ook op daardie stadium die enigste mense, was hulle twee die kerk van destyds (HK So. 21, vr. en antw. 54). Selfs al het Adam en Eva weggekruip, het Hy het na hulle geroep (Gen. 3:9). Die Here het persoonlik vir Adam en Eva tot verantwoording geroep en daarna 'n verslag van sy bevinding voorgehou (Gen. 3:14-9). In hierdie reaksie van God op die sonde, is Christus reeds ingesluit (Gen. 3:15) as die Een wat verlossing bring en die mens in 'n herstelde verhouding met God bring.

Genesis 4 vertel van Kain en Abel, die eerste twee seuns wat gebore is, wat besig is om 'n godsdienstige ritueel uit te oefen, naamlik om vir God te offer. Abel se offer is aanvaar, Kain s'n is verwerp – 'n verdere voorbeeld van God se betrokkenheid by sy kerk en die motief waarmee hulle hulle godsdiensrituele uitvoer. Dit het egter tweespalt en moord tot gevolg gehad – 'n onetiese hantering van 'n verbreekte verhouding met God. Na die moord het God steeds vir Kain besoek en hom tot verantwoording geroep.

God het later ook vir Noag besoek. Sy gesin as kerk was veilig in die ark terwyl die res van die mensdom vernietig is (Gen. 6-8). God het 'n verbond gesluit met Noag waarin Hy onder andere die verbond met Adam en Eva bevestig het (Gen. 9).

So het God individue besoek, maar ook sy volk (kollektief). Sy direkte besoeke by sy volk doen Hy juis kragtens sy verbond (Gen. 1,9,12,15,17). Hy eis rekenskap van sy volk se rentmeesterskap, sowel individueel as kollektief. Hulle moet eties leef kragtens die verbondseise.

Toe die volk in Egipteland slawe geword het, het God hulle lyding gehoor (Eks. 3:24). God het aan sy verbond gedink (Luk. 2:72-3) en sy volk in liefde opgesoek.

God soek sy volk op in die woestyn en gee 'n duidelike opdrag na sy verbondsvernuwing by Sinaiberg (Eks. 19), nl. die Tien Gebooie (Eks. 20; Deut. 5 – met die samevatting van die Tien Gebooie in Deut. 6:4). Die Tien Gebooie is die toetssteen en die riglyn vir elke aspek van gelowiges se lewe, juis dan ook vir etiese kerkvisitasie – die middel waarmee eties beoordeel word. Die motief is liefde en die doel is die eer van God se naam. Daar word verwag dat gelowiges hulle sal bekeer kragtens die wet van God. Die wat nie tot bekering kom nie, verhard as ongelowiges.

Wanneer die volk vermaan moet word, is die Tien Gebooie die spieël. Die volk het egter afgedwaal met die afgodiese aanbidding van die goue kalf (Gen. 32). God besoek persoonlik vir Moses oor die saak (Gen. 32:7-10). Nadat die klippe waarop die Tien Gebooie geskryf is stukkend gegooi is, het God dit weer op twee kliptafels opgeteken. So is sy Wet en ook ander verbandhoudende wetlike bepalings opgeteken. God het verder met Israel gehandel en Hy het dit gedoen teen die agtergrond van die Wet met die verwagting van 'n Verlosser (Messias - Gen. 3:15) wat sou kom. Die volk beërwe die beloofde land en Hy vernuwe sy verbond by Sigem (Jos. 24). God het sy volk kom besoek (kerkvisitasie) om opnuut sy verbintenis te vernuwe.

In die tyd van die rigters het God telkens besoek afgelê om die volk reg te laat rig.

God het ook in die tyd van die konings persoonlik bemoeienis gemaak. Na Dawid se sonde met Batseba word die profeet Nathan die visitator wat namens God optree. As profeet van die Here

berispe hy koning Dawid (2 Sam. 12; Ps. 32, 51). Nathan het by Dawid op ŉ herderlike wyse ŉ verhaal gebruik om Dawid se dade as ŉ etiese middel uit te wys en sy motief bloot te lê. Dawid se optrede was nie tot God se eer nie. Op grond van die insig verkry deur die verhaal en sy toepassing, het Dawid tot bekering gekom (Ps. 32, 51).

Die profete is dus in die koningstyd gestuur as ŉ korrektief op die konings se verkeerde keuses en leiding. So is die koning vermaan, maar ook die kerkvolk (Ou Testamentiese volk van God).

In die tyd van die profete het God deur die profete aan die woord gekom. Die volk is kragtens die verbond en verbondsbepalings (wet – riglyn vir kerkvisitasie) vermaan en vertroos. God was die Visitator wat die profete gestuur het om die volk, die kerk van die Ou Testament, te besoek. God se kerk moes ware kerk wees volgens die beloftes en eise wat Hy as Here van sy volk daargestel het (vergelyk al die groot en klein profete).

In die tyd van Jeremia was die volk troosteloos (Klaagl. 1:2,9,16,21, 2:13). In die volk was daar individue wat vertroos moes word (Ps. 22:4, 20:21, 85:17, 93:19, 118:1 en verder). God het ook die volk vertroos (Jes. 51:19, 54:11 en verder). So troos God sy volk: *"Troos, troos my volk."* (Jes. 40:1), want die Here is die Herder (Jes. 40:11; Ps. 23). Hierdie troos is soos ŉ moeder wat haar kind troos (Jes. 66:13; Ps. 131:2; TDNT. 1971, 5:789-90). Hierdie besoeking (kerkvisitasie) gee vir die volk vermaning en troos asook versterking. Hierdie troos en vermaning rus op die verwagte Messias wat as Middelaar sou kom (Jes. 53; Joh. 14:16; 1 Joh. 2:1; TDNT. 1971, 5:790). Dit het gebeur toe Jesus Christus gekom het. Hy sal weer kom aan die einde van die dae (die hoopgedagte).

Die Here het mense soos Abraham, Isak, Jakob, Moses, die rigters, konings en die profete in staat gestel om die volk namens God te vermaan en te vertroos. Deur sy Gees is hulle begiftig en deur sy Woord is daar besoeking (kerkvisitasie) gedoen (Spr. 8:9; Ps. 118). Partykeer het God self ook in sigbare gestalte besoek afgelê, soos gebeur het met Abraham en Jakob (Gen. 22, 32).

#### 4.2.3.2 Gevolgtrekking

Visitator: In die Ou Testament was God self die Visitator.

Menslike visitator: God het mense gebruik om besoeke (kerkvisitasie) te doen (vgl. Moses, Samuel, Nathan en ander profete). God het dus in die Ou Testament geroepe mense gebruik as sy gevolmagtigdes om in sy naam sy volk te gaan ontmoet.

Doel: Daar is geestelike ondersteuning en bystand gegee (Jes. 63:5, 59:16; Ps. 3:5, 27:17). Dit moes rus bring vir die volk deur God se krag (TDNT. 1971, 7:655). Hy het sy volk self deur mense getroos, vermaan en versterk.

Die etiese sleutels, nl. motief, doel, middel en gevolg is van krag.

#### 4.2.4 Nuwe Testament

##### 4.2.4.1 Inleidend

Soos in die Ou Testament is God steeds die Visitator. Ons sien in Openbaring 1 tot 3 dat Christus dié Visitator is wat tussen die goue kandelare (sy kerke) beweeg. Hy sê self aan die leraar van die gemeente te Efese: *"So sê Hy wat die sewe sterre in sy Hand het en wat tussen die goue lampe rondgaan."* (Op. 2:1). Die sterre dui op die leraars en die goue lampe op die kerke (Op. 1:20). Jesus Christus gaan tussen die kerke rond. Hy is wandelende. Hierdie sin in die oorspronklike taal het 'n personifiserende werkwoord wat voorafgegaan word deur 'n lidwoord. Die lidwoord word sowel terugwerkend as vooruitwerkend gebruik. Jesus Christus is by sy kerk reeds van die begin van die wêreld af betrokke en steeds vandag en in die toekoms. Dus het visitatore wat in sy Naam besoek gaan aflê 'n etiese verantwoordelikheid om reg op te tree.

Die Griekse werkwoord *peripateo* dui op loop of omgaan (Matt. 4:18; Louw *et al*, 1988:209) of bly (TDNT, 1970:941) of rondloop. (TDNT, 1070:944). Dit dui op letterlik of figuurlik loop (DNTT, 1979:943-4). So het God in die Ou Testament letterlik gewandel in die aandlug (Gen. 3:8,10; Ps. 103:3). Dit dui ook op figuurlik loop (2 Kon. 20:3). In die Nuwe Testament word die woord ook letterlik en figuurlik gebruik. Paulus het dit byvoorbeeld figuurlik bedoel dat 'n mens in die vlees loop (Ef. 2:2) of in die gees (Rom. 8:4, 14:15; Gal. 6:16; DNTT, 1979:944). Petrus (1 Pet. 5:8) sê dat die duiwel soos 'n brullende leeu rondloop en kyk wie hy kan verslind (DNTT, 1979:945; TDNT, 1970:944). As Jesus Christus tussen sy kerke wandel, is Hy by hulle (TDNT, 1970:945). Die gelowiges is in Christus en wandel as kinders van die lig (Ef. 5:8). Jesus Christus lei sy kerke deur al die eeue (Op. 1:13-6; Flemming, 1961:11). Volgens Bouwman (1934:156) is kerkvisitasie gevestig in die Nuwe Testamentiese kerke (Hand. 9:32, 15:41, 16:4, 18:23; 1 Kor. 4:19, 16:5-8; Spoelstra 1974:34). Jesus Christus doen dit as die Gesalfde, die ewige Koning, enigste Hoëpriester en hoogste Profeet (HK Sondag 12, vr. en antw. 31). Dit het 'n etiese implikasie, want 'n visitator, in diens van die Groot Visitator, moet dus koninklik vermaan, profeties vertroos en priesterlik versterk.

#### 4.2.4.2 Skriftuurlike begronding

Die *Locus classicus* van kerkvisitasie word volgens De Villiers (1980:2) gevind in Handelinge 15:36 (kyk ook Celliers, 1995:12; Coertzen, 1992:4; Spoelstra, 1974:36). Daar is ook verskeie ander Skrifgedeeltes wat insiggewend is ten opsigte van kerkvisitasie (Hand. 15:40; Fil. 2:19-24; Hand. 19:22; 1 Kor. 16:5-8; Op. 2:en 3). Verskillende navorsers (Celliers, 1995:12; Coertzen, 1992:4; Spoelstra, 1974:36) het Handelinge 15:36 gebruik om kerkvisitasie te begrond. Paulus sê vir Barnabas hulle moet *"gaan kyk hoe gaan dit met die gelowiges in al die stede waar ons die Woord van die Here verkondig het."* Hierdie is dan ook die begin en die motivering vir Paulus se tweede sendingreis. Slotemaker de Bruine (1929:606) beskryf hierdie vers as die senu (kruks) van kerkvisitasie.

Met die begrip *"kom laat ons kyk hoe dit gaan met die gelowiges…"* word daar teruggekeer na die gestigte gemeentes. Die Griekse begrip *epistrefo* beteken omkeer. Geestelik kan die betekenis ook wees bekeer (TDNT, 1970:726). Paulus en metgeselle gaan fisies terug op hulle spoor. Dit is 'n herderlike besoek waarin daar 'n besorgdheid oor die kerke is (TDNT, 1970:604). Hulle gaan fisies kyk hoe dit geestelik gaan met die gemeente. Die begrip wat hiervoor gebruik word in Handelinge 15:36 is *episkeptomai.* Die woord volgens TDNT (1970:605) wys daarop dat dit kerkvisitasie is. Daar staan *"The visit which they plan to the churches founded by them has the character of a visitation excuted in virtue of their apostolic office and commission."*

Paulus het die kerkvisitasie met sy selfopgelegde besorgdheid in sy hart begin. Dit is nie bloot 'n gewone besoek nie, maar 'n besorgde besoek (Louw *et al*, 1988:463; TDNT, 1970:604). Dit is 'n herderlike besoek (in liefde) waarin die versorgende oog van Paulus en Silas oor die Here se kerke gaan. Dit is 'n inherente opdrag waarin hulle in diens van die Groot Visitator Jesus Christus staan. Met 'n herderlike hart (Heb. 12:14-6) kyk hulle verantwoordelik na die gemeenskap van gelowiges en sien om na die belange van die kerke (TDNT, 1970:603). Hulle moet onder andere kyk dat die gelowiges nie veragter in die genade nie (Heb. 12:15).

Kerkvisitasie is nie net gefokus op die kerk na binne nie, maar moet ook nagaan hoe die kerk sy taak na buite uitvoer (Hand. 15:14). Daar moet dus sowel omgesien word na die kerk self, as toegesien word dat diegene buite die kerk deur middel van sending en evangelisasie bereik word (1 Tim. 5:8; Gal 6:2; Louw *et al*, 1988:463). God help sy kerk deur besorgde gelowiges wat die evangelie bedien. Hulle wil gewilliglik hulp verleen en geestelik en fisies 'n bydrae lewer (Heb. 13:23; Matt. 25:43; Rom. 15:24; Louw *et al*, 1988:453). Die Woordbediening, nl. sending en evangelisasie het die gevolg dat daar verharding of bekering is.

Die *locus classicus* (soos hierbo genoem), nl. Handelinge 15:36, wys op kerkvisitasie. In kerkvisitasie moet daar teruggekeer word na die kerke en gekyk word na die hart van die

gemeente en dit moet beoordeel word. Die innerlike gesindheid en die manier van optrede behoort nagegaan te word. Daar moet gekyk word na motief, doel, middel en gevolg. Om hierby uit te kom behoort kerkvisitasie gedoen te word op 'n wyse wat die waarheid in liefde betrag.

Paulus was herderlik besorg oor die gemeentes wat hy gestig het (Celliers, 1995:12). Omdat Paulus 'n apostel is, was hy nie net pastor van 'n enkele gemeente nie, maar hy was ook besorg oor al die gemeentes. Hy het sy hulp aan al die gemeentes gegee wat dit nodig gehad het, want hy wou nie hê dat daar skade by hulle moet kom nie (Calvyn, 1979:84). Groter kerke moes herderlik omsien na kleiner kerke (Calvyn, 1979:85). Die tug mag nie die selfstandigheid van die gemeente misken het nie. So is daar besoek afgelê om te kyk hoe dit gaan. Paulus weet dat die orde en toegewydheid maklik kan taan. Daar moet deurlopend daarna gekyk word (Calvyn, 1979:85). Volgens Calvyn kan die duiwel veroorsaak dat kerke en afsonderlike lidmate tot 'n val kom. Daarom het Paulus met sorg gehandel met sy leerlinge Timoteus en Titus.

Paulus het vir Timoteus na die gemeente van Filippi gestuur om te verneem na hulle omstandighede (Fil. 2:19; De Villiers, 1980:2). So hoor Paulus van die Galasiërs se welstand en reageer met 'n brief. Hy is besorg oor die kerke (Celliers, 1995:12). Paulus reageer teenoor ander gemeentes ook met die skryf van briewe (vgl. 1 en 2 Kor.). Deur die briewe wil Paulus skriftelike advies gee om sake reg te stel. Dit is vermanende vertroosting.

As die apostels nie gemeentes weer persoonlik kon besoek nie, is ander gelowiges gestuur. So is daar op 'n liefdevolle wyse erns gemaak om kerkvisitasie op 'n behoorlike wyse te laat plaasvind en persoonlik aandag gegee aan die belange van die kerke (Hand. 19:22; 1 Kor. 16:5-8; Fil. 2:19-24). Johannes (2 Joh.) skryf aan 'n bepaalde plaaslike gemeente (2 Joh.:12; Du Plessis, 1978:137,145) en wys op die waarheid in liefde (2 Joh.:4-6). Hy waarsku ook teen 'n ander leer (2 Joh.:7-11). Hy skryf in die brief vir die gemeente dat hy persoonlik na hulle toe wil kom (2 Joh.:12). Hierin sien ons dat Johannes as visitator na die gemeente toe wil kom om juis te sorg dat die gemeente kerk van Jesus Christus moet wees omdat hy besorg is oor die kerke (Celliers, 1995:12). In sy besorgdheid word veral na die motief van liefde by die gemeentes gekyk.

#### 4.2.4.2.1 *Steritsio en parakaleo*

Daar is sekere begrippe wat op die inhoud van besoeke dui (De Villiers, 1980:3,4). De Villiers noem *steritsio* wat beteken om te versterk (Hand. 15:41, 16:5, 18:23; Rom. 1:11). Dit is 'n begrip wat dui op stabiliteit teenoor onstabiliteit (2 Pet. 2:14, 3:16; TDNT. 1971, 7:657). *Steritsio* beteken verder om iets op te bou (TDNT. 1971, 7:656; Louw *et al,* 1988:228). Die begrip *steritsio* is juis om in die geloof versterk te word asook die uitlewing (opbou en uitbou)

daarvan (Luk. 22:32). Dit het 'n hoopvolle aksie in gedagte. In die voorafgaande gedeelte in Lukas kry Petrus die opdrag om na sy bekering sy medegelowiges te versterk (Groenewald, 1973:238). Dit dui ook op ondersteuning sodat die gelowiges regop kan staan. Dit is 'n versterking sodat die gelowiges ferm en standvastig kan wees (TDNT. 1971, 7:653-4). Ten spyte van aanslae en beproewinge moet hulle sterk kan staan. God is die oorsprong van hierdie sterkte (TDNT. 1971, 7:657). So kan met hoop gebou word op die toekoms. Eties moet daar aan die hoop aandag gegee word deur versterking. Die motief, doel, middel en gevolg moet as etiese sleutels gebruik word. So word die gemeentes deur Paulus en Timoteus in Handelinge versterk (Hand. 16:5; Bruce, 1981:324; Louw *et al,* 1988:678) sodat hulle ferm en standvastig in God kan wees. Die gevolg is dat gelowiges bekeerdes is wat standvastig is.

Die tweede begrip is *parakaleo* (Hand. 16:40, 20:2; Brown, 1995:339-40; De Villiers, 1980:3). Dit is 'n parallelle begrip van *steritsio* (TDNT. 1971, 5:773). Die woord beteken vermaning, vertroosting en bemoediging (Brown, 1995:339). Volgens Louw en Nida (1988:185) is dit om te vra met erns. Dit is nie ligtelik nie, maar indringend. Volgens DNTT (1971, 1:569) beteken die begrip *parakaleo* om in te nooi, in te roep, te waarsku en te vermaan. Vir die begrip kerkvisitasie is dit van belang dat dit ook vermanende bemoediging kan beteken en ook om op te beur. Vir kerkvisitasie is dit van belang dat dit bemoedig kan beteken asook om op te beur (DNTT. 1971, 1:569; TDNT. 1971, 5:795-8; Louw *et al,* 1988:185). Dus moet daar met vermaning gekyk word na die etiese sleutels, nl. motief, doel, middel en gevolg.

In Handelinge 15:32 het Judas en Silas gelowiges in Antiochië bemoedig en versterk. Dit het ten doel gehad om die gemeente te vermaan, te bemoedig, te versterk en op te beur. Timoteus is ook gestuur na Tessalonika om hul te versterk en moed in te praat (1 Tes. 3:2; Du Preez, 1981:47). In die brief aan Tessalonika moedig Paulus die gelowiges aan (*parakalein)* om die regte lewenswandel te hê (De Villiers, 1983:31). Dit gebeur deur die genade van God en die liefde van die Heilige Gees (Rom. 15:30). Paulus en Silas is na Lidia se huis in Filippi gestuur om die gemeente te bemoedig (Hand. 16:40; Bruce, 1973:341) en te troos (De Villiers, 1983:40). In Masedonië is die gelowiges aangemoedig (De Villiers, 1983:106). Die genadegawe het 'n opgawe wat nooit nutteloos mag wees nie (2 Kor. 6:1). Hierdie opgawe hou in dat kerkvisitasie en visitatore korrek moet wees met hulle vermaning om so getrou aan God te wees (Hand. 11:23; De Villiers, 1977:235) ter opbouing en vertroosting (DNTT. 1971, 1:571). So word Barnabas die man genoem van bemoediging (Hand. 11:24; Bruce, 1981:240; TDNT. 1971, 5:796), want hy was 'n goeie visitator wat bemoedig het. Dit is van belang vir 'n etiese visitator om dienooreenkomstig op te tree.

Daar is 'n direkte verband tussen vermaning en vertroosting in die begrip *parakaleo* (Heb. 12:5; Spr. 3:11-2; TDNT. 1971, 5:797). Die Here vermaan deur sy gestuurdes (2 Kor. 5:20, 6:1).

Gelowiges word onder andere vermaan om te volhard in die geloof (Ef. 4:1; Fil. 4:2; Rom. 12:1; 2 Kor. 10:1; 1 Pet. 2:11, 5:1; 1 Tes. 4:1; 1 Tim. 4:1). Hierdie geloof is 'n gawe wat uit genade ontvang word (Ef. 2:1-10; Rom. 12:1) in Christus (Fil. 2:1; 1 Tes. 4:19; 2 Tes. 3:12) in die liefde van die Heilige Gees (Rom. 15:30; TDNT. 1971, 5:795). Hierdie geloof as opgawe moet oorgaan in dade (goeie werke HK Sondag 33, vr. en antw. 91). Gelowiges in kerke moet daadgelowiges wees (Jak. 2:14-26). Die gesante van God moet dus in Christus die gelowiges vermaan om op die regte pad te bly (1 Tim. 5:1, 6:2; 2 Tim. 4:2; Tit. 2:6,15). Die gesante help dan die gelowiges (Heb. 3:13, 10:25) met die doel om op te bou (1 Kor. 14:3; 1 Tes. 5:11) en nie af te breek nie. Sulke gesante was Judas en Silas (Hand. 15:28,31). Hulle het as visitatore mondelings vermaan. Die gelowiges is ook versterk (Hand. 11:23, 14:22, 20:1). So 'n taak het Timoteus ook vervul in Tessalonika (1 Tes. 3:2). Soos 'n ervare kerkvisitator was hy soos 'n pa vir sy kinders (TDNT. 1971, 5:796). Hierdie vermaning geskied deur die Woord (2 Tim. 3:16-7) en die wet (HK So. 2, vr. en antw. 3). Dit is die middel waamee 'n kerk eties beoordeel word.

Omdat vermaning troos inhou, is die gesante ook daar om as gevolmagtigdes te vertroos (2 Kor. 5:20; 6:1). Dit geskied net soos vermaning deur die Woord (Rom. 15:6). Daar moet gekyk word na die onderlinge liefde (motief) in die gemeente (Kol. 2:2). So is verskillende gesante gestuur om te troos en te bemoedig. Tichikus is gestuur (Kol. 4:8) na Kolosse, Timoteus na Tessalonika (1 Tes. 3:7) en Titus na Korinte (2 Kor. 7:7) om te troos en te bemoedig (TDNT. 1971, 5:797). Hierdie troos is 'n Godsdaad. Hy stuur sy gevolmagtigdes (visitatore) om te troos. Te midde van swaarkry en beproewing moet die gelowiges opgeskerp word met die troos. Dit is om in die geloof opgebou te word deur middel van die Woord tot eer van God. As getroosdes is hulle ook bekeerdes.

In 2 Korintiërs 1:3 word aan die Korinte-gemeente gesê dat, met die troos waarmee hulle getroos is, hulle andere kan troos. Vir kerkvisitasie is dit dan van verdere belang dat visitatore gelowiges moet wees wat geloofservaring het. Hulle moet self getroos wees om andere te kan troos. Paulus is 'n uitstekende voorbeeld en 'n persoon wat die lewe geken het (Fil. 4:10-3; Müller, 1977:79-80). Paulus het ook vir Timoteus bemoedig (1 en 2 Tim.). Paulus is weer op sy beurt deur Timoteus bemoedig en vertroos (1 Tes. 3:7; Du Preez, 1981:50). Deur hierdie bemoediging moet die gemeentes hoopvol wees. So moet gemeentes, deur hulle te bemoedig, ook op die hoopgedagte gewys word, nl. die wederkoms. Gemeentes moet heilig leef in die tyd van afwagting (Visser *et al,* 2002:629). So is die gemeente in Tessalonika opgeskerp om die heiligmaking na te streef (1 Tes. 4:3). Dit veronderstel regverdigmaking en heerlikmaking (Rom. 8:29-30). In kort, die hele heilsorde moet uitgeleef word terwyl heiligmaking nagestreef word (die derde deel van die HK, So. 32-50). Daar behoort dan aangetoon te word dat die gemeente dogmaties-eties reg moet leef. Die feit is duidelik dat God sy werk voltooi volgens sy wil (Fil. 1:6). Hy laat vaar nie die werke van sy hande nie (Müller, 1977:81). Al sou die

gemeente verdruk word (2 Tes. 2:16-7; Visser *et al,* 2002:635), moet hul nog steeds volhard in die geloof.

In die uiteensetting van *parakaleo* en *steritsio* blyk dit dat dit begrippe is wat by mekaar aansluit (TDNT. 1971, 5:797). Bemoediging en versterking staan sentraal en dit is belangrik vir die etiek van kerkvisitasie. Vermanende vertroosting hoort op die agenda vir kerkvisitasie.

Hierdie begrippe dui daarop dat gelowiges mekaar se laste moet dra (Gal. 6:2), alhoewel elkeen ook afsonderlik sy eie las sal moet dra. Ons is medeverantwoordelik vir mekaar deur mekaar te ondersteun (Lategan, 1986:111). Kerke staan nooit los van mekaar nie, net soos die lede ook nie los staan van mekaar nie. As een lid ly, ly al die lede (1 Kor. 12:25). Daarin word vir mekaar sorg gedra (Groenewald, 1967:166). Kerkvisitasie is dan onderlinge besoeke om toe te sien wat die toestand van sake is. Daar word dan raad gegee, hulp verleen, leiding asook vermanende vertroosting gegee (Flemming, 1961:11; TDNT. 1971, 5:795-8). Met kerkvisitasie word die eenheid in kerk en kerkverband beleef. Dit het nie skeuring of verdeeldheid in die oog nie (Groenewald, 1967:166).

Volgens De Villiers (1980:4) word die doel van kerkvisitasie juis gegee in die woorde van Efesiërs 4:11-13, nl. om die gelowige toe te rus vir hulle dienswerk tot opbou van die liggaam van Christus (Brown, 1995:341). Dit is dus om te bou en nie te breek nie (2 Kor. 13:10). Dit is dan ook die doel van alle dienswerk in die kerk van onse Here Jesus Christus. Daar moet juis gekyk word of die kerke self kan funksioneer en ook of hulle in kerkverband kan funksioneer (Celliers, 1995:17).

Christus is die Een wat deur sy Gees en Woord toesien dat gelowiges opgebou word in die allerheiligste geloof. Hy is die Visitator wat tussen die goue kandelare (sy kerke) beweeg. Hy lei sy kerke van alle eeue deur sy herderstaf (Op. 1:13-6; Flemming, 1961:11). Dit hou dan ook in dat Hy as Visitator verslae oor die kerke in Klein-Asië gee (Op. 2,3). Die kerke in Klein-Asië word simbolies verteenwoordigers van alle kerke te alle tye. Jesus Christus gee vir ons voorbeelde van kerkvisitasieverslae vir die kerke. Hy as Visitator gebruik dan ook geroepe predikante sodat kerke op die wyse onderling na mekaar omsien op gesag van en verteenwoordiging van Christus (2 Kor. 13:10).

#### 4.2.4.3 Samevatting

Die *locus classicus* vir kerkvisitasie vind ons in Handelinge 15:36 (De Villiers, 1980:2). Kerke moet na mekaar omsien. Kerke staan juis in kerkverband met mekaar om mekaar by te staan sodat hulle ware kerke van Jesus Christus kan wees. God bly die Visitator en Hy gebruik gevolmagtigdes om kerkvisitasie uit te voer (2 Kor. 13:10). Indien kerkvisitasie nie hoog

aangeslaan word nie, is daar ŉ moontlikheid van independentistiese benadering. Indien dit te hoog aangeslaan word, is dit weer ŉ probleem van genootskaplike kerkbegrip. Independentistiese benadering (De Villiers, 1980:5) en genootskaplike kerkbegrip (Van der Linde, 1983:163) moet dan teëgegaan word deur die bediening van artikel 44 van die Dordtse Kerkorde. Kerkvisitasie is ŉ herderlike besoek waarin daar gekyk word na vermaning, vertroosting en versterking. ŉ Visitator moet die etiese riglyne (sleutels) gedurig voor oë hou, soos motief, doel, middel en gevolg.

### 4.3 Gevolgtrekking

Openbaringshistories het God Homself openbaar as Visitator wat individueel en kollektief (kerke) besoek het. So het God sy belofte gestand gedoen en die kerke gelei deur die Gees – Hy wat belowe dat Hy sy kerk in die volle waarheid sal lei (Joh. 14:15-7). Deur die Heilige Gees en Woord word die verkeerde aangetoon (Ef. 6:17b; Heb. 4:12-3; Joh. 16:8) en moet die verkeerde dan ook vandag by kerkvisitasie aangetoon word. Kerkvisitasie moet biddend in afhanklikheid van die Here, behoorlik gedoen word (Ef. 6:18). Die inhoud daarvan word vasgevang in die twee begrippe *steritsio* en *parakaleo* wat saam wys op vermaning, vertroosting en versterking. Hierdie drie aspekte behoort deel te wees van kerkvisitasiegesprekke vandag.

Kerkvisitasie is in wese Woordbediening. Op grond van die Woord kom visitatore kyk hoe dit met die gelowiges gaan daar waar die Woord van God bedien is (Hand. 15:36). Die visitatore versterk, vermaan, vertroos en bemoedig die kerke deur middel van God se Woord. Die visitatore kyk dan of ŉ kerk nog ware kerk is volgens Woord, belydenis en Kerkorde en die uitlewing daarvan.

Dit word in hierdie navorsing al duideliker dat vermaning, vertroosting en versterking die basis van kerkvisitasie behoort te vorm. Dit moet herderlik bedien word (Celliers, 1995:16). Met die herderlike bediening word die onderlinge besorgdheid opgebou en uitgebou.

Vermaning: Kragtens die Gees en Woord moet die verkeerde aangetoon word (Joh. 16:8). Indien die verkeerde aangetoon is, volg die vermaning tot bekering. Hierdie aangetoonde sonde word veral deur die liefdeswet en die Tien Gebooie uitgewys. Dit veronderstel dat hierdie proses van vermaning met gebed en liefde gepaard gaan. Die gevolg is bekering of verharding.

Die begrippe vertroosting en versterking kan nie van mekaar geskei word nie, maar hulle kan onderskei word. Vertroosting is ŉ sekerheids- en sekuriteitsbegrip. Dit is ŉ begrip waarin die gemeente vertroos word tot vastigheid in die geloof. Hierdie begrip is geanker in die onverbreeklike liefde van Jesus Christus vir sy kerk (Rom. 8:32-7) en niemand kan hulle uit God

se hand ruk nie (Joh. 10). Jesus Christus is die een Trooster en die Heilige Gees is die ander Trooster. Herderlik moet daarop gewys word dat Christus jou verlos en dat jy Hom dan in die geloof moet aanvaar as jou Saligmaker deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Ook hierop behoort kerkvisitasie te fokus.

Die begrip versterking sluit baie nou aan by vertroosting. Dit hou die gedagte van hoop in. Daar is 'n duidelike doel met die kerk, nl. om God te eer, nou en vir altyd. Die kerk is God se alleeneiendom en kragtens sy verlossing vra God dankbaarheid. Die kerk moet dan volhard in dankbaarheid tot die einde. Daarom moet hy hoopvol wees en nie verval in wanhoop nie. Dit alles moet by kerkvisitasie vasgestel en oorweeg word.

Die opbou en uitbou van die kerk moet plaasvind met 'n sterk herderlike inslag. Daarom moet visitatore ervare herders wees om die kerke te begelei en nie te dryf nie. Indien daar sonde is, moet daar 'n oproep uitgaan tot bekering. Visitatore moet wys op Jesus Christus as die Verlosser en Saligmaker wat hulle deur sy Gees vertroos. Visitatore moet dit glo en hulle moet verder wys op die dankbaarheid en die kerke daarin versterk. Hulle moet hoopvol wees en nie moeg word en uitsak nie (Heb. 12:3).

Die begronding van kerkvisitasie lê daarom ook in sondebesef, besef van verlossing en 'n dankbaarheidsbesef. Dit is die basis van die Heidelbergse Kategismus en ten diepste van al die Gereformeerde Kerke se belydenisskrifte. Die belydenis is immers die eksegese van die kerk waaruit die Kerkorde ook spruit, onder andere Kerkorde artikel 44 wat handel oor kerkvisitasie.

Die onderskeidings van die begrippe vorm die kern van die kerkvisitasiemodel wat in hierdie studie voorgehou word. Dit is dan 'n herderlike model met 'n etiese inslag. Daar moet herderlike sorg gedra word vir die kerke in kerkverband. Dit behels geestelike en fisiese behoeftes en die welstand van die kerk. Dit is nie net 'n gesindheid nie, maar dit is daadwerklik (Celliers, 1995:12).

Die studie sit 'n etiese model op die tafel met vermaning, vertroosting en versterking as basis, telkens belig vanuit die motief, doel, middel en gevolg.

### 4.4 Openbaring 2 en 3

Vanuit die begronding in die Ou en Nuwe Testament word daar nou gefokus op Openbaring 2 en 3 as maatstaf waarvolgens kerkvisitasie eties beoordeel kan word.

### 4.4.1 Inleiding

In hierdie afdeling van die hoofstuk word ondersoek ingestel na die betekenis van Christus se sewe briewe aan die kerke in Klein-Asië (Op. 2 en 3) vir die kerkvisitasie wat tans in kerke plaasvind.

### 4.4.2 Agtergrond, struktuur en inhoud van die briewe in Openbaring 2 en 3.

#### 4.4.2.1 Agtergrond

Die vorige hoofstuk het daarop gefokus dat God die mens ken en moeite doen om met die gelowiges in hulle situasie te kommunikeer. In die laaste boek van die Nuwe Testament, nl. Openbaring van Jesus Christus aan Johannes, kry ons in hoofstukke 2 en 3 die sewe briewe van die Here Jesus Christus, gerig aan sewe van sy gemeentes. Aangesien die boek Openbaring gerig is op die tyd waarin die Nuwe Testamentiese kerk van ons dag bestaan, die tyd tussen die koms en wederkoms van Jesus Christus, dien hierdie briewe as voorbeeld van waaroor sy besoek aan sy gemeentes deur middel van visitatore behoort te handel. In 'n sekere sin kan hierdie sewe plaaslike gemeentes as verteenwoordigend van die kerk van die Here oor die afgelope 2000 jaar en hierna beskryf word (Bavinck, ongedat.:40).

Die Here laat hierdie briewe deur Johannes neerskryf aan sy gemeentes. Dit is kerke van Jesus Christus waarin Hy die alleeneienaar is, dit wil sê die kerke is sy eiendom. Hy wandel tussen die kerke (Op. 1:13), sy Woord gaan profeties van Hom af uit (Du Plessis, 2012:82). Christus is amptelik die enigste Hoëpriester wat Homself geoffer het vir sy kerk. As ewige Koning regeer, verlos, beskerm en bewaar Hy sy kerk deur Gees en Woord. Die woorde wat die Here as die hoogste Profeet sy kerk leer (HK So. 12, vr. en antw. 31), moet deur kerkvisitasie verder gedra word sodat die wil en raad van God bekendgemaak kan word aan sy gemeentes.

Wat die briewe aan die sewe gemeentes betref, die volgende: Dit is briewe wat aan elkeen van die sewe gemeentes gerig was (Op. 1:11, 2 en 3; Bavinck, ongedat.:41; Kruger, ongedat.:17; Lammens, ongedat.:9). Hierdie briewe is korrespondensie wat gerig is aan naburige kerke – kerke in die ressort van die "*klassis*" Klein-Asië (Lammens, ongedat.:9). Jesus Christus het dit vir die skrywer Johannes as skriba geopenbaar (Op. 1:1; Lammens, ongedat.:10). Hy moes dit neerskryf en deurstuur aan die kerke in Klein-Asië. Dit is dus kerkvisitasiebriewe uit die hemel (Lammens, ongedat.:10). Die getal van die gemeentes en briewe is sewe wat dui op volmaaktheid. Volgens Hendriksen (1980:4) is die briewe met hul vermanings en vertroostings geldend (Du Plessis, 2012:96) vir die hele kerk oor al die eeue heen.

Die sewe briewe is as kerkvisitasieverslae vir die verskillende gemeentes gegee (De Bruyn, 1973:5). Dit is normatief vir kerkvisitasie. Met die skryf van die briewe is Jesus Christus dié Visitator wat vanuit die hemel ondersoek gedoen het na die welstand van die gemeentes. Hy, as die goeie Herder, het tussen sy gemeentes gewandel (Flemming, 1961:11) en onder andere ondersoek (kerkvisitasie) gedoen om te kyk of die kerk waarlik kerk is (Du Plessis, 2012:95). Jesus Christus, die Groot Visitator, is besorg oor die gemeente se geestelike en fisiese welstand. In die briewe of kerkvisitasieverslae gee Hy deur wat Hy tydens sy besoeke as Visitator bevind het. Sy Woord deur middel van sy verslag is 'n tweesnydende swaard wat van sy mond uitgaan (Op. 1:16; Du Plessis, 2012:82).

#### 4.4.2.2 Struktuur van die briewe

Die sewe briewe is in 'n bepaalde formaat geskryf wat normatief is vir die daarstel van 'n kerkvisitasieverslag. Dit is geadresseer aan die voorsitter van die kerkraad, die leraar of predikant van die bepaalde gemeente in Klein-Asië.

Die basiese formaat van elk van die sewe briewe in Openbaring 2 en 3 kan soos volg uiteengesit word (Coetzee, ongedat.:6D):

Die OPDRAG: *"Skryf aan die leraar (engel) van die gemeente in…".* Grové (1992:9) praat van die geadresseerdes (Du Plessis, 2012:97; Du Rand, 2007:147).

Die SELFBEKENDSTELLING: *"Hierdie dinge sê die…"* of *"… sê Hy wat…".* Grové (1992:9) noem dit selfidentifikasie (profetiese boodskappersformule (Du Rand, 2007:147). Du Plessis (2012:97) noem dit selfbenoeming van die Here.

Die BEOORDELING van die gemeente deur die Here Jesus: *"Ek ken jou werke…"* of soos Grové (1992:9) dit stel: Die *"Ek-weet-uitsprake"* (dit is vermanende bemoediging (Grové, 1992:10)). Daar was goeie dinge by ses gemeentes en verkeerde dinge by vyf gemeentes. Vyf gemeentes word gewaarsku (Du Preez, 1992:38). Du Rand (2007:147) noem dit die briefliggaam met sy sterk punte, swak punte en oplossings. Dit is wat die Here te sê het oor/vir die gemeente (Du Plessis, 2012:97).

Die BELOFTE: *"Wie oorwin…"* of *"Aan hom wat oorwin…"* Du Plessis (2012:97-8) noem dit 'n belofte (uitdaging (Du Rand, 2007:147)).

Die GESAGSROEP: *"Wie 'n oor het, laat hom hoor…"* Du Plessis (2012:97-8) noem dit die vermaning om te luister (oproep (Du Rand, 2007:147)).

#### 4.4.2.3 Inhoud van die briewe:

Die kerkvisitasierapporte (briewe) word aan elkeen van die leraars in die gemeentes in die ressort van die "*klassis*" Klein-Asië gestuur. Uit die briewe blyk dit duidelik dat Jesus Christus as dié Visitator kyk na die *hart* van elke gemeente (Coetzee, 1998:7). Met sy huisbesoek of kerkvisitasiebesoek (Du Preez, 1992:73) kyk Hy na die positiewe en negatiewe aspekte wat Hy in die gemeentes vind. Efese is positief met een enkele kardinale negatiewe saak. Smirna is positief, Pergamum en Tiatira is positief met enkele sake teen die mense in die gemeente. Sardis kry 'n negatiewe verslag terwyl Filadelfia s'n baie positief is. Die laaste gemeente, Laodisea, se verslag is heeltemal negatief (Coetzee, ongedat.:16). Hierdie verslae is moontlik omdat die visitator die gemeentes ken en Hom tussen die gemeentes bevind (Op. 2:1). Hedendaagse visitatore wat in sy Naam kerkvisitasie doen, moet dus ook soos Hy wat hulle stuur, die hart (Coetzee, 1998:7) en optrede van die gemeentes raaksien.

Jesus Christus, die Visitator, beoordeel dan die werke, prys en vertroos, maar vermaan ook en roep tot bekering. As die gemeente reg doen, word hulle aangeprys. As hulle verkeerd doen, moet hulle hulle bekeer. Die Gees en Woord oortuig hulle van sonde (Joh. 16:8). Berou en bekering word opgevolg deur die regte dinge na te leef en na te streef, dit te los wat agter is en jou uit te strek na wat voor is (Fil. 3:14). Die Groot Visitator stel belang in die hart. Uit die hart kom die motief. Indien dade gepleeg word, is daar 'n bepaalde doel en moet geweeg word teen die middel, nl. die Woord. Die gevolg is dan bekering of verharding. Die toekoms is dan helder en duidelik vir die bekeerdes (oorwinnaars). Die toekoms wink helder en duidelik vir die wat oorwin. Kerke is egter nog strydend en nie triomferend nie.

Wanneer deur die kerkvisitasierapporte gegaan word, is dit duidelik dat die bedoeling van Jesus Christus is dat die gemeentes vertroos en bemoedig moet word wanneer hulle doen wat hulle behoort te doen, maar ook soos nodig, aangemoedig word om dit wat moet verander te verander en hulle van dit wat verkeerd is bekeer. Dinge moet reggestel word, sodat die gemeentes en elke lidmaat werklik as kerke van die Here Jesus en as Christene kan lewe. Daarom word telkens afgesluit met die woorde: *"Wie 'n oor het, laat hom hoor"* (Op. 2:7a,11a,17a,29; 3:6,13,22).

Volgens Du Rand (2007:145) en andere (Bavinck, ongedat.:41; Kruger, ongedat.:17; Lammens, ongedat.:9) is die briewe in een bundel aan al die kerke gestuur.[3] Celliers (1995:15) stel dat Christus se wandel tussen die gemeentes nie as 'n prinsipiële skriftuurlike beginsel vir kerkvisitasie beskou kan word nie. Sy rede is dat dit die beeld van Christus se versorgende

[3] Die sewe gemeentes was die mees prominente. Daar was ook ander kerke in Klein-Asië, nl. Kolosse, Troas, Neapolis, Magnesië, Trales en Koesikus (Du Rand, 2007:146). Ons bepaal ons by die sewe gemeentes wat in Openbaring genoem word.

liefde verteenwoordig wat op verskillende maniere in sy kerk realiseer. Volgens Hom is kerkvisitasie net een van die maniere. Toegegee, Christus versorg op baie maniere. Dit is egter so dat Christus, die Groot Visitator, getrou is aan sy Woord en sorg dra oor sy kerke. Hy stuur juis gevolmagtigde visitatore uit om te gaan kyk of 'n kerk nog kerk is. So wys Christus sy besorgdheid om te vermaan, te vertroos en te versterk. Dit is nie biblisisties nie, maar 'n belangrike element van Christus se sorg en besorgdheid vir sy kerke. Hierdie besorgdheid moet herderlik-eties uitgevoer word. Kerke staan in die wêreld, maar is nie van die wêreld nie. Dit is 'n stryd (Ef. 6:10-20) en nie 'n wedstryd nie. Visitatore moet hulle verantwoordelikheid voor God besef en kerke moet in waarheid met hulle gewetens voor God kerkvisitasie ontvang.

Die volgende drie aspekte van die briewe word vir die studie behandel, nl. die bekendstelling van die visitator, die bevinding van die visitator en die implikasie vir kerkvisitasie.

## 4.5 Bekendstelling van die Visitator

### 4.5.1 Inleidend

In die briewe of kerkvisitasierapporte van Jesus aan die gemeentes, stel Hy Homself aan die gemeentes bekend. Die boek Openbaring is 'n profeties-apokaliptiese boek en moet ook so verklaar word. Die klem is op die profetiese (Grové, 1992:8). Die sewe gemeentes moet profeties-apokalipties beskou word. Die klem in die verklaring van die sewe gemeentes se kerkvisitasieverslae is dan profeties.

Dit is belangrik om aan hierdie selfbekendstelling van Christus as die eintlike Visitator aandag te gee. Daarin moet die volgende na vore kom:

- Wie is Hy kragtens sy selfbekendstelling en watter mag en bevoegdheid het Hy om mense/lidmate/kerke in die lig van God se wet (dus eties) te beoordeel?
- Wat beteken Christus se selfbekendstelling vir die menslike visitatore as hulle 'n gemeente (eties en andersins) beoordeel?
- Hoe moet die gemeente in die lig van Christus se selfbekendstelling die visitatore wat in die Naam van Christus na hulle toe kom se vermanings, vertroostings en versterkings ontvang en eerbiedig?

Die kerke van alle eeue word bemoedig (vertroos en versterk) en vermaan in die tyd van afwagting op die koms van Jesus Christus. Jesus Christus het alle mag in die hemel en op die aarde (Matt. 28:18) en daarom praat Hy met gesag. Hy wys wie Hy is en wat Hy kom doen het. Sy voetstappe word gehoor in die tekens van die tye. Christokraties is Jesus Christus in

beheer, nie menslike wette nie. Daarom moet enige kerkraad in diens van Christus wees en onderhorig wees aan Christus (Du Rand, 2007:152). Hy is die Visitator wat kom kerkvisitasie doen in die ressort van die "*klassis*" Klein-Asië se sewe gemeentes. So volg sy selfbekendstelling aan die sewe gemeentes. Hy tree op as Koning, Priester en Profeet (Op. 1:3,5) en sy salwing het ook 'n implikasie vir die visitator as koning, priester en profeet (Op. 1:6). Christus kom amptelik, vermanend, vertroostend en versterkend na die gemeentes. Die vraag is eties na die hart en die hand van die gemeente, nl. wat die motief, doel, middel en gevolg van die gemeente se optredes is.

### 4.5.2 Selfbekendstelling en selfidentifikasie in die sewe gemeentes

#### 4.5.2.1 Selfbekendstelling en selfidentifikasie in Efese

Hy, die verheerlikte Christus (Du Rand, 2007:148,151), stel Hom aan Efese voor as die Een wat die sewe sterre in sy regterhand vashou en wat tussen die sewe goue lampe rondgaan (Op. 2:1). Hierdie bekendstelling of selfidentifikasie gryp terug na die openingsgesig in Openbaring 1:12 en 16 (Du Rand, 2007:152; Kruger, ongedat.:22) en gryp verder terug na Genesis 3 waar God in die tuin wandel nadat die mens in sonde geval het. God het toe sy kinders in liefde opgesoek. Die sewe kandelare dui op die sewe gemeentes en die sewe sterre dui op die sewe leraars (Op. 1:20). Hierdie selfbekendstelling dui nie net op Efese nie, maar op al sewe gemeentes en hulle leraars (Mounce, 1980:86). Jesus Christus, in sy beweging tussen die sewe gemeentes met hul sewe leraars (Du Preez, 1992:40), oefen kontrole uit deur die leraars en die gemeentes in sy regterhand vas te hou. Die kerk en die predikant is afhanklik van Jesus Christus (Du Plessis, 2012:101). So anker en vertroos Hy die gemeentes en leraars. Dit is duidelik dat die begrip regterhand op God se werksaamheid dui. Grové (1992:23) verwys na Jesaja 41:10. So hou God deur sy regterhand alles in stand. Hy doen dit deur Jesus Christus wat handelende is. Hy is die Groot Trooster wat saam met die Vader die ander Trooster gestuur het, nl. die Heilige Gees.

Jesus Christus regeer (regeermotief) deur die sewe sterre vas te hou. Hy regeer en het volledig mag en gesag oor sy kerk (Grové, 1992:24). Christus is die oorsaak van die ontstaan van die gemeente. Dit is God wat Paulus as sendeling daar laat preek (52 n C) en vir Priscilla en Aquila daar agtergelaat het (Du Plessis, 2012:100). Apollos het ook daar gewerk en Priscilla en Aquila het hom onderrig (Hand. 18:24; Du Plessis, 2012:100). Timoteus het ook daar gewerk (1 Tim. 1:3; Du Plessis, 2012:101). Later het Johannes ook predikant geword van Efese. Met Christus se regterhand word die bestaan en voortbestaan van die gemeente gewaarborg. Jesus Christus onderhou sy kerk (Grové, 1992:24) deur middel van die dienste, nl. die amp van die geloof en die besondere ampte. Jesus Christus gebruik die kerkraad as ruggraat om orde in die gemeente te handhaaf. Dit is belangrik dat elkeen in die gemeente en in die besondere dienste

kyk hoedanig hulle leef as individue en as gemeente. Dit word veronderstel dat hulle harte reg is.

Daar is ook ŉ verlossingsmotief (troos) wat verband hou met die begrip regterhand. Die regterhand word geassosieer met die ewige lewe en die linkerhand met dié wat verlore gaan (Matt. 25:33). So het Jesus Christus die heil van Efese en van alle kerke in sy hand (Greijdanus, 1973:51; Grové, 1992:25).

Daar is ook ŉ motief rondom die eindtyd (Grové, 1992:25). Hierdie ewigheidsmotief of dimensie stem ŉ gelowige rustig, want hy word van nou tot in ewigheid beskerm, bewaar en vermeerder as kerk (versterk).

Naas die vashou van die sewe sterre, beweeg Jesus ook tussen die goue lampe of kandelare (Grové, 1992:26). Dit is simbool van die kerke (Op. 1:20). Simbolies word elke kerk plaaslik voorgestel as ŉ volledige lamp. Dit verteenwoordig die universele kerk op daardie bepaalde plek. Die kerke is dan die lig wat in die duisternis skyn (Matt. 5:14). Die gelowiges word gesien as kinders van die lig (Ef. 5:8). Hierdie lig wat deur die gelowige skyn, is God in Christus (Joh. 8:12; 1 Joh. 1:5; Ps. 27:1). Die getuienisroeping van die kerk word so uitgestraal (Grové, 1992:29). So staan die lig teen die duisternis. Die lig moet skyn uit die harte van die gemeente. Dit moet blyk dat die kerk suiwer is in leer en lewe en dit moet eties beoordeel kan word.

Dis duidelik dat dié Visitator tussen die leraars en die gemeentes beweeg. Hy regeer, verlos en dra die gemeente tot die einde toe. Elke gemeente is volledige lamp (liggaam) van Christus. Christus hou hierdie kerke en leraars in sy hand. Dit geskied tot in ewigheid. Hierdie kerk moet die kenmerke en eienskappe van die kerk vertoon. Die kerk moet kerk van Christus wees.

Die betekenis of implikasie van die selfbekendstelling vir die kerkvisitasie is die volgende:

Jesus Christus, dié Visitator, gee die versekering dat Hy die kerk en die leraar in sy hand hou en dat niks hulle van sy liefde kan skei nie (sewe sterre en lampe in sy hand). Die predikant is in Jesus Christus se hand en is leier van die gemeente en verantwoordelik vir die gemeente (Du Plessis, 2012:101). Die visitatore moet veral let op die wel en weë van die predikant en hom vermaan, vertroos en versterk. Met vermaning, vertroosting en versterking moet gekyk word na die motief, doel, middel en gevolg.

Die gemeente is die Visitator se eiendom (Hy hou hulle in sy regterhand vas en verlos hulle). Visitatore moet ook die gemeente vermaan, vertroos en versterk tydens die besoek.

Visitatore moet dus daarop let of die predikant en gemeente voor die Woord buig (kenmerke), of hy die sakramente suiwer bedien, of die gemeente dit reg beleef en of die tug toegepas word sodat die hele gemeente as nuwe mense in Christus kan lewe.

ŉ Visitator moet bewus wees dat hy in diens van dié Visitator staan en sy roeping dienooreenkomstig uitvoer (Hy moet sy lig laat skyn). Hy moet ook oordeel of die betrokke gemeente hulle lig laat skyn. Hy moet versterk, vermaan en vertroos.

ŉ Visitator moet hoop gee vir die kerk (Jesus Christus kom weer).

#### 4.5.2.2 Selfbekendstelling en selfidentifikasie in Smirna

Jesus Christus, die Verheerlikte (Du Rand, 2007:148,61) noem Homself die Eerste en die Laaste en wat dood was en lewend geword het (Du Preez, 1992:46). Dit sluit aan by die openingsgesig van Openbaring 1 (Op. 1:8,11,17; Kruger, ongedat.:26).

Die bekendstellingsfrase, die Eerste en die Laaste, hou direk verband met die uitsprake van die Here dat Hy die Alfa en die Omega (die begin en die einde) is (Op. 22:13). Die drie uitdrukkings beteken dieselfde (Mounce, 1980:393) en verwys na die almag van die Here wat alles geskep het en in stand hou (Op. 1:8; Groenewald, 1986:42). Jesus Christus is die Skeppingsmiddelaar en die Onderhoudingsmiddelaar (Kol. 1). Die heilsgeskiedenis vind in Hom as die oorsprong en die einde plaas. As die eerste en die laaste is Jesus Christus die Verlossingsmiddelaar wat uit liefde vir sy volk en ten koste van Homself, lewe uit die dood bewerk (Grové, 1992:59).

Die bekendstelling van die Here as die eerste en die laaste word gekwalifiseer (Grové, 1992:60) met die woorde: *"… wat dood was en lewend geword het."* (Du Rand, 2007:162). Hy gee die lewe vir die gelowige. So het Jesus Christus wat gesterf het aan die kruis en begrawe is, uit die dood opgestaan. Volgens Grové (1992:60) dui die woorde *"wat dood was"* op sy hele lydensgeskiedenis wat die Here ter wille van en uit liefde vir sy kerk deurgegaan het. Sy dood was veel meer as ŉ liggaamlike dood, omdat Hy helse smarte aan die kruis verduur het. Wat Hy van sy kerk vra, doen Hy in liefde – selfs dat hulle getrou moet wees tot in die dood – soos Hy getrou was tot in die dood. Die Here Jesus het egter ook uit die dood opgestaan en kan die getrouheid van sy kerk vra, juis ook omdat Hy oorwinnaar oor die dood is - die laaste vyand van die mens (1 Kor. 15:26). Die dood het nie meer ŉ houvas op Hom nie. Hy is lewend, Hy is God (Grové, 1992:60). Hy maak sy kerk deel van hierdie ewige lewe, en wil dat sy kerk nou reeds uit hierdie sekerheid oorwinnend oor die kwaad leef.

Die bekendstelling van die Here as Hy wat die dood oorwin het (lewe uit die dood), het dus ŉ geweldige implikasie vir gelowiges. Hy gee nie net die opstandingslewe aan gelowiges nie, maar herskep hulle ook tot nuwe mense (Grové, 1992:59). Gelowiges deel nou reeds aan

hierdie ewige lewe en moet daarom volgens 'n nuwe normstelsel lewe (vgl. Efes.4:17-24; Kol. 3:1-4). Aan die einde van die dae met die wederkoms, sal alle gelowiges uit die dood opstaan (1 Tes. 4:13-8) en die nuwe lewe in volmaaktheid leef (HK So. 22, vr. en antw. 57; Du Plessis, 2012:113).

Jesus Christus as dié Visitator wat met groot omgee (deernis) sy gemeente besoek, is die Eerste en die Laaste. Hy omraam die skepping, wêreldgeskiedenis en heilsgeskiedenis. Hy is die Skeppingsmiddelaar en die Onderhoudingsmiddelaar. Hy is ook die Verlossingsmiddelaar wat dood was en die dood oorwin het vir sy kerk (Smirna en alle kerke se lidmate). Hy sien alles soos dit is. Vir sy kerk is Hy Priester, Profeet en Koning.

Die betekenis of implikasie van die selfbekendstelling vir die kerkvisitasie is die volgende:

'n Visitator besef dat Jesus Christus die begin en die einde is, Hy omraam die gemeente en dit is sy eiendom (die Eerste en die Laaste). Hy dra en verdra sy kerk. Hy kyk in liefde met deernis na sy kerk.

Omdat Jesus Christus die begin en die einde is, sien en weet Hy alles soos dit werklik is. Daarom moet 'n visitator pynlik eerlik wees, want Jesus Christus is die begin en die einde. Die waarheid word in liefde bedien.

'n Visitator in diens van die Groot Visitator moet die kruis-evangelie (die Woord) as basis gebruik en vra na die lewe van die gemeente (Jesus Christus was dood en het lewend geword). Dit is die middel waarmee hy vermaan, vertroos en versterk. So moet 'n visitator gaan kyk na die motief, doel, middel en gevolg.

'n Visitator moet ook wys op die hoop en troos van die wederkoms. Dit versterk die gemeente om te volhard tot die einde toe.

'n Visitator moet ook oordeel oor die nuwe normstelsel by die gemeente in die lig van dood en lewe (Ef. 4:17-24; Kol. 1:1-4). Die kerk moet eties lewe as nuwe mense in Christus.

#### 4.5.2.3 Selfbekendstelling en selfidentifikasie in Pergamum

Die Here stel Hom bekend as Hy wat die skerp tweesnydende swaard het. Dit sluit aan by die openingsgesig van Openbaring 1:16 (Kruger, ongedat.:30). 'n Swaard was 'n wapen wat 'n mens kon dra. Die wapen is gebruik vir aanval en verdediging wat as oorlogswapen gedien het (Grové, 1992:86). Jesus Christus gebruik die swaard in 'n geestelike sin om al sy vyande te oorwin (Op. 19:15,21; Groenewald, 1986:41). Die swaard het dus 'n koninklike asook 'n juridiese konnotasie (Grové, 1992:87) - 'n oordeel word gevel (Du Plessis, 2012:128). Die swaard maak skeiding met sy twee snykante. Dit steek raak en vlek oop, dit sny reg en weg, dit

dui op genade en oordeel. Die waarheid word aangeprys en die valsheid gestraf. Die loon van genade bly genade, terwyl oordeel dui op straf. So word die kerk vermaan, vertroos en versterk deur die Woord.

In Pergamum was die Romeinse setel van regering (prokonsul). Die prokonsul het namens Rome die reg van die swaard beklee. Daar was ook ŉ hof (juridies). Die heidense godsdiens was ook daar gesetel. Die troon van Satan was daar. Teen hierdie agtergrond is Jesus Christus die Koning der konings wat die swaard dra uit sy mond. Hierdie skerp swaard met die twee snykante verdryf alle vermenging (Grové, 1992:112) en snoei reg. Hierdie swaard gaan uit van Jesus Christus se mond. Dit is ŉ simboliese voorstelling van die Woord van God (Ef. 6:17; Heb. 4:12). Die twee snykante kan dus na enige kant toe sny. Jesus se swaard uit sy mond maak skeiding. Hy sny reg en weg, bring genade en oordeel. Die Woord wys dus die regte pad, die weg tot bekering aan. Dit is die gevolg van vermaning, vertroosting en versterking. Indien iemand hom nie bekeer nie, bring dit verharding mee.

Dit is belangrik om daarop te let dat Jesus Christus as dié Visitator die swaard van sy Gees het, nl. die Woord van God (Ef. 6:17). Dit gaan uit sy mond en bemoedig en roep op tot bekering.

Die betekenis of implikasie van die selfbekendstelling vir die kerkvisitasie is die volgende:

Die visitator mag net die Woord van die Here as basis gebruik (die swaard van ons Here Jesus). ŉ Predikant is ŉ Woordbedienaar, ŉ dienaar van Hom wat die swaard uit sy mond laat gaan (Op. 1:16, 2:12), ŉ profeet in diens van die hoogste Profeet. Die middel waarmee eties gemeet word, is die Woord en meer bepaald die wet. Daar behoort gelet te word op die kerk of die lidmate volgens die Woord van God leef.

Die Woord as tweesnydende swaard word gebruik om raak te steek en oop te vlek. Die Woord dien as troos, vermaning en versterking. Dit weeg die motief, doel, middel en gevolg. Die Woord gee die sleutels om sake eties te beoordeel.

Die Woord bestry die werk van Satan, die sonde en die wêreld en stel dit aan die kaak. So word die Woord as middel na binne (die kerk) gebruik en ook na buite (die wêreld). God se Woord gaan oor alles heen, ook die algemene gemeenskap. Die gevolg van die Woordbediening is bekering of verharding.

#### 4.5.2.4 Selfbekendstelling en selfidentifikasie in Tiatira

Van Jesus Christus word gesê dat Hy, die Verheerlikte (Du Rand, 2007:149), die Seun van God is wie se oë soos ŉ vuurvlam en wie se voete soos geelkoper is (Du Preez, 1992:55). Die titel van Christus, naamlik dat Hy die Seun van God is, word net een keer in die boek Openbaring

gebruik (Groenewald, 1986:57; Kruger, ongedat.:34). Dit dui daarop dat Hy Satan oorwin het (Du Plessis, 2012:137) as ewige Koning. As Koning gee Hy nou reeds aan die mens die norme vir sy koninkryk deur.

Die bekendstelling van die Here staan uit teen die heidense agtergrond van destyds, waar Apollo deur die Grieke as songod gesien, die seun van Zeus is. Zeus is die hoofgod van die Grieke (Du Rand, 2007:182; Groenewald, 1986:57; Mounce, 1980:102). Apollo was ook die beskermgod van die stad Tiatira. Jesus Christus kom en sê dat Hy waarlik die Seun van die ware God is en nie die afgod Apollo nie.

Die bekendstelling sluit weereens aan by die bekendstelling van die Here in hoofstuk 1 waar Hy die Seun van die Mens genoem word (Dan. 7:13; Op. 1:13; Op. 14:13; Du Rand, 2007:182) met die veronderstelling dat Hy as Messias ook Seun van God is (Op. 2:18). Dit sluit ook aan by Psalm 2:7 en by uitsprake van Jesus Christus oor Homself (Joh. 5:18, 10:36, 19:7). Dit word ook op ander plekke in die Nuwe Testament so gestel (Matt. 28:18; Rom. 1:4; 1 Kor. 15:28).

Hoewel die titel Seun van God alleenlik hier gebruik word, word dit ook elders in Openbaring geïmpliseer (Op. 2:27, 3:5). Dit is waar die verhouding Vader-Seun aangeraak word (Mounce, 1980:101-20). Dit is ook die sterkste eksplisiete uitdrukking van Jesus Christus se Godheid in die sewe briewe (Grové, 1992:129).

Jesus Christus, die Seun van God, is dié Visitator wat oë het soos vuurvlamme en voete van geelkoper. Die oë wat soos vuurvlamme is, dui op die alsiende God. Dit sluit aan by die Ou Testament (Dan. 10:6; Du Rand, 2007:183) en ook by die Nuwe Testament by die openingsgesig van Openbaring 1:14. Jesus Christus wat alsiende is (Heb. 4:13) het deurdringende oë wat dwarsdeur alles kyk (Du Plessis, 2012:137). Hy sien die positief en die negatief. Hy sien nie net die lewe nie, maar ook die harte van mense. Daarom is Hy die Visitator van alle visitatore wat reg kyk om te vermaan, vertroos en te versterk.

Die frase *"voete soos geelkoper"* is 'n nadere verklaring van die uitdrukking van die Seun van God se eienskappe. Geelkoper is 'n allooi van sink met koper of brons (Du Rand, 2007:183; Grové, 1992:133; Mounce, 1980:102). Die uitdrukking was vir die gemeente van Tiatira bekend (Du Preez, 1992:55), want daar was baie metaalsmede (Grové, 1992:133). Die *"voete soos geelkoper"* dui op die voete van die Seun van God (en Seun van die Mens). So is Jesus Christus bo alle kragte en magte en so sal God in Christus die verkeerde vertrap en die sonde uittrap. Dit sal Jesus Christus nou en tot in ewigheid doen. Jesus Christus is dus die magtige Heerser, Seun van God wat sy belange beskerm en verdedig. Hy duld geen daad wat teen sy heiligheid ingaan nie (Du Plessis, 2012:138).

Jesus Christus is dié Visitator wat alles raaksien en dit koninklik vasvat, wat nie huiwer om die verkeerde te tug (vermaan) nie. 'n Visitator is in diens van die Groot Visitator om reg te sien en te tug as dit moet. Hy is gevolmagtigde van Christus, in diens van Christus, ter wille van die eer van God en die welwese van sy kerk.

Die betekenis of implikasie van die selfbekendstelling vir die kerkvisitasie is die volgende:

Die Visitator, die Seun van God, is alsiende. Daarom moet 'n gemeente ook eties deursigtig wees. Die visitator in diens van Christus moet dus alles vasstel soos dit is (Jesus se oë is soos 'n vuurvlam). Die waarheid word in liefde betrag as motief. Geen leuens mag by kerkvisitasie in die vrae en antwoorde weggesteek word nie. Kerkvisitasie behoort eerlik uitgevoer te word.

'n Visitator se eerste verantwoordelikheid is om aan Jesus Christus dié Visitator getrou te wees om dinge reg en in deernis te sien en in liefde te sê (voete soos geelkoper). God en Jesus Christus se eer moet beskerm word (Dit is die etiese doel). Sy koningskap moet erken word naas sy profeet- en priesterskap.

'n Visitator moet tug en vermaan. Dit is voorkomend voordat dié Visitator ingryp.

Visitatore en die gemeente (kerkraad) moet voor die alsiende God die waarheid in liefde betrag en opreg wees voor Hom in wat gesê en bely word (HK So. 43, vr. en antw.112).

#### 4.5.2.5 Selfbekendstelling en selfidentifikasie in Sardis

*"So sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het…"* (Op. 3:1). Jesus Christus is die verheerlikte en verhoogde Here (Du Rand, 2007:149,192)(ewige Koning). Dit sluit ten nouste aan by die openingsgesig (Op. 1:16) en die seëngroet (Op. 1:4; Du Preez, 1992:62). Die rede vir Jesus Christus se bekendstelling is omdat die gemeente sterwende is (Kruger, ongedat.:39).

Die benaming naamlik die sewe Geeste van God en die sewe sterre, hou ook verband met die bekendstelling in Openbaring 1:20. Dit wys op Jesus Christus wat die Heilige Gees volledig tot sy diens het en wat die sewe gemeentes in sy hand hou of laat wegval (Groenewald, 1986:62). Die gemeente se sonde en swakheid word deur dié Visitator gesien. Hulle staan *"op die punt ... om dood te loop."* (Op. 3:2). Hy vermaan hulle koninklik.

Die getal sewe dui op volledigheid, veelvuldigheid en verskeidenheid (Du Plessis, 2012:153). In die Ou Testament het die skeppingsaktiwiteit in ses dae plaasgevind en God het op die sewende dag gerus. In die boek Openbaring is die getal sewe belangrik: Sewe gemeentes (Op. 1:4), sewe lampe (Op. 1:13, 10:3,4), sewe sterre (Op. 1:16, 3:5), sewe geeste (Op. 1:4, 3:5), sewe seëls (Op. 5:1), sewe horings (Op. 5:6), sewe trompette (Op. 8:6 - 9:21, 11:15-19), sewe

engele (Op. 8:2) en sewe plae (Op. 15:1). Die getal dui dus volledigheid aan (Grové, 1992:167).

Die sewe geeste dui op die volledige, veelvuldige en verskeidenheid werkinge van die Heilige Gees (Du Plessis, 2012:153). Daar is net een God (Deut. 6:4; 1 Kor. 8:4). Die Heilige Gees saam met Jesus Christus en die Vader is een God, maar drie Persone. Die Drie-eenheid werk as 'n eenheid saam. Vandaar dat die Heilige Gees drieledig in Sardis werk. Dit is ondersoekend, lewewekkend en met 'n toekomsverwagting (Grové, 1992:169-72). So word dan vermaan, vertroos en versterk – dit wat tipies deel van kerkvisitasie behoort te wees.

Christus het die sewe sterre in sy regterhand (Op. 3:1). Die sewe sterre is die sewe leraars van die sewe gemeentes (Op. 1:20; Kruger, ongedat.:40). Daar is 'n nou verband tussen die sewe leraars en die Heilige Gees. Die leraars kan nie hulle werk doen sonder die werking van die Heilige Gees nie (Greijdanus, 1973:72; Grové, 1992:173). Christus is die eintlike prediker van sy boodskap. Hy het alles onder sy beheer. Elke leraar staan onder sy beheer en die Heilige Gees werk in hul en deur hul prediking. Daarom is dit so belangrik dat tydens kerkvisitasie seker gemaak word dat die Woord van die Here ongehinderd deur die leraar vloei na die gemeente. Die leraars is geroepe bedienaars van die Woord wat onder leiding van en deur die vrug van die Heilige Gees moet werk (Du Preez, 1992:62). Die Gees se werking word direk verbind aan die Woord deur die predikers (Grové, 1992:173-4). Die Heilige Gees laat die predikers die Woord ondersoekend bestudeer en bring die lewewekkende Woord op die preekstoel en wys na die toekoms wanneer Christus as prediker terugkom om te weeg hoe die predikers gepreek het. Die lewensteks en Bybelteks moet bymekaar kom sodat daar koninklik vermaan kan word, profeties vertroos kan word en priesterlik versterk kan word.

Jesus Christus, dié Visitator, ondersoek hoe die predikers gepreek het en wat hulle verhouding is met die Woord en Gees. Jesus Christus wil deur sy Gees en Woord aan die woord kom. In die algemeen met kerke en in die besonder met Sardis, is die Gees en Woord in Christus die antwoord van die opwekking uit die geestelike dood (Du Rand, 2007:192). Die Woord is lewewekkend. Dit vermaan die verkeerde, vertroos in die geloof en versterk die hoop.

Die betekenis of implikasie van die selfbekendstelling vir die kerkvisitasie is die volgende:

Die visitator weet dat Jesus Christus die gemeente in sy hand het. In sy kerkvisitasie moet hy in die eerste plek rekenskap gee aan dié Visitator (Jesus Christus het die sewe geeste en sewe sterre in sy hand). Die inhoud waarvan rekenskap gegee word, raak die leer en lewe van die kerk.

Die visitatore moet besef dat hulle voor God met ŉ uiters kritieke situasie te doen het as hulle bevind dat ŉ kerk die naam het dat dit lewe en tog in werklikheid dood is en dienooreenkomstig optree (vgl. Matt. 23). Daar moet seker gemaak word dat ŉ kerk en sy lidmate reg en nuut leef.

Die Woord en Gees moet gebruik word in die ondersoek van die gemeente om toe te sien wat die geestelike welstand is. ŉ Visitator behoort ook eties eerlik te wys as die gemeente wil doodloop (die kenmerke van die ware kerk, nl. die suiwere bediening van die Woord, sakramente en tug, behoort uitgespel te word). Indien ŉ kerk nie die kenmerke en eienskappe vertoon nie, behoort ŉ visitator dit in liefde aan te toon en ook die gevolg daarvan uit te spel. Die waarheid moet in liefde betrag word. ŉ Visitator behoort met deernis te vermaan indien ŉ kerk nie eties normatief lewe nie.

ŉ Visitator behoort in sulke omstandighede te help om die situasie om te keer, terug na die Woord (omgeestrategie moet kom tot ŉ omkeerstrategie). Die dominee van die gemeente behoort die Woord ywerig te ondersoek en hy moet bewus wees daarvan dat dit ŉ reuk van die lewe tot die lewe is en van die dood tot die dood. Dit werk verhardend of bekerend (gevolg). Die prediking is vermanend, vertroostend en versterkend en moet vra na die motief, doel, middel en gevolg.

Die gemeente bly Jesus Christus se kerk en Hy het die lewe en dood in sy hand (uitverkiesing, vgl. die Dordtse leerreëls). Indien ŉ visitator bevind dat daar verharding is, behoort hy dit in sy verslag te skryf en die gemeente op te roep tot bekering.

#### 4.5.2.6 Selfbekendstelling en selfidentifikasie in Filadelfia

Jesus Christus, die Verheerlikte (Du Rand, 2007:149) sê van homself: *"So sê die Heilige, die ware God, Hy wat die sleutel van Dawid het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie."* (Op. 3:7). Hierdie selfbekendstelling is nie ontleen aan hoofstuk een nie (Groenewald, 1986:65). Dit gryp terug na die Ou Testament waar God die Heilige genoem word (Jes. 1:4-5, 6:1-3; 2 Kon. 19:22; Du Rand, 2007:199). God word beskryf as die Heilige omdat Hy absoluut rein is. Hy verdra nie die sonde nie en keur dit af. Daarom moet die sondaar vermaan word. Hy verteer alle sondes met sy heiligheid (Du Plessis, 2012:162). Hy is dus volmaak en sondeloos (Kruger, ongedat.:43). Om heilig te wees soos Hy heilig is (1 Pet. 1:16), is ŉ geweldige normatiewe eis wat aan gelowiges gestel word – juis ook vanweë ons deel wat ons aan Christus het.

So lees ons dan ook van Christus wat as Heilige voorgestel word teen die onheilige werk van Satan (Joh. 6:69). Christus ontmasker Satan en die sinagoge van Satan (Grové, 1992:211). Die woord heilig word ook in verband gebring met die skepping (Jes. 40:25). Jesus Christus is

Skeppingsmiddelaar (Kol. 1:16). Hy word ook voorgestel as Heilige wat Redder is van sy kerk (Hand. 3:14; Grové, 1992:212). Hy het as Heilige sy lewe afgelê vir sy kerk. Hy is die Messias en God (Du Rand, 2007:199). Hy, die enigste Hoëpriester, ewige Koning en hoogste Profeet is die Messias en God.

Jesus Christus is saam met die Heilige Gees besig met sy heilige werksaamheid. Hy is immers deur die Heilige Gees ontvang en gebore (Luk. 1:35) en toegerus vir sy werk (Mark. 1:10) as Koning, Profeet en Priester.

Die volgende begrip is Ware God. Hy stel homself voor as die ware en heilige God. Die waarheid is 'n positiewe woord en sluit die negatief, nl. die leuen uit. So word die waarheid geïnterpreteer as die egte en die ware (Du Rand, 2007:200; Grové, 1992:214; Morris, 1969:78). Jesus Christus is eg. Dit troos die gemeente dat Hy nie leuenagtig is nie, maar die Waarheid (Joh. 14:6).

Jesus Christus dra ook die sleutel van Dawid. Hy is die Eienaar van die sleutel. Die beeld sluit waarskynlik aan by Jesaja 22:22 (Du Preez, 1992:67; Du Rand, 2007:200; Grové, 1992:216; Kruger, ongedat.:43). In die dae van Dawid het die sleuteldraer van Dawid die hoogste gesag in die paleis gehad met die toegang tot die paleis (Kruger, ongedat.:43). Dit was gedelegeerde gesag (Grové, 1992:217). So is Jesus Christus die Sleuteldraer van die koninkryk van God. So ontvang die kerk van Jesus Christus die sleutelmag (Matt. 16:19). Die Here het hierdie gedelegeerde gesag en bevoegdheid aan die kerk gegee (Grové, 1992:216). Die koninkryk van God is 'n koninkryk wat ewigdurend is. Messiaans-eskatologies word Christus en Dawid direk aan mekaar gebind (Grové, 1992:218; Luk. 1:32-3). Christus sluit oop en toe (Du Plessis, 2012:163). Hy gee die volle toegang alhoewel die Jode gedink het hulle afkoms gee vir hulle toegang. So sluit Jesus Christus oop om oorwinning te gee oor die vyande (sonde, wêreld, die dood en die duiwel). Christus hou sy kerk vas in beproewing en gee vir sy kerk 'n toekoms (Grové, 1992:219). Hy seën sy kerk met sy hemelse seëninge (Du Plessis, 2012:164). Die wat geseënd is moet weer tot seën van andere wees.

Jesus Christus gebruik die sleutel, naamlik die Woordverkondiging. Grové (1992:220) wys op twee vlakke waarop hierdie sleutel manifesteer, naamlik juridies en missiologies. Juridies dui die woord sleutel op die beoordeling van reg en verkeerd. Missiologies wys die Woordverkondiging op 'n geopende deur (1 Kor. 16:9; 2 Kor. 2:12) wat oop en toe sluit.

Jesus Christus, dié Visitator, het die sleutelmag in sy hand (Matt. 28:18) en sluit oop en toe (Matt. 25:10). Die Woord is die sleutel waarmee die kerk aanhou oop- en toesluit. Die sleutelmag word aan die kerk gegee en moet met verantwoording hanteer word (Matt. 16:19). Christus wil vir sy uitverkore kinders die deur oopmaak. As Heilige wil Hy hê daar moet juridies

reg en verkeerd, leuen en waarheid, aangetoon word (so moet die wat verkeerd en leuenagtig is, vermaan word). Maar Hy wil ook hê dat die Woord missiologies verkondig moet word (gerig en genade)(Matt. 28:18-20). Daar moet ook by Filadelfia-gemeente sendingwerk gedoen word, al word daar geen vrug gesien nie (Kruger, ongedat.:43).

Die betekenis of implikasie van die selfbekendstelling vir die kerkvisitasie is die volgende:

Die heilige, ware Visitator as Priester, Profeet en Koning het die sleutel in sy hand en gee ook die sleutel deur aan die visitator kragtens die tug (Matt. 16:19). Dit is vermanend, vertroostend en versterkend. Die visitator moet dan eties kyk na die motief, doel, middel en gevolg.

Die visitator, in diens van Jesus Christus dié Visitator, moet Satan se werke aan die kaak stel (dit geskied deur die bediening van die Woord) en die oordeel moet verkondig word in liefde.

Die visitator moet die waarheid dien, want dié Visitator is die waarheid. Die leuen behoort aangetoon en besweer te word. Dit geskied deur die sleutels van die hemelryk, nl. die tug en die Woordbediening. Die Woord en die wet is die etiese middel wat gebruik word. Daar behoort gelet te word of die gemeente as nuwe mense leef.

ŉ Visitator moet positief wees en daar behoort gekyk te word of die leraar en gemeente geestesgesond is (die Woord moet sy loop neem deur dit evangeliserend te bedien deur te vermaan, vertroos en versterk).

Daar moet gebid word dat die Here ŉ deur oopmaak na die wêreld (missiologies) sodat die hoop uitgebou kan word (Kol. 4:3).

#### 4.5.2.7 Selfbekendstelling en selfidentifikasie in Laodisea

*“So sê die Amen, die geloofwaardige en ware getuie, Hy* (die verheerlikte - Du Rand, 2007:149) *deur wie God alles geskep het.”* Die Amen is die laaste bekendstelling in die laaste brief van die sewe gemeentes. Dit is die eerste keer dat Amen as ŉ naam gebruik word (Grové, 1992:253). Dit gryp waarskynlik terug na Jesaja 65:16 (Du Rand, 2007:211; Grové, 1992:254; Groenewald, 1986:69; Kruger, ongedat.:47). Volgens Grové (1992:253) en Du Preez (1992:72) verwys die naamwoord Amen na waarheid. Dit beteken sowaar, verseker, beslis. Dit het dus ŉ waarheidsmotief en Hy praat die waarheid (Du Plessis, 2012:173). Amen en waarheid kan as sinonieme gebruik word. So is die Amen betroubaar, geloofwaardig, onbetwisbaar en werklik (Du Preez, 1992:72; Du Rand, 2007:211). Jesus Christus is die Anker terwyl die gemeente ankerloos was (Op. 3:15-7). Die gemeente was ŉ ontroue, skynheilige gemeente. Jesus Christus is die ware troos (anker) wat die omstandighede ookal was (HK So. 1, vr. en antw. 1). Jesus Christus het die laaste woord, die afsluitingswoord (Groenewald, 1996:69). Hierdie

afsluitingswoord handel oor die waarheid en ook oor die skepping. Dit het 'n implikasie vir die kerk, nl. dat 'n visitator in diens van die Groot Visitator die waarheid in liefde moet betrag. Die waarheid moet gepraat word sodat dit wat verkeerd is, in liefde reggestel word (Gal. 6:1; Frame, 2008:942).

Volgens Grové (1992:255) is daar naas die waarheidsmotief ook 'n skeppingsmotief. Die begrip skep hou verband met kunstenaar, wat ook kan dui op argitek of die instrument waardeur geskep word (Grové, 1992:255). Christus was die Skeppingsmiddelaar (Kol. 2:16). Naas die waarheidsmotief en die skeppingsmotief, is daar ook 'n eskatologiese motief (Op. 1:7, 3:14, 5:14, 19:4, 22:50; Grové, 1992:255). Jesus Christus gaan 'n nuwe hemel en aarde skep (Du Rand, 2007:211). So is Jesus Christus die Een wat die eerste woord saam met die Vader gespreek het en ook die laaste woord sal spreek met die wederkoms. Vir die visitator is dit van belang om Jesus Christus duidelik te kan sien as die Weg, die Waarheid en die Lewe en dat 'n visitator in sy diens alleen op gesag van Christus 'n woord van waarheid spreek deur te vermaan, vertroos en versterk.

Met die volgende sinsnede *"getroue en waaragtige getuie"* (Op. 3:14) word daar getuig teenoor die wêreld en teenoor die gemeente. Jesus Christus is die hoogste Profeet. Daar is dus 'n tweërlei adres waartoe Jesus Christus se getuienis kom (Grové, 1992:257). Jesus Christus se karakter as getroue en waaragtige is van uiterste belang vir kerkvisitasie. 'n Visitator moet ag gee op homself dat hy 'n getroue en waaragtige getuie is. Daar moet getuienis gelewer word oor God en Jesus Christus as die waarheid (Joh. 14:6). Christus moet bedien word. Om dit te getuig, word die koninkryk en gemeente se belange bevorder. Dit het dus 'n ekklesiologiese motief (Grové, 1992:258). So word die getuienis van Jesus Christus ook aan die wêreld deurgegee (Joh. 18:37). Dit het dus ook 'n missiologiese motief. Dit hou gerig en genade in (gevolg van prediking). 'n Visitator moet dus kyk, nie net na die getuienis na binne nie, maar ook na die getuienis na buite.

Die volgende frase, naamlik *"Hy deur wie God alles geskep het",* wys op Jesus Christus as die Middelaar van die skepping (ewige Koning). Die Vader het alles geskep deur Jesus Christus en sonder Hom sou niks tot stand gekom het nie (Morris, 1969:82). Hy is Skeppingsmiddelaar. Hy is ook Herskeppingsmiddelaar, want God het in Hom 'n nuwe mensheid daargestel (Ef. 2:10; Kol. 1:16; 2 Kor. 5:17; Grové, 1992:258-9; Kruger, ongedat.:48). As Skeppings- en Herskeppingsmiddelaar neem Jesus Christus die inisiatief van wat in die skepping gebeur en in die besonder ook in die kerk. Jesus Christus is doelgerig op pad na die finale realisering van die nuwe bedeling.

Die betekenis of implikasie van die selfbekendstelling vir die kerkvisitasie is die volgende:

ŉ Visitator in diens van Jesus Christus, moet die waarheid dien. Sy getuienis behoort van trou en waarheid te getuig (Jesus Christus is die Amen). Hy kyk dwarsdeur ŉ gemeente (Du Plessis, 2012:175). So moet na die motief, doel, middel en gevolg gekyk word.

ŉ Visitator mag nie skynheilig wees nie, maar behoort juis die skynheiligheid aan te spreek in die Naam van Christus. Daarom moet ŉ visitator ŉ man met integriteit wees, soos dié Visitator (waarheidsmotief). In liefde moet Christus bedien word deur uit die Woord te vermaan.

ŉ Visitator moet besef dat alles van God kom en ook daarvan getuig (skeppingsmotief). Hy is die oorsprong.

Jesus Christus, dié Visitator, is ook die Skeppings- en Herskeppingsmiddelaar. ŉ Visitator behoort uit ŉ sterk verhouding met Jesus Christus, die Middelaar en die Een deur Wie hy gestuur word, te leef. Vir die visitator is dit ŉ absolute vereiste. Hy behoort self te leef as ŉ nuwe mens in Christus.

ŉ Visitator behoort die gemeente te help van koud en lou na warm. Dit gebeur deur Woord en Gees (die waarheid van die evangelie). Deur die Woord en Gees behoort die verhouding met Jesus Christus en met God opgebou en uitgebou te word. Dit geskied deur ŉ omgeestrategie wat jou bring by ŉ omkeerstrategie. So word die gemeente vermaan, vertroos en versterk.

ŉ Visitator moet help dat die gemeente ŉ toekomsvisie het. Die kerk moet warm word vir die evangelie (versterk word). Die hoop-gedagte behoort tuisgebring te word by die gemeente.

ŉ Visitator moet besef dat hy ook hemels rekenskap moet gee aan dié Visitator (eskatologiese motief).

### 4.5.3 Die bevinding van die Visitator oor die sewe gemeentes

#### 4.5.3.1 Inleidend

Jesus Christus, dié Visitator, ken elke gemeente in Klein-Asië. Hy beweeg tussen die gemeentes en die leraars (Op. 1:11). Hy het sy ondersoek geloods of die kerke waarlik kerk is. Hy het dus eers kerkvisitasie gedoen (Du Plessis, 2012:95). Die briewe is korrespondensie uit die hemel wat gerig is aan die gemeentes (Lammens, ongedat.:9,10). Hierdie briewe is kerkvisitasieverslae oor die toestand van die verskillende gemeentes (De Bruyn, 1973:5) in die ressort van "*klassis*" Klein-Asië (Lammens, ongedat.:9). Die briewe of kerkvisitasieverslae is bedoel vir alle kerke te alle tye (Coetzee, 1998:6). In die kerkvisitasieverslae word die gemeentes vertroos en vermaan, daar is gerig en genade. Dit het in die oog dat die gemeentes volhard in dit wat reg is en hul bekeer van dit wat verkeerd is. Jesus Christus beoordeel elke

gemeente met sy maatstaf. Hy is die Christus, die Gesalfde, wat die hoogste Profeet is wat vertroos, as ewige Koning vermaan en as enigste Hoëpriester versterk.

Jesus Christus, dié Visitator, kyk of ’n kerk nog kerk is (Du Plessis, 2012:95). Met die bevinding of beoordeling van die gemeentes begin Jesus Christus met sy *“Ek weet”*-uitsprake (*“Ek ken jou werke”*). Dit is vermanende bemoediging (Grové, 1992:100). Kerkvisitasie word deur vermanende vertroosting asook versterking gekenmerk. Die briewe of kerkvisitasie met die beoordeling is van so ’n aard. Jesus Christus kyk na die gemeentes se motief, doel, middel en gevolg.

#### 4.5.3.2 Bevinding van Jesus Christus die Visitator in Efese

*“2Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle onvermoeide arbeid en julle volharding. Julle kan nie slegte mense verdra nie. Julle het ondersoek ingestel na die mense wat voorgee dat hulle apostels is, en dit nie is nie, en gevind dat hulle leuenaars is. 3Verder volhard julle ook; julle het baie vir my Naam verduur, en julle het nie moeg geword nie. 4Maar Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie. 5Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het. Anders, as julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat! 6Maar dít het julle darem in julle guns: julle verafsku wat die Nikolaïete doen, net soos Ek dit ook verafsku.”* (Op. 2:2-6).

4.5.3.2.1 Agtergrond

Die stad Efese is die nie-amptelike (Du Plessis, 2012:99) hoofstad van Klein-Asië (Groenewald, 1986:47). Dit was ’n ryk en voorspoedige hawestad (Du Preez, 1992:39), ’n kusdorp by ’n inham aan die Egeïese See. Hierdie stad was geleë op die handelsroete tussen oos en wes, met ’n inwonertal van 300 000 mense (Lammens, ongedat.:19). Dit was die vernaamste handelstad in Klein-Asië (Du Preez, 1992:39). Daar was ‘n tempel van Artemis (Diana)(Hand. 19:35; Du Preez, 1992:39; Du Rand 2007:149). Silwersmede het in die tempel gewerk en klein tempeltjies gemaak en verkoop (Du Preez, 1992:46). Daar was ook ’n tempel vir die keiser Domitianus (Du Rand, 2007:150). Die gemeente het in 58 n C ontstaan (Robberts, 1983:11). Du Rand (2007:150) beweer egter dat dit reeds in 52 n C ontstaan het. Die gemeente word ook die “moedergemeente” genoem van westelike Klein-Asië (Du Rand, 2007:152).

4.5.3.2.2 Jesus Christus se kerkvisitasieverslag van die gemeente Efese

Die optrede van hierdie gemeente word eties positief beoordeel. Jesus Christus sê Hy ken hul werke, hul arbeid en hul lydsaamheid en dat hulle slegte mense nie kan verdra nie. Hulle het groot ywer vir God gehad (Du Preez, 1992:41). Jesus Christus is positief oor die gemeente in Efese, met enkele kardinale negatiewe sake (Coetzee, ongedat.:16). Jesus Christus is vertroud

met die gemeente (Grové, 1992:30). Hy het ʼn intieme kennis van die gemeente gehad (Kruger, ongedat.:22). Hy weet wat hulle doen en late is. Hy het dit goed waargeneem en Hy is ook die Regter wat dit beoordeel. In die kerkvisitasieverslag is daar verskillende positiewe aspekte. In die gemeente word onvermoeid gewerk en volhard. Dit dui op harde werk (Kruger, ongedat.:22) wat met moeilikheid gepaard gegaan het (Grové, 1992:31). Dit is evangeliese werk wat ook kan dui op sendingwerk en dit word aangeprys.

Hoewel verdraagsaamheid veral in die afgelope postmoderne tyd redelik wyd aanvaar word as ʻn belangrike etiese beginsel (Van Wyk, 2001:3), ʼn beginsel wat ook duidelik in die Bybel begrond is (Kol. 3:12), is dit terselfdertyd so dat die verkeerde uitgewys word. Dan moet daarteen opgetree word. Dit is in die sin dat die opmerking gelees moet word dat die gemeente nie slegte mense kon verdra nie. Hierdie *"slegte mense"* het waarskynlik die aanbidders van Artemis met hulle onsedelike praktyke ingesluit (Hand. 19:27; Du Plessis, 2012:100; Kruger, ongedat.:22). Verder is die valsheid van slegte mense (Frame, 2008:942) uitgewys deurdat daar bevind is dat hulle leuenaars is (Op. 2:2b). Daar was ook valse apostels wat hulle verhef het bo die apostels van Christus (Groenewald, 1986:49). Hulle het in die gemeente opgetree. Die gemeente het die valse apostels teëgestaan en het dus onderskeidingsvermoë gehad. Die leer is suiwer gehou (Grové, 1992:32). Daar was ʼn onverdraagsaamheid ten opsigte van die verkeerde (Kruger, ongedat.:22). Jesus Christus het vroeër al gewaarsku teen wolwe in skaapsklere (Matt. 7:15). Paulus waarsku die ouderlinge van Efese (Hand. 20:29; Du Rand, 2007:153) teen wrede wolwe wat tussen hulle sal kom en die kudde nie sal spaar nie (Du Preez, 1992:41; Kruger, ongedat.:23). Eties moet dit wat vals, sleg en verkeerd is uitgewys word vir wat dit is.

Die gemeente het ook volhard. Dit is ʼn sleutelbegrip vir ʼn Christelike lewenswyse (Du Rand, 2007:154). Die wat volhard, doen dit tot die einde toe en word nie moeg nie. So is die valse leer teëgestaan (van onder andere die Nikolaïete - Du Preez, 1992:44) en die ware leer aangehang. Die valse lewe is afgewys en die ware lewe is uitgeleef. So het die gemeente die leertug laat funksioneer (Lammens, ongedat.:14-5) en dit uitgelewe. Hulle het die kuns verstaan om nee te sê vir die verkeerde leer. Die gemeente het baie vir die Naam van Jesus verduur en hulle het nie moeg geword nie. Hulle was nie traag of lui nie (Bavinck, ongedat.:42). Hierdie verduring van lyding wat hulle deurstaan het in moeilike omstandighede, was goed (Grové, 1992:34). Dit was ʼn lyding ter wille van die evangelie, nl. martelaarskap.

Die verslag aan hierdie gemeente dui op ʼn gemeente wat hoë morele waardes gehad het. Dit was ʼn aktiewe gemeente (De Bruyn, 1973:7). Hulle het onvermoeid gearbei, nie moeg geword en verslap nie. Hulle was aktief na binne na die gemeente en na buite na die gemeenskap. Hulle was daadgelowiges en het nie net gepraat nie (Jak. 2:14-26). Daar was ʼn balans tussen

leer en lewe (Kruger, ongedat.:23). Die gemeente kon deurgaan as 'n model Gereformeerde Kerk in vandag se tye (Coetzee, 1998:7).

Die gemeente het drie kenmerke getoon: Suiwer in leer, getrou in tug en ywerig in die werk van God. Geweeg teen die kenmerke van die ware kerk, nl. suiwer bediening van die Woord, sakramente en tug, was daar beslis twee aanwesig, nl. die suiwer bediening van die Woord en die tug. Maar daar was 'n vierde vereiste wat Jesus Christus stel, nl. liefde (Lammens, ongedat.:17). 'n Kerk sonder liefde is geen kerk nie (1Kor. 13, Lammens, ongedat.:17). Liefde vorm die basis van die Christelike etiek (Stoker, 1983:73). Dit is egter van uiterste belang dat die waarheid in liefde betrag word (Ef. 4:15) en dat die eenheid in die waarheid is.

Dié Visitator (Coetzee, 1998:7) kyk na die hart en sien die verkeerde. Die gemeente se sonde was dat hul nie meer die liefde betoon het soos wat hul moes nie. Dit was tweede geslag Christene wat nie meer so 'n liefdesywer gehad het soos die eerste geslag nie (Du Preez, 1992:42). Dié Visitator wys daarop dat die gemeente hulle Eerste liefde verlaat het (Op. 2:4; Du Plessis, 2012:106). Hulle het Hom nie meer so lief soos aan die begin nie. Dit het dié Visitator teen hulle. Vir die gemeente is dit die saad van die eie ondergang (Mounce, 1980:88). Daar is 'n klimaat waar broederliefde ontbreek. Dit is onvolledig om die ware leer te hê, maar die liefde ontbreek onderling. As jou liefde vir God taan, taan ook die liefde vir mekaar (Mounce, 1980:88). Dit is juis die liefdesfeer waarin Christene moet saamleef. Die kerk verdwyn as die liefde ophou (Lammens, ongedat.:18-9).

Jesus Christus kla sy bruidskerk, Efese, aan (de Bruyn, 1973:6) oor hulle liefdeloosheid. Die ewige Koning vermaan hulle. Dit word die sonde van Efese-gemeente genoem (Coetzee, 1998:8). Die gemeente is uiterlik sterk, maar innerlik sonder liefde. Die onderlinge verhouding met Christus het verhard en verkoel. Hierdie *"verkoeling van liefde"* wys op verlaat, verwyder en 'n breuk ontstaan (Grové,1992:36). Dit is 'n skeiproses wat dan uitloop op 'n totale wegdraai. Du Rand (2007:154) noem dit koue selfsug, agterdog met kliniese kilheid.

Liefde is die sentrale gebeure in 'n gemeente se wel en weë. Dit kom vanuit die innerlike gesindheid in 'n mens se hart. Dit geskied gesamentlik in 'n gemeente se hart (Heyns, 1982:125). Sonder die liefde sal jy niks wees nie (1 Kor.13). Prioriteite is nie meer in plek nie. Vroeër het die gemeente liefde gehad, maar dit begin verloor. Dit het dus 'n graduele en tydmatige konnotasie (Grové, 1992:36). Die gemeente het dus veragter in die genade (Heb. 12:15). Daarom word die gemeente vermaan om weer die lig vir die wêreld te wees. Jesus Christus is die Een wat die lamp brandend hou, daarom moet die verhouding met Christus deur die Gees herstel word. Liefde is die wese en die kern van die kerk (Kruger, ongedat.:23). Die hart was nie reg nie en Efese moet dit regmaak. Daarom word die motief getoets en gevind dat die kerk liefdeloos is.

Die liefdesbeginsel, nl. liefde tot God, naaste en jouself, is belangrik vir die etiek. Die grond van die etiese motief is liefde (Stoker, 1983:73). Die liefdesbelange vir God is bo die naaste en die self. Die naaste se belange is bo eiebelang. Deur so op te tree volg jy Jesus Christus na (Fil. 2:5-8; Luk. 22:42; De Bruyn, 2000:11). ʼn Liefdesoptrede is in goeie trou en geregtigheid in lyn met God se opdrag en maak dit dan ʼn morele optrede. Dit is dan eties reg. Dit word beheer deur ʼn reël, komende van God (Feinberg *et al*, 2010:38).

Daar is ʼn drieërlei korrektiewe optrede wat Jesus Christus verlang. Lammens (ongedat.:21) noem dit die remedie.

Die gemeente moet nadink oor hul agteruitgang (Op. 2:5). Die gemeente het veragter in die genade van God (Heb. 12:15). Hierdie verval beteken Jesus Christus is nie meer in die sentrum nie. So moet die verlede in herinnering geroep word om die insig te kry op die hede. Die gemeente moet hul spieël teen die toe en nou (Mounce, 1980:88). Die Heilige Gees moet deur die Woord die sonde aantoon (Joh. 16:8) deurdat daar biddend nagedink word oor hulle verhouding met die Here en liefde en liefdeloosheid raakgesien word. Die motief moet beoordeel word.

Die gemeente moet hulle gevolglik bekeer (Du Plessis, 2012:107; Du Preez, 1992:43). Bekering is ʼn bewustelike daad waar radikaal met sonde gebreek word (Grové, 1992:38; Kruger, ongedat.:24). Bekering is ook ʼn belangrike aspek van die Christelike etiek waar die verkeerde agtergelaat moet word en deur die regte vervang word (vgl. Ef. 4:19-31). Die gevolg, nl. bekering en ʼn nuwe lewe in ʼn liefdevolle verhouding met God en medemens, moet dus voorgehou word. Dit gebeur as die liefde ontvlam in die hart (Mounce, 1980:88). Net beminde mense kan ander mense bemin (Lammens, ongedat.:22). So kan die Evangelie versprei word (missiologiese motief). Indien die Evangelie nie versprei word nie, word Christus se opdrag versaak.

Die volgende korrektiewe stap is dat die gemeente weer moet doen wat hulle aan die begin gedoen het. Dit is die eerste werke van liefde vir Christus. Uit die hart moet die daad kom (Kruger, ongedat.:24). Liefde en geloof moet hande (Lammens, ongedat.:22) en voete kry. Die hart moet reg wees. Dan gaan die gemeente oor tot aksie (Du Rand, 2007:156).

Indien die hart nie reg is nie (verharding), is die daad ook nie reg nie en sal die kandelaar uiteindelik deur Jesus Christus van die gemeente Efese weggevat word (Op. 2:5; Du Plessis, 2012:107). Om te waarsku is ook ʼn belangrike beginsel in die Christelike etiek wat deel van kerkvisitasie moet wees, en Jesus Christus waarsku die gemeente. Sy teenwoordigheid is gerig en genade. Indien die hart verhard, word die gerig uitgevoer. Daar is egter genadetyd vir

bekering, maar die tyd loop uit. Hierdie gerig kan dui op die hede (Mounce, 1980:89), maar ook op die eindtyd (Op 20:11-5; Kruger, ongedat.:24).

Jesus Christus se kerkvisitasierapport wys weer na die positiewe: *“Julle kan nie slegte mense verdra nie.”* (Op. 2:3). Dit was volgelinge van Nikolaus (Hand. 6:5), genoem die Nikolaïete. Dit is ŉ sekte wat die ressort van die “*klassis*” klein Asië binnegedring het en gemeentelede sover gekry het om onsedelik op te tree. Hulle het in navolging van die leer afgodsoffers geëet en gehoereer (Op. 2:14,20). Hulle was dus wêreldsgesind (Du Plessis, 2012:108). Die Nikolaïete-sekte wou ŉ kompromie met die Christene en heidene sluit om vervolging vry te spring. Dis positief dat die gemeente hierdie sekte afwys. Die gemeente is dus teen godsdiensvermenging, sinkretisme, kompromie met ander godsdienste en ŉ onsedelike lewe. Hulle het dit gehaat (Op. 2:6) en dit tel in hulle guns. Wat die Nikolaïete aanbetref het Pergamum, anders as Efese, die Nikolaïete geakkommodeer (Op. 2:15). Efese word aangeprys oor die afwys van hierdie dwaling (Du Plessis, 2012:110).

Jesus Christus as Visitator roep die gemeente intens op tot bekering en om liefde in die hart te hê. Om kerk te wees, is om lief te hê (Du Rand, 2007:158). Naasteliefde en leersuiwerheid mag nooit teenoor mekaar staan nie (Frame, 2008:942). Die sonde moet gehaat word, maar die sondaar moet liefgehê word. Leer en lewe is een. Paulus sê aan die gemeente in Efese hulle moet die waarheid in liefde betrag (Ef. 4:15). Dan het hulle ŉ ewige toekoms en so word die gemeente versterk.

4.5.3.2.3 Riglyne vir kerkvisitasie

Hierdie woorde *“Ek weet alles wat julle doen”,* kom in al sewe briewe (kerkvisitasieverslae) voor. Jesus Christus ken Efese en die ander ses gemeentes se werke. Vir Jesus is die werke deursigtig, daarom moet ŉ visitator tydens kerkvisitasie pynlik eerlik wees. ŉ Visitator mag nie met ŉ eie agenda gaan kerkvisitasie doen nie, maar met ŉ oop gemoed. Die herhaling van die uitspraak *“Ek weet alles wat julle doen”*, wys op die erns van die saak. Die waarheid word in liefde betrag.

Die gemeente het sterk punte gehad, nl. hulle arbeid en volharding, hulle verdra nie slegte mense nie, hulle ondersoek valse apostels (wolwe in skaapsklere), hulle volhard en verduur baie, hulle word nie moeg nie en hulle verafsku die dade van die Nikolaïete (Du Rand, 2007:151)(hulle sterk punt is suiwere leer teenoor die valse leer). Met kerkvisitasie moet gekyk word na die suiwere leer (profeties). Indien die leer nie suiwer is nie, moet leertug toegepas word (koninklike vermaning).

Die gemeente moet deur die visitatore naas vermaning ook nog vertroos en versterk word sodat hulle die regte motief het, nl. liefde met God se eer as doel. Dit geskied deur middel van die Woord wat die gevolg van verharding of bekering het.

Die gemeente het ook swak punte gehad deurdat hulle Jesus nie meer so liefgehad het soos aan die begin nie (Du Rand, 2007:151)(dit skep suspisie en wantroue). Daar moet 'n koninklike teregwysing wees met kerkvisitasie indien liefdeloosheid bespeur word. So moet vermanend gekyk word na die motief, doel, middel en gevolg.

Die oplossing is dat die gemeente eerstens moet dink aan hulle agteruitgang in die genade ten opsigte van die liefde en hulle tweedens moet bekeer en in die derde plek weer te doen wat hulle aan die begin gedoen het (Du Rand, 2007:151). Die hart moet dus reg wees.

Visitatore moet wys dat leer en lewe een is (Du Plessis, 2012:111). Leer en lewe kan nooit geskei word nie (dogmatiek en etiek).

Die gemeente moet die belofte van God aanvaar as hulle hoop, nl. indien hulle volhard in leer en lewe en hulle hart en daad reg is, sal hulle van die boom van die lewe in die paradys eet (Op. 2:7). Visitatore moet wys op die volharding in die geloof en die gemeente daartoe opskerp en versterk. So is die versterking se gevolg die hoop op die hiernamaals.

#### 4.5.3.3 Bevinding van Jesus Christus die Visitator in Smirna

*"9Ek ken julle verdrukking en julle armoede, en tog is julle ryk. Ek weet ook van die kwaadstokery van die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar tot die sinagoge van die Satan behoort. 10Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in die tronk laat gooi, sodat julle in beproewing sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee."* (Op. 2:9-10).

4.5.3.3.1 Agtergrond

Die bevinding van Jesus Christus in Smirna is geheel en al 'n positiewe bevinding (Coetzee, ongedat.:16). Die gemeente was deel van die gemeenskap in die stad Smirna. Smirna is 56 kilometer noord van Efese (Du Rand, 2007:160). Dit was soos Efese 'n mooi hawestad aan die Egeïese See geleë, langs die Hermusrivier (Du Rand, 2007:160). Dit was 'n welvarende stad en 'n eindpunt van die handelsroete in Klein-Asië (Lammens, ongedat.:27; Kruger, ongedat.:26). Die keiser van Rome is daar as god aanbid en die inwoners was ook getrou aan Rome (Du Preez, 1992:46). Die keiser-kultes was dus die godsdiens. Daar is ook tempels vir keisers Augustus en Tiberius gebou (Du Preez, 1992:46; Lammens, ongedat.:28; Kruger, ongedat.:26).

In die stad was ook verskeie heidense tempels soos Roma, Asklepios, Zeus en Kubele (Du Rand, 2007:160).

In Smirna was ŉ groot komponent Jode (De Bruyn 1973:11; Du Rand, 2007:160) wat hulle na 70 n C daar kom vestig het, nadat Jerusalem geval het. Die Jode het ŉ haatveldtog teen die Christene gelei en as gevolg daarvan was daar groot spanning tussen Christene en Jode in Smirna (Du Rand, 2007:160). Daar was heelwat vakbonde wat eie beskermgode gehad het. As hierdie gode nie aanbid is nie, is jy jou werk kwyt (Kruger, ongedat.:27).

Die grootste komponent van die kerk te Smirna was Joodse Christene (Kruger, ongedat.:26). Hulle was bekeerdes uit die Joodse geloof en het ook hulle rug gedraai op die afgode en Keiser-kultes. Die gemeente is gestig óf deur Joodse Pinkstergangers, óf deur Paulus op sy derde sendingreis (Hand. 19; Du Rand, 2007:160).

4.5.3.3.2 Jesus Christus se kerkvisitasieverslag van die gemeente Smirna:

Jesus Christus het ŉ intieme kennis van die gemeente gehad (Kruger, ongedat.:27). Die gemeente het drie probleme gehad, nl. verdrukking, armoede en kwaadstokery (Op. 2:9; Du Rand, 2007:162). Die gemeente is verdruk (Du Preez, 1992:46) en het dit baie moeilik gehad (Lammens, ongedat.:27). Daar is totale beheer oor die gemeenskap uitgeoefen en mag is misbruik (Vorster, 2004:100). Die rede vir die verdrukking was die laster van die Nie-Christen Jode en die leuens wat hul versprei het. Christene het weens die vakbondwese hulle werk verloor (Kruger, ongedat.:27) en hulle is soms in die tronk gegooi. Met die verdrukking wys Grové (1992:62) dat die kerk nie ŉ permanente staanplek in die wêreld het nie, want die kerk is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. In die verdrukking en lyding was die gemeente getrou tot die dood toe (Coetzee, 1998:10). So word Jesus Christus se voorspelling bewaarheid (Joh 15:20; Mark. 13:19). Dit is ook ŉ teken van die laaste dae dat daar verdrukking sal wees (Du Rand, 2007:162). Die opstandingskrag van Jesus Christus laat egter ŉ gemeente soos Smirna staande bly (Fil. 4:13). Die swaarkry hier weeg nie op teen die heerlikheid wat kom nie (Rom. 8:18; 2 Kor. 4:17). Na die verdrukking volg die oorwinning met Christus se koms. Die gemeente word gemaan tot volharding om staande te kan bly.

Jesus Christus ken die gemeente verder deur hulle armoede (Du Plessis, 2012:115) en tog is hulle ryk (Op. 2:9; Lammens, ongedat.:34). Die gemeente is arm gelaat weens werkloosheid omdat die vakbonde Christene uitgesluit het. Die armoede was in ŉ oortreffende trap. Kruger (ongedat.:27) sê die gemeente Smirna was brandarm (Du Preez, 1992:46). Armoede is ŉ etiese probleem omdat mense nie genoeg lewensmiddele het nie. Calvyn was besorg daaroor (Vorster, 2004:37). Weens die afgodsgerigte vakbondwese was hulle kragteloos arm. Stott (1990:235) praat van die *"powerless poor".*

Die gemeenskap was baie ryk, maar die gelowiges was brandarm (Du Plessis, 2012:115). Coetzee (1998:11) sê hulle het nie net gebrek gelei nie, maar hulle het niks gehad nie. Armoede beklemtoon die afhanklikheid van God (Luk. 4:18; Matt. 11:5). Die gemeente het hul sekerheid in Christus en sy ewigheidsgoedere gesit. Jesus Christus was arm, sodat ons ryk kan wees (2 Kor. 8:9). Die gemeente was bekeerdes al was hulle arm. ŉ Mens is nie altyd wat jy het nie (De Bruyn, 1973:14). So het die gemeente vasgehou aan die hoogste Profeet, want Hy is hulle troos. Die gemeente se motief, doel, middel en gevolg was reg, want hulle het nie ŉ kompromie gesluit met die wêreld nie.

Jesus Christus ken ook die kwaadstokery in die gemeente en in die gemeenskap. Kwaadstokery is om van iemand lelike en slegte dinge te sê en sy naam te beswadder (De Bruyn, 2000:243). Nie-Christen Jode het veral die Christene by die Romeinse owerhede aangekla. Tussen Jood en Romein het verbroedering plaasgevind (De Bruyn 1973:12). Verharde Jode het volhard in ongeloof en was die kerk vyandiggesind (Hand. 13:50, 14:19,25). Die Jode het nie God as Vader gehad nie, maar die duiwel (Joh. 8:44; Kruger, ongedat.:27). So is mense selfs doodgemaak.[4] Lastering van die Jode in Smirna kom van Satan en is direk uit die hel aan die brand gesteek (vgl. Jak. 3:6). Dit is primêr op Christus gemik. Die gelowiges van die gemeente het deurgeloop onder hierdie lastering (Grové, 1992:65; Mounce 1980:93). Jode word die sinagoge van Satan genoem. Sinagoge beteken vergadering (Kruger, ongedat.:27). Die lastering en haat teen Christus was die motief vir die vervolging. Vandat die duiwel vanuit die hemel neergewerp is (Joh 12:31), spits hy hom toe op die kerk (Op. 12:9-12). So was die gemeente Smirna in sy visier. Die kloof is duidelik tussen kerk en wêreld (Jak. 4:4; Kruger, ongedat.:28). Die kerk is uit die gemeenskap gestoot (Bavinck, ongedat.:50), geëtiketteer, geëlimineer, gemarginaliseer en uitgerangeer.

Die uitspraak *"Moenie vrees nie en bly getrou tot die dood"* dui op bemoediging ten opsigte van toekomstige lyding en word opgevolg deur ŉ oorwinnaarsbelofte. So bemoedig Christus, die enigste Hoëpriester en hoogste Profeet, die gemeente in lyding. Die lyding kan op die dood uitloop. Weens haat, woede, afguns en wraaklus, kan ŉ mens ly of doodgemaak word (De Bruyn, 2000:117-20). Smirna word hierteen gewaarsku. Indien gelowiges moet ly en selfs tot die dood toe, mag ŉ mens nie mense gehoorsaam wees bo God nie. Vervolging is ŉ realiteit en moet aanvaar word deur gelowiges. Die wêreld sal jou haat (Joh. 15:18). Daarom moet ons nie die aardse vrees nie, maar God (Matt. 10:28). So het Polikarpus, hul leraar (Du Plessis, 2012:113), gesterf vir sy geloof in Smirna (Grové, 1992:65; Kruger, ongedat.:26). As gemeentelede moet sterf vir hulle geloof, bly Christus in beheer en laat dit toe. God se almag en Christus se bestuur en sy opstandingskrag is die rede hoekom mens nie die lyding tot die

[4] Polikarpus was onder andere leraar van Smirna en het op die brandstapel gesterf (Kruger, ongedat.:26).

dood toe moet vrees nie (Grové, 1992:66). Hy gee krag na kruis. Die duiwel is die oorsprong (Kruger, ongedat.:28) van hierdie spesifieke lyding en toetsing in Smirna. Aan die gemeente word gesê dat die lyding net tien dae sal wees (Bavinck, ongedat.:52). Dit is eskatologies. Hierdie tyd is in God se raadsplan beperk, want dis ʼn kort tydjie en nie langer as tien dae nie. Tog dui dit op volheid (Du Plessis, 2012:119). Die troos is dat die toetsing of beproewing nie bo hulle krag sal wees nie (1 Kor. 10:13; Kruger, ongedat.:28) en beperk. Die gemeente kan die toets deurstaan omdat hulle motief liefde is, hulle doel God se eer deur middel van die Woord as hulle kragbron en die gevolg daarvan dat hulle as bekeerdes volhardend in hulle verhouding met God en mekaar kan leef.

Jesus Christus gee die gemeente naas die opdrag *"moenie vrees nie"*, ook ʼn opdrag *"bly getrou tot die dood toe".* Getrou is om gehoorsaam te wees. Dit geskied vanuit die liefde. Hierdie produk van die liefde kom uit die hart en sluit ook geloof en hoop in. Dit geskied na binne en na buite (Stoker, 1983:95-6). Om getrou te wees tot die dood toe beteken: bly getrou al kos dit jou jou lewe. Die onderbou van *"om getrou te wees tot die dood toe"* is Christus wat die dood oorwin het (Grové, 1992:69) as gelowiges se enigste Hoëpriester en hoogste Profeet en ewige Koning. Wees getrou aan Christus en moet Hom nie verloën soos Judas nie (Luk. 22:47-8; Matt. 26:48-9). Die vertroosting en versterking moet met die regte motief, doel, middel en gevolg gepaard gaan.

As jy nie vrees nie en getrou is tot die dood toe wag die positiewe oorwinnaarsbelofte: *"Ek sal jou die kroon van die lewe gee"* (Op. 2:10). Dit is die gevolg van versterking, want die enigste Hoëpriester sal jou dra. Dit word geassosieer met die antieke wedlope. Die wenner kry ʼn lourierkrans as hy volhard verby die wenpaal en die wedloop wen. Dit word ʼn oorwinnaarskroon genoem (Kruger, ongedat.:29). Hierdie kroon is onverganklik (Grové, 1992:70). So kry die gelowige in beginsel in hierdie lewe die oorwinning om ʼn oorwinningslewe te leef (soteriologies en ekklesiologies), maar dit dui ook op die toekoms (eskatologies). Dit is die oorwinning oor die dood. Die tweede dood sal nie deur Polikarpus van Smirna beleef word nie. Die hemel is die bestemming (Joh. 14). Die ewige lewe staan teenoor die ewige dood (tweede dood). Die tweede dood is ʼn volkome dood waarin jy wegsink in die duisternis van Godsverlatenheid (Bavinck, ongedat.:54). Die ongelowige het dus ʼn probleem. Die gelowige kan nie van Christus se liefde geskei word nie, al het hy gesterf (vergelyk die sekerheid waarmee Polikarpus sy vervolgingsdood ingaan). So word ʼn gemeente versterk al sou die gevolg van ʼn bekeerde sterwe inhou en so word die ewige lewe beërf.

Daar is ʼn geweldige troos in die positiewe hantering van Christus met Smirna. Hulle is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Die gemeente word ook opgeskerp om nie te vrees vir wat die liggaam kan doodmaak nie, maar vrees Hom wat liggaam en siel kan doodmaak en in die

hel werp (Matt. 10:28). Moet dus nie vervolging, armoede of kwaadstokery vrees nie (Du Rand, 2007:165). In die lyding is Jesus Christus hulle kragbron. Deur die Heilige Gees gryp hulle aan Hom vas en daar wag 'n kroon van die lewe (motief, doel, middel en gevolg is in lyn).

Smirna is dus ekonomies arm, maar geestelik ryk, anders as Laodisea wat geestelik arm was en ekonomies ryk (Op. 3:17; Du Rand, 2007:164). God sorg vir sy kerk en dit is ook 'n troos. Dié Visitator gee opdrag dat die gemeente getrou moet wees tot die dood toe en onverbiddelik volhard in Christus. Geen kompromieë met die verkeerde moet gemaak word nie (Du Rand, 2007:167). As daar 'n kompromie met die waarheid gemaak word, het jy nie meer met die waarheid te doen nie, maar met die leuen. Gereformeerde etiek maak nie kompromieë nie.

4.5.3.3.3 Riglyne vir kerkvisitasie

Die herhaling van die uitspraak *"Ek weet alles wat julle doen",* wys op die erns van die saak. Vir Jesus is die werke deursigtig, daarom moet 'n visitator tydens kerkvisitasie pynlik eerlik wees (4.5.3.2.3).

Die gemeente het net sterk punte gehad. Hulle was geestelik ryk al was hulle fisies armoedig. 'n Visitator moet 'n arm gemeente troos as profeet met die feit dat hulle rykdom in God is. Jesus Christus het vir gelowiges arm geword sodat hulle ryk kan wees (2 Kor. 8:9).

Die gemeente is verdruk en tog het hulle volhard. Vandaar vertroosting en versterking. Die gemeente, in die gemeenskap waarin hulle hulleself bevind het, is vervolg en daar was baie kwaadstokery gewees (Du Rand, 2007:156). 'n Visitator moet daarop wys dat 'n mens in die wêreld is, maar nie van die wêreld nie en dat hulle geen mens moet vrees nie. Vrees alleenlik God (vrees hou liefde en respek in). Daar is ook aan die gemeente gesê dat die lyding nog meer intens gaan word en dat die duiwel hulle in die tronk gaan gooi. In die geloof behoort profeties vertroos en die hoop priesterlik versterk te word. Jesus Christus, dié Visitator, het egter vir die gemeente gewys dat Hy hul lyding sal beperk. In God se raadsplan word dit beperk tot tien dae (simbolies). 'n Visitator moet 'n gemeente in 'n vyandige omgewing versterk om te volhard. Swaarkry weeg nie op teen die heerlikheid wat kom nie (2 Kor. 4:17; Rom. 8:18).

Visitatore moet die gemeente koninklik vermaan om nie wêrelds te wees nie. Hulle moet in die wêreld wees, maar nie van die wêreld nie.

Die gemeente moet die belofte van God aanvaar as hul hoop. Daarin word hulle priesterlik versterk. Indien hulle volhardend oorwin, sal hulle nie die tweede dood beleef nie. Hulle sal die kroon van die lewe ontvang. Dit is die absolute hoop en hierdie hoop beskaam nie. 'n Visitator moet 'n gemeente versterk met Christus as die lewende Hoop.

ŉ Gemeente moet versterk word en gewys word daarop dat lidmate soos Polikarpus (die dominee) kan sterf vir hulle geloof. Daar kan vervolging plaasvind (Matt. 5:10-2). Martelaarskap en getuienislewering is ten nouste aan mekaar verbonde (Du Plessis, 2012:50). Nie alle getuies (martelare) sterf nie. Die meeste leef egter. ŉ Visitator moet bedag wees daarop.

ŉ Visitator moet kyk dat die liefdesmotief nagestreef word, Gods eer as doel gesoek word en die Woord as middel uitgebou word sodat bekering kan plaasvind (gevolg). ŉ Omgeestrategie word opgevolg met ŉ omkeerstrategie.

#### 4.5.3.4 Bevinding van Jesus Christus die Visitator in Pergamum

*"13Ek ken die plek waar julle bly, daar waar die troon van die Satan is. Tog bly julle aan my Naam getrou en julle het nie julle geloof in My afgesweer nie, selfs nie in die tyd toe Antipas, my getroue getuie, doodgemaak is daar by julle waar die Satan bly nie. 14Maar Ek het ŉ paar dinge teen julle. Julle het mense daar wat die leer van Bileam aanhang. Hy het vir Balak geleer om die volk Israel van My afvallig te maak, sodat hulle afgodsoffervleis geëet en onsedelikheid bedrywe het. 15So is daar onder julle dan ook mense wat die leer van die Nikolaïete aanhang en dieselfde sondes doen. 16Bekeer julle nou, anders kom Ek gou na julle toe en sal Ek daardie mense bestry met die swaard van my mond."* (Op. 2:13-16)

4.5.3.4.1 Agtergrond

Die gemeente Pergamum kry positiewe terugvoer van dié Visitator, met enkele dinge wat Christus teen gemeentelede gehad het (Coetzee, ongedat.:16). Pergamum was 24 kilometer vanaf die Egeïese See en 72 kilometer noord van Smirna geleë (Du Rand, 2007:168), op ŉ hoë rotsagtige heuwel, 300m hoog. Aan die voet van die heuwel is ŉ uitgestrekte vallei. Die stad Pergamum was die hoofstad van die Romeinse provinsie Asië (Du Plessis, 2012:125) en hoofsetel van die prokonsul of goewerneur van klein-Asië. Dit was ook ŉ kultuurstad met ŉ biblioteek (200 000 perkamentrolle en ŉ lesingsaal; Coetzee, 1998:14; Du Preez, 1992:49; Du Rand, 2007:168; Lammens, ongedat.:45). Daar was ook ŉ geregshof (Grové, 1992:90). Van die stad word daar gesê dat die troon van Satan daar was. Jesus Christus het die gemeenskap en die gemeente geken. Pergamum was ŉ gevaarlike plek (Kruger, ongedat.:30). Daar was naas Jode en Christene ook heidene in Pergamum (De Bruyn 1993:19).

Pergamum was die sentrum van die godsdienstige gesag van die heidene (Grové, 1992:91). Dit was ŉ godsdienstige sentrum met tempel-altare, heiligdomme ter ere van Zeus, Athena, Dionisius (Bacchus) en Asklepios (Du Rand, 2007:169). Daar was ook ŉ tempel vir keiser

Augustus. Keiserkultus, keiserverering en keiseraanbidding het daar floreer (Du Plessis, 2012:126-7; Du Rand, 2007:169).

4.5.3.4.2 Jesus Christus se kerkvisitasieverslag van Pergamum

Die werk van Satan moet gesien word teen die agtergrond van hoofsaaklik die drie terreine: Asklepios, Zeus en die keiserlike aanbidding (Grové, 1992:93). Satan sit agter alles. Die werk van Satan vind in Pergamum plaas deur vervolging en verleiding (De Bruyn 1993:21). Jesus Christus kom as Visitator na hierdie gemeente teen hierdie agtergrond en doen sy verslag.

In Pergamum was daar drie tipes godsdienste:

Griekse godsdiens (De Bruyn 1973:19; Lammens, ongedat.:65). Jesus Christus sê hy ken hulle omstandighede as gemeente. In hulle gemeenskap word die Griekse godsdiens beoefen. Die grootste altaar vir Zeus in die antieke wêreld is daar gebou. Dit was 37m x 34m (Lammens, ongedat.:45). Satan het agter die Griekse godsdiens gesit (Mounce 1980:80). Satan het as't ware 'n vry hand gehad in Pergamum (Kruger, ongedat.:30). Zeus was die hoofgod (skeppergod)( Du Plessis, 2012:127) van die Grieke en kon aanbid word. Athena, die vrou van Zeus, is ook hier aanbid en vir haar is daar ook 'n tempel opgerig.

Keiserlike aanbidding – die offisiële Romeinse godsdiens. Die staat het vereis dat naas jou godsdiens van keuse jy ook die staatsgodsdiens moes onderhou. Daar is verwag dat jy die keiser as Here moes eer. As jy dit doen, dan verloën jy die Here (Kruger, ongedat.:30). Die gemeente het vasgehou aan God se naam (Coetzee, 1998:15) en die geloof nie verloën nie. Die gemeente het nie geswig voor dit wat die staat van hulle verwag het nie. Dis interessant dat die grootste komponent van die gemeente vanuit die heidendom ontstaan het (Grové, 1992:95) en aan Christus vasgehou het. Daar is suiwer gehou by leer en lewe, teenoor die vermenging wat die staat wou hê (Grové, 1992:96). Daar was geen kompromie of sinkretisme nie, geen eet van offervleis of sogenaamde heilige prostitusie nie. Dit het selfs gemeentelede soos Antipas se dood gekos. Daar is 'n antitese tussen Christendom en heidendom.

Daar was ook die populêre klein-Asiatiese verering van Asklepios, nl. die God van geneeskunde. Volgens mitologie het Asklepios dooies lewendig gemaak (De Bruyn, 1973:19; Lammens, ongedat.:46). Asklepios het die naam redder gehad (Du Preez, 1992:50).

Te midde van die drie valse godsdienste en die manier van lewe wat daarmee gepaard gegaan het, gee Jesus Christus sy verslag. Hy wys daarop dat hulle getrou bly aan Jesus Christus se Naam en het nie hul rug gedraai op Jesus Christus en die geloof afgesweer nie. Dit ten spyte van die feit dat mense doodgemaak is vir hulle geloof en hulle weiering om mee te doen aan verkeerde praktyke. Dit is prysenswaardig (Op. 2:13). So het Antipas gesterf vir sy geloof (Op.

2:13; Van der Waal, 1981:95). Die naam Antipas beteken om teen alles te wees. Hy was teen alles wat verkeerd was. Hy was ŉ getuie en ŉ martelaar vir dit wat reg was (Du Plessis, 2012:129).

Daar was egter negatiewe bevindinge van Jesus Christus teen die gemeente. Daar is bevind dat daar diegene is wat die leer van Bileam en die Nikolaïete aanhang. Hulle is koninklik vermaan. Soos die Efese-gemeente mag hulle nie die Nikolaïete verdra nie.

Die Nikolaïete wil meedoen met die heidene (Lammens, ongedat.:54). Dit het beteken dat hul meegedoen het met die heidense volksfeeste en die keiserlike kultus (Bavinck, ongedat.:57) met al die onsedelikheid en verskrikking wat daarmee gepaard gaan. Wat die leer van Bileam aanbetref, word daar teruggegryp na Bileam van die Ou Testament (Du Preez, 1992:51; Du Rand, 2007:174) wat Israel wou weg laat beweeg het van God en die afgodery en hoerery van die Moabiete wou laat aanhang (Deut. 40:4; Jud. 11; Miga 6:5; Num. 25:1, 31:16). Van die gemeentelede van Pergamum het God gedien en die heidense godsdiens aangehang. Hierdie benadering word beskryf as sinkretisme (Grové 1992:97). Die benadering is misleidend. Met sinkretisme vervaag die lyn tussen kerk en wêreld (Kruger, ongedat.:31-2). So is van die afgodsoffers geëet asook meegedoen met die verskriklike praktyke by heidense feeste, maar deesdae word kerklike byeenkomste ook bygewoon terwyl sondige praktyke uitgeleef word. Kerkmense leef dan ŉ dubbele lewe – Jesus Christus het dit teen die wat verkeerd doen en ook die wat dit verdra. Jesus Christus duld nie ŉ kerk wat ŉ dubbele lewe wil lewe nie – dit is oneerlik, maar vra na ware kerkwees. So het Jesus Christus vermaan as ewige Koning, getuig as hoogste Profeet en gedien as enigste Hoëpriester.

Jesus Christus roep hierdie gemeente op tot bekering (Du Preez, 1992:52). Dit moet die gevolg van sy kerkvisitasie wees. Saam met die oproep tot bekering word daar ŉ dreigement bygevoeg. Jesus Christus kom gou en sal die mense bestry met die swaard van sy mond (Grové, 1992:98). Dit is diegene wat hulle verhard het. Hy kom dan om sy gerig uit te voer (Mounce 1980:79). Dit kan verhoed word as die bekering van harte is. Dit is die regte etiese gevolg. Die begrip bekering sluit omkeer en verandering van lewenswyse in. Dit hou ook ŉ verandering van denke (gemoed) en lewenskoersverandering in (Groenewald, 1986:55), nl. ‘n onvoorwaardelike bekering (Du Plessis, 2012:132) – ŉ nuwe lewenswyse volgens ŉ Bybelse etiek. Daar moet duidelik onderskei word tussen reg en verkeerd. Die sonde moet gehaat en uitgeroei word. Geen godsdiensvermenging, sinkretisme, Bileam-taktiek of Nikolaïete-leer mag geduld word nie. Die duiwel wat daaragter sit moet teëgestaan word. Die swaard, nl. die Woord, steek raak, vlek oop en sny uit. Die Woord is die middel waarmee profeties getuig word. Die dreigement word gerig tot die hele gemeente (Grové, 1992:100).

Die swaard wat uit Christus se mond kom is eskatologies (die middel wat gebruik moet word). Dit is sy Woord (Grové 1992:102) en sal uiteindelik sy finale werk doen aan die einde van die dae. Dan sal die finale skeiding kom.

Dit gee die gemeente hoop dat die Visitator van die gemeente Pergamum ŉ belofte gee van verborge manna, ŉ wit steentjie en ŉ nuwe naam (versterking deur die hoop as Hoëpriester).

Die verborge manna is die ware voedsel. Die manna in die woestyn was vir almal sigbaar. Hierdie manna wat die Here aan sy kerk in Pergamum gee, is vir die ongelowiges verborge en onsigbaar. Dit wys daarop dat die Here sy kerk met sy Woord en Gees vertroos en versterk, veral tydens vervolging (vgl. Jes. 40:31). Hulle vervolgers kan dit nie sien nie en hulle kan ook nie verstaan hoe dit moontlik is dat die gelowiges te midde van vervolging nog steeds kan volhard nie. Dit gebeur omdat Jesus Christus die krag gee. Jesus Christus is die ware voedsel (Joh. 6:32; Bavinck, ongedat.:59; Kruger, ongedat.:33) wat vir ware gelowiges bedoel is. Dit dui op die Nagmaal wat in die plek van die Pasga gekom het, wat uiteindelik vorentoe dui op die bruilofsmaal van die Lam (Kruger, ongedat.:33) soos ook beskryf as die Messiaanse feesmaaltyd (Du Rand, 2007:176).

Die volgende belofte is die wit klippie of steentjie met ŉ nuwe naam daarop. By die destydse feeste of optredes in ŉ amfiteater was ŉ wit klippie die toegangskaartjie (Du Rand, 2007:177; Mounce 1980:99). So kry ŉ gelowige in Pergamum en elke ander gelowige in die sewe gemeentes toegang tot die geloofsgallery of hemelse pawiljoen wat kyk vir dié wat nog in die lewenswedloop hardloop (Heb. 12). Dit het ŉ kerklike betekenis asook ŉ betekenis vir die hiernamaals, nl. die hoop.

Die toegangsklippie het ŉ nuwe naam op. Dit gaan gepaard met die nuwe Jerusalem (Op.3:12), nuwe lied (Op. 5:9), nuwe hemel en nuwe aarde (Op. 21:1). God gaan alles nuut maak (Op. 21:5; Grové 1992:108). ŉ Gelowige gaan in die hiernamaals nuutgemaak word met ŉ nuwe naam. Die nuwe naam dui op ŉ nuwe karakter. Dit word ook genoem ŉ oorwinnaarsnaam met ŉ ewige bestemming (Grové 1992:109), nl. die hoop waardeur versterk word.

Die belofte aan ŉ gelowige in Pergamum is dat God jou as deel van sy kerk beskerm hier en in die hiernamaals. ŉ Gelowige is God se eiendom (HK So. 1, vr. en antw. 1). Vir die gelowige is dit genade, maar vir die ongelowige is dit gerig. ŉ Ongelowige behoort nie aan Christus nie en dit is die gevolg van verharding.

Eties gesien wil dié Visitator nie hê dat daar met die duiwelse gemeenskap gemeng word nie. Daar is ŉ duidelike lyn tussen kerk en wêreld. Daar mag nie sinkretisme of dubbelhartigheid wees nie (De Bruyn, 1973:23), want God en Satan sluit mekaar uit. Daar is egter genadetyd as

ongelowige om jou te bekeer en as gelowige om te volhard met jou nuwe lewe. Jesus Christus wil hê Pergamum moet suiwer wees, in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. As gelowiges in die wêreld moet hulle as bekeerdes ŉ oorwinningslewe leef (Du Rand, 2007:178). Dit is sy omkeerstrategie vir Pergamum.

4.5.3.4.3 Riglyne vir kerkvisitasie

Die herhaling van die uitspraak *"Ek weet alles wat julle doen",* wys op die erns van die saak. Vir Jesus is die werke deursigtig, daarom moet ŉ visitator tydens kerkvisitasie pynlik eerlik wees (4.5.3.2.3).

Die gemeente het sterk punte gehad, nl. hulle het getrou gebly aan Jesus Christus se Naam en het die geloof nie afgesweer nie (Du Rand, 2007:170-1). Antipas, ŉ lidmaat, het as martelaar gesterf vir sy geloof (Op. 2:13b). ŉ Visitator moet ŉ kerk waarsku dat hulle kan sterf vir hulle geloof (Matt. 5:10-2). Dit is egter so dat die meeste martelare nog leef. Hulle voel die stryd aan hulle lyf. Daarom moet vertroos word in die geloof as profete en priesterlik versterk word in die hoop.

Die gemeente het ook swak punte gehad. Sommige hang die leer van Bileam (Nikolaïete) aan en doen ook dieselfde sondes (Du Rand, 2007:171). Sinkretisme en vermenging is ŉ probleem. ŉ Visitator moet die duidelike lyn tussen ware en valse leer en lewe uitwys. Daar is ŉ duidelike skeiding tussen wêreld en kerk. ŉ Visitator behoort te wys dat leer en lewe een is en suiwer moet wees. Daar moet vermaan word tot die regte motief, doel, middel en gevolg.

Die oplossing is dat die gemeente hulle bekeer. Indien die gemeente verhard is en hulle nie bekeer nie, kom Jesus Christus gou na hulle toe. Hy self sal die bose mense bestry met die swaard van sy mond (Du Rand, 2007:171)(koninklik vermaan). So behoort die visitator deur Woord en Gees die verkeerde te bestraf sodat hulle hulle kan bekeer. Dit is vermaning (omkeerstrategie).

Die gemeente het egter hulleself in ŉ gemeenskap bevind waar die troon van Satan by hulle is. Satan het as't ware intrek gevind in die gemeenskap. Satan moet teëgestaan word sodat hy van hulle kan wegvlug en hy moet bestraf word met die Woord. ŉ Visitator behoort ŉ gemeente te waarsku dat hulle bedag moet wees op Satan wat wil vervolg of verlei. Dit is egter tragies as ŉ gemeente homself soos Pergamum in ŉ gemeenskap bevind waarin Satan nes gemaak het (Op. 2:13). ŉ Visitator moet uitwys dat Satan valse godsdienste gebruik om mense te verlei, weg van die Here af en dat dit dikwels met ŉ teenstrydige lewenswyse begin. Die middel waarmee Satan teëgegaan moet word, is die Woord (Matt. 4).

Die gemeente moet die belofte van God aanvaar as ŉ toekomstige hoop, nl. indien hulle oorwin, hulle van die verborge manna sal kan eet en ŉ wit klippie kry as toegangskaartjie tot die hemel (hiernamaals). Met ŉ nuwe naam moet ons ook let op die sakramente, nl. die manna wat heenwys na nagmaal en die nuwe naam wat dui op die doop. Die doop het egter in die plek van die besnydenis gekom (Kol. 2:11-2). Die hoop beskaam nie en die visitator behoort die gemeente daarmee te versterk (deur onder andere te wys op die regte motief, doel, middel en gevolg).

#### 4.5.3.5 Bevinding van Jesus Christus die Visitator in Tiatira

*"19Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding en Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore. 20Maar Ek het dít teen julle dat julle die vrou Isebel laat begaan. Sy doen haar as profetes voor en leer en verlei my dienaars om onsedelikheid te bedrywe en afgodsoffervleis te eet. 21Ek het haar kans gegee om haar te bekeer, maar sy wil haar nie van haar onsedelikheid bekeer nie. 22Kyk, Ek gee haar aan ŉ siekbed oor, en die mense wat met haar owerspel gepleeg het, aan swaar lyding – as hulle hulle nie van haar praktyke bekeer nie. 23Haar volgelinge sal Ek deur ŉ pessiekte om die lewe bring. Dan sal al die gemeentes weet dat dit Ek is, die Een wat die gedagtes en begeertes van die mens deurgrond. Ek sal elkeen van julle straf volgens julle doen en late. 24Maar vir julle ander in Tiatira, wat nie hierdie leer aanhang en nie die "diep geheimenisse van die Satan", soos hulle dit noem, leer ken het nie, sê Ek: Ek lê op julle geen ander verpligting nie; 25hou net vas wat julle het, totdat Ek kom. 26Aan elkeen wat die oorwinning behaal en tot die einde toe volhou om te doen wat Ek wil hê, sal Ek mag en gesag oor die nasies gee. 27Hy sal hulle met ŉ ystersepter regeer, hulle soos kleipotte stukkend slaan. 28Dieselfde mag en gesag het Ek ook van my Vader gekry. Daarby sal Ek vir elkeen wat die oorwinning behaal, die môrester gee."* (Op. 2:18-29)

4.5.3.5.1 Agtergrond

Jesus Christus is positief oor die gemeente Tiatira met enkele dinge teen mense in die gemeente (nes Pergamum)(Coetzee, ongedat.:16). Dit is die langste brief (kerkvisitasieverslag) aan die kleinste gemeente in die ressort van die "*klassis*" klein-Asië. Tiatira was ŉ klein stadjie (Du Preez, 1992:55) wat in die oop vlaktes ongeveer 60km suid-oos van Pergamum geleë was (Du Rand, 2007:179; Groenewald, 1986:57). Die stad was sonder natuurlike beskerming. Destyds was daar ŉ groot komponent Romeinse soldate om die stad te beskerm. Die stad het ŉ sterk handel en industriële komponent gehad. So is daar materiaal vir die klerebedryf gemaak. Lidia die purperverkoopster het voorheen daar gewoon (Hand. 16:13-5; Du Plessis, 2012:136; Du Rand, 2007:180; Du Preez, 1992:55). Verder is daar baie ambagte beoefen, bv. wolverwerking, linnewerkery, leerlooiery, pottebakkery en metaalsmede (Coetzee, 1998:20;

Kruger, ongedat.:34) en ook slawehandel en broodbakkery (Du Preez, 1992:55). Hierdie ambagte was in gildes en vakbonde georganiseer (Du Rand, 2007:167; Groenewald, 1986:57). Elke gilde of vakbond het sy eie beskermgod gehad (Bavinck, ongedat.:67; De Bruyn 1973:28). Die gode is vereer met offers en feeste (Kruger, ongedat.:34). Tydens hierdie feeste was die hoofbestanddeel drankmisbruik en orgies. ŉ Ware Christen is hier uitgesluit. ŉ Gelowige moet dus vir God of teen God kies (Du Plessis, 2012:136).

Apollo, die seun van Zeus (die oppergod van die Grieke), is hier vereer (Du Rand, 2007:179). Apollo is die Griekse songod (Kruger, ongedat.:34). Teenoor Apollo was Jesus Christus, die Seun van God, vir die gemeente die antwoord op Apollo. God moet alleen geëer word. Dit is die etiese doel van ŉ kerk.

4.5.3.5.2 Jesus Christus se kerkvisitasieverslag oor die gemeente van Tiatira

Jesus Christus kyk as Visitator met sy vlymskerp oë en sien alles raak (Du Rand, 2007:184). Hy is die Christus, die Gesalfde wat die ewige Koning is, die enigste Profeet en alleen Hoëpriester. Jesus Christus beoordeel sy gemeente Tiatira. Hy ken hulle intiem en weet alles wat hulle doen, hulle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding. Hy merk ook dat hulle meer doen as tevore.

Jesus Christus is positief oor hulle liefde. Vir die gemeente is dit hulle dryfveer en motivering (Kruger, ongedat.:35). So het die gemeente God lief, asook hulle naaste (Du Rand, 2007:184; Grové 1992:136). In die klein gemeente was dit maklik om mekaar lief te hê (Coetzee 1998:20). Hier word melding gemaak van hulle liefde wat aangeprys word, teenoor Efese wat hulle eerste liefde verlaat het. Tiatira se liefde en liefdesywer was diep gewortel (Du Plessis, 2012:138). Hulle motief is suiwer. Die liefde lê aan die hart van ŉ Christelike etiese lewenswyse (Stoker, 1983:73). Die liefde in die waarheid is immers die motief vir ŉ Christelike etiese lewenswyse.

Naas die liefde word geloof aangeprys en dui op die regte verhouding met God en die feit dat die gemeente hulle anker in Hom vind (Grové 1992:137). Die gemeente is dus getroos deur die hoogste Profeet.

Die gemeente het hulle geloof prakties uitgeleef in diensvaardigheid en volharding. Die gemeente was gehoorsaam aan Jesus Christus, ten spyte van al die aanslae intern en ekstern. Hulle was standvastig en gehoorsaam aan die Woord. Die Woord is die middel van beoordeling. Hulle het volhard tot die einde toe (Grové 1992:137-9). Die gemeente het so ook meer gedoen as tevore. Daar het kwantitatief en kwalitatief ŉ verbetering gekom. Bekering was aanwesig. In die gemeente was daar ŉ groei in liefdesdiens (Kruger, ongedat.:35). Die laaste werke was beter as die eerste werke (Groenewald 1986:58). Daar was werklik groei in

die gemeente (Du Preez, 1992:56). Hul geestelike grafiek en die etiese lewe wat daarmee gepaard gegaan het, het 'n opwaartse lyn gevolg (Du Rand, 2007:184).

Naas die positiewe wat Jesus Christus as Visitator na vore bring om die gemeente te bemoedig en versterk, was daar egter ook die negatiewe – dit wat Christus nie in orde vind nie. Isebel as simbool vir die bose en slegte word genoem (1 Kon16, 21; 2 Kon. 9:22; Du Rand, 2007:185). Sy was onbekeerd. Sy kon moontlik die predikant se vrou gewees het (Du Plessis, 2012:140). Die totale aanslag van Satan via Isebel by die gildefees (Grové 1992:139) is in die oog. Sy is 'n valse, selfaangestelde profetes (Van der Waal, 1981:103) wat van die gemeentelede probeer verlei het. Dit was haar onetiese motief en doel. Isebel probeer om die dieptes van Satan na te vors (De Bruyn 1973:28), om dit wat vuil en vals is te ken en te ondervind (Du Preez, 1992:57), wat tipies die drinkpartye en orgies wat destyds saam met geestelike verrukking gepaard gegaan het, insluit. Sy het die leuen propageer dat 'n onsedelike lewe juis godsdienstig kan wees. So het sy en haar meelopers aangesluit by die praktyke van die breë gemeenskap van Tiatira.

Die rede hiervoor was verstaanbaar. Om by 'n gilde of vakbond lidmaatskap te kry, moes jy gedeel het in die afgodsdiens van die afgode van die gilde (Mounce, 1980:3). Hoerery en die deelname aan afgodsrituele deur die eet van afgodsoffervleis was deel van hulle lewe as onbekeerde – dit wat duidelik in die Bybel verbied word (vgl. Hand. 15:20). Drankmisbruik en dronkenskap is vrugte van die vlees naas ander vrugte van die vlees (Gal. 5:19-21). Iemand wat hom daarmee besig hou, stel sy ewige toekoms in gevaar (Gal. 5:21). Die gevaar is dat die drankgod gedien word. Dit is afgodery. In die plek van God word Bacchus gedien. Van hom word vreugde en geluk verkry (De Bruyn, 2000:27). Die Heilige Gees waarsku juis dat 'n mens nie moet dronk word van wyn nie, maar dat jy met die Gees vervul moet word (Ef. 5:18). Die doel om God te verheerlik word nie nagekom nie, maar die drankgod word vereer. Dit is oneties. Die gevolg is die ewige verderf.

Die gelowiges van Tiatira is voor 'n keuse gestel – óf hulle is deel van die kerk, óf deel van die gilde; dit wil sê kerk of werk. Die leer van Isebel was dat jy deel kon wees van beide. So het sy die ware diens aan God verloën (Bavinck, ongedat.:62). Die Here het haar opgeroep om haar te bekeer (koninklik vermaan). Sy het genadetyd gekry (Op.2:21; Grové 1992:141; Kruger, ongedat.:36). Omdat Isebel haar nie bekeer het nie, maar volgehou het met haar valse lewe en leer, was die gevolg dat sy haar in 'n siekbed bevind het. Jesus Christus se oordeel is onafwendbaar oor hulle wat ander laat struikel en in leer en lewe laat afdwaal. Soos die Here sê: *"Wee die een deur wie die struikeling kom."* (Matt. 18:7; Mark. 9:42). Dit geld vir haar en die verharde onbekeerde volgelinge.

Isebel wou haar volgens die kerkvisitasieverslag nie bekeer van haar hoerery nie. Hoerery is alle buite-egtelike geslagsgemeenskap en alles wat daarmee verband hou. Die sewende gebod verbied dit (De Bruyn, 2000:142). Isebel het nie die huwelik en geslagsgemeenskap in die huwelik respekteer nie. Die huwelik is daar om ŉ bolwerk teen ontug te vorm (De Bruyn, 2000:161,162). Die motief is definitief nie die huweliksliefde tydens ontug nie, maar is ŉ sondige lustigheid. Die doel van die huwelik, nl. om God daardeur te vereer, word nie gerespekteer deur die onkuise Isebel nie. Die gevolg van haar optrede indien sy verhard is en haar nie bekeer nie, is die ewige verdoemenis (Gal. 5:19).

Die gevolg van die onsedelike lewe van die volgelinge van Isebel, is dat ŉ pessiekte hulle getref het (Du Rand, 2007:186). ŉ Verdere gevolg was dat daar groot verdrukking gaan wees. Isebel en haar trawante gaan swaar en moeilike tye beleef (Grové 1992:143; Kruger, ongedat.:36). Dis nie slegs ŉ waarskuwing vir die gemeente Tiatira nie, maar vir alle kerke deur alle eeue, tot en met die voleinding wat ŉ teenstrydige lewe wil lewe (Greijdanus, 1973:68). Christus straf koninklik volgens hulle doen en late. Die gedagtes en begeertes (niere en hart) word deursoek en getoets. Dit is die innerlike aktiwiteit van die mens (Grové 1992:144). Alles ontstaan vanuit die hart en loop uit op die daad (Matt. 6:21). Christus sien dwarsdeur ŉ mens (Ps.139:1) en ŉ gemeente. Net Christus dié Visitator kan die mens oordeel oor wat in die hart aangaan. Sy gevolmagtigde visitatore kan en moet eties oordeel oor die dade van mense, wat spruit uit hulle gesindheid. As dade gedoen word vanuit ŉ verkeerde motief en/of doel, sal die middel waarskynlik wêrelds wees en die gevolg verharding.

Na die negatiewe word daar weer positief gepraat: *"24Maar vir julle ander in Tiatira, wat nie hierdie leer aanhang en nie die 'diep geheimenisse van die Satan', soos hulle dit noem, leer ken het nie, sê Ek: Ek lê op julle geen ander verpligting nie"* (Op. 2:24). Die groep wat hulle weerhou het van die Isebel-groep en getrou gebly het aan hoe hulle Jesus Christus leer ken het (Ef. 4:20-4), staan in kontras (Grové 1992:147). So is Christus ook in teenstelling met Satan. Dit is genade dat Jesus Christus die bekeerde volhardende groep bewaar, sodat hulle nie swig onder Isebel se verleiding nie, maar deel is van die oorwinning en uit die oorwinning lewe (Op 2:25-7; Grové 1992:147). Hulle hoop (versterking) is op God.

Aan die bekeerde groep word gesê: *"Geen ander verpligtinge word op julle gelê, geen ekstra laste of voorwaardes word op julle gelê om gered te word nie."* Christus is die enigste Verlosser. Nie Christus plus nie, maar Christus alleen. Glo in Christus en jy sal gered word. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe (Joh. 14:6). God gee voorskrifte in die Bybel. Hy gee nie antwoord in elke konkrete situasie nie. Diegene wat glo in ŉ etiese stelsel waarin daar vir elke situasie ŉ voorskrif gegee word, is nie reg nie. Hulle noem dit kasuïstiek. Daarmee word jou verantwoordelikheid as gelowige voor God ontneem. Dit kan lei tot skynheiligheid en

fariseïsme waarin ŉ persoon die regte ding doen, maar sy hart is ver van God af (De Bruyn, 2000:9,10). Daarom moet ons geen verpligtinge of laste op die persoon plaas nie. Christus is die enigste Verlosser.

Die Groot Visitator beklemtoon dat gelowiges soos Christene moet leef (Hand. 15:58; Op. 2:24). Erken Jesus Christus se heerskappy in die lewe, want Christus kom beslis (Groenewald 1986:60). Hier is ŉ waarskuwing dat ŉ mens nie die dieptes van Satan hoef te ken om van Satan te weet nie. Satan wil jou verlei (versoek)(Jak. 1:13) om deel te word van sy ryk: *"ŉ Mens word verlok en verlei deur sy eie begeertes wat jou saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug is, bring dit die sonde voort. As die sonde ryp word, bring dit die dood voort"* (Jak 1:14-5). Daarom moet ŉ gelowige aangevuur word om die duiwel teen te staan, sodat hy van jou kan wegvlug (Jak. 4:7). Om so te lewe moet gelowiges aan Christus in die geloof vashou as vertroosdes.

Die probleem van die gemeente is dat Isebel toegelaat is om haar skyngodsdiens uit te leef (De Bruyn, 1973:30). Geen tug is toegepas oor Isebel se valse leer en lewe nie. Sy is nie koninklik vermaan nie. Dit is sondige, skuldige nalatigheid – tot groot skade van die kerk. Daarom is dit nodig dat dit deur kerkvisitasie uitgewys word. Sinkretisme is tugwaardig. ŉ Gelowige moet suiwer wees in leer en lewe. Daar mag nie ŉ kompromie met Satan, die sonde of die wêreld gemaak word nie. Jy mag nie ŉ slaaf en ŉ slagoffer word van die verkeerde nie.

Vir die gelowiges in die gemeente wat volhard in die geloof is daar ŉ belofte met vier aspekte, nl. mag en gesag oor die nasies, Hy sal hulle met ŉ ystersepter regeer, soos kleipotte stukkend slaan en vir die gelowiges wat oorwin die môrester gee (in die hoop priesterlik versterk).

Christus belowe om aan die kerk mag en gesag oor die nasies te gee, dit wil sê ook oor die heidene. Soos wat Christus al die mag en gesag in die hemel en op die aarde het, so ontvang gelowiges ook mag (Greijdanus, 1973:70; Grové 1992:147). Grové (1992:147) wys uit 2 Timoteus 2:12 en Openbaring 2:21 dat die regeermag van gelowiges ŉ regeermag saam met Christus is (koninklik).

Jesus Christus belowe verder en verseker die kerk dat Hy met ŉ ystersepter oor die nasies sal regeer. Hierdie begrip "regeer" is om skape te lei soos ŉ herder (Groenewald, 1986:60). Dit het ŉ implikasie vir die kerk en kerke nou en in die toekoms. Daar sal regeer word met ŉ ystersepter soos Christus dit sal doen (Op. 12:5, 19:15)(koninklik).

Jesus Christus belowe verder dat hulle soos kleipotte stukkend geslaan sal word (Du Rand, 2007:188). Die kerk as oorwinnaar sal die nasies soos kleipotte stukkend slaan (Grové,

1992:151). Die erdepotte of kleipotte in skerwe dui op oorwinning (Mounce, 1980:106). Dit is ŉ geweldadige oorwinning (Du Rand, 2007:188)(koninklik).

So het Jesus Christus vir die kerk, deur die mag en gesag, die ystersepter-regering, die stukkende kleipotte, dieselfde mag en gesag gegee wat Hy van die Vader gekry het. Jesus Christus gee volmag aan sy kerk en ook sy visitatore. Hulle moet koninklik vermaan, profeties vertroos en priesterlik hoop gee.

Jesus Christus belowe ook vir die oorwinnaars die môrester. Die môrester is ŉ embleem van wêreldheerskappy (Groenewald, 1986:61; Grové 1992:153). Dit wys terug na Numeri 24:17 (Du Rand, 2007:189). Jesus Christus is die blink môrester (Du Plessis, 2012:150). Sy glans as blink môrester word aan die kerk as die môrester deurgegee. Dit dui weer op gesag en mag oor die nasies, dit wil sê oor die heidene (Groenewald, 1986:61).

Dit is vir dié Visitator belangrik dat daar gekyk moet word na liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding. Met tug moet daar gehandel word oor sinkretisme en kompromieë. Geen kompromie, afgodiese praktyke en valse leërstellings mag geduld word nie (Grové 1992:155). Daar moet ook hoop gegee word oor die eskatologie soos daar belowe is aan die gemeente van Tiatira.

Daar moet aandag gegee word aan die verwoestende aanslag teen die kerk in ons tyd. Die gelowiges in hul beroepe moet bedag wees daarop dat die wêreld se sondige praktyke nie deel van hulle lewe word nie. Die gelowiges moet ten bloede toe weerstand bied (Du Rand, 2007:189), met die sekerheid dat die hoop nie beskaam nie (Rom. 5:5).

4.5.3.5.3 Riglyne vir kerkvisitasie

Die herhaling van die uitspraak *"Ek weet alles wat julle doen",* wys op die erns van die saak. Vir Jesus is die werke deursigtig, daarom moet ŉ visitator tydens kerkvisitasie pynlik eerlik wees (4.5.3.2.3).

Die gemeente Tiatira het sterk punte gehad, nl. liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding. Hulle doen meer as tevore en dit is prysenswaardig (Du Rand, 2007:181). ŉ Visitator as priester, profeet en koning moet daarop wys dat ŉ ware gelowige hierdie eienskappe moet hê. Die motief moet reg wees.

Jesus Christus is die enigste Weg, Waarheid en Lewe. Hy is die enigste Weg van saligheid. In Hom, deur die Gees, moet die suiwere leer van die evangelie vasgehou word (Du Plessis, 2012:148). ŉ Visitator moet wys dat Hy die enigste pad van saligheid is. Dit is die geloofstroos.

Die gemeente het ook swak punte gehad deurdat hulle Isebel (Du Rand, 2007:181) geakkommodeer en laat begaan het. Sy kon moontlik die predikantsvrou gewees het (Du Plessis, 2012:140). Hulle het nie die tug toegepas nie en Isebel het van kwaad na erger gegaan. Daarom moet die tug toegepas word en daar is geen plek vir sinkretisme en kompromieë nie. As ŉ mens ŉ kompromie met die waarheid sluit, het jy nie meer met die waarheid te doen nie, maar met die leuen. ŉ Visitator moet koninklik vermaan as die tug nie meer toegepas word nie.

Isebel word genadetyd gegee om haar te bekeer. As sy haar nie bekeer nie, staan sy onder God se oordeel. Dit dien ook as ŉ waarskuwing vir die gemeentes in die algemeen. Die ware gelowiges moet net vashou wat hulle het en volhard (Du Rand, 2007:181). ŉ Visitator behoort ŉ kerkraad op te skerp om diegene wat in leer of lewe dwaal te vermaan, waar die dwaling ookal is en valse lewe voorkom - selfs in die pastorie.

Die gemeente moet die belofte van God aanvaar as hul hoop vir die wat oorwin deurdat hulle mag en gesag oor die nasies ontvang. Verder sal die oorwinnaars met ŉ ystersepter regeer en ook die Môrester ontvang (Du Rand, 2007:181). ŉ Visitator moet hulle versterk met die hoop.

#### 4.5.3.6 Bevinding van Jesus Christus die Visitator in Sardis

*"1Skrywe aan die leraar van die gemeente in Sardis: So sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood. 2Word wakker en versterk wat nog by julle oorgebly het, wat op die punt staan om dood te loop. Wat julle doen, vind Ek nie goed genoeg voor die oë van my God nie. 3Dink daaraan hoe julle die evangelie ontvang en daarna geluister het. Hou daarmee vol en bekeer julle. As julle nie wakker word nie, sal Ek onverwags kom soos ŉ dief, en julle sal nie weet wanneer Ek op julle sal afkom nie. 4Maar julle het darem ŉ paar mense daar in Sardis wat nie hulle klere besoedel het nie, en hulle sal altyd in wit klere by My wees omdat hulle dit waardig is. 5Elkeen wat die oorwinning behaal, sal sulke wit klere dra. Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe uithaal nie, en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort"* (Op. 3:1-5).

4.5.3.6.1 Agtergrond

Jesus Christus is as Visitator in geheel negatief oor Sardis (Coetzee, ongedat.:16). Tog was daar ware gelowiges in die gemeente wat nie hulle klere besoedel het nie (Op. 3:4). Sardis was ŉ sterwende stad wat op hulle verlede geroem het. Sardis is noord-oos van Efese geleë (Groenewald 1986:62) en 48 kilometer suid-oos van Tiatira (Du Rand, 2007:189). Sardis was ŉ ou stad wat reeds 1000 v C bestaan het (Du Plessis, 2012:152). Die stad was op ŉ rif wat dit

bykans onoorwinlik gemaak het. Tog is dit twee keer in die geskiedenis verower, nl. 546 v C en 214 v C (Du Rand, 2007:190; Kruger, ongedat.:41), eers deur die Perse en toe deur die Seleusiërs (Du Plessis, 2012:152). Die stad kyk uit op die Hermes vallei (Du Preez, 1992:61). Vroeër was Sardis die hoofstad van Lidië (Coetzee, 1998:25; Lammens, ongedat.:79). Hier ontdek en bevind Jesus Christus as dié Visitator die gemeente in ŉ bepaalde toestand (Grové 1992:136). In die gemeenskap is daar nie die troon van Satan (Pergamum) of die sinagoge van Satan (Smirna) nie (Bavinck, ongedat.:70). Die gemeente het in hulle omstandighede geen innerlike of uiterlike stryd nie. Jesus Christus dié Visitator vind hulle aan die slaap. In hulle slaap is dit as't ware asof Satan hulle uitlos (De Bruyn 1973:33). Christus wil hulle wakker skud deur sy Gees (Grové 1992:176).

4.5.3.6.2 Jesus Christus se kerkvisitasieverslag van die gemeente Sardis

Jesus Christus dié Visitator wil die slapende gemeente wakker skud (wees waaksaam, wees wakker). Die gemeente moet koninklik vermaan word. Die gemeente het ŉ slap gees en ŉ valse gerustheid gehad. Tog staan die gemeente bekend as lewend (Du Plessis, 2012:154) en eintlik is hulle dood (Op. 3:1; Coetzee, 1998:24; Du Preez, 1992:62; Lammens, ongedat.:80). Weens die feit dat die gemeente slaap, is hulle liefdeloos. Hulle is nie wakker nie. God verwag dat die gelowiges wakker moet wees. Indien hulle nie wakker is nie, maar slaap, is hulle motief nie reg nie. Hulle is liefdeloos.

Die gemeente het moontlik ŉ goeie reputasie by die ressort van die "*klassis*" klein-Asië gehad (De Bruyn 1973:34; Du Plessis, 2012:154), tog is die gemeente dood. Hulle het hulle geloof rustig uitgeleef sonder vervolging (Kruger, ongedat.:40). Dit was egter uiterlike skyn. Hulle het die uiterlike skyn van Godsaligheid gehad, maar die krag daarvan verloor (1 Tim. 3:5). Die gemeente word skerp aangespreek omdat hulle dood is (Groenewald 1986:62). Dit is vermaning. Die kerk se reputasie in die hemel is nie dieselfde as op die aarde nie (Lammens, ongedat.:81), tog is daar genadetyd. Met die lewewekkende werk van die Heilige Gees het die slaap of dood nie die laaste sê nie, maar wel die lewe (Grové 1992:179). ŉ Gemeente wat so aan die slaap en dood is, is ŉ groter gevaar as enige kettery en vervolging (De Bruyn 1973:35). Die Visitator is bekommerd oor die uiterlike skyn sonder die krag van die evangelie. Daar was ŉ groot agteruitgang (Du Preez, 1992:62). Die Woord is die middel waardeur hulle koninklik vermaan moes word.

Genadiglik was daar diegene wat wakker en nog lewend was (bekeerdes)(Op. 3:2). Die oorblyfsel moes die gemeente weer laat herleef (Du Rand, 2007:193). Van die gemeente word verder gesê dat hul op die punt staan om dood te loop. Sardis het die kiem van dood in homself gehad (Kruger, ongedat.:40). Die wat oorgebly het en wat nie aan die slaap is nie, moet profeties vertroos en priesterlik versterk word in liefde, geloof en hoop. Dit is ŉ pastorale

aspek wat nie agterweë gelaat moet word deur die visitatore nie, maar gedurig versterk moet word deur die Gees van God (Grové 1992:181). In Sardis vind dié Visitator dat die werke van diegene wat op die punt staan om dood te loop nie goed genoeg is voor die oë van die Here nie. Selfs goeie werke kan waardeloos voor God wees (Lammens, ongedat.:83). Die liefdeskern (die regte motief) van die werke het ontbreek soos met Efese. Dit is natuurlik so dat alle werke met sonde bevlek is, maar in Sardis se geval was daar 'n leegheid omdat die Gees van God nie daar was nie. Geloof, hoop en liefde is nie uitgebou nie (Kruger, ongedat.:41). Die visitatore moet ook na die innerlike (motief) en die uiterlike (dade) kyk. Jesus Christus as dié Visitator weet dat Sardis die evangelie ontvang en gehoor het, maar dit nie bewaar het nie. Sardis word opgeskerp om hulle te bekeer (Du Plessis, 2012:156). Dit moet hulle onthou en gedurig daaraan terugdink. Hulle geheue moet verfris word (Grové 1992:182). Die Woord en Gees moet bewaar word, want dit maak lewend en gee bekering (gevolg). Berou en bekering loop saam, so werk die Heilige Gees (die gevolg van vermaning). Daar behoort met die verkeerde gebreek te word en die regte gedoen te word (Grové 1992:185). Die doodskleed moet afgewerp word. Reformasie is noodsaaklik (Lammens, ongedat.:84). Dit is die omgeestrategie wat lei tot 'n omkeerstrategie (Die negatiewe moet deur die positiewe vervang word). Om positief te lewe is om gehoorsaam te wees aan die Woord (middel) en dit uit te leef. 'n Gelowige hoor die evangelie en gehoorsaam dit (Rom. 10:17).

Jesus Christus waarsku die gemeente dat Hy soos 'n dief in die nag sal kom (Du Preez, 1992:63). Sy koms is onverwags (Mark. 13:32; Matt. 24:43; 1Tess. 4:2, 5:2,3; 2 Pet. 3:10; Op. 16:15; Du Rand, 2007:194; Groenewald, 1986:36). Hierdie koms dui op die wederkoms, maar kan ook dui op die beëindiging van die gemeente. Hy kom as Regter en Hy sal oordeel oor die lewendes en die dooies. Met Christus se wederkoms sal die tyd vir bekering en genade vir ewig verby wees. Die gemeente ken hierdie beeld, want die stad is twee maal in die nag oorval (549 v C deur Kores en 214 v C deur Antioges)(Kruger, ongedat.:41; Du Rand, 2007:190). Met priesterlike hoop moet gekyk word na die wederkoms.

Jesus Christus in sy eerlikheid as Visitator gee erkenning dat daar enkele persone in die gemeente van Sardis was wat hulle klere nie besoedel of vuilgesmeer het nie – wat op sonde en verkeerde dade dui (Du Plessis, 2012:157-8; Du Preez, 1992:64). Hulle is in wit klere en sal altyd in wit klere wees, omdat hulle dit waardig is. Hier is 'n teenstelling tussen skoon en vuil. Die wat skoon klere het, is waardig om tot God te nader, onbesoedel deur die wêreld (Du Plessis, 2012:158). Die vuil klere wys op besoedeling deur onsedelikheid (Groenewald 1986:63). Dit kan ook ruimer dui op sondige praktyke en vleeslike vrugte (Gal. 5). Die skoon wit klere is klere van hemelinge (Op. 3:18, 4:4, 6:11, 7:9,13, 19:14). Die wit klere dui op reinheid, oorwinning en feestelikheid. Dit is die lidmate van Sardis wat gewas is in Christus se bloed en wie se sondebevlekte werke deur Christus geheilig is (Lammens, ongedat.:87).

Daarom moet die heiligmaking nagestreef word (Heb. 12:14) en teen die sonde ten bloede toe gestry word, want sonder die heiligmaking sal niemand die Here sien nie.

Die gereinigdes dui op die juridiese en eskatologiese. Die juridiese is diegene wat God regverdig verklaar. Hulle word profeties vertroos in die geloof. Dit is die wat vrygespreek is op grond van God se versoeningswerk (Mounce, 1980:112). Dit dui verder op die eskatologie. Dit is diegene wat na hierdie lewe in die hemel rein en heilig sal wees. Die Bybels-etiese lewe volg gelowiges dus tot in die ewigheid (1 Kor. 15:58). Hulle word priesterlik versterk in die hoop. Hulle is dan waardig om wit klere te dra. Hulle ontvang dan ook ŉ genadeloon. Groenewald (1986:36) wys verder op die saak dat hul vrygespreek is deur God en dat hul nie die vryspraak verbeur het nie.

Dié Visitator wil graag hê dat sy kerk moet lewe en nie dood wees nie. Nie soos Sardis nie, maar wakker en waaksaam, sodat ŉ mens juridies in die regte verhouding tot God staan, maar ook die Here eskatologies verwag. Dan volg die belofte van dié Visitator. Elkeen wat die oorwinning behaal sal sulke wit klere dra (hoop). Jesus Christus sê: *"Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe uithaal nie, en Ek sal voor My Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort."* (Op. 3:5). Elkeen wat hulle nie in Sardis besoedel het nie, word drieërlei dinge belowe (Du Preez, 1992:65): Wit klere vir die oorwinnaar, name wat nooit uit die boek van die lewe gevee sal word nie en dat Christus voor sy Vader vir hulle sal intree. Hierdie boek van die Lewe is onuitwisbaar en onveranderlik ten opsigte van die register van die uitverkore name (Du Plessis, 2012:160). Dit geld ook vir alle lidmate in alle kerke wat hulle nie besoedel het. Dit versterk ŉ gelowige, want ŉ gelowige het hoop.

Christus dié Visitator belowe aan elkeen wat volhard en oorwin dat hulle wit klere sal dra. Christus sal die gelowiges se sondesmet bedek en beklee met volmaakte heiligheid (Grové 1992:189). Dit geskied deur die reiniging van sy bloed en Gees. Nie meer tydelike vyeblare (Gen. 3:7) as klere nie, nie meer velklere (Gen. 3:21) of lapklere nie, maar ewige, permanente klere van God (Kruger, ongedat.:42). Die stryd om nie naak te wees nie (2 Kor. 5:3; Bavinck, ongedat.:71) is verby.

Christus belowe dat hul name nie uit die boek van die lewe geneem sal word nie. Die boek van die oordeel (Op. 20:12) staan teenoor die boek van die lewe (Op. 3:5). In die ooste beteken dit dat as jou naam uit die register van die stad uitgehaal is, jy burgerskap verloor het (Du Rand, 2007:196; Groenewald, 1986:64; Mounce, 1980:113). Met hierdie skrap van die naam word jy aan die dood oorgegee en het jy eintlik geen burgerregte nie (Groenewald, 1986:64). Die boek van die lewe is die Boek van God wat Hy in sy raadsplan daargestel het. (Dan. 12:1, Luk. 10:20, Fil. 4:3, Op.20:12, 21:27). Hierdie lys van name is nie noodwendig die name van die kerk se lidmaatregister nie (Lammens, ongedat.:79). As jou naam nie daar opgeteken is nie, al

is jy op die kerk se lys, sal jy nie die ewige lewe beërwe nie. ʼn Gelowige kan verseker weet dat sy naam nie uit die boek uitgewis sal word nie (Groenewald, 1986:64). Of jy ʼn Ou Testamentiese gelowige of ʼn Nuwe Testamentiese gelowige is, jou naam sal nooit met die voleinding van God se register uitgeskrap word nie (Grové 1992:190). So is daar ʼn soteriologiese motief asook ʼn eskatologiese motief. ʼn Visitator moet kragtens dié Visitator hierdie sekerheid en sekuriteit by gemeentes tuisbring.

Christus belowe dat Hy sy eiendom se name voor die Vader en die engele sal bely (Grové 1992:191; Kruger, ongedat.:42). Hulle is die oorwinnaars. Dit gee ʼn verdere dimensie aan die soteriologie, eskatologie en juridiese (Grové 1992:191). Hierdie toneel sal hom afspeel na die eindoordeel.

Dié Visitator wys aan die gemeente Sardis dat hulle dood is en dat hulle wakker moet word. Die raamwerk van die juridiese, eskatologiese en soteriologiese moet in die gemeente bekyk word sodat lidmate eties reg kan lewe. Op al drie hierdie vlakke ontbreek insig. Tog is daar uitverkorenes wat nie uit Christus se hand geruk sal word nie. Hulle name is in die boek van die lewe en hulle sal wit klere dra. Die gemeente is nog in Christus se hand. Hy is in beheer van sy kerk (Du Rand, 2007:197). Daarom moet hulle vermaan, vertroos en versterk word en daar moet gekyk word na die motief, doel, middel en gevolg.

4.5.3.6.3 Riglyne vir kerkvisitasie

Die herhaling van die uitspraak *“Ek weet alles wat julle doen”,* wys op die erns van die saak. Vir Jesus is die werke deursigtig, daarom moet ʼn visitator tydens kerkvisitasie pynlik eerlik wees (4.5.3.2.3).

Die gemeente het enkele sterk punte getoon, nl. dat daar sommige is wat nie hulle klere besoedel het nie. Hulle was Christus se wit klere waardig. Hulle was egter die uitsondering (Du Rand, 2007:191). ʼn Visitator moet die gemeente profeties vertroos deur te wys op die regverdigmaking en heiligmaking, want sonder die heiligmaking sal hulle die Here nie sien nie (Heb. 12:14).

Die gemeente se swak punt was dat hulle geestelik dood was (aan die slaap). Jesus Christus ken hulle dade en kragtens hulle dade staan hulle op die punt om dood te loop. Visitatore moet die gemeente eerlik koninklik vermaan om wakker te wees, vermaan oor hulle motief en doel deur middel van die Woord sodat die regte gevolg daar is.

Daar word afgelei dat die liefde by Sardis ontbreek, (nes by Efese). Dus het hulle nie die regte motief gehad nie. ʼn Visitator moet die gemeente opskerp tot liefde en geloofsdade.

Die oplossing vir die gemeente is dat hulle wakker moet word en dink aan die evangelie. Hulle moet hulle bekeer van hulle doodsheid (gevolg)(Du Rand, 2007:191). Daar moet gereformeer word en hierdie reformasie moet deur die visitator ondersteun word. Dit is die omkeerstrategie.

Die gemeente moet die belofte van God aanvaar as hulle hoop (priesterlik versterk), want indien hulle oorwin, kry hulle wit klere en hulle naam sal nooit uit die boek van die lewe verwyder word nie. Die name sal ook bely word. 'n Visitator moet wys op Jesus Christus se wederkoms. Dit is die enigste hoop vir die gemeente. Jesus Christus kom weer. 'n Visitator moet die gemeente daarmee versterk en ook daarvoor bid (Op. 22:20).

#### 4.5.3.7 Bevinding van Jesus Christus die Visitator in Filadelfia

*"8Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie. Ek weet dat julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie. 9Kyk, Ek beskik dat van die lede van die sinagoge van die Satan, die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar lieg – kyk, Ek sal maak dat hulle kom en voor julle kniel en erken dat Ek julle liefhet. 10Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. 11Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie. 12Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel uit afkom. En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe. 13Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê ."* (Op. 3:8-13)

4.5.3.7.1 Agtergrond

Dié Visitator is uiters positief oor Filadelfia (Coetzee, ongedat.:16). Die gemeente ontvang net lof en geen teregwysing nie (Groenewald, 1996:65). Daar is geen klagtes nie, maar net tevredenheid (Du Plessis, 2012:164).

Die stad Filadelfia is twee eeue voor Christus gestig (Du Plessis, 2012:161; Du Rand, 2007:197; Lammens, ongedat.:93). Dit is geleë naby die Tmolus-gebergte (Du Preez, 1992:67). Dit was 'n stad wat baie geteister is deur aardbewings (Du Plessis, 2012:161) en in 17 n C totaal verwoes is (Coetzee, 1998:28; Du Rand, 2007:197; Du Preez, 1992:67). Filadelfia is geleë in 'n vrugbare vallei langs die belangrikste handelsroetes wat Misië, Lidië en Frigië met mekaar verbind. Die keiserlike posroetes van Rome na Troas het deur die stad gegaan. So is hierdie stad genoem die poort na die Ooste (Du Preez, 1992:67). Die wyngod Dionisius

(Bacchus) is hier vereer (Du Rand, 2007:198; Groenewald, 1986:65). Dit was van die begin af ŉ gemeente wat sendingwerk gedoen het (Kruger, ongedat.:42).

4.5.3.7.2 Jesus Christus se kerkvisitasieverslag van die gemeente

Jesus Christus weet alles wat hulle gedoen het. Filadelfia was ŉ wakker gemeente teenoor Sardis wat slapende was (Du Rand, 2007:200). Dit was ŉ klein en kragtige gemeente (Groenewald, 1986:65) met min invloed (Du Preez, 1992:68), maar met ŉ geopende deur (Op. 3:8; Grové, 1992:223). Die deur is horisontaal en vertikaal (Van der Waal, 1981:15). Horisontaal het die gemeente die Woord verkondig (bewaar en vermeerder) en so was die gemeente ŉ poort na die Ooste (Du Preez, 1992:67; Du Rand, 2007:200; Kruger, ongedat.:42). Die gemeente was ook ŉ poort na die plato (Grové, 1992:223; Mounce, 1980:117). Strategies kon die gemeente hulle roeping na die wêreld uitleef, want die Here hou die deur oop. Vertikaal is die deur ook oop (getroos en versterk deur Jesus Christus). Dit is ŉ oop deur na die hemel. Christus gee aan die gelowiges vrye toegang tot die hemel (Op. 3:11-2).

Die horisontale en vertikale word verder beskryf:

Die horisontale, nl. die gemeente, het min krag (Du Plessis, 2012:164). Die gemeente het die boodskap bewaar en Christus nie verloën nie (Grové, 1992:225). Hulle is getroos en versterk uit die hemel.

Christus weet dat die gemeente min krag het. Die gemeente is klein en min in getal (Du Plessis, 2012:164-5; Grové, 1992:225; Kruger, ongedat.:44). Lammens (ongedat.:84) wys, wat die gemeente aanbetref, in 2 Korinthiërs 12:10 indien jy swak is, is jy sterk. Die gemeente was nie groot genoeg om ŉ beduidende invloed te hê in die wêreld nie. Coetzee (1998:29) wys daarop dat ŉ groot deel van die gemeente ongeletterde boere was. Ten spyte van hul kleinheid en die feit dat hulle nie veel invloed gehad het nie, het die gemeente ŉ groot missiologiese hart gehad. Hulle het hierdie taak met onderskeiding uitgevoer (Grové, 1992:226; Lammens, ongedat.:93). Hulle word beskryf as ŉ sendingkerk (Bavinck, ongedat.:72) of ŉ voorposgemeente (De Bruyn, 1973:42).

Christus weet ook dat die gemeente die boodskap bewaar het. Hulle hou die boodskap van Jesus Christus vas en is ŉ getroosde gemeente. Die profetiese boodskap is deurlopend deur die gemeente nagestreef oor ŉ lang tydperk. Die gemeente was egter geanker daarin (Grové, 1992:226). Hulle is daardeur gemotiveer en het ŉ toekomsgerigtheid (priesterlike hoop) daaroor gehad, want hul doel is uitgevoer kragtens die geopende deur.

Christus weet ook dat die gemeente Filadelfia Hom nie verloën het nie. Die gemeente is vervolg (Bavinck, ongedat.:72; Kruger, ongedat.:44). In die moeilike tyd van lyding het die

gemeente getrou gebly aan Christus. Omdat die gemeente Hom nie verloën het nie, sal Hy hulle ook nie verloën nie. ʼn Voorbeeld waarin iemand Christus verloën het, is Petrus. Petrus het ontken dat hy Christus ken (Matt. 26:69-75; Mark. 14:66-72). Die etiese belang is dat die gemeente getrou (lojaal) moet wees en nie hul rug op Christus moet keer nie. Die motief moet wees om Christus te dien in Gees en waarheid en die waarheid in liefde te betrag. Indien Christus verloën word, is dit eties nie reg nie, want verloëning eer God nie. Die gevolg van ʼn onbekeerde verloënaar is die ewige dood (Joh. 17:12).

Die gemeente was onder druk as gevolg van die sinagoge (vergadering) van Satan. Hulle het die Messias verwerp (Du Preez, 1992:68). Maar Jesus Christus beskik dat die lede van die sinagoge van Satan gaan kniel en herken dat Christus hulle liefhet. Die sinagoge van Satan is Jode wat vanuit die leuen leef en funksioneer en vals optree (Grové, 1992:227). Die leuen en die waarheid, die liefde en die haat staan teenoor mekaar. God is waarheid en in Hom is geen leuen nie. Die waarheid stel ʼn saak soos dit werklik is. Die leuen gee ʼn ander voorstelling as die waarheid. Daar is egter ʼn stryd tussen God en Satan. Satan is die vader van die leuen (Joh. 8:44; De Bruyn, 2000:236-7). Die gemeente het hulle besig gehou met die waarheid en die liefde. Die gemeente het nie gebuig voor die aanslag nie en die aanslag oorwinnend deurstaan met vreugde (Jak. 1:12).

Christus as Visitator sê: *"Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel."* Daar gaan ʼn wêreldwye beproewing in die tyd van die gemeente van Filadelfia wees. In dié tyd gaan Jesus Christus die gemeente vashou en die gemeente gaan behoue bly. Die een wat die outeur van hierdie lyding is, is Satan (Matt. 4:1; 1 Tes. 3:5; Op. 2:10; Grové, 1992:230). Om die boodskap vas te hou beteken om te glo, om lief te hê, om te volhard met ʼn moreel-etiese lewe en om te volhard tot die einde (Du Plessis, 2012:168). In kort beteken dit om by die Woord van God te bly en daaraan vas te hou.

Die vertikale deur is oop weens die krag van God omdat hulle getroos en versterk is uit die hemel. Jesus Christus se opstandingskrag, nadat Hy gesterf en opgestaan het uit die dood, het die verlossing bewerk (soteriologies). Hierdie opstandingsgebeure is die krag wat mense red (1 Kor. 1:18). Die gemeente het onvervals aan die kruis-evangelie vasgehou ten spyte van vervolging en bespotting (Kruger, ongedat.:45). In dié tyd van lyding en die uur van beproewing is daar ʼn begin en ʼn einde. Hierdie gedeelte stem ooreen met Daniël 12:2, Markus 13:11 en 2 Tessalonisense 2:1-12. Daar is eers lyding, dan finale verlossing (Grové, 1992:230). Hierdie vervolging tref gelowiges en ongelowiges om te bepaal wie swig en wie dit sal deurstaan (Kruger, ongedat.:45). Die soteriologie (leer van verlossing) het ook ʼn implikasie vir die gemeente (ekklesiologie). Die ongelowiges gaan vernietig word en die kerk gaan bewaar word

(Grové, 1992:230). Daar is ook naas die soteriologie en ekklesiologiese, ŉ eskatologiese dimensie. Dit gebeur as Jesus Christus weer kom. Hy sê Hy kom gou (Op. 3:11). So bemoedig Christus sy eiendom, sy kerk. Soos in die geval van die gemeente Efese (Op. 2:5), Pergamum (Op. 2:16) en Sardis (Op. 3:3) hou Christus se spoedige terugkoms ŉ bedreiging in, maar vir Filadelfia (Op. 3:11) is die wederkoms ŉ uitkoms (Groenewald, 1986:67). Christus hou sy kerk vas, daarom kan sy kerk aan Hom vashou. Die doel is om die kroon van die Lewe te ontvang. Die teks sê: *"… sodat niemand julle kroon wegvat nie."* (Op. 3:11). Elke gelowige, as hy te sterwe kom en met Christus se wederkoms, sal ŉ oorwinnaarskroon of ŉ lourierkrans ontvang. Hierdie kroon of krans was bekend by die gemeente en is ontleen uit die antieke Olimpiese Spele (Grové, 1992:232). ŉ Wenner van ŉ item het so ŉ kroon of krans ontvang. ŉ Gelowige ontvang dan as sterwende en met Christus se wederkoms die kroon of krans. Dit is reeds weggelê vir diegene wat volhard tot die einde en oorwin (2 Tim. 4:8; Groenewald, 1986:67).

Daar is ŉ horisontale geopende deur na die omgewing van die gemeente van Filadelfia. Die gemeente het geëvangeliseer deur Jode tot bekering te bring (Du Preez, 1992:69). Dit is ŉ omgeestrategie wat oorgegaan het in ŉ omkeerstrategie. Daar is ook ŉ vertikale geopende deur na die hemel en die nuwe Jerusalem.

Christus belowe as Visitator dat diegene wat oorwin ŉ pilaar in die tempel sal wees en Hy sal sy Naam op die gelowige skryf:

Die oorwinnaars is pilare in God se tempel (Du Rand, 2007:204). ŉ Pilaar is ŉ metafoor vir stabiliteit en permanensie (Du Plessis, 2012:171; Grové, 1992:232; Mounce, 1980:120). Weens die aardbewings het die gemeente baie onstabiliteit beleef (kultuurhistoriese agtergrond). Hierdie belofte van permanensie was vertroostend. Die gelowige hoor dat Hy ŉ pilaar in die nuwe Jerusalem sal wees (Grové, 1992:232). In die vroeë kerk is die apostels ook pilare genoem (Gal. 2:9; Ef. 2:19-22; Groenewald, 1986:67). So word die oorwinnaars ook nou pilare genoem. Alhoewel daar nie gesiene, invloedryke mense was nie, word hulle weldra pilare genoem (De Bruyn, 1973;45) omdat hulle priesterlik versterk is.

Die oorwinnaars (gelowiges) ontvang God se naam. Dit is ŉ drievoudige naam (Grové, 1992:234), nl. hierdie naam van God, die naam van die stad van God en sy nuwe naam (Groenewald, 1986:67). Die Een wat die naam skryf is Christus. Hy het die eiendomsreg, want Hy kan oop en toe sluit. Die drievoudige inskripsie op die pilaar beteken dan dat jy aan Christus behoort, dat jy ŉ burger is van die Nuwe Jerusalem (Fil. 3:20; Gal. 3:29). Dit beteken dat jy in ŉ unieke verhouding tot Christus staan (Grové, 1992:235). Die verhouding is permanent en onherroeplik. Niemand kan jou uit sy hand uit ruk en niks kan jou van sy liefde skei nie. Hierdie

belofte vertroos absoluut en geheel en al (HK So 1, vr. en antw. 1). God is die Alleeneienaar van die vertroosde en versterkte gelowige kragtens sy Naam (Du Rand, 2007:206).

Die belofte is dus teosentries, Christosentries en eskatologies.

Jesus Christus, dié Visitator, is uiters positief oor die gemeente Filadelfia. Hy gee 'n positiewe verslag, al het hulle min krag en doen en leef hulle soos hulle behoort as nuwe mense. Jesus Christus is die Een wat die sleutel in sy hand het wat die deure horisontaal en vertikaal oopsluit. Hy staan hulle by in hulle lyding en gee krag na kruis en deur sy Gees volhard hulle tot die einde. Hy gee vir hulle hoop as oorwinnaars en anker hulle te midde van onsekerheid (troos). Dit is as't ware of die toekoms hulle uit die smarte van vervolging trek.

4.5.3.7.3 Riglyne vir kerkvisitasie

Die herhaling van die uitspraak *"Ek weet alles wat julle doen"*, wys op die erns van die saak. Vir Jesus is die werke deursigtig, daarom moet 'n visitator tydens kerkvisitasie pynlik eerlik wees (4.5.3.2.3).

Die gemeente het sterk punte gehad, nl. dat die Here vir hulle die deur horisontaal en vertikaal oopgemaak het. Vertikaal het hulle direkte toegang tot Jesus Christus as vertroosde gelowiges en horisontaal het hulle toegang tot die gemeenskap. As gemeente het hulle Jesus Christus se opdrag uitgevoer om sending en evangelisasie te doen ten spyte van hulle beperkte kragte en min lidmate. Jesus Christus is nooit verloën nie (Du Rand, 2007:199). 'n Visitator moet aan 'n klein gemeente met beperkte kragte en lidmate die profetiese troos van ons Here Jesus bring dat die kanale vertikaal en horisontaal oop is. God maak dit oop. So is die motief die liefde, die doel God se eer, die middel God se Woord en die gevolg bekering.

Die waarborg vir die gemeente om in hulle roeping te kan volhard, is om vas te hou aan Jesus Christus as versterkte priesters en as vertroosde profete. Al sou moeiliker tye kom, sê Jesus dat hulle aan Hom moet vashou totdat Hy kom, want Hy hou sy eiendom (kerk) vas. Niemand kan hul van sy liefde skei nie (Rom. 8:39). Dit troos 'n gelowige om te weet dat Christus jou vashou in beproewing. Wanneer Jesus Christus kom, sal die nie-Jode voor die gelowiges kniel (Du Rand, 2007:199). 'n Visitator moet die gemeente daarop wys en hulle daardeur versterk en troos. Hy moet ook daarop wys dat daar 'n stryd kan wees na binne en na buite om die kanale oop te kry. Dit word uit liefde gedoen as motief, God se eer as doel, deur middel van die Woord sodat daar bekering kan wees (gevolg).

Die gemeente moet die belofte van hulle hoop aanvaar, nl. indien hulle oorwin, sal hulle pilare in die tempel wees. Dit sal permanent wees en drie name sal op die pilaar geskrywe word (Op. 3:12). 'n Visitator versterk verder die gemeente met hierdie hoop.

#### 4.5.3.8 Bevinding van Jesus Christus die Visitator in Laodisea

*"15Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! 16Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg. 17Julle sê: "Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie," en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal. 18Daarom raai Ek julle aan om by My goud te koop wat deur vuur gelouter is, sodat julle ryk kan word; en koop wit klere, sodat julle julle kan aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie; en koop oogsalf om aan julle oë te smeer, sodat julle kan sien. 19Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle. 20Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My. 21Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het"* (Op. 3:15-21).

4.5.3.8.1 Agtergrond

Die stad Laodisea is die mees suidelike en oostelike gemeente in die ressort van die "*klassis*" Klein-Asië. Die stad is drie eeue voor Christus gestig deur Antiochus II wat sy vrou Laodike of Laodise vernoem het (Du Rand, 2007:208; Groenewald, 1986:68; Kruger, ongedat.:47). Hier kom twee handelsroetes bymekaar langs die Likusrivier (Du Preez, 1992:71; Du Rand, 2007:208; Van der Waal, 1981:121). Dit is die rykste en die mees vooruitstrewende van die sewe stede. So is die stad in 60 n C deur 'n aardbewing verwoes, maar met eie middele het hulle dit weer opgebou (Coetzee, 1998:32; Du Plessis, 2012:172; Du Preez, 1992:72; Groenewald, 1986:68) sonder ondersteuning van Rome (Kruger, ongedat.:47). Die stad het 'n mediese skool gehad (oogsalf was bekend). Daar is ook 'n tempel vir die god van die geneeskunde opgerig. Verder was daar goeie wolproduksie en die klerebedryf het floreer. Daar was 'n goeie gevestigde geldstelsel en bankwese (Kruger, ongedat.:47). Die stad het egter 'n ernstige waterprobleem gehad en daar moes water aangelê word vanaf Hiërapolis. Hiërapolis is tien kilometer vanaf Laodisea (Du Rand, 2007:212). Dit is 'n warmwaterbron waar hulle die water vandaan gekry het. Teen die tyd dat die water by Laodisea aangekom het, was dit nie meer warm nie, maar lou.

Die Visitator is negatief oor die gemeente (Coetzee, ongedat.:16; De Bruyn, 1973:48). Vir die gemeente het Jesus Christus nie lof nie (Du Plessis, 2012:172; Groenewald, 1986:69), net straf (Du Rand, 2007:209). Jesus Christus staan buite die gemeente (De Bruyn, 1973:47), Hy is nie in die gemeente nie (Op. 3:19). Die gemeente bevind hulle in 'n dodelike selfbedrog (Bavinck, ongedat.:70). Tog is daar 'n belofte vir die oorwinnaars (Op. 3:22).

4.5.3.8.2 Jesus Christus se kerkvisitasieverslag van die gemeente

Jesus sê Hy weet alles wat hulle doen. Hy is vertroud met hulle geestelike situasie (Du Rand, 2007:212). Hy is egter negatief en het geen lof vir hulle doen en late nie. Daar is nie 'n spesifieke klagte soos met Efese, Pergamum, Tiatira of Sardis nie (Groenewald, 1986:69). Jesus Christus doen huisbesoek by die gemeente (Du Preez, 1992:72). Hy sien dat hulle verval egter so groot is dat hulle bestaan op die spel is (Groenewald, 1986:70). Die gemeente het 'n algemene klagte teen hulle gehad. Hul werke is nóg warm, nóg koud (Op. 3:15). Op die oog af is daar waarskynlik nie 'n etiese probleem met hulle lewe nie, maar hulle dryfvere en beweegredes was liefdeloos. Hulle motief was nie reg nie. Dis hoe Christus die Visitator hulle sien. Die gemeente self en die ressort van die "*klassis*" Klein-Asië het Laodisea gesien as 'n modelgemeente (Kruger, ongedat.:47). Die siening van Christus en dié van die mense het verskil. Daarom het Jesus Christus, die ware getroue Getuie, getuig van Laodisea as 'n lou gemeente. Hulle word vermaan oor hulle lou liefde. Die motief is nie suiwer nie. Die doel is vaag en die Woord word nie reg gesny nie. Die gevolg is nie ware bekering nie.

Die skrikwekkende is dat Jesus Christus buite die gemeente staan en aan hulle deur klop (Op. 3:20). Van buite die gemeente praat Hy in sy kerkvisitasieverslag. Hy weet dat hulle nie koud of warm is nie. Dit is ontleen vanuit die kultuurhistoriese agtergrond waar die warm water van Hiërapolis na Laodisea vloei. Die warm water vloei tien kilometer ver (Du Rand, 2007:212) met 'n val van honderd meter (Coetzee, 1998:33; Groenewald, 1986:70; Grové, 1992:263). Die water is baie warm as dit begin vloei en teen die tyd dat dit by Laodisea uitkom, is dit lou. So is die gemeente ook lou, nie warm of koud nie. Jesus Christus ontmasker die gemeente se karakter radikaal (Bavinck, ongedat.:77). Die Woord as middel moet raaksteek en oopvlek. Christus wil hê die gemeente moet vurig wees (Rom. 12:11), maar nou is die gemeente lou. Die rede is dat die geloof wat werke tot gevolg het, nie op standaard is nie (Grové, 1992:262). Die getuienis was lou, want hulle harte was nie reg nie, met ander woorde die motief was nie reg nie.

Wanneer iets beoordeel word, gaan dit in die etiek nie net oor wat verkeerd gedoen word nie, maar ook dit wat nagelaat word om te doen. Dit is soos die onvrugbare vyeboom wat nie slegte vrugte gedra het nie, maar geen vrugte nie (Luk. 13:6-9). Die gemeente was nie getrou aan hulle roeping, nl. om 'n ligtende lig en 'n soutende sout te wees nie. Jesus Christus, as die ware getroue Getuie, is versaak deur die lou gemeente. Hy spreek sy wens uit, naamlik as hulle tog maar net koud of warm was, maar nou is hulle lou. Jesus Christus sal hulle uitspuug. Lou water les nie die dors nie en is walglik (Groenewald, 1980:70) en weersinwekkend (Coetzee, 1998:34; Grové, 1992:264). So is die gemeente ook walglik en weersinwekkend vir Jesus Christus en letterlik staan daar verder: *"Ek staan op die punt om julle uit te spuug."* Daar is dus

nog genadetyd, bekeringstyd (omkeertyd)(2 Kor. 6:2; Groenewald, 1986:70). Dit is as gevolg van die onbeskryflike liefde van Jesus Christus dat Hy so skerp reageer oor die toestand (Kruger, ongedat.:48). Hulle het hulle lewenskrag verloor weens hulle vooruitstrewende welvaart (Groenewald, 1986:70).

Jesus Christus as dié Visitator beoordeel en ontmasker die gemeente nog verder. Die gemeente roem oor geld, die klerebedryf en ook oogpoeiers (De Bruyn, 1973:48; Du Plessis, 2012:177). Die gemeente sê hulle is ryk, skatryk, en het niks nodig nie. Uiterlik is hulle mooi en swierig, innerlik is hulle ellendig, beklaenswaardig, arm, blind en kaal. Die sonde van die gemeente is selfgenoegsaamheid weens die uiterlike welvaart. Die materiële verblind hulle. Hulle het geen selfinsig nie. Hulle kyk hulle eie benardheid mis en Jesus Christus wys dit uit in sy kerkvisitasieverslag. Hulle is hopeloos (Du Rand, 2007:213) en hulle motief is liefdeloos. Hulle moet vermaan word. Die gemeente het hulle sekuriteit in die aardse rykdom geplaas in plaas van die hemelse. Die selfgenoegsaamheid maak hul totaal blind vir die werklikheid (Coetzee, 1998:34). Hulle het gemeen dat hulle niks meer nodig het nie. Hulle was egosentries en nie Christosentries nie. Die gemeente het hulleself in die sentrum geplaas (Grové, 1992:265). Daar was ŉ gebrek aan selfkennis en Godskennis. Die troos en versterking van die Groot Visitator word nie aanvaar nie, want Hy staan buite die gemeente en klop.

Daar was geen stryd binne of buite soos by Efese en Pergamum nie. Hulle het net ŉ bestaansmotief gehad. Hulle kyk vas in die hier en nou, eksistensie. Hulle het dus ŉ gebrek aan ŉ eskatologiese visie gehad (Grové, 1992:266).

Volgens Grové (1992:267) is daar vyf vlakke van antitese:

- Die gemeente is nie Christus(Trooster)-gefundeerd nie, maar materialisties.
- Die gemeente leef ŉ leuen omdat hulle sê dat hulle ryk is in plaas van dat Christus hul rykdom en die waarheid is.
- Die gemeente dink hulle is reg, maar eintlik is hulle ellendig.
- Die gemeente dink hulle sekuriteit is in besittings terwyl Christus hulle sekuriteit (troos en sterkte) moet wees.
- Die gemeente het nie ŉ toekomsvisie oor die eindtyd nie terwyl Christus weer kom. Daar is nie ŉ duidelike hoop nie.

Christus as Visitator bemoedig die gemeente verder en gee ŉ positief-konstruktiewe korrektief. Hy raai hulle aan om hemels te koop en nie aards nie. Jesus gee drievoudige raad aan die gemeente (Bavinck, ongedat.:98):

Arm - Koop goud wat deur vuur gelouter is (Op. 3:18; Du Rand, 2007:213). Dit is geestelike rykdom wat in Christus gevind kan word. Christus is vir die gemeente deur ŉ smeltkroes sodat die gemeente staande kan bly in hulle geloofsloutering. So lees ons in 1 Petrus 1:7 van die geloof wat gelouter moet word om die egtheid te toets. Christus se rykdom is gans anders as die fisiese rykdom van Laodisea (Du Rand, 2007:214). Christus se rykdom is die ewige lewe.

Kaal - Koop wit klere. Dit blyk dat hulle nie insien dat hulle naak is nie (Du Plessis, 2012:179). Dit is om die skande van die naaktheid te verberg (Du Rand, 2007:214; Grové, 1992:268) en die reinheid in Christus na te streef en na te leef. Die naaktheid het te doen met die juridiese (Grové, 1992:269) ten opsigte van die skande van die naaktheid en skuldig staan teenoor Christus. Naaktheid is ŉ skande en soms deel van God se straf (Eseg. 16:39; Hos. 2:1,2). Die klere wat die naaktheid moet bedek word deur die bloed van Christus gewas (Op. 7:14). So staan die gemeente in alle geregtigheid en heiligheid voor God. Dit het met die eskatologie te doen (Grové, 1992:269). Die bruilofskleed (Matt. 22:11-2) word juis aangetrek om aan te sit by die bruilof van die Lam (Op. 19:5-10).

Blind - Koop oogsalf om te kan sien (Du Rand, 2007:214). Jesus Christus raai die gemeente aan om dit te doen. Dit verwys na die kultuurhistoriese agtergrond van die oogsalf wat die mediese skool in Laodisea ontwikkel het (Grové, 1992:269). Dit is oogsalf wat van verpoeierde Frigiese sandsteen gemaak is (Du Rand, 2007:214). Hierdie oogsalf het hulle beroemd gemaak (Du Plessis, 2012:179). In ons teks dui dit op die geestelike. Dit is om oogsalf by Jesus Christus te koop om die sonde raak te sien en die blindheid van die eie sonde te genees (Jes. 6:9,10; Matt. 13:14,15). Dit geskied deur die Heilige Gees wat jou oortuig van jou sonde (Joh. 16:8). Dit het betekenis sodat jy jou lewe nie in jouself soek nie, maar in Christus. Dit het ook ŉ eskatologiese betekenis dat jy alles eendag sal sien soos dit is (1 Kor. 13:12).

Christus wil deur die koop van die goud, wit klere en oogsalf die kerk perspektief gee oor hulle sonde, nl. lou, ellendig, beklaenswaardig, arm, blind en kaal. Dit is die Groot Visitator se vermaning oor hulle verkeerde motiewe. Met hierdie kerkvisitasierapport wys Jesus Christus op ŉ sterwende gemeente wat lewend moet word. Jesus Christus is die Skeppings- en Onderhoudingsmiddelaar. Hulle moenie meer selfgenoegsaam wees nie, maar afhanklik van Christus, want Hy is Trooster en Versterker, Profeet en Priester. Dit het ŉ ekklesiologiese dimensie. Kerklik moet daar by Christus ingekoop word. Alles is te koop by Christus, Hy wat ryk was en arm geword het sodat ons kan ryk word in Hom (2 Kor. 8:9) om te koop sonder geld sonder om te betaal (Jes. 55:1). Alles is uit die rykdom van sy genade (Goenewald, 1986:71;

Kruger, ongedat.:49) sodat die gemeente nie meer naak is nie en sodat die gemeente kan sien (Op. 3:18). Dan is die naaktheid en die skande bedek en die oë kan sien en is gedokter.

Christus tug en straf dié wat Hy liefhet. Tug is een van die merktekens van die ware kerk (NGB art. 29). Om te tug is om dit wat skeef is reg te trek. Christus wil die boom (kerk) wat skeef is regtrek, nie breek nie. Uit liefde word getug (Spr. 3:12) en so word hulle opgevoed (Du Plessis, 2012:180). Christus wil juis die verkeerde regstel (1 Kor. 11:32) daarom vermaan Hy. Dit is positief (Spr. 1:8, 13:18, 15:32; Heb. 12:5-6). Die heil van die gemeente word gesoek. Dit is dus soteriologies en ekklesiologies. Hierdie liefde word in Christus geopenbaar (Joh. 3:16; Rom. 5:8; 1 Joh. 4:9). Dit is Christologies gemotiveer (Grové, 1992:271). Hierdie liefde is warm en teer vir Christus se gemeente. Hy tug met groot teerheid en so dissiplineer Hy hulle sodat sy eiendom na Hom toe terugkeer (Kruger, ongedat.:50). Die uitverkiesing en verbond geld. Dit is die grond van die omgee- en die omkeerstrategie.

Christus sê vir Laodisea om ywerig te wees en hulle te bekeer. Bekering is die etiese gevolg. Die sonde (lou liefde) moet verbreek word en dit moet totaal en al agtergelaat en die korrekte (oorgawe in liefde) moet gedoen word. Daar mag nie ŉ louheid wees nie. Die gemeente Laodisea was kortsigtig en het net vasgekyk teen die hier en nou. Christus wys op die hier en nou, die verlede en die toekoms. Hy is die Alfa en die Omega.

Laodisea moet soos herskape, nuwe mense lewe kragtens Christus se herskepping (Grové, 1992:272; Hendriksen, 1980:77). Christus is Herskeppings- en Onderhoudingsmiddelaar. By die gemeente moet daar ŉ soteriologiese en eskatologiese perspektief wees. Die gemeente behoort weer op die spoor te kom vanwaar hulle ontspoor het (omkeerstrategie). Daar is dus ŉ ekklesiologiese faset (Grové, 1992:272). ŉ Kerk moet weer ware kerk wees. Jesus Christus het die gemeente wat vals is nog nie uitgespuug nie. Daar is nog genadetyd (bekeringstyd). Die pad vir bekering is nog oop (Kruger, ongedat.:50).

Die kern van die kerkvisitasieverslag is dat Jesus Christus buite die gemeente staan. Hy klop en Hy roep (Op. 3:20). Jesus Christus kom nie na elke lidmaat en klop persoonlik aan sy hart nie. Hy staan voor die deur van die hele gemeente, kloppend. Die gemeente moet die deur oopmaak en die hele gemeente moet hulle bekeer (Kruger, ongedat.:51). Christus praat met die gemeente en hulle moet luister. As ware getuie verkondig Hy sy evangelie aan sy kerk (Hendriksen, 1993:78). Dit is missiologies.

Weens Christus wat die gemeente bekeer deur sy Gees, wil Hy hê die deur moet oopgemaak word sodat Hy kan saameet. Om saam te eet dui op ŉ noue gemeenskap met die mense (Mounce, 1980:129). Omdat Jesus Christus buite die gemeente staan, blyk dit dat hulle nie vir Hom plek het nie (Op. 3:17), maar dat Hy ŉ plek vir hulle het. So word die gemeente op hulle

verantwoordelikheid gewys. Hulle behoort ywerige bekeerdes te wees wat toegang het tot sy feesmaal. Hy is die Gasheer tydens hierdie feesmaal (Du Plessis, 2012:182). Die gemeente moet dus hulle lewe nie in hulleself soek nie, maar buite hulself in Christus. So word daar 'n feesmaal gehou. Die feesmaal wys terug na die Joodse fees van Pasga (Du Plessis, 2012:182) en dan na die nagmaal en verder na die feesmaal in die toekoms, nl. die bruilofsmaal van die Lam. Daar is dus 'n ekklesiologiese en eskatologiese motief. Naas hierdie motiewe is daar ook 'n bo/naby motief van Christus, die Skeppingsmiddelaar en Onderhoudingsmiddelaar (Grové, 1992:273). Hy is Trooster en Versterker, nl. hoogste Profeet en enigste Hoëpriester. Daar is ook 'n verbondsmotief omdat Pasga, nagmaal en die bruilofsmaal van die Lam in die kader van die verbond is (Matt. 8:11; 1 Kor. 11:25; Luk. 22:30). Jesus Christus is ook Verbondsmiddelaar.

Christus gee vir die gemeente hoop deur die belofte wat Hy uitspel (Op. 3:22), nl. *"Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek saam met My op die troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het."* Troon dui op heerskappy (Du Preez, 1992:75). Christus as God wat op die troon sit, word verder in Openbaring beskryf (Op. 5:9, 7:9). Volgens Grové (1992:274) is dit die troonmotief. Christus regeer en diegene wat oorwin het die voorreg om saam met Christus op die troon te sit (Matt. 19:28) en saam met Hom te regeer (Op. 20:4). Grové (1992:275) noem dit verder 'n oorwinningsmotief. Ons sal saam met Jesus Christus, as ewige Koning, regeer.

Tydens hierdie kerkvisitasie het Jesus Christus, dié Visitator, buite gestaan en klop. Hulle het 'n gebrek gehad aan selfinsig en hulle was selfgenoegsaam en selftevrede (Du Rand, 2007:218). So wil Jesus Christus die gemeente wakker klop en roep. Hulle was ontrou in getuienis en oneffektief in hulle doen en late (Grové, 1992:275). Die gemeente was vasgevang in die hier en nou van die materiële en het nie 'n toekomsvisie gehad nie. Teenoor hierdie negatiewe kom Jesus Christus, die positiewe. Hierdie kerkvisitasieverslag skerp elke kerk op om nie lou te wees en Jesus Christus uit te skakel uit die kerklike lewe nie. Jesus Christus mag nie buite die deur staan nie, maar moet sentraal staan in die kerklike lewe. Daar moet bekering en 'n terugkeer na die Woord wees. Daar moet 'n regte motief, 'n regte doel, deur middel van die Woord wees. Die woorde moet waar word, nl: *"Waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in jul midde"* (Matt. 18:20).

4.5.3.8.3 Riglyne vir kerkvisitasie

Die herhaling van die uitspraak *"Ek weet alles wat julle doen",* wys op die erns van die saak. Vir Jesus is die werke deursigtig, daarom moet 'n visitator tydens kerkvisitasie pynlik eerlik wees (4.5.3.2.3).

Jesus Christus, die Visitator, kyk na die innerlike en nie die uiterlike nie. ŉ Visitator het die opdrag om selfgenoegsaamheid aan te spreek en afhanklikheid te bevorder. Daar behoort koninklik vermaan te word as die motief, doel, middel en gevolg nie reg is nie.

Die gemeente het ŉ swak lewe gehad deurdat hulle lou was. Hulle het gedink hulle is skatryk, maar eintlik is hulle ellendig, pateties, arm, blind en kaal. Hulle het geen selfinsig nie (Du Rand, 207:210). ŉ Visitator moet ŉ lou gemeente help om hulle te bekeer van hulle egoïstiese louheid sodat die gemeente warm in liefde kan wees. Louheid moet vermaan word.

Jesus Christus as Visitator, staan buite die gemeente en klop. Hy kom om huisbesoek te doen (Du Preez, 1992:72). Hy wil graag inkom om hulle insig te gee in hulle probleem. Hy wil ook saam met hulle 'n feesmaal vier (Du Rand, 2007:211). So moet ŉ visitator die aard van ŉ kerkvisitasie sien as huisbesoek (herderlike besoek) en dat die visitator nie moet skroom om te vermaan, vertroos en te versterk as koning, profeet en priester nie.

Indien Christus buite die gemeente staan, moet daar dan verder gelet word op die sigbare prediking, nl. die sakramente nagmaal en doop, waarin Jesus Christus die gasheer is by beide die nagmaal en die doop. Die Woord en sakramente mag nie ontheilig word met Jesus Christus wat nie daar teenwoordig is nie.

Die oplossing vir die gemeente is bekering (etiese gevolg) sodat die gemeente moet besef dat hulle ryk moet word in Christus (omkeerstrategie). Naas hulle geestelike armoede, is hulle ook kaal en blind. Jesus Christus raai hulle aan om van Hom goud te koop asook wit klere en oogsalf sodat hulle nie meer arm is nie, maar ryk in Christus, nie meer kaal nie, maar geklee, nie meer blind nie, maar siende. Hierdie proses dui op die liefdestug van Christus. Hy wil juis hê hulle moenie meer krom wees weens die sonde nie, maar reguit weens die genade. Hulle moet hulle bekeer (Du Rand, 2007:210). ŉ Visitator het die opdrag om die gemeente en kerkraad op te skerp sodat hulle uit die genade alleen leef. Die predikant behoort die gemeente te bedien kragtens die Woord en Gees (middel). Die kerkraad vorm die ruggraat en moet toesig hou oor die suiwere bediening van die Woord, sakramente en tug (NGB, art. 29).

Die gemeente behoort die belofte van God te aanvaar (versterk) as hulle hoop, nl. die wat oorwin en warm is vir die evangelie, sal saam met Hom op die troon sit (Op. 3:21)(toekomsvisie). Met die hoop word die gemeente dan vertroos en versterk.

### 4.6 Slot

Dikwels is visitatore en ŉ gemeente geneig om die menslike weg te neem en nie die Goddelike weg nie. Die Goddelike weg is ŉ moeisame weg. As die mens ŉ rangorde tussen die gemeentes sou maak, sê Lammens (ongedat.:95) dat dit soos volg sou wees: Sardis, Efese,

Laodisea, Pergamum, Tiatira, Smirna en laastens Filadelfia. Lammens wys daarop dat Jesus Christus as Visitator se rangorde anders daarna uitsien, nl. Filadelfia, Smirna, Tiatira, Pergamum, Efese, Laodisea en Sardis.

Teenoor die menslike oog, kom Jesus Christus dié Visitator met die felste kritiek teen Efese (liefdeloosheid), Laodisea (louheid) en Sardis (aan die slaap). Sardis se wêreldse wysheid is dwaasheid by God. God het Filadelfia, wat vir die wêreld dwaas is, uitgekies om wyses te beskaam (Lammens, ongedat.:95-6). Dit is 'n moeisame weg om eties korrek te wees. Dit sal egter moeilik hier op aarde kan realiseer om honderd present eties reg te wees in hart en wandel. Die gemeentes is nog onderworpe aan die sondige bestaan, verganklikheid en gebrokenheid.

In elke kerk was daar stryd. Opsommenderwys word daar 'n samevatting gegee van die stryd wat in elke kerk of gemeente plaasgevind het:

- Efese – die stryd tussen lig en duisternis (die waarheid betrag teenoor die leuen, maar sonder liefde).
- Smirna – 'n stryd tussen lewe en dood.
- Pergamum – 'n stryd tussen regsny en wegsny.
- Tiatira – 'n stryd tussen wêreld en kerk.
- Sardis - 'n stryd tussen wakker wees en slaap.
- Filadelfia – 'n stryd tussen oopsluit en toesluit ('n stryd om oorlewing).
- Laodisea – 'n stryd tussen lou en warm (Christus dié Visitator staan buite en klop).

Daar is 'n stryd te stry teen die sonde, die wêreld en die duiwel. Dit woed juis ook sterk op die veld van die etiek, die keuse tussen wat behoort en nie behoort nie.

Hierdie sewe gemeentes is verteenwoordigend vir alle kerke te alle tye (Bavinck, ongedat.:40) en aangesien hierdie sewe gemeentes die eienskappe daarvan tot vandag toe vergestalt, beteken dit dat die kerk op aarde 'n strydende kerk is. Die strydende kerk moet ook bekeerde kerk wees wat deur Christus kragtens sy Woord en Gees gelei is. Vir die strydende kerk gee die Groot Visitator vermaning, vertroosting en versterking vir die kerk oor alle eeue heen (Hendriksen, 1980:4).

Die Groot Visitator wat as Koning tussen die kerke beweeg (Op. 3:13), het sy kerkvisitasieverslae bekend gemaak aan die sewe gemeentes en hulle ontmasker. Dit het ingrypende betekenis vir alle kerke oor die wêreld en ook vir die GKSA. Die merktekens en die eienskappe van die ware kerk is van uiterste belang, maar die belangrikste eienskap en gawe is die liefde. Die waarheid in liefde vorm die eenheid tussen gelowiges in kerke.

ʼn Visitator kry sy mandaat om kerkvisitasie te doen van Christus. Hy is die hoogste Profeet, die enigste Priester en ewige Koning. Dit word egter deur ʼn Kerkorde-artikel gereël en deur die klassisvergadering benoem (Spoelstra, 1974:36). So stuur Christus, die Groot Visitator, sy gevolmagtigde visitatore om kerkvisitasie te doen. Die kerkraad en gemeente word voor die Groot Visitator voor hulle gewete gestel.

ʼn Visitator kry in die eerste plek sy mandaat tot kerkvisitasie van Christus en nie in ʼn Kerkorde-artikel nie. Die Kerkorde artikel 44 gee die opdrag terwyl die klassisvergadering visitatore benoem (Spoelstra, 1974:36).

Die Visitator skroom nie om die verkeerde aan te toon en die regte aan te prys in sy kerkvisitasieverslae nie. Vir visitatore is dit belangrik om met onderskeiding reg en verkeerd, goed en sleg aan te toon en uit te wys (die regte analise). Volg die Groot Visitator na met kerkvisitasie. Soos Jesus Christus, die Visitator, huisbesoek (herderlike besoek) gedoen het by die gemeentes (Du Preez, 1992:72), so moet die visitatore ook huisbesoek doen om te kyk of die kerke nog kerke van ons Here Jesus Christus is, nie om te visenteer nie, maar om kerkvisitasie te doen.

Visitatore, in opdrag van die Groot Visitator, moet die waarheid blootlê van die gemeente waarby kerkvisitasie gedoen word (daar moet ʻn daadwerklike omgeestrategie wees). Daarna geskied ʻn herderlike benadering deur vermaning, vertroosting en versterking. Van daar af moet dit eties beoordeel word met die motief, middel, doel en gevolg (d.w.s. ʻn omgeestrategie wat opgevolg word met ʻn omkeerstrategie).

## Hoofstuk 5: Kerkvisitasie in die GKSA teologies-eties beoordeel

### 5.1 Inleiding

Hoofstuk 5 handel oor die empiriese sy van kerkvisitasie in die GKSA. Hierdie empiriese studie fokus op die wyse waarop kerkvisitasie in die GKSA gedoen word met die doel om vas te stel of die uitvoering daarvan en die verslae daaroor teologies-eties verantwoord is. Met die vraelyste word die klem juis gelê op die teologies-etiese wyse van kerkvisitasie en nie op die kerkordelike aspek daarvan nie. Die teologies-etiese vraagstuk van kerkvisitasie in die GKSA is ‘n belangrike element om geestelike groei te bevorder. Waar huisbesoek in ‘n gemeente geestelike groei ten doel het, het kerkvisitasie deur visitatore, ook geestelike groei ten doel en wel in gemeentes. Die taak van visitatore is om uit liefde te vermaan wanneer iets verkeerd is, om in die geloof te vertroos en hoop te versterk (4.2.4.2.1).

Kerkvisitasie per definisie is ‘n gereelde en voorkomende herderlike besoek aan alle kerke in die ressort van die klassis deur minstens twee ervare, bekwame visitatore om te let op die diens, leer, orde en onderwys, dit te bevorder deur betyds te vermaan, vertroos en versterk met die doel om vrede te bevorder (nie wanorde nie), om opbou te stimuleer (nie af te breek nie) en belange uit te bou (nie te demp nie)(1.2.2, 4.1). Dit moet egter eerlik voor God gedoen word. Die voorafgaande is op voetspoor van artikel 44 Kerkorde gedefinieer.

Die herderlike besoek van visitatore het ‘n bepaalde inhoud, nl. vermaning, vertroosting en versterking. In praktyk moet hierdie inhoud van kerkvisitasie teologies-eties getoets word of dit reg gedoen word (5.2). Die studie wil ‘n bydrae lewer dat kerkvisitasie goed uitgevoer sal word (De Bruyn, 2013:8). Daar moet gelet word op die motief, doel, middel en gevolg van diegene wat deelneem, dit wat gebeur tydens kerkvisitasie, asook dit wat daarop volg.

Sinodes van die GKSA het oor jare geworstel met die vraag hoe om aan kerkvisitasie reg te laat geskied volgens Skrif, belydenis en Kerkorde. In Acta (1955:181-6) wys die rapport oor kerkvisitasie dat dit nie staties is nie (Acta, 1955:182), maar vernuwend (Acta, 1955:186). Dit is omdat kerkvisitasie dinamies-vernuwend is dat die teologies-etiese sy opnuut beklemtoon word en waarom die hoofstuk op navorsing fokus oor hoe eties kerkvisitasie werklik plaasvind en hoe dit behoort te gebeur. Deur die geskiedenis van die kerk (hoofstuk 3) is daar verskeie kere gepoog om die regte weg te vind om kerkvisitasie te doen. Die Bybelse begronding van kerkvisitasie (hoofstuk 4) gee die belangrike basis om saam met die kerkbegrip (hoofstuk 2) ‘n teologies-etiese manier en model vir kerkvisitasie daar te stel. Daarmee as agtergrond fokus hierdie hoofstuk op hoe effektief belangrike sake deur kerkvisitasie in gemeentes aangespreek word deur middel van die verwerking van vraelyste.

In hoofstuk 3 is gesien dat die doel van die instelling van kerkvisitasie in die geskiedenis van die kerk veral ook op etiese gebied lê. Die fokus van hierdie vraelyste is daarom ook op die teologies-etiese en veral soos dit vandag sy gestalte kry in die GKSA. Kerkvisitasie is ‘n dinamiese saak en dit is nie moontlik om aan alle fasette rondom kerkvisitasie aandag te gee nie. Daarom word daar gekonsentreer op van die belangrikste sake.

In hierdie proses waarin gekyk word na kerkvisitasie, word daar aanspraak gemaak op die gewete van diegene wat betrokke is by kerkvisitasie (visitatore) om te hou by die teologies-etiese beginsels. Met die vraelyste word aspekte in die praktyk getoets en die gegewens word gebruik as bewese materiaal. Die hipotese, soos vervat in die sentrale teoretiese argument, nl. dat kerkvisitasie nie altyd teologies-eties reg hanteer word nie, word nou in die vraelyste nagegaan. Die vraelyste is so opgestel dat nagegaan kan word of die vereistes wat in die teorie van kerkvisitasie gestel word in die praktyk uitgevoer is.

Aanvanklik is die vraelyste na 14 predikante en 14 ouderlinge gestuur om te beantwoord. Dit was ‘n loodsopname. Nadat die antwoorde van die vraelyste teruggekry is, is die vraelyste verfyn en rekenaarvriendelik gemaak. Die resultate van die vraelyste sou ook insiggewend kon wees, maar word nie gebruik nie omdat die respondente nie ewekansig saamgestel is nie.

Die rekenaarvriendelike vraelyste is deur die Administratiewe Buro van die GKSA na elkeen van die korresponderende kerkrade van die 27 klassisse van die GKSA gestuur. Van die 27 vraelyste gestuur aan predikante, is 25 terug ontvang. Een is verkeerd ingevul en is nie verwerk nie. Daar is dus 24 verwerkte vraelyste. Een vraelys het nie die korresponderende kerkraad bereik nie omdat daar ‘n verwisseling van die korresponderende kerkraad in die ressort van daardie klassis plaasgevind het. Die navorser het nooit die laaste vraelys terug ontvang nie.

Van die 27 vraelyste vir ouderlinge het daar slegs 13 teruggekom. Daar kan verskeie redes wees waarom 14 ouderlinge nie hul vraelyste ingevul het nie. Die navorser het geen kontak gehad met die ouderlinge nie en kan dus nie die redes vasstel nie. Omdat die antwoorde van die ouderlinge nie verteenwoordigend is van korresponderende kerkrade in die GKSA nie, is besluit om dit nie te verwerk nie.

Die ingevulde vraelyste is per e-pos deur die navorser ontvang. Die navorser het al die ingevulde vraelyste aangestuur om verwerk te word. Die vraelyste is nie net vertroulik hanteer nie, maar is ook anoniem deurgegee aan die statistikus om te verwerk. Die statistikus is Christiaan van Rooyen, dosent in Psigologie aan die Universiteit van Limpopo. Die navorser het doelbewus nie die antwoorde nagegaan nie. Die navorser wil juis met die navorsing ‘n suiwere verteenwoordigende en objektiewe beeld met die resultaat verkry om daarmee vas te

stel wat die siening en die teologies-etiese uitleef van kerkvisitasie inhou. Nadat die verwerkte inligting van die vraelyste ontvang is, is dit deurgegee aan professor Faans Steyn, deeltydse kosultant by die Statistiese Konsultasiediens van die NWU se Potchefstroomse kampus. Hy het dit verder verfyn.

### 5.2 Frekwensietabel: Kerkvisitasie vraelyste

**Tabel 1 Hoe lank is u predikant in die GKSA?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| 0 - 5 jaar | 1 | 4.2 |
| 6 - 10 jaar | 3 | 12.5 |
| 11 - 20 jaar | 7 | 29.2 |
| 20 - 30 jaar | 11 | 45.8 |
| Langer as 30 jaar | 2 | 8.3 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Dit is verblydend dat die grootste persentasie van respondente tussen 20 en 30 jaar in die bediening is (45,8%). Artikel 44 van die Kerkorde vereis dat dit ervare en bekwame visitatore moet wees wat kerkvisitasie doen. Dit moet manne wees wat die Bybelteks en lewensteks ken en verstaan sodat dit teologies-eties gedoen kan word.

**Tabel 2 Het u al opgetree as visitator?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 24 | 100.0 |

As navorser is dit belangrik dat die vraelyste gestuur word aan visitatore wat verteenwoordigend is van die GKSA. Hierdie vraelyste is gestuur na elke korresponderende kerkraad van die ressort van 'n klassis. Dit is verblydend dat dit 'n honderd present is wat reeds opgetree het as visitatore.

**Tabel 3** **Dui asb. aan hoeveel keer.**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord | 1 | 4.2 |
| 1 - 3 keer | 3 | 12.5 |
| 4 - 6 keer | 4 | 16.7 |
| Meer as 6 keer | 16 | 66.7 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Hierdie vraag is deur die navorser gevra om vas te stel of die predikante van die korresponderende kerkrade ervaring het. Dit blyk daaruit dat 66,7% van die respondente ses of meer keer kerkvisitasie gedoen het. Vanuit hierdie statistiek kan dus vasgestel word hoe teologies-eties kerkvisitasie gedoen word.

**Tabel 4** **Berei u 'n Skrifdeel voor vir kerkvisitasie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 1 | 4.2 |
| Ja | 23 | 95.8 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Met dié navorsing is dit verblydend dat visitatore voorbereid is. Dit is slegs 4,2% van die respondente wat onvoorbereid is.

**Tabel 5** **Berei u voor vir kerkvisitasie m.b.v. Kerkorde?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 3 | 12.5 |
| Ja | 21 | 87.5 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die Kerkorde is die gevolg van Skrif en belydenis omdat die Kerkorde die opdrag gee om kerkvisitasie te doen. Dit is dus belangrik vir die navorser om vas te stel dat 87,5% na die Kerkorde kyk in hulle voorbereiding. Die Kerkorde veronderstel die beginsel en praktyk en dit is belangrik vir teologies-etiese voorbereiding met die oog op kerkvisitasie.

Tabel 6 Berei u voor vir kerkvisitasie m.b.v. omkeerstrategie?

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 17 | 70.8 |
| Ja | 7 | 29.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die fokus met kerkvisitasie mag nie net omkeerstrategie wees nie, maar moet juis voorafgegaan word deur 'n omgeestrategie. Kerkvisitasie is 'n herderlik-etiese besoek. Daar is egter 'n beduidende hoeveelheid, nl. 70,8% wat nie omkeerstrategie as uitgangspunt gebruik nie.

**Tabel 7 Neem u vorige kerkvisitasieverslae in ag?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord | 1 | 4.2 |
| Altyd | 9 | 37.5 |
| Meestal | 5 | 20.8 |
| Soms | 6 | 25.0 |
| Selde | 3 | 12.5 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Vorige kerkvisitasieverslae is van belang. Dit is verontrustend dat van die respondente soms (25%) nie vorige kerkvisitasieverslae in ag neem nie asook selde (12,5%). Dit rus op die kerkvisitatore om die historiese lyn vas te stel van kerkvisitasie in die gemeente. Dit veronderstel ook dat daar altyd na vorige kerkvisitasieverslae gekyk moet word sodat dit 'n herderlik-etiese benadering kan wees. Daar moet kontinuïteit wees. Probleme moet aangespreek word. Indien daar sonde is waarin die kerk volhard, en dit voorkom in die vorige kerkvisitasieverslag, moet daar vermaan word. Die sleutels van etiese kerkvisitasie, is van belang.

**Tabel 8 Moet kerkvisitasie probleemareas blootlê?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Altyd | 13 | 54.2 |
| Meestal | 5 | 20.8 |
| Soms | 6 | 25.0 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Dit is met hierdie vraag wat daar vasgestel word dat probleemareas aangespreek word. Die sonde, wêreld en die duiwel is 'n realiteit. Weens die gebrokenheid ontstaan daar probleemareas. Hierdie probleemareas moet blootgelê word (vergelyk die 7 gemeentes in Klein-Asië, Op. 2 en 3). Indien daar nie 'n analise gemaak word nie, kan die probleemareas nie blootgelê word en daar vermaan word nie. Dit is verontrustend dat 25% van die respondente dit soms blootlê. Die persentasie behoort 100% te wees. Daar behoort gekyk te word in kerkvisitasieverslae of daar gedeel is met die probleemareas.

**Tabel 9 Word die vrae waar en eerlik beantwoord?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord | 1 | 4.2 |
| Altyd | 2 | 8.3 |
| Meestal | 16 | 66.7 |
| Soms | 4 | 16.7 |
| Selde | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Kerkvisitasie behoort eerlik en opreg hanteer te word. Vandaar dat die vrae eerlik beantwoord behoort te word. Dit is verblydend dat 66% van die respondente dit eerlik ervaar. Dit is egter verontrustend dat daar 'n sekere persentasie is (16,7%) by soms en selde (4,2%). Die vrae behoort 100% waar en eerlik beantwoord te word. Dit bly 'n bekommernis dat kerkvisitasie nie altyd teologies-eties uitgevoer word nie. Eerlikheid en opregtheid is van die uiterste belang. Daar mag nie 'n front voorgehou word terwyl daar probleme is nie. Oneerlikheid is oneties.

**Tabel 10 Word die vrae volledig beantwoord?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Altyd | 1 | 4.2 |
| Meestal | 14 | 58.3 |
| Soms | 7 | 29.2 |
| Selde | 2 | 8.3 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Vrae word meestal (58,3%) volledig beantwoord. Dit is egter 'n bekommernis dat 37,5% nie volledig beantwoord word nie. Daar word dus antwoorde verswyg en dit is teologies-eties nie

korrek nie.  Dit is nie wat geantwoord word wat soseer verkeerd is nie, maar dit wat nagelaat word.

**Tabel 11 Word die vrae met liefde beantwoord?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Altyd | 9 | 37.5 |
| Meestal | 13 | 54.2 |
| Soms | 2 | 8.3 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die motief is teologies-eties goed indien die vrae altyd (37,5%) en meestal (54,2%) met liefde beantwoord word.  Dit is nie goed dat vrae nie in liefde beantwoord word nie (8,3%).  Die motief van die ontvanger van kerkvisitasie moet altyd die waarheid in liefde wees.  Dit is die vertrekpunt van 'n teologies-etiese benadering ten opsigte van die motief.  Daarom moet die vrae altyd (100%) met liefde beantwoord word.

**Tabel 12 Speel Belydenisskrifte 'n rol by kerkvisitasie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Altyd | 8 | 33.3 |
| Meestal | 4 | 16.7 |
| Soms | 8 | 33.3 |
| Selde | 4 | 16.7 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Dit is juis die belydenis wat kerke 'n eenheid (kerkverband) laat vorm.  Dit is ook reg dat 33,3% (altyd) en 16,7% (meestal) na belydenisskrifte gekyk word.  Dit is verontrustend dat slegs 33,3% (soms) en 16,7% (selde) daarna gekyk word.  Die persentasie moet altyd 100% wees.

**Tabel 13 Help kerkvisitasie eenheid in 'n gemeente aan?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord | 1 | 4.2 |
| Altyd | 2 | 8.3 |
| Meestal | 11 | 45.8 |
| Soms | 5 | 20.8 |
| Selde | 5 | 20.8 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die eenheid is in die waarheid en die waarheid moet in liefde betrag word. Dit is goed dat die respondente sê dat 45,8% meestal kerkeenheid bevorder. Dit behoort eintlik 100% te wees. 'n Gemeente is volledig liggaam van Christus. Dit veronderstel dat hulle sal omgee vir mekaar en sorg dra. Daar is 'n roeping tot kerkeenheid. Kerkvisitasie moet dit uitbou.

**Tabel 14 Help kerkvisitasie eenheid in kerkverband aan?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord | 1 | 4.2 |
| Altyd | 2 | 8.3 |
| Meestal | 8 | 33.3 |
| Soms | 8 | 33.3 |
| Selde | 5 | 20.8 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Kerkvisitasie is 'n kerkverbandsaak waar die opdrag gegee word deur Kerkorde artikel 44. 'n Klassisvergadering wys kerkvisitatore aan. Kerke in kerkverband kyk dan na mekaar en behoort die eenheid in kerkverband deur die kerkvisitasie te bevorder. Dis 'n bekommernis indien dit soms (33,3%) en selde (20,8%) bevorder. Daar behoort 'n 100% eenheid te wees, want ons is een in Skrif, belydenis en Kerkorde (diens, leer en tug). Daarom moet kerkvisitasie ten doel hê om die kerkverband te bevestig en uit te bou. Kerkvisitasie behoort eenheid in die kerkverband te bevorder. Indien 'n kerk weens sondige redes die eenheid nie nastreef nie, moet daar in liefde vermaan word. Indien dit wel gedoen word, moet daar vertroos word in die geloof en versterk word in die hoop.

**Tabel 15 Wie is die eintlike Kerkvisitator in die praktyk?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Die Here | 22 | 91.7 |
| Klassis | 1 | 4.2 |
| Predikante | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die eintlike kerkvisitator in die praktyk is die Here Jesus Christus en 100% van die respondente behoort dit so te antwoord.

**Tabel 16 Wie het in die Ou Testament kerkvisitasie gedoen?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord | 2 | 8.3 |
| Priesters | 1 | 4.2 |
| Profete | 21 | 87.5 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

In die Ou Testament was dit veral die profete wat kerkvisitasie gedoen het by die kerkvolk. Hulle is deur God gestuur om herderlik-eties te vermaan, te vertroos en te versterk. Hul moes kyk na die motief, doel, middel en gevolg.

**Tabel 17 Kan Hand. 15:36 kerkvisitasie begrond?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 19 | 79.2 |
| In ‘n mate | 4 | 16.7 |
| Nee | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Handelinge 15:36 is inderdaad die *locus classicus* vir kerkvisitasie. Die respondente as visitatore behoort dit 100% reg te antwoord en nie slegs 79,2% nie. Dit blyk dat die respondente nie almal die teks sien as die begronding vir kerkvisitasie nie. Paulus wou juis gaan kyk het hoe dit in die gemeentes gaan. Dit was ‘n herderlike besoek. Hy wou weet of hulle in hulle leer en lewe toegewy is aan Christus. Eties is die sleutels van toepassing, nl. motief, doel, middel en gevolg.

**Tabel 18 Het Paulus 'n herderlike kerkvisitasie gedoen deur te vermaan?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| In 'n mate | 1 | 4.2 |
| Ja | 23 | 95.8 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Paulus het herderlik kerkvisitasie gedoen en hy het ook vermaan. Die respondente het 95,8% bevestigend geantwoord terwyl slegs 4,2% gesê het in 'n mate. Vermaning moet eties hanteer word met die nodige sleutels van motief, doel, middel en gevolg.

**Tabel 19 Het Paulus gemeentes herderlik vertroos en versterk?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 24 | 100.0 |

Dit is verblydend dat 100% geantwoord het ten opsigte van Paulus se herderlike besoek om te vertroos en te versterk. Dit is belangrik dat daar, naas vermaning as inhoud van kerkvisitasie, vertroosting en versterking behoort te wees. Beide vertroosting en versterking moet reg gedoen word met die nodige etiese sleutels.

**Tabel 20 Voldoen kerkvisitasie vandag aan die doel naamlik vermaning, vertroosting en versterking?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Altyd | 1 | 4.2 |
| Meestal | 16 | 66.7 |
| Soms | 4 | 16.7 |
| Selde | 2 | 8.3 |
| Nooit | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die beginsel van die bedoeling van herderlike kerkvisitasie, nl. vermaning, vertroosting en versterking, moet prakties uitgevoer word. Dit is verontrustend dat die respondente nie eens is daaroor in die praktyk nie. Daar is egter ook diegene wat sê dat kerkvisitasie altyd so gedoen moet word (4,2%) en meestal 66,7%. Die probleem is egter dat dit soms (16,7%), selde (8,3%) en selfs nooit (4,2%) plaasvind nie. Die vraag is of alle visitatore die taak reg verstaan. Visitatore moet hulle vergewis dat kerkvisitasie 'n herderlike besoek is, nl. vermaning, vertroosting en versterking en dat dit met die nodige etiese sleutels gepaard gaan.

**Tabel 21** **Kan die 7 briewe in Openb. 2 en 3 beskou word as kerkvisitasieverslae?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 21 | 87.5 |
| In 'n mate | 2 | 8.3 |
| Nee | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die sewe briewe in Openbaring 2 en 3 is kerkvisitasieverslae. Jesus Christus is die Visitator. 87,8% beskou dit as kerkvisitasieverslae, 8,3% beskou dit in 'n mate en 4,2% sê dit is nie kerkvisitasieverslae nie. Al die respondente behoort positief te geantwoord het.

**Tabel 22** **Aan wie het Christus Openbaring 2 en 3 geadresseer?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Gemeente | 5 | 20.8 |
| Leraars | 19 | 79.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die briewe in Openbaring 2 en 3 is geadresseer aan die leraar van die betrokke gemeente. 79,2% het positief daarop geantwoord, terwyl 20,8% gesê het dit is aan die gemeente geadresseer. Dit is natuurlik indirek aan die gemeente geadresseer. Die leraar moes dit oorgedra het.

**Tabel 23** **Hoeveel erns, begrip en direkte vermaning, vertroosting en versterking blyk uit Christus se verslae aan die 7 gemeentes?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Baie sterk en direk | 21 | 87.5 |
| Direk | 2 | 8.3 |
| Versigtig | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

'n Groot persentasie van die respondente (87,5%) sê dat direkte vermaning, vertroosting en versterking met erns en begrip gedoen is. Jesus Christus het herderlik-eties na sy kerke gekyk sonder om te skroom om te vermaan, te vertroos en te versterk (Op. 2 en 3). Jesus Christus beklemtoon deur sy kerkvisitasieverslae dat kerke hul roeping herderlik-eties moet uitleef (hoofstuk 4).

**Tabel 24 Hoe behoort vertroosting plaas te vind by kerkvisitasie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Direk | 23 | 95.8 |
| Versigtig | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Vertroosting moet met erns en direk plaasvind. 95,8% sê dit moet direk plaasvind. Dit moet egter ook met die nodige wysheid gepaard gaan (versigtig, 4,2%). Die geloofsaspek moet in gedagte gehou word met vertroosting. Die etiese sleutels, nl. motief, doel, middel en gevolg, is van toepassing.

**Tabel 25 Hoe behoort vermaning plaas te vind by kerkvisitasie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Direk | 17 | 70.8 |
| Versigtig | 7 | 29.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Vermaning moet met erns en direk plaasvind. 70,8% van die respondente het dit bevestig. Dit moet egter met liefde en wysheid gepaard gaan (versigtig 29,2%). Die waarheid rondom vermaning moet met liefde gepaard gaan. Die etiese sleutels, nl. motief, doel, middel en gevolg, behoort van toepassing te wees.

**Tabel 26 Hoe behoort versterking plaas te vind by kerkvisitasie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Direk | 24 | 100.0 |

Versterking moet met erns en direk plaasvind. Die respondente het 100% saamgestem dat dit so moet wees. Met versterking moet die hoop-gedagte uitgebou word. Die etiese sleutels, nl. motief, doel, middel en gevolg, behoort van toepassing te wees.

**Tabel 27 Kom vermaning tot sy reg in kerkvisitasie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord nie | 1 | 4.2 |
| Meestal | 5 | 20.8 |
| Soms | 15 | 62.5 |
| Selde | 2 | 8.3 |
| Nooit | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die beginsel vir herderlike etiese kerkvisitasie is onder andere om te vermaan indien daar dinge is wat verkeerd is. Hierdie beginsel moet 'n vermaning in liefde wees. Dit is verontrustend dat die respondente in die praktyk wys dat dit soms (62,5%) en nooit (4,2%) plaasvind nie. Vermaning in liefde behoort 'n 100% integrale deel te vorm van kerkvisitasie. Die etiese sleutels, nl. motief, doel, middel en gevolg, is van toepassing.

**Tabel 28 Kom vertroosting tot sy reg in kerkvisitasie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord nie | 1 | 4.2 |
| Altyd | 3 | 12.5 |
| Meestal | 11 | 45.8 |
| Soms | 7 | 29.2 |
| Selde | 2 | 8.3 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die beginsel vir herderlike etiese kerkvisitasie is onder andere om te vertroos. Hierdie beginsel moet in praktyk 'n vertroosting in geloof wees. Dit is verontrustend dat die respondente in die praktyk wys dat dit soms (29,2%) en selde (8,3%) plaasvind. Dit is egter verblydend dat die respondente altyd (12,5%) en meestal (45,8%) vertroos. Vertroosting in geloof behoort altyd 'n integrale deel te vorm van kerkvisitasie.

**Tabel 29 Kom versterking tot sy reg in kerkvisitasie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord nie | 1 | 4.2 |
| Altyd | 2 | 8.3 |
| Meestal | 11 | 45.8 |
| Soms | 9 | 37.5 |
| Selde | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die beginsel vir herderlike etiese kerkvisitasie is onder andere om te versterk. Hierdie beginsel moet in praktyk 'n versterking in hoop wees. Dit is verontrustend dat die respondente in die praktyk wys dat dit soms (37,5%) en selde (4,2%) plaasvind. Versterking in hoop behoort altyd 'n integrale deel te vorm van kerkvisitasie.

**Tabel 30 Hoeveel predikante het die gawe om kerkvisitasie te doen?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord nie | 1 | 4.2 |
| Almal | 4 | 16.7 |
| Meeste | 9 | 37.5 |
| Party | 9 | 37.5 |
| Min | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die respondente as predikante van gemeentes wat dien as korresponderende kerkrade in die ressort van die klassis beoordeel hulle mede-kollegas ten opsigte van die gawe om kerkvisitasie te doen. Dit is duidelik in die beoordeling dat nie alle predikante die gawe het om kerkvisitasie te doen nie. Dit moenie uit die oog verloor word dat Kerkorde artikel 44 juis praat van ervare en geskikte visitatore wat gestuur moet word nie. Kerkvisitasie moet met liefde en wysheid hanteer word. Visitatore behoort die gawes te hê om 'n herderlik-etiese besoek af te lê.

**Tabel 31** **Moet die kultuur en omgewing verreken word met kerkvisitasie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| In ‘n mate | 5 | 20.8 |
| Ja | 19 | 79.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die respondente het dit in die antwoord verreken ten opsigte van die kultuur en omgewing waarin die kerk homself bevind. 79,2% sê dit moet ten volle verreken word en 20,8 sê dit moet in ‘n mate verreken word. Dit behoort ten volle (100%) verreken te word (Op. 2 en 3).

**Tabel 32** **Waarmee motiveer ’n visitator ’n gemeente? Dreig**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 24 | 100.0 |

Die respondent het reg geantwoord dat daar met kerkvisitasie nie gedreig mag word nie. Die waarheid moet in liefde betrag word. ‘n Visitator motiveer met kerkvisitasie deur die waarheid in liefde te betrag. ‘n Visitator moet die Groot Visitator meer volg en kerkvisitasie teologies-eties doen sonder om te dreig.

**Tabel 33** **Waarmee motiveer ’n visitator ’n gemeente? Waarsku**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 14 | 58.3 |
| Ja | 10 | 41.7 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die respondente het op tweërlei wyse reageer, nl. 58,3% het gesê dat ‘n visitator nie mag motiveer deur te waarsku nie. 41,7% het gesê dat jy kan motiveer deur te waarsku. Dit kan wees dat visitatore ‘n gemeente moet waarsku. Die eintlike motief is die waarheid in liefde.

**Tabel 34** **Waarmee motiveer ’n visitator ’n gemeente? Vertroos**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 5 | 20.8 |
| Ja | 19 | 79.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die respondente het op tweërlei wyse reageer, nl. 20,8% het gesê dat ‘n visitator nie mag motiveer deur vertroosting nie. 79,2% het gesê dat jy kan motiveer deur te vertroos. Dit kan wees dat visitatore ‘n gemeente moet vertroos. Die eintlike motief is die waarheid in liefde. ‘n Visitator moet die Groot Visitator meer volg en met kerkvisitasie Christelik-eties vertroos.

**Tabel 35 Wat is die inhoud van ‘n visitator se motivering?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Bybel | 13 | 54.2 |
| Liefde in die waarheid | 11 | 45.8 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

‘n Visitator behoort nie met motiewe, nl. dreiging, waarskuwing of vertroosting kerkvisitasie te doen nie. Die motief van kerkvisitasie is liefde in die waarheid. 45,8% van die respondente sien dit so terwyl die res anders dink (54,2%), wat nie noodwendig liefde in waarheid uitsluit nie. Die motief is die vertrekpunt van ‘n teologies-etiese kerkvisitasie. Dit is dus belangrik dat die motief altyd geweeg word of dit in liefde is en of die liefde in waarheid betrag word.

**Tabel 36 Wat motiveer baie gemeentes? Geld**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 15 | 62.5 |
| Ja | 9 | 37.5 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die motief vir ‘n gemeente om te funksioneer mag nooit geld wees nie. 37,5% het gesê gemeentes word gemotiveer deur geld. Indien die gemeente verkeerdelik gemotiveer word deur geld, moet hulle deur die visitator in liefde vermaan word. Indien die gemeente onder finansiële druk is, moet hulle vertroos en bemoedig word. Indien die gemeente hulle geldsake planmatig in die hoop op Christus bestuur, moet hulle versterk word om daarmee te volhard.

**Tabel 37 Wat motiveer baie gemeentes? Groei**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 10 | 41.7 |
| Ja | 14 | 58.3 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die teologies-etiese motief vir ‘n gemeente om te funksioneer is waarheid in liefde (4.5.3.2.2). Groei is dus nie die motief vir optrede deur gemeentes nie, maar ‘n uitvloeisel van die uitlewing om in waarheid by die liefde te bly en so te groei na die volle grootte in Christus. 58,3% het gesê gemeentes word gemotiveer deur groei. Groei is belangrik, want so word daar opgebou en uitgebou. Die kerk moet bewaar en vermeerder word. Die teologies-etiese motief bly die waarheid in liefde. Indien die gemeente om ‘n verkeerde rede wil groei, moet hulle deur die visitator in liefde vermaan word. Indien die gemeente gelowig voortgaan in opdrag van die Here in moeilike omstandighede en as gelowiges sy Woord uitleef en uitdra, moet hulle vertroos en bemoedig word. Indien die gemeente in diepte en wydte groei deur bewaring en vermeerdering, moet hulle versterk word om daarmee te volhard.

**Tabel 38 Wat motiveer baie gemeentes? Vrede**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 13 | 54.2 |
| Ja | 11 | 45.8 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die teologies-etiese motief vir ‘n gemeente om te funksioneer is waarheid in liefde (4.5.3.2.2). Vrede is dus nie die motief vir optrede deur gemeentes nie, maar die eindpunt en uitvloeisel van ‘n gemeente wat in Christus leef. 45,8% het gesê gemeentes word gemotiveer deur vrede. Indien die gemeente om ‘n verkeerde rede wil groei, moet hulle deur die visitator in liefde vermaan word. Indien ‘n gemeente besig is om om vredesonthalwe nie te vermaan nie, maar die vrede so wil bewaar, eerder as om gemotiveerd die waarheid in liefde te betrag, moet hulle deur die visitatore vermaan word (Op. 3:18-23). Indien die gemeente gelowig in opdrag van die Here, selfs in moeilike omstandighede as gelowiges, die vrede in Christus soek en dit najaag, moet hulle vertroos en bemoedig word. Indien die gemeente met die finale vredesverwagting doen wat hulle hand vind om te doen, moet hulle daarin versterk word.

**Tabel 39 Wat motiveer baie gemeentes? Gebruike**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 13 | 54.2 |
| Ja | 11 | 45.8 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die teologies-etiese motief vir ‘n gemeente om te funksioneer is waarheid in liefde (4.5.3.2.2). Die motief vir ‘n gemeente om te funksioneer, mag nooit gebruike wees nie. 45,8% het gesê

gemeentes word gemotiveer deur gebruike. Gebruike is ‘n belangrike element, maar tradisie ten opsigte van gebruike kan nie dien as ‘n motivering nie. Dit is iets wat in die geskiedenis vasgelê is en kan nie normatief wees nie. Indien mense en gemeentes se gebruike onskriftuurlik is en in die pad staan van die wil van die Here, moet die gemeente vermaan word. Indien ‘n gemeente se gebruike ondersteunend is tot die waarheid en die uitbouing en uitlewing daarvan, moet die gemeente versterk word om te volhard tot die einde. Indien die gebruike ‘n instrument is in die versterking van die geloof van gelowiges, moet die troos wat daaruit vloei beklemtoon word.

**Tabel 40 Wat motiveer baie gemeentes? Vernuwing**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 15 | 62.5 |
| Ja | 9 | 37.5 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die teologies-etiese motief vir ‘n gemeente om te funksioneer is waarheid in liefde (4.5.3.2.2). Vernuwing is dus nie die motief vir optrede deur gemeentes nie. Vernuwing is ‘n uitvloeisel van die regte etiese motief. 37,5% het gesê gemeentes word gemotiveer deur vernuwing. Indien vernuwing nie as reformasie gesien word nie, moet ‘n gemeente vermaan word met kerkvisitasie aangesien daar nie in liefde by die waarheid gehou word nie. Indien ‘n gemeente as liggaam van Christus vernuwend groei na hulle Hoof Christus (Ef. 4), moet die gemeente versterk word. Indien die gemeente in hulle groei na Christus gelowig vernuwe en die goeie stryd stry, moet hulle ook soos nodig vertroos word.

**Tabel 41 Wat motiveer baie gemeentes? Gods eer**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nee | 5 | 20.8 |
| Ja | 19 | 79.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die doel van elke gelowige en elke gemeente behoort die eer van God te wees. Die motief van die waarheid in liefde wil ons juis laat fokus op hierdie doel. Van die respondente het 79,2% gesê gemeentes word gemotiveer deur Gods eer. Visitatore moet seker maak dat nie die eer van mense nie, maar God se eer vooropstaan. Indien dit wel die geval is, kan kerkvisitasie as versterking en vertroosting dien. Waar dit nie die geval is nie, moet uit die Woord vermaan word en opgeroep word tot bekering.

**Tabel 42** **Moet 'n visitator 'n gemeente vermaan as hulle die waarheid nie in liefde betrag nie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| In 'n mate | 1 | 4.2 |
| Ja | 23 | 95.8 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Van die respondente het 95,8% gesê dat 'n visitator 'n gemeente moet vermaan as hulle nie die waarheid in liefde betrag nie. Hulle is reg. 4,2% wat sê dat dit in 'n mate moet gebeur, is nie heeltemal reg nie. Teologies-etiese kerkvisitasie vereis dat, indien 'n gemeente se motief nie reg is nie, dit aangespreek moet word.

**Tabel 43** **Moet 'n visitator 'n kerk met die regte motief (waarheid in liefde) bemoedig?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 24 | 100.0 |

Die respondente het almal tereg gesê dat 'n visitator 'n gemeente moet bemoedig. Teologies-etiese kerkvisitasie vereis dat, indien 'n gemeente bemoedig moet word, dit geskied met die waarheid in liefde as motief.

**Tabel 44** **Waarop val die klem meestal in kerkvisitasie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie Beantwoord | 1 | 4.2 |
| Opbou | 14 | 58.3 |
| Toerus | 8 | 33.3 |
| Uitbou | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die respondente het verskillend gereageer op bogenoemde vraag. Opbou was 58,3%, toerus 33,3% en uitbou 4,2%. Daar moet in liefde vermaan word sodat die verkeerde afgebreek word, die regte opgebou in geloofsvertroosting en uitgebou word in die hoop van versterking. Die klem moet op al die aspekte tegelyk gelê word as daar teologies-eties kerkvisitasie gedoen word.

**Tabel 45 Hoe word gewoonlik geoordeel tydens kerkvisitasie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie Beantwoord | 1 | 4.2 |
| Ervaring | 4 | 16.7 |
| Woord | 19 | 79.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die respondente oordeel met die volgende middele, nl. ervaring (16,7%) en die Woord (79,2%). Die Woord en die wet behoort die middel te wees waarmee geoordeel word.

**Tabel 46 Weet lidmate wat die doel van kerkvisitasie is?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Meestal | 10 | 41.7 |
| Soms | 8 | 33.3 |
| Selde | 6 | 25.0 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die respondente moes namens lidmate kyk na die doel van kerkvisitasie. Volgens die respondente weet lidmate meestal (41,7%), soms (33,3%) of selde (25%) wat die doel van kerkvisitasie is. Die doel van kerkvisitasie is die eer van God. Lidmate behoort helder en duidelik te weet dat dit die etiese doel van kerkvisitasie is. Dit is verontrustend dat respondente reken dat net 41,7% meestal weet wat die doel van kerkvisitasie is.

**Tabel 47 Wat behoort die etiese gevolg van kerkvisitasie te wees?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord | 1 | 4.2 |
| Bekering | 16 | 66.7 |
| Verharding en bekering | 7 | 29.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Die respondente het reageer op die vraag wat die etiese gevolg van kerkvisitasie is en hoe dit behoort te wees. 66,7% het gesê dat dit bekering moet wees en 29,2% dat dit verharding en bekering moet wees. Die teologies-etiese gevolg van kerkvisitasie behoort verharding of bekering te wees (6.6.2.5). Dis die een of die ander.

**Tabel 48 Indien daar verharding is, word dit deur kerkvisitasie aangespreek?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord | 1 | 4.2 |
| Ja | 10 | 41.7 |
| Soms | 12 | 50.0 |
| Nee | 1 | 4.2 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Indien daar verharding is, moet visitatore dit aanspreek tydens kerkvisitasie. Van die respondente het 41,7% gesê dat dit aangespreek behoort te word. 50% het gesê dat dit soms gedoen word en 4,2% het gesê dat dit nie aangespreek moet word nie. Gesien in die lig van die teologies-etiese benadering van kerkvisitasie, moet daar altyd in liefde vermaan word. Verharding mag nooit verdra word nie, want dit is tugwaardig.

**Tabel 49 Is bekering die omkeerstrategie waarby ons wil uitkom?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Ja | 15 | 62.5 |
| In 'n mate | 7 | 29.2 |
| Nee | 2 | 8.3 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

62,5% van die respondente reken dat bekering die inhoud van die omkeerstrategie is. Dit is egter so dat 29,2% dit in ‘n mate sien en 8,3% gladnie. Die omkeerstrategie moet vanuit ‘n teologies-etiese oogpunt (6.6.2.5) 100% bekering as inhoud hê en vandaar af verder werk.

**Tabel 50 Kan ‘n omgeestrategie inhoud gee aan ‘n omkeerstrategie?**

| | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Nie beantwoord | 2 | 8.3 |
| Beslis | 16 | 66.7 |
| Dalk | 6 | 25.0 |
| Totaal | 24 | 100.0 |

Van die respondente sê 66,7% dat ‘n omgeestrategie inhoud gee aan ‘n omkeerstrategie terwyl 25% sê dit kan dalk gebeur. ‘n Omkeerstrategie moet voorafgegaan word deur ‘n

omgeestrategie, want waarheid in liefde dring ons om om te gee. In liefde moet daar gehandel word om die regte gevolg te kry.

### 5.3 Samevatting

Hierdie hoofstuk se klem is op die teologies-etiese kerkvisitasie in die praktyk en hoe dit uitgevoer word. Kerkvisitasie is 'n gereformeerd-kerkregtelike onderwerp wat teen die agtergrond van 'n ware kerkbegrip (hoofstuk 2) gedoen word. Daar is egter geworstel om kerkvisitasie so te doen dat dit die (ook etiese) inpak sal hê wat dit behoort te hê (hoofstuk 3). Telkens in die hierdie geskiedenishoofstuk is gekyk na die teologies-etiese doel van kerkvisitasie. Saam met hoofstuk 4 se besinning oor dit wat God vra wanneer Hy sy volk besoek in die Bybel, is vrae opgestel om vas te stel of die kerkvisitasiebesoek wat tans in die GKSA gedoen word ook hieraan beantwoord.

Die *locus classicus* van kerkvisitasie is Handelinge 15:36. Kerkvisitasie is 'n herderlike en etiese besoek kragtens artikel 44 van die Dordtse Kerkorde. Uit die statistiese gegewens blyk dit dat hoewel daar meestal ooreenstemming tussen die respondente is, daar tog ook verskille en gebreke na vore gekom het. Dit sluit onder andere in dat visitatore nie altyd na vorige kerkvisitasieverslae kyk nie. Dit is van groot belang dat dit wel moet gebeur sodat daar kontinuïteit sal wees. God is immers op weg met sy kerk. Indien vorige kerkvisitasieverslae nie beskikbaar is nie, gaan daar nie die regte begrip wees en ook nie die regte bystand gegee word nie, omdat nie gesien kan word hoe dinge ontwikkel by die gemeente nie. Verder word daar ook verskil of probleemareas blootgelê moet word of nie. Die vraag is hoe 'n gemeente kan vorder op die pad indien probleme nie aangespreek word nie. Daar is verder ook 'n verskil of kerkvisitasie kan help met die eenheid in die kerk en kerkverband. Dit is een van die probleme wat visitatore kan aanspreek sodat eenheid prakties-eties uitgeleef kan word in Christus. Daar word ook verskil oor die etiese gevolge, nl. verharding en bekering. Die gevolg van die Woord as middel is juis tweërlei – natuurlik word daar gehoop op bekering, maar dit kan ook verharding wees.

Met die ondersoek is daar ook gevind dat daar onder andere sekere gebreke is. Soms is daar 'n gebrek aan eerlikheid. Daar word verder ook gewys op vrae wat nie volledig geantwoord word nie. As die visitatore nie die regte inligting tot hul beskikking het nie, kan daar ook nie die regte advies gegee word nie. Daar is ook 'n gebrek rondom die motief (liefde) wat nie honderd persent is nie. Die kennis rondom die doel van kerkvisitasie ly ook gebrek. Dit is belangrik dat die groot doel die eer van God is. Hy is die alleeneienaar van sy kerk en Hy moet geëer word deur die uitlewing van elke lidmaat.

Die verskille en gebreke noop die kerk om indringend teologies-eties na kerkvisitasie te kyk. Daarom is dit belangrik dat ’n model daargestel word sodat ‘n teologies-etiese benadering van die kerkvisitasie op Bybelse grondslag deurlopend in die kerkvisitasiepraktyk gestalte vind.

Visitatore in diens van die Groot Visitator Jesus Christus moet onthou dat hulle deur God gestuur is en volgens die beginsel van Skrif, Belydenis en Kerkorde kerkvisitasie eties tot sy reg behoort te laat kom. Vandaar dat die klem by kerkvisitasie lê op ‘n herderlike besoek deur wyse, ervare visitatore. Die inhoud van die besoek behels sowel vermaning, as vertroosting en versterking. Dit hou in dat visitatore met hul vermaning die verkeerde aanspreek. Hierdie vermaning moet die waarheid in liefde betrag. In die sake waarin die visitatore bevind dat daar reg gebou en geleef word op grond van dit wat God van sy kinders vra, moet hulle ‘n geloofsvertroostende benadering hê. Daar moet ook met versterking ondersteun word met die uitbou van die kerk (hoop). Die herderlike aanslag met gereformeerde kerkvisitasie is dus liefde, geloof en hoop (1 Kor. 13). Die teologies-etiese sleutels, nl. motief, doel, middel en gevolg, moet telkens in beginsel bereken word.

Die proses vanaf die gereformeerd-kerkregtelike na die teologies-etiese ten opsigte van kerkvisitasie was ‘n noodwendigheid. Die hart van kerkvisitasie word juis uitgebou met ‘n teologies-etiese model. Die kerkregtelike raamwerk bied hiervoor die geleentheid.

‘n Visitator in diens van die Groot Visitator behoort altyd die Goddelike weg te kies en nooit die menslike nie. Dit is egter ‘n moeisame weg om dit teologies-eties reg te doen. Die strydende kerk moet altyd reformeer, want daar is ‘n stryd te stry teen die sonde, wêreld en die duiwel wat die kerk weg wil vat van die nuwe lewe in Christus, en weer wil verslaaf aan eie begeertes en denke. ‘n Visitator in diens van Christus moet help om kerke op te bou en uit te bou. Dit vereis ‘n omgeestrategie om dan by ‘n omkeerstrategie te kom.

## Hoofstuk 6: Samevatting, gevolgtrekking en 'n teologies-etiese model vir kerkvisitasie

### 6.1 Inleiding

Kerkvisitasie spruit uit die liefde van die Here vir sy kerk en elkeen wat daarvan deel is. 'n Visitator, in diens van Jesus Christus die Groot Visitator, wil die stand van die betrokke kerk se roepingsbesef en die uitlewing in leer en lewe nagaan. Dit geskied herderlik deur die waarheid in liefde te betrag waarin die visitator dit wat verkeerd is in liefde moet aanspreek deur vermaning (afbreek), gemeentes en gelowiges wat reg voor die Here wil lewe bemoedig en vertroos (opbou) en dit wat hulle doen versterk (uitbou).

Kerkvisitasie kan op die oog af teologies-kerkregtelik reg uitgevoer word, maar tog teologies ver tekort skiet. Die sentrale navorsingsvraag is: *"Hoe moet kerkvisitasie in die praktyk in die lig van Skrif, belydenis en Kerkorde in die GKSA uitgevoer word, sodat dit teologies-eties voor God verantwoord kan word en kan lei tot groei en opbou van die betrokke kerke?".* Daaruit is die studie bekyk en ontplooi. Telkens in die ontplooiing van die studie is gepoog om te antwoord op die beginsel en die etiese uitvoer van kerkvisitasie. Die hoofstukke is so uiteengesit dat dit die vrae, doelstellings en doelwitte in die begin gestel, kan beantwoord:

- Wese, kenmerke en eienskappe van die kerk en die betekenis vir die praktyk van kerkvisitasie.
- Die geskiedenis van en motivering vir kerkvisitasie oor die eeue in die algemeen en in besonder van die GKSA, asook hoe dit ontplooi het tot vandag toe.
- Die begronding van kerkvisitasie en die etiese aanpak daarvan in die Skrif – spesifiek ook die verslae van die Groot Visitator aan sy kerke in Openbaring 2 en 3.
- 'n Empiriese kyk na die teologies-etiese kerkvisitasie soos dit in die praktyk van die GKSA voorkom.
- Die daarstel van samevattende riglyne vir 'n teologies-etiese model om kerkvisitasie te doen.

### 6.2 Kerkvisitasie: wese, kenmerke en eienskappe en die betekenis vir die praktyk van kerkvisitasie.

In hoofstuk 2 is bevind dat visitatore in hulle besoeke klem moet lê op al drie die wesenskenmerke van die ware strydende kerk op aarde, nl. die suiwere bediening van die Woord, sakramente en tug. Die drie elemente is nodig om lidmate te begelei in hul Christelike lewe van elke dag. Met herderlike besorgdheid moet ervare visitatore sorg dra dat die suiwerheid van die geloof toegepas word en dat dit eties uitgeleef word.

ŉ Gelowige moet hom voeg by die ware kerk (NGB, art. 28) en mag hom nie afskei van die ware kerk nie (NGB, art. 29). Hierdie eenheid is ŉ eenheid in die waarheid en in liefde. Daarom moet visitatore in die eenheid aandag gee aan die suiwere leer en die uitlewing daarvan.

Visitatore moet die gemeentes opskerp om heilig te leef. Dit beteken dat hulle wat in Christus geheilig is, moet uitleef wat hulle in Christus geword het en daarmee erns maak om hulle so uit te leef.

Visitatore moet saam met die gemeente stry in waarheid in liefde (nie veroordelend nie, maar beoordelend).

ŉ Visitator moet aandag gee daaraan dat die kerk moet vermeerder, in uitvoering van die opdrag van Jesus Christus, die Hoof van die kerk, in Matteus 28:18-20.

### 6.3 Die geskiedenis van kerkvisitasie in die GKSA

In hoofstuk 3 is gefokus op hoe die kerk van die Here (veral in gereformeerde kringe) oor eeue aan kerkvisitasie beslag gegee het.

In die Nederlande was dit die Konvent van Wesel (1568) wat indirek aandag gegee het aan kerkvisitasie (3.2.2.2.2). Die Sinode van Emden (1571) het aandag gegee aan die Kerkorde en kerkvisitasie. Die voorsitter van die klassikale vergadering moes ses vrae vra (3.2.2.2.3). In 1581, met die Sinode van Middelburg, is daar gevra vir kerkvisitasie (Jansen, 1952:197-8). In 1586, met die Sinode van s'Gravenhage (3.2.2.2.4), is ŉ Kerkorde op die tafel gesit wat artikel 40 bevat wat kerkvisitasie reël. In gereformeerde kringe word dit gesien as die oorsprong van gereformeerde kerkvisitasie (Kruger *et al*, 1966:270; Kuyper, 1868:54; Van Dellen *et al,* 1954:193; Van der Linde, 1983:163). Daar is ook ŉ aanhangsel wat ŉ uitbreiding is op artikel 40. Tydens die Provinsiale Sinode van Zeeland (1591) is daar ook ŉ Kerkorde aanvaar waar artikel 39 van kerkvisitasie praat (3.2.2.2.5). Die benaming van visitatore in plaas van inspekteurs of superintendente, is in 1612 gevestig (Hooijer, 1865:441).

Die belangrikste sinode in sake Kerkorde is die van Dordrecht 1618/1619. Tydens hierdie sinode is daar ŉ Kerkorde aanvaar waarin kerkvisitasie gereël word in artikel 44 (3.2.2.2.6).

Die Dordtse Kerkorde artikel 44 bring die worsteling oor die regte hantering van kerkvisitasie by ŉ bepaalde punt. Kerkvisitasie word gesien as ŉ herderlike besoek van ten minste twee, oudste, ervare en geskikste visitatore. As herders en leraars is die inhoud van hulle besoek vermaning, vertroosting en versterking. Hul vermaning moet in liefde plaasvind, vertroosting in die geloof en die versterking in die hoop. Die verkeerde in die kerk moet afgebreek word

(vermaning in liefde) en die kerk moet opgebou word in die allerheiligste geloof en uitgebou word in die hoop (bewaring en vermeerdering van die kerk).

Die kerkvisitasiebesoeke moet gereeld plaasvind om te kyk of die ampte hulle werk doen. Dit moet eties geskied met die regte motief, doel, middel en gevolg. Die leer moet suiwer wees, want as jy dwaal in jou leer, dwaal jy ook in jou lewe. Die kerklike lewe moet stigtelik-ordelik wees, want so word die gemeente bewaar en vermeerder. Indien dit nie ordelik is nie of daar nalatigheid is, moet dit vermaan word. Kerkorde artikel 44 wys daarop dat visitatore se werk gekontinueer moet word totdat die klassisvergadering anders besluit. Die Dordtse Kerkorde artikel 44 gee die opdrag vir die visitatore. Hulle moet ook verslag doen aan die klassisvergadering. Dit is egter so dat visitatore in diens staan van die Groot Visitator Jesus Christus (Op. 1-3). Die klassisvergadering reël net die visitatore. Met kerkvisitasie moet daar naas die leer en orde ook aandag gegee word aan die jeug in kerk en skool. Dit is so dat skole Christelik moet wees.

In die worsteling rondom kerkvisitasie het die sinodes by dertien vrae as riglyn uitgekom (Acta,1939:42-3; Acta,1955:182-6; Acta, 1994:246; Coetzee, 2014b:32; Kruger *et al*, 1966:271). Hierdie vrae is slegs 'n riglyn en moenie gereglementeer word nie. Vraag een wys op die feit dat daar twee maal op 'n Sondag Woordverkondiging moet plaasvind. Die Woord en wet is juis die middel wat gebruik word om 'n saak eties te beoordeel. Dit geskied teen die agtergrond van vermaning, vertroosting en versterking. Vanuit die middel (Woord en wet) moet daar gekyk word na die motief, nl. die waarheid in liefde, die doel die eer van God en die gevolg, nl. verharding of bekering.

Vraag twee sluit aan by vraag een en wys op die kategismusprediking. Die kategismus (leerboek) fokus op die leer en lewe. In die Kategismus word gewys op die wet waaruit jy jou sondekennis verkry. Dit is 'n tugmeester na Christus en 'n reël van dankbaarheid. Dis belangrik dat alle dienste goed bygewoon word.

Vraag drie wys op katkisasie (huis en kerklik). 'n Kind van God leer in die huis deur voorbeeld en in huiskatkisasie van die leer en die etiese sy (lewe). Dit veronderstel vermaning indien die leer en lewe verkeerd is, maar ook vertroosting en versterking indien dit reg is. Dit geld ook vir kerklike katkisasie.

Vraag vier wys op die prediking wat eenvoudig moet wees. Die hoorders moet hoor en verstaan, sodat hulle dit ook kan toepas op hulle lewe. Die inhoud van die prediking moet lewenspraktíes wees sodat 'n etiese lewe gevoer kan word.

Vraag vyf wys op die doop. Dit is sigbare prediking waarin die sakrament kragtens die Woord bedien moet word. Dit is eties korrek om by die verbondspraktyk te bly soos dit in die Woord en belydenisskrifte uiteengesit word.

Vraag ses sluit aan by die Woordverkondiging in vraag een. Huis- en siekebesoek word ook deur middel van die Woord gedoen. Hierdie bediening is gerig op die eer van God en die gevolg daarvan is bekering of verharding. Die besoeke van predikant, ouderling en diaken behoort dienooreenkomstig gedoen te word.

Vraag sewe dui op die ouderlinge se verslagvergadering (*censura morem*) wat toesig hou oor die gemeente. Die agenda is die leer en lewe van elke lidmaat. Hierdie lewe van lidmate moet eties korrek wees, nl. die regte motief, doel en middel sodat die gevolg bekering is en nie verharding nie.

Vraag agt handel oor die nagmaal. Daar moet die regte selfondersoek wees oor leer en lewe voor nagmaal. 'n Gelowige wat nagmaal vier se lewe moet eties reg wees volgens dit wat God vereis. So moet 'n gelowige as bekeerde nagmaal vier.

Vraag nege dui op die armes wat versorg moet word. Dit is veral die diakenamp wat hieraan aandag moet gee. Gelowiges gee bystand aan behoeftige lidmate met die regte motief en doel.

Vraag tien is die onderwysvraag. Die kerk moet toesien dat kinders in die allerheiligste geloof ook in die onderwys opgevoed moet word. Hul moet in hul totaliteit toegerus word vir hulle roepingsvervulling. Dit hou in dat hul leer en lewe suiwer moet wees. Die suiwere lewe word gebou op die regte motief, doel, middel en gevolg.

Vraag elf wys op die uitbreiding van die koninkryk van God. Dit is van die uiterste belang, juis ook omdat dit 'n direkte opdrag van God is (Matt. 28:18-20). Die apostolaat is 'n Bybelse opdrag wat aandag gee aan die leer en lewe ten opsigte van sending en evangelisasie. Die evangelie moet korrek aangebied word.

Vraag twaalf handel oor advies en hulp wat van die visitatore gevra word. Hierdie is 'n belangrike geleentheid waaroor daar onder andere vrae gevra kan word hoe om etiese sake te hanteer.

Vraag dertien is die vraagstuk oor die traktement en pensioen van 'n predikant. 'n Predikant moet leef van die evangelie en dit is 'n etiese saak. God bly die een wat versorg. Die kerkraad is die kanaal of instrument in diens van God. Hul moet die predikant na behore en na behoefte versorg. Hul word met hul gewetens voor God gestel of hierdie versorging eties korrek is.

Visitatore moet kennis neem van hierdie dertien vrae in sake kerkvisitasie. Dit is vrae wat rus op Skrif, belydenis en Kerkorde wat deur opeenvolgende sinodes van die GKSA goedgekeur is en wat as basis gebruik word om kerkvisitasie te doen. In die praktyk moet daar nie net kerkregtelik gekyk word of 'n kerk nog 'n kerk is nie, maar ook na die hart. Daarom is die herderlik-etiese aard van kerkvisitasie belangrik. Daar behoort vermaan te word in liefde, vertroos te word in die geloof en versterk te word in die hoop. Die etiese sleutels, nl. motief, doel, middel en gevolg, moet gebruik word om dit te ontsluit.

### 6.4 Die teologies-etiese begronding van kerkvisitasie

In hoofstuk 4 is bevind dat kerkvisitasie se wortels reeds in die Ou Testament gevind kan word waar God telkens sy volk opsoek (4.2.3). Daar vind ons reeds God se herderlike optrede teenoor sy volk deur te vermaan, te vertroos en te versterk. Die sleutels van die etiese kerkvisitasie word onder andere reeds by Natan se gesprek met Dawid bespeur.

Kerkvisitasie word verder uitgebou in die Nuwe Testament met die *locus classicus*, nl. Handelinge 15:36. Dit dui op 'n herderlike besoek. 'n Herderlike besoek het ter inhoud vermaning in liefde, vertroosting in die geloof en versterking in die hoop. Met hierdie herderlike bediening word teruggegryp na twee begrippe in die Griekse taal, nl. *steritsio* (Hand. 15:41, 16:5, 18:23; Rom. 1:11) en *parakaleo* (Hand. 16:40, 20:2)(4.2.4.2). Herderlik behoort dit wat verkeerd is afgebreek te word (vermaan), maar daar moet ook opgebou (vertroos) en uitgebou word (versterk).

Vermaning: Kragtens die Gees en Woord moet die verkeerde aangetoon word (Joh. 16:8). Indien die verkeerde aangetoon is, volg die vermaning tot bekering. Hierdie aangetoonde sonde word veral deur die liefdeswet en die Tien Gebooie uitgewys. Dit veronderstel dat hierdie proses van vermaning met gebed en liefde gepaard gaan. Die gevolg is bekering of verharding.

Die begrippe vertroosting en versterking kan nie van mekaar geskei word nie, maar hulle kan onderskei word. Vertroosting is 'n sekerheids- en sekuriteisbegrip. Dit is 'n begrip waarin die gemeente vertroos word tot vastigheid in die geloof. Hierdie begrip is geanker in die onverbreeklike liefde van Jesus Christus vir sy kerk (Rom. 8: 32-7). Niemand kan hulle uit God se hand ruk nie (Joh. 10). Jesus Christus is die een Trooster en die Heilige Gees is die ander Trooster. Herderlik moet daarop gewys word dat Christus jou verlos en dat jy Hom dan in die geloof moet aanvaar as jou Saligmaker deur die kragtige werking van die Heilige Gees. 'n Gelowige en die kerk word opgebou in die allerheiligste geloof (bewaar). Ook hierop behoort kerkvisitasie te fokus.

Die begrip versterking sluit baie nou aan by vertroosting. Dit hou die gedagte van hoop in. Daar is 'n duidelike doel met die kerk, nl. om God te eer, nou en vir altyd. Die kerk is God se alleeneiendom en kragtens sy verlossing vra God dankbaarheid. Die kerk moet dan volhard in dankbaarheid tot die einde. Daarom moet hy hoopvol wees en nie verval in wanhoop nie. Die gelowige en die kerk behoort uitgebou te word (vermeerder). Dit alles moet by kerkvisitasie vasgestel en oorweeg word.

Hierdie drie begrippe sluit baie mooi by mekaar aan en komplimenteer mekaar. Dit vra egter na die etiese sleutels om deur te dring na die kern (hart) tydens kerkvisitasie. Die sleutels, nl. motief, doel, middel en gevolg, ontsluit dit.

Hoofstuk 4 het veral gekonsentreer op Openbaring 2 en 3 met Jesus Christus, die Groot Visitator, wat sy kerke in die ressort van die *"klassis"* Klein-Asië besoek. Hy stel belang in die hart van sy kerke. Hulle motiewe moet reg wees, nl. die waarheid in liefde, die doel, nl. Gods eer, die middel, nl. sy Woord en wet en die gevolg, nl. verharding of bekering.

Hierdie sewe gemeentes is verteenwoordigend van alle kerke te alle tye en aangesien hierdie sewe gemeentes die eienskappe daarvan tot vandag toe vergestalt, beteken dit dat die kerk op aarde 'n strydende kerk is. Die strydende kerk behoort ook bekeerde kerk te wees wat deur Christus kragtens sy Woord en Gees gelei is. Die Groot Visitator vermaan, vertroos en versterk die strydende kerk oor alle eeue heen.

Die Groot Visitator wat as Koning tussen die kerke beweeg (Op. 3:13), het sy kerkvisitasieverslae bekend gemaak aan die sewe gemeentes. Dit het ingrypende betekenis vir alle kerke oor die wêreld en ook vir die GKSA. Die merktekens en die eienskappe van die ware kerk is van uiterste belang, maar die belangrikste eienskap en gawe is die liefde. Die waarheid in liefde vorm die eenheid tussen gelowiges in kerke.

Met Jesus Christus die Visitator word riglyne gegee vir visitatore om te sien hoe die Groot Visitator kerkvisitasie doen (d.m.v. sy kerkvisitasieverslae) en hoe Hy met gesag met die gemeentes praat. 'n Visitator tree namens Jesus Christus op met 'n kerkvisitasie en behoort altyd te besef dat hy rekenskap moet gee aan die Groot Visitator.

Jesus Christus het sekere bevindinge gemaak in die gemeentes. Hierdie kerkvisitasieverslae word verwerk in die etiese model van kerkvisitasie (6.6). Dit het sekere implikasies wat getoon word vanuit die kerkvisitasieverslae. Dit vorm vir die visitator riglyne vir kerkvisitasie.

## 6.5 Kerkvisitasie in die GKSA teologies-eties beoordeel

Die teologies-etiese sy van kerkvisitasie is empiries getoets met 'n vraelys. Hierdie vraelys het 'n breë spektrum van kerkvisitasie getoets en tog ook die klem laat val op teologies-etiese aspekte van kerkvisitasie. Hierdie vraelyste is na al die korresponderende kerkrade gestuur in die ressort van die klassisse in die GKSA. Al die predikante wat die vraelyste ingevul het (24 van die 27), was al visitatore en het al kerkvisitasie gedoen (66,7% het meer as ses keer as visitator opgetree). Die respondente van hierdie vraelyste het verskillende antwoorde gegee. Dis 'n bewys dat nie alle aspekte van kerkvisitasie teologies-eties reg hanteer word nie (hoofstuk 5).

Uit die antwoorde blyk dit dat met die herderlike aspek van vermaning (70,8%), vertroosting (95,8%) en versterking (100%) grootliks saamgestem word. Die probleem kom egter dat dit nie in die praktyk so uitgevoer word nie. Met vermaning wys die respondente met 20,8% dat dit meestal plaasvind, 62,5% soms, 8,3% selde en 4,2% nooit. Met vertroosting wys die respondente met 12,5% dat dit altyd plaasvind, 45,8% meestal, 29,2% soms en 8,3% selde. Met versterking wys die respondente met 8,3% dat dit altyd plaasvind, 45,8% meestal, 37,5% soms en 4,2% selde. Dit is 'n probleem indien beginsel en praktyk nie korrespondeer nie. Herderlik behoort vermaning, vertroosting en versterking in beginsel en praktyk 100% te wees.

Die etiese sleutels waarmee kerkvisitasie ontsluit word, is die regte motief, doel, middel en gevolg. Die respondente het op die vraag of 'n visitator met die regte motief 'n kerk moet bemoedig met 'n oortuigende 100% geantwoord. Dit is goed dat die motief reg gesien word. Dit is die eerste sleutel. In die praktyk blyk dit dat daar nie eenstemmigheid is oor die doel (tweede sleutel) van kerkvisitasie as die eer van God nie. 41,7% sê meestal, 33% soms en 25% selde. Die Woord en wet is die etiese middel (derde sleutel) waardeur 'n gemeente beoordeel word. Dit is goed om te sien dat 95,8% die Woord gebruik as uitgangspunt tydens kerkvisitasie. Dit is verblydend om te sien dat die Kerkorde vir 87,5% belangrik is in hulle voorbereiding. Die Kerkorde rus immers op Skrif en belydenis. Die vierde sleutel is die gevolg. Die gevolg is die uitwerking van die Woordbediening. Daar kan uiteindelik net twee reaksies wees, nl. verharding of bekering. Indien daar bekering is (66,7%), is dit verblydend. Indien daar verharding is, moet dit aangespreek word. Daar is egter net 41,7% wat dit gereeld doen, 50% soms en 4,2% selde.

Uit liefde vir die waarheid is dit belangrik dat daar 'n omgeestrategie moet wees waarin die kern (hart) reg moet wees voordat daar 'n omkeerstrategie kan plaasvind. 66,7% van die respondente stem saam dat dit so behoort te wees.

Die vraelyste beklemtoon die feit dat kerkvisitasie herderlik-eties reg gedoen moet word. Daarom word vervolgens in hoofstuk 6 'n etiese model voorgehou vir kerkvisitasie.

### 6.6 Teologies-etiese model vir kerkvisitasie

#### 6.6.1 Inleiding

Die sewe briewe in Openbaring 2 en 3, deur die Here Jesus self gedikteer *("Skrywe aan die gemeente van ...")*, is kerkvisitasieverslae vir die verskillende (spesifieke(Op. 1:11, 2, 3; Bavinck, ongedat.:41; Kruger, ongedat.:17, Lammens, ongedat.:9)) gemeentes (De Bruyn, 1973:5). Jesus Christus as die Groot Visitator het sy gemeentes besoek en die kerkvisitasieverslae belangrik genoeg geag om dit vir ons in sy Woord te laat opteken. Die sewe gemeentes is verteenwoordigend van gemeentes van die kerke van alle eeue (Bavinck, ongedat.:40). Jesus Christus is alleeneienaar van die kerke.

Jesus Christus beoordeel dan ook die leer en lewe van die gemeentes in ooreenstemming met dit wat sy Woord openbaar. Hierdie verslae spreek die gewete van die gemeentes aan in sowel hulle motief, hulle doel, hulle optrede en die gevolge van dit alles. Hierdie etiese kennis, bepaal en geanaliseer aan die hand van motief, middel, doel en gevolg, help om 'n etiese model daar te stel waarvolgens kerkvisitasie gedoen en gemeentes beoordeel en beïnvloed kan word.

Die etiese sleutels waarmee kerkvisitasie ontsluit word is van belang, want met kerkvisitasie kan daar nie volstaan word met 'n kerkregtelike benadering nie, maar daar moet deurgedring word na die kern (hart). Kuyper (1868:23,28) bepleit vir 'n etiese aanpak van kerkvisitasie. Die leuen is baie gevaarlik en moet uitgeroei word. Kuyper wys daarop dat die leuen-kanker uitgesny moet word (Kuyper, 1868:134-5).

Met hierdie etiese model word veronderstel dat daar 'n herderlike sy is waarin drie begrippe, nl. vermaning, vertroosting en versterking as basis in die analise van 'n gemeente dien.

Makinnon (2009:11,53,77) stel 'n etiese benadering grafies so voor:

Motief ⟶ Daad ⟶ Konsekwensie

Stoker (1983:91) wys daarop dat daar verder in samehang met motief, ook na die doel en gevolg gekyk moet word. By die analise moet 'n verdere sleutel gevoeg word, nl. middel (De Klerk *et al*, 1973:219; Duvenage, 1988:5). Hierdie etiese sleutels het 'n logiese opbou van motief, doel, middel en gevolg. Die sleutels hou direk verband met mekaar. In 'n kerklike optrede word motief veronderstel met 'n bepaalde gevolg (LaFollette, 2007:274; Makinnon, 2009:11,53,77).

### 6.6.2 Etiese model van kerkvisitasie

#### 6.6.2.1 Samestelling

Omdat kerkvisitasie vermaning, vertroosting en versterking behoort in te sluit, en dit moet plaasvind met die regte motiewe, doel, middel en gevolg, vorm hierdie begrippe 'n belangrike fondasie waarop kerkvisitasie gebou moet word. Die sleutels waarmee kerkvisitasie ontsluit word, is van belang.

Die drie herderlike begrippe, nl. vermaning, vertroosting en versterking, moet dien as 'n basis. Daar moet vermaan word indien iets verkeerd is. Daar moet vertroos word indien die geloofslewe reg is en daar moet versterk word met die oog op die toekoms. Dit moet op 'n herderlike wyse gedoen word wat die kenmerk het dat daar in liefde vermaan word, in die geloof vertroos word en met die hoop versterk word.

Vervolgens word individueel gekyk na elkeen van die volgende aspekte van die etiese model wat gebruik word, nl. motief, doel, middel en gevolg (De Klerk *et al*, 1973:218-9; Duvenage, 1988:5):

#### 6.6.2.2 Motief

Motief is die innerlike gesindheid (De Klerk et al, 1973:219) en is ingebed in die hart van 'n mens (Heyns, 1982:225). Dit is die hart van 'n mens en dit kan ook kollektief dui op die innerlike van die kerk. Hierdie hart word gedryf deur eerlikheid en goedheid (Luk. 8:15) of luste (Matt. 5:28).

Vir die gelowige word die kerk deur die gewete gekontroleer. Dit is die morele gids (Geisler, 2012:364). Die gewete oortuig van sonde deur middel van die Gees en die Woord (Joh. 16:8). Die gewete beïnvloed die mens se dade en indien die dade verkeerd is, is die bedoeling van die gewete dat dit as korrektief sal optree (Hand. 23:1, 24:16; 1 Tim. 1:5,19, 3:9; 2 Tim. 1:3; Heb. 13:18; 1 Pet. 3:16,21; Geisler, 2012:363). Die gewete kan egter swak wees (1 Kor. 8:7,12). So kan daar leermeesters wees wat 'n swak gewete het (1 Tim. 4:2). Weens hierdie verwringing as gevolg van die sondeval kan 'n kerk mislei word.

'n Kerk kan 'n goeie of slegte motief hê as dryfveer (Stoker, 1983:91 en 93). Die grond van die dryfveer behoort die liefde te wees (Stoker, 1983:73). Reeds in die eerste brief in Openbaring 2 en 3 (aan Efese), wys die Here uit dat met al hulle goeie dade en al, die Efesiërs God nie meer so liefhet soos vroeër nie. Hierdie liefde werk na binne en na buite en hou verband met verdere dryfvere of beweegredes, nl. geloof en hoop. Die liefde bring die motief by 'n etiese saak, nl. gehoorsaamheid. Vandaar is gehoorsaamheid die produk van liefde. Dit kom uit die hart, nl.

liefde, geloof en hoop (Stoker, 1983:96). Dit geskied na binne en na buite (Stoker, 1983:95). ‘n Mens, kragtens sy gewete, is nou toerekenbaar en aanspreeklik oor sy motief as individu asook kollektief.

Die gawe en opgawe van liefde as opdrag is nie deur die sondeval opgehef nie. Die liefdesgebod is nog steeds geldend. ‘n Visitator behoort te wys op die liefde in die waarheid as die enigste motief vir ‘n kerk.

**6.6.2.3 Doel**

‘n Gelowige en die kerk tree op en bring dade voort kragtens die motief in hulle. Die dade het ‘n doel voor oë. Hierdie doel maak die kerk doelgerig, nl. intensioneel of doelstellend. Hierdie doel kan egter reg of verkeerd wees, goed of sleg (Stoker, 1983:99). Die gelowige soek altyd na ‘n ingeboude korrektief sodat die slegte nie as goed aangebied word nie (Duvenage, 1988:5). Dit word uiteengesit in doelstellings. Die doel moet toerekenbaar en verantwoordelik wees (Stoker, 1983:98).

Die doel van die dade van gelowiges en die werk van die kerk moet toerekenbaar en verantwoordelik wees en uitgevoer word. Die hoogste doel waarna gestreef kan word in alles wat gedoen word, is die eer van God. Die doel mag nooit die middel heilig nie. Die doel is altyd onderhewig aan die beoordeling van die wet van God. ‘n Kerk behoort net een doel voor oë te hê, nl. die eer van God. ‘n Visitator behoort toe te sien dat geen menslike doelstellings in die pad staan van die eer van God nie.

**6.6.2.4 Middel**

In ‘n Christelik-teologiese etiek verwys die middel na die daad wat vanuit dieWoord en wet eties beoordeel moet word. Toegespits op kerkvisitasie kan die wet dus gebruik word as toets oor die kerklike lewe wat by ‘n gemeente gebeur.

Die Here Jesus vat die wet saam as liefde (Matt. 22:37). Die gawe en opgawe van liefde as opdrag is nie deur die sondeval opgehef nie. Dit geld steeds (Deut. 6:5,11, 19:9; Matt. 22:37-9; Mark. 12:30-1; Joh. 13:34; 1 Joh. 2:7; 2 Joh.:5,6).

Die Heilige Gees toon die sonde aan deur die Woord (Joh. 16:8). Die Gees werk dus deur die Woord. Die wet het ‘n sonde-aanwysende funksie en ‘n gehoorsaamheids-oproepende funksie. So word nie net die hart (motief) ondersoek nie, maar ook die dade in die lig van die liefde en die tien gebooie. Daar word ook gekyk of daar met respek gehandel word (Heyns, 1982:128-9). Die liefde is die inhoud van die wet en moet in konkrete dade gestalte kry. So herinner die wet ons gedurig aan sonde, verlossing en dankbaarheid (HK So. 44, vr. en antw. 115). Die gestalte

van die liefdesdade kan gesien word deur middel van die uitleef van die gebooie (2 Joh. 6). So word die liefde vervul deur die wet (Rom. 13:8; Gal. 5:14; Heyns, 1982:229-230). Die wet val uit in twee aspekte, nl. die formele norm (liefdeswet) en die materiële norm (die tien gebooie). So kry die vrug van die Gees materiële gestalte in die gelowige en in die kerk (Gal. 5:22).

‘n Gelowige kan maar net ‘n klein deeltjie van hierdie gestalte vergestalt (HK So. 44, vr. en antw. 114). Die gelowige het egter die versekering dat Jesus Christus die wet vervul het en ons ook heilig deur sy Gees. Dit roep die gelowige op tot heiligmaking en om altyd kerklik te reformeer, dit wat verkeerd is aan te toon deur die liefde in die waarheid te betrag en dan in Christus te vertroos en te versterk.

Die gestalte van die liefdesdade kan gesien word deur middel van die uitleef van die gebooie. Daarom moet ‘n visitator die Woord en wet gebruik om te vermaan, te vertroos en te versterk. Met vermaning moet dit in liefde geskied, met vertroosting in die geloof en met versterking in die hoop. ‘n Visitator is geroep kragtens die Woord om af te breek wat verkeerd is en op te bou wat reg is en verder uit te bou.

#### 6.6.2.5 Gevolg

Die motief, middel en doel mond uit in die gevolg. So word ŉ individu in die kerk aanspreeklik en verantwoordelik gehou vir die gevolg (Stoker, 1983:101). Die uitkomste moet goed wees en nie sleg nie. Dit kan wees dat die motief, middel en doel reg is en ŉ optrede tog nie die regte uitkomste gee nie.

‘n Gelowige en ‘n kerk kan nooit neutraal staan nie (Stoker, 1983:102). Die gevolg kan bekering wees of verharding. As die gevolg bekering is (daaglikse bekering, heiligmaking, reformasie), is dit reg. As dit verharding is, is dit deformasie.

‘n Visitator behoort te besef dat indien hy die Woord reg bedien, daar twee reaksies kan wees, nl. verharding en bekering. Met ‘n herderlike hart moet ‘n visitator verharding vermaan en bekering aanprys.

### 6.6.3 Samevattend

ŉ Gelowige en kerk is aanspreeklik en verantwoordelik in sy gewete voor God. Die vier elemente van die teologiese etiek, nl. motief, doel, middel, en gevolg is van belang om ŉ saak te beoordeel of dit behoorlik is of nie. Dit vorm die basis waarin daar na vermaning, vertroosting en versterking gekyk word. Teologies-eties moet die gemeentes analiserend deur middel van kerkvisitasie beoordeel en gemotiveer word.

### 6.6.4 Skematiese voorstelling: Teologies-etiese model vir kerkvisitasie

Deur middel van ŉ etiese model van kerkvisitasie moet daar vasgestel word in watter mate `n kerk nog as kerk van Christus leef. Die manier waarop dit vasgestel word, lê juis in die betekenis van kerkvisitasie, nl.

| **VERMANING (ELLENDE)** | **VERTROOSTING (VERLOSSING)** | **VERSTERKING (BEMOEDIGING)** |
|---|---|---|
| Eerste deel van HK (kennis van ellende). | Tweede deel van HK (kennis van die verlossing). | Derde deel van HK (kennis van die dankbaarheid). |
| Afbreek van die verkeerde in liefde. | Opbou van die geloof. | Uitbou van die hoop. |
| Die wet is die instrument waarmee vasgestel word wat verkeerd is. | Die wet is die tugmeester na Christus se vergifnis en versoening deur middel van die Heilige Gees tot vertroosting. | Die wet is die reël van dankbaarheid. |
| Die motief van vermaning is liefde (die waarheid in liefde). | Die motief is om die waarheid in liefde te betrag en die kerk by Christus, die Waarheid, deur die Gees van waarheid en liefde te bring. | Die motief is dat die gemeente die waarheid in liefde betrag kragtens die wet en te hoop op die toekoms. |
| Die doel is die eer van God. Sy eer mag om liefdeswil nie geskend word nie d.w.s. toerusting, op te bou en eenheid te bevorder | Die doel is om as versoende gemeente die eer van God na te streef, d.w.s. toerusting, op te bou en eenheid te bevorder | Die doel is om die eer van God na te streef en na te leef sodat ŉ kerk nog steeds ware kerk van Christus kan wees, d. w. s. toerusting, op te bou en die eenheid te bevorder. |
| Die middel is die wet van God. | Die middel is deur die wet van God wat Christus vir ons vervul het. | Die middel waarmee die gemeente gemeet word, is die liefdeswet en die uitgebreide wet. |
| Die gevolg: Indien die kerk nie reg funksioneer nie, moet hulle hulle bekeer of verhard. | Die gevolg is ŉ versoende strydende gemeente wat wil funksioneer as vertroosde bekeerdes. | Die gevolg: Dit is om as strydende kerk die wedloop in hoop te voltooi om so as triomferende kerk die ewige prys te kan behaal. |
| Die Groot Visitator het nie geskroom om te vermaan indien ŉ gemeente gesondig het nie (vgl. Efese in Op. 2). | Die Groot Visitator is juis die Een wat sy lewe gegee het vir sy gemeente. Daarom kan ons glo. | Die Groot Visitator wil sy gemeente versterk hê om te kan volhard in die hoop tot die wederkoms. |
| Die Heilige Gees oortuig van die sonde. | Christus is ons Regverdigmaker. | Christus is ons Heiligmaker en Heerlikmaker deur middel van sy Gees. |

Die doel van kerkvisitasie is om met die vermaning, vertroosting en versterking kerke toe te rus, op te bou en die eenheid (waarheid in liefde) te bevorder.

## 6.7 Samevatting

Die fokus van die studie is om teologies-etiese kerkvisitasie te doen. Vanuit die probleemstelling is die navorsingsvraag gevra of kerkvisitasie reg uitgevoer word in die praktyk sodat dit teologies-eties voor God verantwoord kan word en tot opbou en uitbou van die kerk kan lei. Kragtens die navorsingsvrae vanuit die sentrale navorsingsvraag is hierdie vraagstuk beantwoord in die opeenvolging van hoofstukke.

In hoofstuk twee word die antwoord gegee op wat die wese, kenmerke en eienskappe van die kerk is en wat die betekenis daarvan vir kerkvisitasie is. Hoofstuk drie wys op die historiese worsteling van kerkvisitasie en veral in die GKSA en hoe dit teologies-eties ontplooi het. Die vierde hoofstuk antwoord op die begronding van die teologies-etiese beginsels uit die Skrif met die klem op Openbaring 2 en 3. Die volgende hoofstuk is ŉ empiriese hoofstuk waarin die vraagstuk rondom die GKSA se kerkvisitasiepraktyk bekyk is in die lig van die teologiese etiek.

Met hierdie navorsingsvrae en -antwoorde is daar ŉ bepaalde doelstelling en doelwitte waarmee daar erns gemaak is om teologies-etiese antwoorde te gee sodat daar ware kerkvisitasie gedoen kan word. Uit die beantwoording is daar ook gekom by ŉ teologies-etiese model vir kerkvisitasie. Die uitkoms van hierdie studie gee ŉ riglyn vir visitatore om kerkvisitasie verantwoordelik (teologies-eties) te doen. Kerkvisitasie behoort nie in vorm reg te wees nie, maar juis in die hantering. Kerkvisitasie word dan op hierdie wyse teologies-eties gedoen. Die waarheid in liefde in die praktyk moet seëvier. Dit geld vir visitatore en kerke.

Kerkvisitasie behoort reg gesien te word as ŉ gereelde, voorkomende, herderlike besoek aan kerke in die ressort van die klassis deur minstens twee bekwame, ervare visitatore wat let op die diens, leer, orde en onderwys en dit te bevorder (dit wil sê die leer en lewe van die gemeente). Visitatore behoort betyds te vermaan (afbreek), vertroos (opbou) en versterk (uitbou), met die doel om vrede te bevorder (nie wanorde nie), opbou te stimuleer (nie af te breek nie) en belange uit te bou (nie te demp nie). Kerkvisitasie behoort teologies-eties gedoen te word vanuit die teologies-etiese model soos voorgestel in 6.6.2.

Die uitkomste van hierdie studie bring visitatore en kerke by die punt dat kerkvisitasie in vorm en inhoud teologies-eties verantwoord behoort te wees, nl. die regte motief, doel, middel en gevolg. Dit gaan in kerkvisitasie nie net oor die vorm nie, maar juis oor die inhoud (hart). ‘n Omgeestrategie is van uiterste belang as basis en daaruit moet ‘n omkeerstrategie volg.

## 7 Bibliografie


ALAND, K. 1986. A History of Christianity. Volume 2: From the Reformation to the Present. Philadelphia : Fortriss press.

ANON 1 tot 13. 2013. Vertroulike verslae in sake kerkvisitasie. By die outeur beskikbaar.

BARCLAY, W. 1981. The letters to the Galatians and Ephesians. Edinburgh : The Saint Andrew Press. 185p.

BAVINCK, J.H. ongedat. En Voort Wentelen de Eeuwen. Wageningen : N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmaatschappij. 233p.

BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerd kerkrecht. Deel 1. Kampen : Kok.

BROWN, C. 1979. The New International Dictionary of New Testament Theology. Grand Rapids, Michigan : Zondervan Publishing House.

BRUCE, F.F. 1981. Commentary on the book of the Acts. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Co. 555p.

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelogenootskap van Suid-Afrika.

CALVYN, J. 1979. Commentaries on the epitles of Paul to the Galatians and Ephesians. Grand Rapids, Michigan : Baker Book House. 398p.

CALVYN, J. 1979. Commentary upon the Acts of the Apostles: Vol. II. Grand Rapids, Michigan : Baker Book House. 592p.

CELLIERS, A. 1995. Kerkvisitasie in die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland: ŉ kritiese beoordeling van sinodale bepalings en die praktyk in drie ringe. Bloemfontein : UOVS. (Skripsie - M.Th.)

COETZEE, C.F.C. 1998. Kerk op die grens van die eeue: ŉ Reeks preke oor die 7 briewe in Openbaring. Potchefstroom : C.N.A Uitgewers.

COETZEE, J.C. ongedat. Die Openbaring van Johannes: Ongepubliseerde Klasdiktaat. Potchefstroom : P.U vir C.H.O.

COETZEE, J.C. 1975. Charismata – geestesgawes. *In die Skriflig,* 9(34), 27 – 35. Jun.

COETZEE, P. 2014b. “Kerkelyk handboekje”: brokkies uit ones kerkreg-geskiedenis (3). *Die Kerkblad,* 116(3276):30-32, Feb.

COETZEE, P. A. 2010. “Dat nu ook het eerste werk zal zijn”: Ontstaan van die eerste Gereformeerde Kerke in die Suid-Afrikaanse Republiek: 1859-1862. P.A. Coetzee, Potchefstroom. 152 p.

D’ASSONVILLE, V.E. 1990. Kerkgeskiedenis. Potchefstroom . Marnix. 117p.

DE BRUYN, P.J. 1973. Ek ken jou werke: Preke oor die briewe van Christus aan die sewe gemeentes in Klein-Asië. Leeu-drukkery. 52p.

DE BRUYN, P.J. 1997. Die uitoefening van kerkvisitasie. Die Kerkblad 100 (3014), Jun. 25 : 8.

DE BRUYN, P.J. 2013. Die Tien Gebooie. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies.

DE KLERK, W.J., DUVENAGE, B. en VAN WYK, J.H. 1972. Roeping en werklikheid. Potchefstroom : Herald.

DE VILLIERS, H.E. 1980. Persoonlike kerkvisitasie en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1652-1978: ’n Histories-kerkregtelike studie. (Skripsie – MTh Stellenbosch Universiteit)

DE VILLIERS, J.L. 1977. Die Handelinge van die Apostels: Deel I. Kaapstad : N G Kerk-uitgewers. 288p.

DE VILLIERS, J.L. 1983. Die Handelinge van die Apostels II. Kaapstad : N.G. Kerkuitgewers.

DIJK, K. 1976. Korte dogmatiek. 2de uitg. Kampen : Kok. 312p.

DNTT (The New International Dictionary of New Testament Theology). 1979. Grand Rapids, Michigan : Zondervan Publishing House.

DU PLESSIS, P.J. 1978. Die briewe van Johannes. Kaapstad : N G Kerk-uitgewers. 157p.

DU PLESSIS, T. 2012. Openbaring Bybelstudie. Kaapstad : Shumani Mills Digital. 712p.

DU PLOOY, A. le Roux, 1979. Ekklésia en meerdere vergaderinge. Pretoria : P.U. vir C.H.O. (Verhandeling – Th.M.). 145p.

DU PLOOY, A. le Roux, 1982. Kerkverband : ’n Gereformeerd-kerkregtelike studie. Pretoria : P.U. vir C.H.O. (Proefskrif – Th.D.)

DU PLOOY, A. le Roux. 2004. Gespreksdokument oor die kerkorde van die APK. (Gespreksdokument as bylae by notule van samesprekings tussen die sentrale kerkekommissie van die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika gehou op 22 September 1994.) Pretoria. (Ongepubliseer.)

DU PREEZ, J. 1981. Die briewe aan die Tessalonisense. Kaapstad : N G Kerk-uitgewers. 145p.

DU PREEZ, J. 1992. Die Boodskap van die Laaste boek. Pro Christa Publikasies. 291p.

DU RAND, J. 2007. Die A-Z van Openbaring: 'n Allesomvattende perspektief oor die boek Openbaring. Cum. 667p.

DU TOIT, P.R. 1991. Die ring en effektiewe kerkvisitasie. (*In Strauss, P.J., red.* Byderwets en gereformeerd: kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt. Bloemfontein : Pro Christo. P. 129-143.)

DUVENAGE, B. 1988. Watter norme moet by kunswaardering gebruik word? *Kerkblad,* 91(2806):5, 23 Nov.

ERASMUS, J.J.J. 1984. Kerklike tug in praktyk – 'n kekrregtelike studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – Th.B) 48p.

FEINBERG, J.S. EN FEINBERG, P.D. 2010. Ethics for a brave new world. Wheaton, Illinois : Crossway. 846p.

FLEMMING, H.C.J. 1961. Kerklike visitatore vir die Ned. Geref. Kerk. Bloemfontein : N.G.S.P. 48p.

FOULKES, F. 1980. Ephesians. Leicester : Inter-varsity Press. 182p.

FRAME, J.M. 2008. The Doctrine of the Christian life. New Jersey : PenR Publishing. 1069p.

GEISLER, N.L. 2013. Christian Ethics. Grand Rapids, Mich. : Baker Academic.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. HANDELINGE van die Sinodes Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Acta 1939, 1955, 2006.

GREIJDANUS, S. 1962. De brieven van de apostel Paulus aan de Efeziërs en de Filippenzen. Kampen : J.H. Kok. 234p.

GREIJDANUS, S. 1973. De Openbaring des Heren aan Johannes: Korte verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok. 335p.

GROENEWALD, E.P. 1967. Die eerste brief aan die Korinthiërs. Kaapstad : N G Kerk-uitgewers. 237p.

GROENEWALD, E.P. 1973. Die evangelie van Lukas. Kaapstad : N G Kerk-uitgewers. 267p.

GROENEWALD, E.P. 1986. Die Openbaring van Johannes. Kaapstad : N.G. Uitgewers. 227p.

GROSHEIDE, F.W. 1960. De brief van Paulus aan de Efeziërs. Kampen : J.H. Kok. 242p.

GROVÉ, A.H. 1992. Die Selfidentifikasie na Christus in Openbaring 2 en 3. Potchefstroom : P.U vir C.H.O. (Proefskrif – Ph.D.)

HENDRIKSEN, W. 1980. Meer as oorwinnaars: 'n Verklaring van die boek Openbaring. Goodwood : Verenigde Protestantse Uitgewers. 218p.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS. 1987. Vertaal uit die oorspronklike Nederlands. (*In* Die berymde Psalms en Skrifberymings. Kaapstad : N.G. Kerk-uitgewers. P.517-556.)

HEYNS, J.A. 1977. Die Kerk. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 237p.

HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 426p.

HEYNS, J.A. 1982. Teologiese Etiek. Deel I. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1992. Inleiding tot die dogmatiek. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 413p.

HOOIJER, C. 1865. Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten (1563-1638). Zalt-Bommel : Joh. Noman en Zoon. 552p.

HOVUIS, J. 1962. Hat verband tussen onze Belijdenis en onze Kerkorde. Sneek : Firma B. Weissenbach en Zoon. 40p.

JANSEN, J. 1913. De kerklijke tugt. Nijverdahl : Bosch, E.J.

JANSEN, J. 1952. Korte Verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken. Kampen : J.H. Kok. 410p.

JONKER, W.D. ongedateerd. Aandag vir die kerk: Die stryd om die kerk. Potchefstroom : Potch Herald.

JONKER, W.D. 1977. Die unieke karakter van die kerk. *In die Skriflig,* 11(43), 4 – 13. Sept.

JONKER, W.D. 1983. Die brief aan die Romeine. Kaapstad : NG Kerk-uitgewers. 207p.

KRUGER, A.P. ongedat. Die Groot Troos: Jesus is oppad. "n Verklaring van die boek Openbaring. 214p.

KRUGER, L.S., DU PLESSIS, H.L.M., SPOELSTRA, B. en SPOELSTRA, T.T. 1966. Handleiding by die kerkorde van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika. Potchefstroom : Pro Rege. 526p.

KUYPER, A. 1886. Kerkvisitasie te Utrecht in 1868. Utrecht : Snelpersdruk, Kemink en Zoon. 146p.

LAFOLLETTE, H. 2007. The practice of ethics. Malden, Mass. : Blackwell.

LAMMENS, G.N. ongedat. Brieven uit de Hemel. Wageningen : N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmaatschappij. 119p.

LATEGAN, B.C. 1986. Die brief aan die Galasiërs. Kaapstad : N G Kerk-uitgewers. 117p.

LOUW, J.P., NIDA, E.A. 1988. Greek-English Lexicon of the New Testament. New York : United Bible Societies.

MARÉ, R. 1991. Skrif en tradisie in vier Afrikaanse Kerkordes: enkele kerkregtelike aspekte. Pretoria : UNISA. (Proefskrif – D.Th.) 309p.

MACKINNON, B. 2009. Ethics: theory and contemporary issues. 6th ed. Belmont, Calif. : Wadsworth/Cengage Learning.

MORRIS, L. 1969. The Revelation of St. John. London : Tyndale Press.

MOUNCE, R.H. 1980. The Book of Revelation. Grand Rapids, Michigan : William B. Eerdmans Publishing Company. 426p.

MÜLLER, J.J. 1977. Die brief aan die Fillipense. Kaapstad : N G Kerk-uitgewers. 108p.

NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS. 1987. Vertaal uit die oorspronklike Nederlands. (*In* Die berymde Psalms en Skrifberymings. Kaapstad : N.G. Kerkuitgewers. P. 488-516.)

PONT, A.D. 1981. Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg: Deel 1. Pretoria : HAUM. 279p.

PRETORIUS, S.P. 1996. The church of scientology: godsdiens, kerk of kulte. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – MA) 117p.

REYMOND, R.L. 1997. A new systematic theology of the Christian faith. 2nd. ed. Nashville : Thomas Nelson Publishers. 1210p.

RIDDERBOS, H. 1972. De koms van het Koninkrijk. Kampen : Kok.

ROBERTS, J.H. 1963. Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief. Groningen.

ROBERTS, J.H. 1983. Die brief aan die Efesiërs. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers. 180p.

SLOTEMAKER DE BRUINE, J.R. 1929. Kerkvisitasie. (*In C*hristelijke Encyclopaedie voor het Nederlandsche Volk, 5:605-6).

SMIT, C.J. 1983. Wat is kerklike orde? "n Gereformeerd- kerkregtelike studie. Rustenburg. (Verhandeling (ThM) – PU vir CHO.)

SMIT, C.J. 1984. God se orde vir sy kerk – 'n beskouing oor kerkorde. Pretoria : NG Kerkboekhandel Transvaal. 143p.

SNYMAN, W.J. 1972. Die boek Openbaring vanuit die sentrum. *In die Skriflig* 6(22):6-15.

SPOELSTRA, B. 1974. Die praktyk van kerkvisitasie. In die Skriflig, 32:34-42.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering: 'n Handboek by die Kerkorde. Pretoria : V en R Drukkery. 489p.

SPYKMAN, G.J. 1969. Never on your own. Grand Rapids Michigan : Board of Publications of the Christian Reformed Church. 202p.

STOKER, H.G. 1983. Die vraagstuk van deontologie in die filosofie van H.G. Stoker. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – MA.)

STOTT, J. 1990. Issues facing Christians today. London : Marshall Pickering. 427p.

TDNT (Theological Dictionary of the New Testament). 1971. Grand Rapids, Michigan : WM.B. Eerdmans Publishing Company.

VAN DELLEN, I., MONSMA, M. 1954. The Church order Commentary. Grand Rapids Michigan : Zondervan Publishing House. 385p.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Die grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel. Potchefstroom : Pro Rege-Pers Beperk. 203p.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1980. Calvyn se beskouing van kerkregering en kerklike tug. Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde: 'n verklaring van die Gereformeerde kerkorde. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 278p.

VAN DER MERWE, R.M. 2009. Die konkretisering van eenheid in 'n plurale en gebroke ekumeniese gemeenskap – 'n Gereformeerd-kerkregtelike beskouing. Potchefstroom : NWU (Proefskrif Ph.D) 313p.

VAN DER VYVER, G.C.P. 1958. Professor Dirk Postma 1818-1890. Potchefstroom : Pro Rege-Pers Beperk. 499p.

VAN DER WAAL, C. 1981. Openbaring van Jezus Christus II. Drukkerij en Uitgeverij De Nijverheid-Oudkarspel. 443p.

VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom : Pro Rege. 180p.

VAN DER WALT, S.J. 2003. Wat is my gewete? *Die Kerkblad*, 106(3150):32-33, Apr.

VAN GENDEREN, J en VELEMA, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde Dogmatiek. Kampen : Kok. 829p.

VAN'T SPYKER, W. 1990. De kerk: wesen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen : Uitgeverij De Groot Goudriaan. 539p.

VAN WYK, J.H. 2001. Etiek en eksistensie in koninkryksperspektief. Potchefstroom : PTP. 492p.

VENTER, C.J.H. 1976. Die bediening van die versoening aan die bejaarde. Potchefstroom : Pro Rege. 300p.

VENTER, C.J.H. (red.) 1988. God bou op deur sy Woord. Potchefstroom : PU vir CHO. 208p.

VISSER, D, VILJOEN, F.P., VAN RENSBURG, F.J. 2002. Doel van 1 en 2 Tessalonicenzen. *In die Skriflig*. 36(4) 2002:621-641.

VISSER, J. 1999. Die Kerkorde in praktyk. Orkney : EFJS Drukkers. 386p.

VORSTER, J.M. 2004. Ethical perspectives on human rights. Pretoria : V en R Printing Works (Pty) Ltd. 291p.